

UOVS - SASOL-BIBLIOTEEK



199701312601220000019

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDLE  
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE  
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

**DIE BRITSE BLOKHUISSTELSEL  
TYDENS DIE ANGLO-BOEREOORLOG,  
1899 TOT 1902**

deur

**JOHANNES LEON HATTINGH**

VERHANDELING

voorgelê om te voldoen aan die vereistes vir die graad

MAGISTER ARTIUM

in die

Fakulteit Lettere en Wysbegeerte  
(Departement Geskiedenis)

aan die

Universiteit van die Oranje-Vrystaat

Bloemfontein


**STUDIELEIER : PROF. ANDRÉ WESSELS**

November 1996

Universiteit van die  
Oranje-Vrystaat  
BLOEMFONTEIN  
**27 MAY 1997**  
HOVS SASOL BIBLIOTEEK

T 968.0484 HAT

Ek verklaar dat die verhandeling wat hierby vir die graad Magister Artium aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat deur my ingedien word, my selfstandige werk is en nie voorheen deur my vir 'n graad aan 'n ander universiteit/fakulteit ingedien is nie.



A handwritten signature in black ink, consisting of several loops and a long horizontal stroke, positioned above a dashed horizontal line.

-----

## VOORWOORD

Hoewel baie al oor die meeste fasette van die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) geskryf is, is tot nog toe geen grondige studie van die presiese aard, omvang, rol en betekenis van die Britse blokhuisstelsel tydens die oorlog gemaak nie. Hierdie verhandeling poog om dié kennisleemte te vul. Sover vasgestel kan word, sal dit die eerste keer wees dat 'n behoorlike krygshistoriese evaluering van die taktiese en strategiese aanwending van dié besondere stelsel gemaak word, waardeur onder meer vasgestel sal kan word watter rol die blokhuisstelsel in die afloop van die oorlog gespeel het.

Die kernvraag wat dus beantwoord moet word, is tot welke mate die blokhuisstelsel een van die duur dog gedwonge noodmaatreëls was wat die Britse Leerleiding moes tref om die geografies eskalerende guerrillastryd so gou as moontlik in hul guns te beklank, en of hulle relatief gesproke suksesvol was in dié opsig. Verder behels die navorsingstaak in hierdie studie ook onder meer die soek na antwoorde op die volgende vrae: Hoe vergelyk die Britse aanwending van blokhuisse tydens die Anglo-Boereoorlog met soortgelyke stelsels in ander oorloë? Wat presies het die Britte met die blokhuisstelsel beoog en in welke mate is aan die verwagtinge voldoen? Watter plek het die blokhuisstelsel in die Britte se teanguerrillastrategie ingeneem? In welke mate het dit die Boere se optrede aan bande gelê? Het die blokhuisstelsel enigsins 'n beduidende rol gespeel in die (vroee) beëindiging van die oorlog? Kan krygskundig gesproke enige lesse uit die Britse gebruik van blokhuislinies tydens die Anglo-Boereoorlog afgelei word?

Die teks word gestruktureer aan die hand van sewe hoofstukke. Ten einde die navorsingstaak uit te voer, is dit onder meer noodsaaklik dat die Britse aanwending van blokhuisse tydens die Anglo-Boereoorlog in 'n breë historiese perspektief geëvalueer moet word. Dus word 'n inleidende hoofstuk afgestaan aan 'n historiese oorsig van soortgelyke en kontrasterende stelsels vóór en ná die Anglo-Boereoorlog. Vervolgens word in hoofstuk 2 die redes vir die oprigting van blokhuisse ontleed, sodat die krygskundige

konteks waarbinne die stelsel tot stand gekom het, na behore begryp kan word. Die tipes blokhuisse (hoofstuk 3) en die oprigting van die blokhuislinies (hoofstuk 4) is aspekte wat meer "tegnies" van aard is, maar kennis daarvan is noodsaaklik vir die latere taktiese en strategiese evaluering van die stelsel en werp ook lig op ander aspekte, soos byvoorbeeld die koste-aspek en die aanwending van swart en bruin mense. Veral in hoofstuk 3 word baie van planne, sketse en foto's gebruik gemaak ten einde die teks nader toe te lig. In hoofstuk 5 word die lewe in die blokhuisse kortliks bespreek sodat die rol van die blokhuiswagte beter begryp kan word. Die bestudering van die Britse se strategiese en taktiese aanwending van die blokhuisse (hoofstuk 6) - in samehang met mobiele kolonnes en gepantserde treine - en die Boere se houding en optrede ten opsigte van die blokhuislinies, is voorwaardes vir die uiteindelijke evaluering van die hele stelsel in hoofstuk 7. Hierdie krygshistoriese evaluering geskied hoofsaaklik aan die hand van dié beginsels van oorlogvoering wat rondom die vorige eeuwending van toepassing was.

Vir die doeleindes van hierdie verhandeling word onder die Britse blokhuisstelsel al daardie blokhuisse en blokhuislinies verstaan wat tydens die Anglo-Boereoorlog opgerig is met die oog daarop om die Britse oorlogspoging op een of ander wyse te ondersteun. Die klem gaan uiteraard val op die redes vir en die oprigting van die blokhuisse en hul betekenis. Die South African Constabulary se forte ("posts") sal tot 'n mate ook by die studie betrek word aangesien hulle hoofsaaklik ook in linies opgerig is en hul funksie aanvullend tot dié van blokhuisse was. Tydens die oorlog het die Britte ook talle ander forte en verdedigingstrukture opgerig, maar hieraan sal as 'n reël nie aandag gegee word nie, tensy dit ook as deel van die blokhuisstelsel beskou kan word.

Die meeste publikasies wat oor die Anglo-Boereoorlog handel, vermeld die feit dat die Britse Leër plaaslik van blokhuisse gebruik gemaak het, maar selde word meer as 'n paar bladsye daaraan gewy. L.S. Amery (red.) in sy *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902* en die *History of the war in South Africa, 1899-1902* van J.F. Maurice (samesteller) en M.H. Grant, gee wel redelik baie besonderhede omtrent die blokhuisstelsel. Die *Royal Engineers Journal* was 'n belangrike bron van inligting aangesien die verskillende kompanies Royal Engineers wat aan die oorlog deelgeneem

het, se verslae daarin verskyn. Uit hierdie verslae kon 'n goeie algemene beeld verkry word van die rol van die verskillende kompanies, veral wat betref die oprigting van die blokhuislinies. Verder het E.H. Bethell in die *Professional papers of the Corps of Royal Engineers* van 1904 'n volledige artikel oor die blokhuisse geskryf. Hierdie artikel was waardevol, maar dit bly bloot 'n opsomming van die rol van blokhuisse tydens die oorlog. Dit verskaf ook min inligting oor die lewe in die blokhuisse; trouens, uiteindelik is nie soveel stof oor die lewe in die blokhuisse opgespoor as wat die navorser graag sou wou bekom nie.

Meer spesifieke inligting oor die oprigting van die blokhuislinies en die lewe in die blokhuisse is verkry in S. Walker se ongepubliseerde manuskrip "A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902", wat vanaf die Royal Engineer Corps Library te Chatham in Engeland bekom is. Die Royal Engineer Corps Library was 'n besondere vennoot in die verkryging van primêre bronne en daar is byvoorbeeld waardevolle inligting verkry uit die verslae wat die verskillende Royal Engineer-kompanies tydens die verloop van die oorlog opgestel het. Daaruit kon onder meer die oprigting van die verskillende linies gerekonstrueer word. Daar is sterk geleun op die verslae van die Royal Engineers aangesien hulle die korps was wat verantwoordelik was vir die oprigting van blokhuisse. Verder het die "staff diaries" van ander eenhede ook lig op die blokhuisstelsel gewerp. Die maandelikse verslae van lord Kitchener, en verskeie dagboeke en persoonlike herinneringe in die besit van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein, was ook van waarde tydens die skryf van hierdie studie. Afgesien van hierdie en ander argivale stof, is ook 'n groot aantal sekondêre werke (insluitende Britse regimentsgeskiedenis), outobiografiese bronne uit Boere- en Britse geledere en koerante geraadpleeg. Heelwat veldwerk is ook gedoen en waardevolle inligting ingewin van persone wat op plaaslike vlak navorsing doen oor blokhuisse in hul omgewing.

Die waarde van hierdie studie lê daarin dat dit vir die eerste keer aan die belangstellende leser 'n geheelbeeld van die blokhuisstelsel tydens die Anglo-Boereoorlog bied en antwoorde probeer verskaf op 'n reeks basiese vrae omtrent die rol van dié stelsel tydens die stryd. Verder is gepoog om soveel foto's, planne en sketse as moontlik

te versamel en by die teks in te sluit of as bylaes aan te heg, sodat die geskrewe teks so ver as moontlik deur middel van dié visuele materiaal toegelig word; trouens, hierdie foto's en ander illustratiewe materiaal moet - net soos die kaarte - as 'n integrale deel van die studie beskou word en vorm eintlik deel van die teks. Ten slotte is so volledig as moontlik 'n lys saamgestel van blokhuse wat vandag (1996) nog te sien is, en dié gegewens is ook op 'n kaart aangedui. Die hoop word uitgespreek dat hierdie gegewens vir die belangstellende leser en reisiger van nut sal wees en verdere navorsing op plaaslike vlak sal stimuleer.

\* \* \* \* \*

Ek wil van die geleentheid gebruik maak om talle persone en instansies te bedank sonder wie se hulp en aanmoediging hierdie werk nooit die lig sou gesien het nie. Eerstens 'n opregte woord van dank aan my studieleier, prof. André Wessels (Departement Geskiedenis, UOVS) vir die hulp, raad en leiding tydens die navorsing vir en skryf van hierdie studie. Sy besoeke aan Engeland het waardevolle bronne opgelewer vir gebruik in hierdie verhandeling en daarvoor kan hy nie genoeg bedank word nie. Sonder sy aanmoediging sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie.

Die personeel van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein, verdien ook spesiale vermelding, in besonder kol. F.J. Jacobs vir die waardevolle insette wat hy gelewer het en die begrip wat hy getoon het met die skryf van hierdie verhandeling. Ook 'n besondere woord van dank aan Elria Wessels wat behulpsaam was met die opspoor van sekere bronne en ook taalkundige advies gegee het, aan dr. Annette Strauss vir die taalversorging van die manuskrip, en aan Neels Nieuwenhuizen vir die teken van die kaarte en duplisering van die foto's.

My opregte dank en waardering aan die personeel van die volgende instansies wat toestemming verleen het vir die gebruik van hul geriewe: Transvaalse Argiefbewaarplek, Pretoria; Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein; Kaapse Argiefbewaarplek,

Kaapstad; Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Bloemfontein; UOVS-SASOL  
Biblioteek, Bloemfontein.

'n Spesiale woord van dank aan my ouers en aan my vrou, Esta, vir hulle ondersteuning  
en aanmoediging. Ten slotte, dank en eer aan Hom wat vir my die geleentheid gebied  
het om hierdie werk te voltooi.

J.L. HATTINGH

Bloemfontein

November 1996

## INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
<b>VOORWOORD</b> .....	i
 <b>HOOFSTUK 1</b>	
 <b>BLOKHUISE EN GEFORTIFISEERDE VERDEDIGINGSLINIES: 'N HISTORIESE OORSIG</b> .....	
	1
1. Inleiding .....	1
2. Die ontstaan van fortifikasies .....	2
3. Die era van die groot vestingbouers .....	5
4. Die rol van fortifikasies in veldtogte .....	7
5. Kusverdedigingsfortifikasies .....	10
6. Fortifikasies in Suid-Afrika tot 1899 .....	12
7. Fortifikasies tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) .....	20
8. Fortifikasies tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) .....	22
9. Fortifikasies sedert 1945 .....	24
10. Slotperspektief .....	25
 <b>HOOFSTUK 2</b>	
 <b>DIE REDES VIR DIE OPRIGTING VAN DIE BLOKHUISE</b> .....	
	27
1. 'n Kort oorsig van die verloop van die Anglo-Boereoorlog tot en met die einde van die Roberts-fase. ....	27
1.1 Inleiding .....	27
1.2 Die Republikeinse offensief .....	28
1.3 Die eerste Britse offensief .....	32
1.4 Die tweede Britse offensief .....	36
1.5 Die guerrillafase .....	40

2. Aanvanklike Britse beskermingsmaatreëls . . . . .	44
3. Die redes vir die oprigting van blokhuisse: 'n samevattende oorsig . . . . .	47

### HOOFSTUK 3

DIE VERSKILLENDE Tipes BLOKHUISE . . . . .	53
--	----

1. Inleiding . . . . .	53
2. Meerverdiepingblokhuisse . . . . .	56
3. Reghoekige blokhuisse . . . . .	63
4. Agtkantige blokhuisse . . . . .	65
5. Rice-tipe blokhuisse . . . . .	69
6. Mobiele blokhuisse . . . . .	73
7. Beskermingsmaatreëls . . . . .	75
7.1 Doringdraadversperrings . . . . .	75
7.2 Alarmgewere . . . . .	78
7.3 Chemiese alarms . . . . .	79
7.4 Vaste gewerruste . . . . .	80
7.5 Landmyne . . . . .	81
8. Die totale aantal blokhuisse en die oprigtingskoste . . . . .	82

### HOOFSTUK 4

DIE OPRIGTING VAN DIE BLOKHUISLINIES . . . . .	85
--	----

1. Inleiding . . . . .	85
2. Blokhuislinies in die Kaapkolonie . . . . .	86
3. Blokhuislinies in die Oranje-Vrystaat . . . . .	98
4. Die South African Constabulary se poste . . . . .	111
5. Blokhuislinies in Transvaal . . . . .	115
6. Blokhuislinies in Natal . . . . .	122

7. Aanvalle op die blokhuisbouers .....	125
8. Slotperspektief .....	128

## HOOFSTUK 5

DIE LEWE IN DIE BLOKHUISE .....	132
---------------------------------	-----

1. Inleiding .....	132
2. Die bemanning van die blokhuse .....	133
3. Die inrig van die blokhuse .....	137
4. Watervoorsiening .....	137
5. Voedselvoorsiening .....	140
6. Daaglikse roetine .....	141
7. Ontspanning .....	145
8. Ander sake rakende die lewe in die blokhuse .....	147
9. Slotperspektief .....	148

## HOOFSTUK 6

DIE BRITTE SE STRATEGIESE EN TAKTIESE AANWENDING VAN DIE BLOKHUISLINIES .....	151
--	-----

1. Inleiding .....	151
2. Die doel en aard van dryfjagte .....	154
3. Dryfjagte in Transvaal .....	155
4. Dryfjagte in die Vrystaat .....	160
5. Dryfjagte in die Kaapkolonie .....	171
6. Gepantserde treine .....	174
7. Slotperspektief .....	177

## HOOFSTUK 7

EVALUERING .....	180
1. Inleiding .....	180
2. Doelwit .....	186
3. Offensief .....	187
4. Sekerheid .....	188
5. Verrassing .....	188
6. Konsentrasie van magte .....	189
7. Ekonomie van poging .....	190
8. Beweeglikheid en buigsaamheid .....	191
9. Eenvoud van plan .....	192
10. Eenheid van bevel .....	193
11. Moreel .....	193
12. Ruimte .....	194
13. Slotsom .....	195
BYLAE 1 : Aantal spoorverbekings .....	200
BYLAE 2 : Britse blokhuislinies .....	201
BRONNELYS .....	202
OPSOMMING .....	228
SUMMARY .....	230

## HOOFSTUK 1

### BLOKHUISE EN GEFORTIFISEERDE VERDEDIGINGSLINIES: 'N HISTORIESE OORSIG

#### 1. Inleiding

Ten einde uiteindelik die Britse blokhuisstelsel tydens die Anglo-Boereoorlog in historiese perspektief te kan beoordeel, moet die militêr-historiese konteks daarvan van meet af aan goed begryp word. Derhalwe is 'n kort oorsig van die ontstaan en ontwikkeling van fortifikasies deur die eeue heen nodig. Teen hierdie agtergrond kan die plek wat blokhuse in die geskiedenis van fortifikasies speel, bepaal word.

Fortes word in die *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal* op die volgende manier beskryf: Fort - versterkte militêre bouwerk; vesting(werk), skans.<sup>1</sup> Die *Afrikaanse sinoniemwoordeboek* meld dat 'n fort = versterking = vesting; blokhuis = fort = versterking, vesting = fort, en skans = verdedigingsmuur = verdedigingswal.<sup>2</sup> Volgens die Stigting Menno van Coehoorn is 'n fort 'n geslote vestingwerk wat na alle kante verdedigbaar is en sy verdediging selfstandig kan uitvoer.<sup>3</sup> 'n Fort is dus 'n gebou of struktuur wat opgerig word om die persone wat daarbinne gehuisves word, teen aanvalle van buite te beskerm, en kan dit ook gebruik word om sekere strategiese punte te beskerm. Vir die doeleindes van hierdie studie word genoemde omskrywing van 'n fort gebruik, terwyl 'n blokhuis as volg gedefinieer word: 'n blokhuis is 'n vaste struktuur gemaak van sement, bouklip en/of sink en is in die algemeen van geringe afmetings. Dit is gewoonlik vierkantig of rond van vorm en van skietgate en 'n dak voorsien. Die doel van 'n blokhuis is "to 'block' a feature of the landscape, such as a mountain pass or 'poort', a section of mountain ridge or a bridge, to deny the passage of enemy troops".<sup>4</sup>

---

1. F.F. Odendaal *et al.* (reds.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p.228.

2. L. Eksteen, *Afrikaanse sinoniemwoordeboek met antonieme*, pp.76, 123, 339, 436.

3. "Vestingbouwkundige termen" in J. Sneepe *et al.*(red.), *Vesting: vier eeue vestingbouw in Nederland*, pp.190-191.

4. R.Tomlinson, "British blockhouses in the Pretoria area 1900-1902", *Pretoriana* 104, 1994, p.11.

## 2. Die ontstaan van fortifikasies

Fortifikasies het van die vroegste tye af 'n belangrike rol in die mens se lewe gespeel, aangesien daar nog altyd by die mens die behoefte was om homself te beskerm. Om weg te kruip vir iets of iemand wat 'n bedreiging inhou, is immers 'n natuurlike verdedigingsaksie. Binne hierdie verdedigingsposisie moes aan sekere basiese behoeftes van die mens voldoen word, naamlik beskerming teen die vyand, genoegsame voedsel en water, asook voldoende beskutting. Pre-historiese mense het reeds agter klippe of bome weggekruip ten einde die vyand te verras of self te skuil teen 'n aanval. Die mens het egter gou agtergekom dat klippe en bosse nie baie doeltreffende skuiling gebied het nie, en het gevolglik na ander soorte skuiling begin soek. Gewoonlik is hoë heuwels, berge of kranse uitgesoek waar 'n verdedigingsposisie opgerig is. Dit is egter net tydens noodgevalle gebruik en water en voedsel was nie altyd byderhand nie. Ten einde die verdedigingsposisie te beveilig is slote daaromheen gegrawe, terwyl grond voor en agter die sloot gegooi is.<sup>5</sup>

Namate wapentuig meer gevorderd geraak het, het die eenvoudige verdedigingswerke geblyk ondoeltreffend te wees. Gevolglik is begin om mure van klip te bou om aanvallers buite te hou asook om die verdedigers teen projektile te beskerm.<sup>6</sup> Sulke mure was dik genoeg sodat die verdedigers bo-op kon staan en daarvandaan kon veg. Borswerings is opgerig om skuiling te bied en te verhoed dat die verdedigers afval tydens 'n geveg. Later is sekere dele van die muur hoër gemaak sodat 'n persoon daaragter kon skuil terwyl ander dele weer laag genoeg was om met 'n pyl en boog daaroor te kon skiet. Dit het aanleiding gegee tot die bekende kantele wat kenmerkend van die meeste kastele is.<sup>7</sup>

Aanvallers het hulle uiteraard nie deur mure laat afskrik nie. Verskeie metodes is uitgedink om die struikelblokke wat kasteel- en stadsmure gebied het, te bowe te kom, byvoorbeeld om met lere teen die muur uit te klim. Verder is torings vervaardig wat tot

---

5. I.V. Hogg, *Fortress: a history of military defence*, p.39.

6. R.N. Ormerod, *Nuclear shelters: a guide to design*, p.12.

7. Hogg, p.13.

teen die muur gebring kon word. Hiervandaan het hulle dan oorgeklim tot op die stadsmuur. Pogings is ook aangewend om die muur te ondergrawe. Hout en ander vlambare materiaal is in 'n tunnel geplaas en aan die brand gestee. Sodra die muur weens die hitte en die verminderde ondersteuning inmekaargesak het, kon die aanvallers die kasteel of stad deur die opening binnestorm en verower.<sup>8</sup>

Ten einde te verhoed dat die vyand 'n bres in die mure slaan, is sekere maatreëls ontwikkel om hulle meer bestand teen aanvalle te maak. Torings is in die muur ingebou en ten tye van aanvalle op die kasteel of stad is daar ook 'n tydelike loopplank oor die muur aangebring sodat die verdedigers die onderpunt van die muur kon dophou. Daar is openinge in die loopplank gemaak sodat pyle afgeskiet en swaar klippe en kokende olie of water op die aanvallers gegooi kon word indien hulle dit te naby aan die muur sou waag. Die eerste torings in die mure was vierkantig omdat dit eenvoudig was om op te rig, maar met verloop van tyd is ook ronde torings opgerig. Laasgenoemde het 'n beter uitsig oor die omgewing gebied.<sup>9</sup>

Die Romeinse vestingboukuns het met verloop van tyd 'n groot invloed op die res van die wêreld gehad. Rome is reg rondom deur 'n stadsmuur beskerm, en in die jaar 4 v.C. is 'n tweede muur toegevoeg nadat die Galliërs die stad aangeval het.<sup>10</sup> Tydens hul veldtogte het die Romeine elke aand 'n nuwe gefortifiseerde kamp opgerig al het dit die daaglikse marsjeertyd met drie tot vier ure verminder. Die vorm en grootte van so 'n kamp het gewissel na gelang van die terrein, maar gewoonlik was dit in die vorm van 'n vierkant.<sup>11</sup> Die Romeinse leër het vanaf omtrent die derde eeu voor Christus die gewoonte gehad om waar kamp opgeslaan is, 'n V-vormige grondwal op te rig met 'n sloot daaromheen. Bo-op die grondwal het hulle skerp pale ingeplant. Binne hierdie stellings het die soldate hulle tente opgeslaan.<sup>12</sup>

Teen die eerste eeu na Christus het die politici meer aandag aan die reeds bestaande

---

8. *Ibid.*

9. *Ibid.*, pp. 13-15.

10. D. Libal, *Castles and fortifications of Britain and Europe*, p.9.

11. [B.L.] Montgomery, *A history of warfare*, pp.87-88.

12. R. Wilson, *Roman forts: an illustrated introduction to the garrison posts of Roman Britain*, p.10.

strukture van die Romeinse ryk begin skenk. Die klem het nou geval op die behoud van die ryk, eerder as op die verdere uitbreiding daarvan. Tydelike kampe is in permanente kampe omskep. Tydens die bewind van keiser Augustus was die walle van die forte langs die Rynrivier byvoorbeeld slegs van grond, maar vanaf 70 tot 96 n.C. is dit met klipmure vervang. Op die Germaanse front het die fortifikasies oor 'n afstand van ongeveer 480 km gestrek. Die westelike deel van die "Limes Germanicus" (Germaanse Lyn) het steeds uit grondvestings bestaan, maar die oostelike deel, wat as die "Murus diaboli" (Duiwelsmuur) bekend gestaan het, was 'n klipmuur wat 1,2 m breed was. Soortgelyke mure is ook op die oostelike en suidelike grense van die ryk en in die noorde van Brittanje opgerig.<sup>13</sup>

Die bekende Hadriaanse Muur in Engeland was bedoel om 'n vaste front teen die opstandige stamme in die noorde van die gebied daar te stel. Die muur is tussen die jare 122 en 125 n.C. opgerig, is ongeveer 117 km lank strek vanaf Tyne tot by Tolway. Die muur is ongeveer 4,5 m hoog en 2,25 m dik. Elke 1,6 km (1 myl) is daar 'n sogenaamde "mile-castle",<sup>14</sup> dit wil sê 'n tipe blokhuis, as deel van 'n verdedigingslinie.

Hierdie Romeinse muur in Engeland het natuurlik reeds 'n voorganger in die Groot Muur van China gehad. Daar is in die jaar 214 v.C. met die bou daarvan begin en dit het oor 'n afstand van ongeveer 2 000 km gestrek. Die doel van die muur was om China teen invalle van noordelike barbare te beskerm. Die breedte van die muur se fondament wissel tussen 6 en 7,5 m en die hoogte tussen 4,5 en 7,5 m.<sup>15</sup>

Tydens die Vroeë Middeleeue (ongeveer 500 - 1000 n.C.) het daar talle ontwikkelinge ten opsigte van fortifikasies plaasgevind. Om aanvalle deur die Noormanne te probeer afweer, is verskeie verdedigingsposisies in Frankryk opgerig. Hierdie vestings is langs die Seine, die Loire en die Oise opgerig. Die belangrikste hiervan was in Parys, waar die Ile de la Cité gefortifiseer is. Dit het die Noorse beleëring van 885-86 deurstaan.<sup>16</sup>

---

13. Montgomery, p.118.

14. *Ibid.*, p.119.

15. *Black and White Budget*, 21.7.1900, p.492; L. Montross, *War through the ages*, p.148.

16. Montgomery, p.155.

Hierdie vestings was bloot houtforte wat op 'n grondwal opgerig en deur 'n sloot omring is. Dit was egter die begin van die groot klipkastele wat later al hoe groter en meer kompleks geword het.

### 3. Die era van die groot vestingbouers

Met die uitvinding van buskruit het die swaard, spies en pyl-en-boog geleidelik in onbruik geraak. Die Middeleeuse ridder het geen verweer gehad teen vuurwapens nie. Net so kon die fortifikasies van destyds geen noemenswaardige teenstand teen kanonvuur bied nie. Soos met alle nuwe uitvindings is dit geleidelik vervolmaak. Aanvanklik is kanonne slegs gebruik om ysterpyle na vestings te werp. Klippe en loodballe is eers later as ammunisie gebruik. Die kanon is egter bloot as 'n anti-personeel wapen aangewend. Eers in 1377, tydens die beleg van Odrick in Frankryk, is die mure van die kasteel in so 'n mate deur klipkoeëls beskadig, dat William de Weston moes oorgee. Hierdie is die eerste aangetekende geval waartydens artillerie teen 'n vesting gebruik is. Dit was ook die eerste keer dat artillerie die mure van 'n gebou vernietig het en verantwoordelik was vir die oorgawe van 'n garnisoen. Dit het aanleiding gegee tot veranderinge in die boustyl van kastele en ander verdedigingswerke. 'n Sentrale toring, omring deur halfronde kort torings met dik soliede mure, het die nuwe kastele gekenmerk. Kanonne is sedertdien ook op die bastions van die kasteel geplaas sowel as in kasematte - dit wil sê kamers wat in die kasteelmure ingebou is en waarin die kanonne van kant tot kant geswaai kon word om sodoende 'n wye skootsveld te hê.<sup>17</sup>


Artillerie het dus 'n groot omwenteling in die vestingboukuns teweeggebring. Waar vestings voorheen kastele was wat aan privaat individue soos hertoë en baronne behoort het, het die klem begin verskuif na staatsondersteunde vestings. Dit kan toegeskryf word aan die hoë koste verbonde aan die oprigting van hierdie nuwe vestings. Die opkoms van nasionale state het beteken dat die kuns van oorlogvoering mettertyd die prioriteit en voorreg van konings en state geword het. Dit het daartoe gelei dat die militêre ingenieurs van daardie tyd meer geleenthede gehad het om hulle talente uit te leef, want

---

17. Hogg, pp.27, 30-33.

hulle het opdragte van state en konings ontvang wat dit kon bekostig om sulke groot vestings op te rig en te onderhou.<sup>18</sup>

Die oprigting van bastions het hierdie vestings onderskei van hulle voorgangers. Sulke bastions het in die meeste gevalle die torings vervang. 'n Bastion het bestaan uit twee reguit mure wat op die hoeke van 'n vesting uitgesteek het om sodoende 'n skerp punt te vorm. Alle kante van die vestingmure was dus sigbaar. Wie presies die eerste bastion ontwerp het, is nie duidelik nie, maar daar word algemeen aanvaar dat dit in Italië gebeur het. Een van die oudste bekende bastionwerke is dié van Verona in Italië, wat deur die Italiaanse ingenieur Michele San Michele gebou is. Teen die einde van die sestiende eeu was die Italianers die belangrikste vestingbouers en het hulle hul stempel op die bou van toekomstige vestings afgedruk. Die Italianers het vroeg reeds besef dat die oprigting van groot, dik, gemesselde mure om aanhoudende bombardemente deur artillerie te neutraliseer, 'n mors van tyd, geld en materiaal was. Verder was messelwerk ook nie geskik nie aangesien dit met elke kanonskoot wat tref, versplinter het en sodoende die muur verswak het. Gevolglik is aanbeveel dat grondwalle voor die mure aangebring moes word. Op die koop toe was dit ook baie goedkoper en makliker om op te rig.<sup>19</sup>



Plan van bastion.

L. Montross, *War through the ages*, p.224.

18. *Ibid.*, p.39.

19. *Ibid.*

Sebastien le Prestre de Vauban (1633-1707) is die man wat waarskynlik die grootste bydrae tot die vestingboukuns gelewer het. Gedurende die tweede helfte van die sewentiende eeu het hy die militêre toneel met sy vestings oorheers danksy die ongeveer 40 vestings wat hy opgerig het, asook ongeveer 3 000 ander fortifikasies wat deur hom verbeter is.<sup>20</sup> Vauban het op agtienjarige ouderdom by die Franse kavallerie aangesluit. Op 22-jarige ouderdom was hy in beheer van die ingenieurs wat die vestings te St. Menehoud moes herstel. In 1655 is hy aangestel as hoofingenieur in koning Lodewyk XIV se leër.<sup>21</sup> Alhoewel hy een van die vestingbouers was wat die meeste vestings opgerig het, het hy meer roem verwerf weens die feit dat geen vesting teen sy metode van beleëring bestand was nie. Hy was dus nie net in staat om vestings op te rig nie, maar ook goed toegerus om vestings suksesvol te beleër.<sup>22</sup> Hy het die bombardement van die artillerie gekoördineer, van opslagvuur gebruik gemaak om teikens agter die bolwerke te bereik en loopgrawe parallel aan die bolwerke gegrawe.<sup>23</sup>

Die enigste noemenswaardige mededinger van Vauban was die Nederlander Menno van Coehoorn (1641-1704).<sup>24</sup> Die vestings wat hy ontwerp het was spesifiek geskik vir die laagliggende Nederlande.<sup>25</sup> Sy grootste bydrae tot die vestingboukuns was die teenwalgalery wat hy op die teenoorgestelde helling van 'n droë moot opgerig het. Dit kon gewoonlik deur 'n ondergrondse tunnel vanaf die vesting bereik word, wat aan die verdedigers die geleentheid gebied het om op die vyand in die moot te skiet.<sup>26</sup>

#### 4. Die rol van fortifikasies in veldtogte<sup>27</sup>

Met verloop van tyd het fortifikasies 'n al hoe belangriker rol in veldtogte begin speel. Dit het nie net as afskrikmiddel gedien nie, maar is ook as afspringplek vir aanvalle

---

20. H. de la Croix, *Military considerations in city planning: fortifications*, p.53; J. Keegan en A. Wheatcroft, *Who's who in military history from 1453 to the present*, p.332.

21 H.M. Brice, *Stronghold: a history of military architecture*, p.119.

22. De la Croix, p.53.

23. Brice, p.120.

24. *Ibid.*, p.119.

25. Montross, p.155.

26. Brice, p.119.

27. Slegs enkele voorbeelde word hier bespreek.

gebruik. Op die St. Vincent-eilande in die Karibiese See is fortifikasies byvoorbeeld gebruik om die plaaslike opstandelinge se vryheid van beweging in te perk, net soos die Britte baie jare later die Boere se optrede tydens die laaste fase van die Anglo-Boereoorlog deur middel van 'n blokhuisstelsel aan bande sou probeer lê. In 1772 is 'n Britse mag na die eilande gestuur om 'n opstand deur die plaaslike inwoners, die Caribs, te onderdruk. Een van die metodes wat gebruik is om die opstand gou onder beheer te kry, was "to attain and establish military posts throughout the country, so as to hem in the Caribs in their several districts, prevent their communication, control their movements, and finally necessitate their surrender". Hierdie poging was suksesvol en in 1773 het die Caribs oorgegee.<sup>28</sup>

Fortifikasies het egter nie altyd bloot uit enkele vestings bestaan nie, maar soms ook uit verdedigingslyne. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die Torres Vedraslinie in Portugal. Dit is in 1810 deur Wellington se ingenieurs tussen die Taagrivier en die Atlantiese Oseaan opgerig en het uit 114 skuilings bestaan wat deur loopgrawe met mekaar verbind was. Riviere, berge en ander topografiese verskynsels het ook as versperrings gedien. Die Torres Vedraslinie was 47 km lank en elke 1,6 km is daar 1 600 man opgestel. Hierdie verdedigingslyn was so effektief dat nie eers leërs van ongeveer 100 000 man 'n poging sou aanwend om dit aan te val nie.<sup>29</sup>

Die Torres Vedraslinie was dus 'n tipe vroeëre blokhuislinie, net soos Hadrianus se Muur en die Chinese Muur. Vanaf hierdie linies of mure kon enige beweging in die nabye omgewing gemonitor word en dit kon ook as afspringplek vir offensiewe gebruik word. Indien 'n vyand wel daarin sou slaag om deur die linie te beweeg, sou dit egter moeilik wees om enige buit terug te neem.

Gedurende die negentiende eeu het die vestingbouers tot die gevolgtrekking gekom dat die tradisionele metode van vestingbou sou moes verander. Die rede daarvoor was die vinnige ontwikkeling van vuurwapens. Die koms van die gegroefde kanon- en geweerloop, het die reikafstand van wapens verhoog. Groter projektiële kon oor 'n

---

28. *The Royal Engineers Journal* 32, 1.2.1902, p.30.

29. Hogg, p.73.

langer afstand gewerp word en sodoende is groot skade aan vestings aangerig. Ten einde hiervoor te kompenseer, is die buiteposte van vestings verder vorentoe geskuif om die artillerie van die vyand buite trefafstand van vestings te hou. Sulke buiteposte het later forte in hulle eie reg geword. 'n Goeie voorbeeld van so 'n vesting is die stad Antwerpen in België.<sup>30</sup> 'n Beleg van die stad het op 24 November 1832 begin en op 23 Desember 1832 geëindig met die oorgawe van die plaaslike garnisoen. Vervolgens het die Franse veroweraars 'n nuwe verdedigingstelsel vir die stad ontwerp.<sup>31</sup> In 1860 is 'n ringmuur van forte rondom Antwerpen opgerig. Die ringmuur rondom die stad het verdwyn omdat die buiteforte sy funksie oorgeneem het. Hierdie buiteforte het 'n algemene gesig by ander stede geword.<sup>32</sup>

Dit was nie net in Europa waar fortifikasies 'n belangrike rol gespeel het nie. In Kuba het daar tussen die jare 1895 en 1898 'n hewige stryd tussen die Spanjaarde en die Kubaanse rebelle onder Gomez gewoed. Treine is verwoes, suikermeulens gesaboteer en tabakplantasies afgebrand. Ten einde hierdie rebellie te onderdruk, het Spanje vir genl. Valerino Weylery Nicolau, markies van Teneriffe, beter bekend as Weyler, in Februarie 1896 na die eiland gestuur. Sy metodes om die rebellie te onderdruk was wreed maar suksesvol.<sup>33</sup> Die hoeksteen van die stelsel was die sogenaamde *trocha* of oop ruimte (pad) wat regoor die eiland geloop het, sonder inagneming van die topografie. Al langs hierdie verdedigingspad is die bosse honderde meter ver afgekap en is die *trocha* met doringdraad beskerm. Langs hierdie linie is wachte in houthuise geplaas wat as wagposte gedien het. Daar was drie verskillende tipes huise: die grootste huise was 0,8 km van mekaar, die tweede grootste 0,4 km en die kleinste ongeveer 150 m. Laasgenoemde is gebou van modder en houtplanke en kon vyf persone huisves. Rondom die huise is loopgrawe gegrawe terwyl alarms aangebring is om die wachte te waarsku as daar met die drade gepeuter is. Verder is blokhuisse opgerig wat oor die hele land verspreid was. Hierdie fortifikasies, hoewel nie baie groot in omvang nie, het tog 'n belangrike rol in die Spaanse veldtog in Kuba gespeel. Bedags het die soldate hulle

---

30. De la Croix, p.56.

31. Hogg, p.73.

32. Brice, pp.145-146; J.C. Matheson, "The fortress of Antwerp", *The Royal Engineers Journal* 29, 1.4.1899, pp.75-76.

33. A.M. Davey, "The reconcentrados of Cuba", *Historia* 5(3), 1960, pp.193-194.

forte verlaat en in die omgewing geopereer, en snags het hulle terugkeer na die veilige skuilplekke. Die probleem, vanuit Spaanse oogpunt gesien, was egter dat hulle bedags die beheer oor die gebied gehad het, maar snags, wanneer hulle na die forte teruggetrek het, het die guerrillas weer beheer oorgeneem.<sup>34</sup>

Weyler het die blokhuse in Kuba dus tot 'n groot mate as 'n doel op sigself gebruik, naamlik om offensiewe aksie soos dryfjagte te ondersteun en nie as 'n middel tot 'n doel nie. Die rebelle het gevolglik beheer oor die grootste deel van die oorlogsgebied behou, en ook die inisiatief behou. Verder is daar ook van konsentrasiekampe gebruik gemaak om die Kubaanse revolusie uiteindelik in 1898 te beëindig. Slegs enkele jare later is sowel blokhuse as konsentrasiekampe deur die Britte teen die Boere ingespan. Die Britse blokhuisstelsel, in teenstelling met dié in Kuba, se doel was aanvanklik om spoorlyne te beskerm en later is dit aangewend om die verowerde gebied in streke te verdeel sodat die burgers makliker vasgekeer kon word. Die doel van die Kubaanse blokhuse was bloot om die land in twee streke te verdeel. Verder het dit snags gedien as huisvesting vir die soldate. Dit is dus nie gebruik om belangrike sleutelpunte te beskerm nie.

##### 5. Kusverdedigingsfortifikasies

Koning Henry VIII van Engeland was die eerste persoon wat 'n poging aangewend het om die kusgebied onder sy bevel met verdedigingswerke te beveilig. In die jaar 1539 is die eerste van die kastele opgerig wat die Engelse kanaal tussen Kent en Cornwall moes beskerm. Hierdie kastele het bestaan uit 'n ronde toring wat in die middel geplaas was, met kleiner torings wat net die helfte so hoog soos die middelste toring was, daar rondom in 'n halfsirkel. Die kleiner torings is verbind met die middelste toring en die groep het die vorm van 'n klawer aangeneem. Die kanonne is in die buitenste torings geplaas, soos in die kastele te Portland en Deal.<sup>35</sup> Andersvormige

---

34. L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902* 5, pp.401-402; J. Ploeger, *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* 5, p.41:1.

35. Hogg, pp.30-33.

verdedigingswerke is ook opgerig, byvoorbeeld die kasteel te Hurst in 1539.<sup>36</sup> Hierdie fortifikasies is veral by kwesbare punte en hawens geplaas.<sup>37</sup> Portsmouth dien hier as 'n goeie voorbeeld aangesien die hawe van meet af aan deur forte beskerm is.<sup>38</sup>

Die kusfortifikasies van Henry VIII is nie na sy dood uitgebrei nie. Eers tydens die Napoleontiese oorloë is daar weer aan kusfortifikasies aandag gegee. Die Krim-oorlog (1854-1856) en in besonder die beleg van Sebastopol, was die katalisator vir die herlewing in kusfortifikasies. Tydens die beleg van Sebastopol het die Russiese verdedigers 172 kanonne teenoor die aanvallers (die Franse en Britte) se 126 kanonne gehad. Die beleëring het 349 dae geduur, alhoewel die aanvallers gedink het dat dit gou verby sou wees. Die feit dat die beleëring so lank aangehou het, kan daaraan toegeskryf word dat die verdedigers toegang tot ammunisie en wapens gehad het; met ander woorde, hul kommunikasielinies is nie afgesny nie.<sup>39</sup>

In Engeland het kusfortifikasies 'n al hoe belangriker rol begin speel, veral na afloop van die Krim-oorlog. In die laat negentiende eeu is verskeie forte aan die kus van Engeland opgerig. Veral die ontwikkeling van die Franse skroefaangedrewe oorlogskepe het Engeland laat beseef dat sy kusverdediging veel te wense oorgelaat het. Frankryk het met die bou van die *La Gloire*, 'n skroefaangedrewe stoomskip wat met staalplate beskerm is, 'n direkte bedreiging vir die Royal Navy se oorheersing van die Engelse kanaal ingehou. Ten einde hierdie bedreiging die hoof te bied is daar na vele hewige parlementêre debatte tot die besluit gekom dat forte in die sogenaamde Spithead-gebied by Portsmouth opgerig kon word. Van hierdie forte is dan ook op sandbanke in die see opgerig en is vandag nog te sien.<sup>40</sup>

\*\*\*\*\*

Teen die einde van die negentiende eeu het fortifikasie sy toppunt bereik. Bykans elke

---

36. A. Cantwell en P. Sprack, *The Needles defences 1525-1956*, p.2.

37. Brice, p.109.

38. G. Mitchell, *Spit Bank and the Spithead forts*, p.1.

39. Hogg, pp.79-80.

40. Mitchell, p.1.

land het verdedigingstellings in die vorm van een of ander fortifikasie gehad. Groot bedrae geld is bestee aan die oprigting daarvan en met die konflikpotensiaal wat in Europa gestyg het en die onderliggende wedywering om die beste wapentuig te bekom of te ontwerp, moes forte aangepas word om doeltreffend te kon funksioneer. Klein, swak beskermde vestings se dae was dus getel. Alvorens in onderafdeling 7 voortgegaan word met die kort oorsig van die ontwikkeling en aanwending van fortifikasies, veral in Europa, word vervolgens eers kortliks gelet op wat intussen aan die Kaap en in die binneland van wat vandag Suid-Afrika is, gebeur het ten opsigte van fortifisering. Die forte is aanvanklik geskoei op die Europese model, maar dit is weldra aangepas by eiesoortige plaaslike toestande.

#### 6. Fortifikasies in Suid-Afrika<sup>41</sup> tot 1899

Met die koms van Jan van Riebeeck na die Kaap in 1652 is die Europese vestingboukuns in hierdie land gevestig. Alhoewel Van Riebeeck se fort beskou kan word as die eerste formele vesting wat in Suid-Afrika opgerig is, was die vesting wat die skipbreukelinge van die *Nieuw-Haarlem* in 1647 opgerig het, in werklikheid die eerste fort aan die suidpunt van Afrika. Op 10 April 1652 het Van Riebeeck met die oprigting van 'n fort langs die Varsrivier aan die voet van Tafelberg begin. Net soos in Europa moes die rivier se water in 'n grag om die fort vloei.<sup>42</sup> Die hoogte van die fort se mure was ongeveer 4,8 m, terwyl die grag 7,2 m breed en met water gevul was. Die fort het vier bastions gehad wat elkeen vernoem is na een van Van Riebeeck se skepe.<sup>43</sup>

Afgesien van die fort, is ook ander verdedigingswerke opgerig. Fort Duijnhoop was van sooie gemaak en is bo-op 'n hoë sandduin naby die mond van die Soutrivier opgerig. Dit moes die traanketels beskerm wat vir traanbrandery gebruik is,<sup>44</sup> asook die mond van die Soutrivier. Twee twaalfponder-kanonne is daar opgestel ter beskerming van die gebied.

---

41. Wanneer die term "Suid-Afrika" in hierdie studie gebruik word, word dit in die geografiese sin van die woord gebruik.

42. P.E. Roux, *Die verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands Oos-Indiese Kompanjie 1652-1759*, p.2.

43. E. Rosenthal, *The Castle: Cape Town 300th anniversary*, p.13.

44. Die traanketels is gebruik om vet van robbe af te kook.

Fort Santhoop was 'n houtfort met die uitsluitlike doel om te verhoed dat 'n vyand tussen die Soutrivier en die hooffort sou land.<sup>45</sup>

Die Kompanjie het 'n beleid van vreedsame onderhandeling met die plaaslike Khoi gevolg. Ruilhandel was 'n belangrike metode om vee en dies meer in die hande te kry, maar toenemende veediefstal het die blanke nedersetters se veegetalle sterk laat krimp. 'n Belangrike rede vir die plasing van die vryburgers aan die Liesbeeckrivier was om die rivier as 'n soort borswering teen die strooptogte van die Khoi te gebruik.<sup>46</sup> 'n Reeks forte is toe opgerig om die vryburgers, vee en gesaaides te beskerm, naamlik Coornhoop, Kyckuijt, Keert de Koe en Houdt den Bulen. Forte is nie al wat opgerig is nie. 'n Laning amandelbome is ook vanaf die Liesbeeckrivier tot by die vryburger Leendert Cornelisz se grond aangeplant met die doel om die blankes se gebied van dié van die Khoi te skei.<sup>47</sup>

Na Van Riebeeck se vertrek het Zacharias Wagenaar hom as kommandeur aan die Kaap opgevolg. Hy het besef dat die fort nie 'n stewige vesting teen die elemente en die vyand was nie en het 'n begin gemaak met die bou van 'n kasteel van klip. Die Kasteel is op die Vauban-vestingwerkpatroon geskoei en is in die vorm van 'n vyfhoek gebou. Op 2 Januarie 1666 is die eerste steen deur kommandeur Wagenaar gelê.<sup>48</sup> Die oprigting het stadig verloop aangesien die bouwerk aan die Kasteel gestaak is elke keer wanneer vrede in Europa gesluit is. Sodra daar weer vyandighede uitbreek het, is die bouwerk hervat. Die feit dat verbygaande skepe siek matrose aan die Kaap afgelaai het en gesondes in diens geneem het, het tot 'n tekort aan mannekrag gelei. Gaandeweg het die Kasteel egter gevorder en in September 1676 het die vyfde bolwerk die verlangde hoogte bereik.<sup>49</sup>

Saam met die Kasteel is daar ook kanonbatterie opgerig. Die Amsterdam-batterie is aan die voet van Leeukop geplaas. Aan die oostekant van die Kasteel, vlak by die see, is

---

45. A.C. Ras, *Die Kasteel en ander vroeë Kaapse vestingwerke 1652-1713*, pp.35-37.

46. I.W. van Tonder, *Van Riebeeck se stad*, pp.41-42.

47. *Ibid.*, pp.39-43.

48. Roux, p.5.

49. Ras, p.74.

die Imhoff-battery opgerig.<sup>50</sup> Ook Fort Knokke, 'n sterk vierpuntige fort, is in 1744 voltooi. Kort na die voltooiing daarvan is dit met die Kasteel verbind deur 'n verskansing van vier klein batterytjies, naamlik Swellengrebel, Elizabeth, Helena en Tulbagh.<sup>51</sup> Uit vrees vir 'n Britse aanval op die Kaap het die Kompanjie die hulp van 'n Franse garnisoen aanvaar. Met die koms van die Franse troepe in 1781 het hulle die Kaap se verdediging egter in 'n benarde toestand gevind. Die Franse het die Kaap net voor 'n Britse vloot bereik en hulle doel was om te sorg dat die Kaap in Nederlandse hande bly. Hulle het die kusverdediging versterk en 'n reeks versterkings van Fort Knokke (naby die huidige Woodstock-stasie) tot by Duiwelspiek gebou wat van drie skanse voorsien is, naamlik Holland, Center en Burgers. Die doel hiervan was om die Kaap teen 'n aanval vanuit Valsbaai te beskerm. Ook vanaf Mouillepunt tot by Seinheuwel is 'n reeks skanse opgerig. By Houtbaai is 'n battery van twintig kanonne opgestel. Met die vertrek van die Franse troepe is met die verdedigingswerke voortgegaan, maar in 1791 is al sulke werke gestaak weens die tekort aan fondse. Nadat die Britte die Kaap in 1795 met gemak verower het, het hulle begin om die Kaapse verdediging te versterk. Die Queen's Blockhouse, die Prince of Wales Blockhouse en die King's Blockhouse is in daardie tydperk teen Duiwelspiek opgerig.<sup>52</sup>

Vanaf 1803 tot 1806 was die Kaap onder Bataafse bewind, waarna die Britte weer eens die bewind oorgeneem het. Intussen het veeboere al verder ooswaarts getrek. Aan die Vis- en Kei-riviere het hulle met swart mense in aanraking gekom en met verloop van tyd het gewapende botsings plaasgevind - veral vanaf 1779 tot 1878 in die Oos-Kaap, toe nege grensoorloë plaasgevind het. Ten einde beskerming aan die inwoners te verleen, is 'n reeks klein forte opgerig om soldate wat die gebied moes beskerm, te huisves. Die forte het in grootte gewissel van klein houtwerke tot groot steenforte. Fort Hare is byvoorbeeld gebou om 560 man en 100 perde te huisves en het £8 600 gekos om op te rig. Die struktuur wat egter die meeste gebruik is, was 'n ronde toringgebou van ongeveer 7,2 m hoog, soos dié een wat vandag nog in Fort Beaufort te sien is. Hierdie toring is gebou volgens dieselfde beginsel as die Martellotoring wat langs die kus van

---

50. Van Tonder, p.64.

51. *Ibid.*, p.124.

52. J.J. Oberholster, *Die historiese monumente van Suid-Afrika*, pp.25-27; Van Tonder, p.154.

Engeland opgerig is ten einde 'n Napoleontiese inval af te weer. Ingang is deur middel van 'n leer na die eerste vloer verkry, terwyl skietgate reg rondom ingerig is. Op die plat dak kon 'n kanon geplaas word. Hierdie torings was besonder sterk en kon baie verduur, soos die aanval op Fort Armstrong in 1851 bewys het. Die waarde van die forte was daarin geleë dat dit beskerming aan konvooië verleen het omdat dit op belangrike roetes geplaas is. Dit het ook as basis gedien waarvandaan die garnisoen kon uitbeweeg om gesteelde vee weer op te eis.<sup>53</sup>

Teen 1834 het die Groot Trek begin. Hoewel daar van tyd tot tyd spanning tussen Brittanje en die Boererepublieke was, is geen fortifikasies in die Kaap opgerig om dié kolonie teen moontlike invalle vanuit die noorde te beskerm nie. Tydens die Anglo-Boereoorlog het sulke tipe invalle die eerste keer plaasgevind.

Die Groot Trek het daartoe gelei dat dorpe in die binneland van Suid-Afrika gestig is. Ten einde die bewoners daarvan teen vyandelike aanvalle te beskerm, is fortifikasies by sommige van hierdie dorpe opgerig. Die Voortrekkers het by Ohrigstad en Fochville veldskanse opgerig wat die walaers as skanse vervang het. Na die vernietiging van Schoemansdal in 1869 is 'n fort opgerig, naamlik Fort Klipdam, asook Fort Wilhelm wat vandag as Fort Merensky bekend staan.<sup>54</sup> Laasgenoemde is geleë op 'n heuwel ongeveer 13 km vanaf Middelburg op die pad na Groblersdal en is vandag te sien by die ou Botshabelo-sendingstasie naby Middelburg.<sup>55</sup>

Dit is 'n klipfort wat onder Alexander Merensky se toesig in 1859 opgerig is om as beskerming teen aanvalle van Sekhukhune en die Bapedi te dien. Die fort bestaan uit 'n ronde toring en twee ommuurde gebiede met twee meter hoë mure. In die mure is 'n aantal skietgate. Die bopunt van die toring is met 'n houtleer bereik vanwaar dit 'n goeie uitsig oor die omliggende omgewing gebied het. Die fort is egter nooit deur Merensky gebruik nie, maar wel later deur die Britse magte gedurende die Anglo-

---

53. L. Smedley-Williams, "Forts of the eastern Cape frontier", *Journal of Army Historical Research* 22, 1944, pp.3-4. Vir meer besonderhede in verband met die rol van forte in die Oos-Kaap, kyk bv. J.S. Bergh en J.C. Visagie, *The Eastern Cape frontier zone 1660-1980: a cartographic guide for historical research*, *passim*.

54. J. Ploeger, *The fortification of Pretoria*, p.12.

55. "Fort Merensky", *Overvaal Museanuus* 5(2-3), 1978, p.18.

Boereoorlog.<sup>56</sup>

Tydens die Transvaalse Vryheidsoorlog (1880-1881) het die Britse mag te Potchefstroom ook skuiling gesoek in 'n fort wat hulle daar opgerig het. Lt.-kol. R.W.C. Winsloe, bevelvoerder van die Britse garnisoen te Potchefstroom, het met sy aankoms die fort laat verbeter en 'n muur van ongeveer 1,5 m breed en 90 cm hoog laat oprig. Die mure is later met sandsakke hoër gemaak. Die beleg van die fort het op 17 Desember 1880 amptelik begin en eers op 21 Maart 1881 geëindig. Die Boere kon nie die fort inneem nie.<sup>57</sup>

Tydens hierdie vryheidsoorlog is ook Pretoria, Standerton, Lydenburg, Wakkerstroom, Rustenburg en Marabastad in 'n mindere of meerdere mate deur die Boere beleër. Pretoria het drie groot fortifikasies gehad te wete Fort Royal, Fort Commeline en Fort Tullichewan. Verder is daar ook ongeveer sewe blokhuse opgerig wat in grootte gewissel het van een wat 32 man kon huisves tot een wat slegs twaalf kon huisves.<sup>58</sup>

In Lydenburg is die garnisoen gehuisves in 'n fort bestaande uit hutte wat deur 'n klipmuur omring is. By Marabastad is die fort wat deur die Boere opgerig is om hulle invloed in die omgewing te laat geld, deur 'n Britse mag onder bevel van kapt. E.S Brook beset. Die fort is versterk deur verdere loopgrawe te grawe. Die fort te Rustenburg was van modder gebou en by Standerton is daar klein klipforte op die walle van die Vaalrivier gebou.<sup>59</sup>

In 1888 het 'n paar mobiele forte hul verskyning in die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) gemaak. Die bemanning was oorspronklik van die Staatsartillerie, maar hulle is later deur lede van die Zuid-Afrikaansche Republiek Politie vervang. Die doel van die

---

56. *Ibid.*

57. S.W.J. Kotze, "Die beleg van Potchefstroom", *Krygshistoriese Tydskrif* 1(1), 1967, pp.10-13. Kyk ook R.J. Mason, "Archaeology of the 1880-1881 fort, Potchefstroom", *Krygshistoriese Tydskrif* 3(4), 1975, pp.132-137.

58. A.C. van Vollenhoven, 'n *Histories-argeologiese ondersoek na die militêre fortifikasies van Pretoria (1880-1902)*, pp.48-56.

59. M.G. Palmer, "The besieged towns of the First Boer War, 1880-1881", *Krygshistoriese Tydskrif* 5(2), 1980, pp.96-98.

forte was om die opstandige swart stamme in Noord-Transvaal te onderdruk.<sup>60</sup>

Na die Transvaalse Vryheidsoorlog het die ZAR beseft dat Pretoria redelik onbeskermd was. Dit was egter eers na afloop van die Jameson-inval van 1895-96 dat die destydse regering besluit het om Pretoria deur 'n aantal forte te laat beskerm. Daar is aan 'n Franse artillerie-offisier, Leon Grunberg, opdrag gegee om 'n verdedigingsplan vir Pretoria te ontwerp. Die plan wat hy voorgelê het was egter te ambisieus vir die Uitvoerende Raad van die ZAR en daar is toe besluit dat forte slegs op agt strategiese punte opgerig sou word. Weens die tekort aan geld is net vier forte egter voltooi, te wete Fort Klapperkop, Fort Schanskop, Fort Daspoortrand en Fort Wonderboompoort. Die Duitse firma Krupp het al die forte, behalwe Fort Daspoortrand, gebou; laasgenoemde is deur die Franse firma Schneider, Grunberg en Lèon opgerig.<sup>61</sup>

Teen 1899 was die Transvaalse verdedigingstelsel steeds geskoei op die kommandostelsel, ondersteun deur die Staatsartillerie. Fortifikasies het 'n baie beperkte rol in die verdedigingsplan gespeel. In dié opsig was die ZAR dus uiters kwesbaar vir vyandelike aanvalle.

Ook in die Vrystaat is nie veel gedoen ten opsigte van die oprigting van verdedigingswerke nie. Kapt. Henry Douglas Warden het as Britse resident in 1846 op die plaas Bloemfontein gearriveer. Hy het beseft dat die oprigting van 'n fort voorkeur moes geniet. Derhalwe is 'n groep Cape Mounted Rifles aangesê om 'n fort op die hoogte noord van die fontein te bou. Hierdie fort word toe vernoem na sersant Drury, die arts van die garnisoen, asook die goewermentsonderwyser.<sup>62</sup>

Die anneksasie van die gebied ten noorde van die Oranjerivier deur sir Harry Smith in 1848, het veroorsaak dat die Boere opstandig geword het. Die opstand is op 29 Augustus 1848 tydens die geveg by Boomplaats militêr onderdruk, maar sir Harry Smith het dadelik aanbeveel dat 'n nuwe fort, wat as Queen's Fort bekend sou staan, opgerig

---

60. Ploeger, p.12.

61. Vir meer besonderhede i.v.m. die forte, kyk Van Vollenhoven, *passim*.

62. J.A. Steenkamp, *Die verdedigingstelsel van die Vrystaatse Republiek 1854-1899*, p.133.

moes word. Hierdie fort is toe op 'n hoogte suid van Bloemfontein opgerig en is vroeg in 1849 voltooi.<sup>63</sup>

In 1854 het die Vrystaat onafhanklik geword. As gevolg van aanhoudende Basoeto-aanvalle het pres. J.N. Boshof beveel dat elke veldkornetskap vir die oprigting van sy eie fortifikasies verantwoordelik sou wees. So is daar vele skanse in die Vrystaat opgerig, maar omdat daar geen planne vir sulke skanse bestaan het nie, het almal van mekaar verskil. Op Ventersburg staan daar vandag nog so 'n skans met mure van drie meter hoog en een meter breed. Die vierkantige skans se sye is elk ongeveer 25 m lank.<sup>64</sup>

Op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog was Queen's Fort die enigste formele fortifikasie in die OVS. Dit is gebruik as hoofkwartier van die Vrystaatse Artillerie. Net soos die ZAR was die OVS dus baie kwesbaar vir aanvalle van buite sy grense.

Wat fortifikasies in Suid-Afrika tot en met 1899 betref, word ten slotte gelet op die situasie in Natal. Die walaers van die Voortrekkers kan as van die vroegste forte in Natal beskou word. Net so kan die Zoeloekraal by Ungungundlovu ook as 'n fortifikasie beskou word. Amptelike fortifikasies van Natalse owerhede het egter 'n aanvang geneem met die fort wat die Britse mag te Port Natal (Durban) gebou het.

In 1824 het luit. Francis Farewell die eerste blanke nedersetting te Port Natal gestig wat 'n paar jaar later gelei het tot die totstandkoming van die dorpie D'Urban, vernoem na die destydse goewerneur van die Kaapkolonie. Die koms van die Voortrekkers, die daaropvolgende oorwinning oor die Zoeloemag en die besluit van Brittanje om Port Natal onder Britse beheer te plaas, het daartoe gelei dat 'n mag onder bevel van maj. Samuel Charters van die 72ste Regiment met sy aankoms in 1838 die eerste fort by die hawe-ingang opgerig het. Na verloop van 'n jaar, het die fort egter in onbruik verval. Die Voortrekkers het toe die Republiek van Natalia uitgeroep en die oorspronklike Britse setlaars het hulle nie teengegaan nie. Sir George Napier, die opvolger van goewerneur Benjamin D'Urban, het egter nie daarmee genoë geneem nie en het die

---

63. *Ibid.*, pp.132-136.

64. Onderhoud : A. Burger, Ventersburg, 5.8.1991.

mag wat aan die Umgezi-rivier gestasioneer was, opdrag gegee om Britse soewereiniteit oor Port Natal te herbevestig. Na verskeie gevegte waarin die Britse fortifikasies, alhoewel dit net bestaan het uit tente met loopgrawe agter die ossewaens, goed in hulle doel geslaag het, moes Andries Pretorius en die res van die Voortrekkers die aftog blaas, veral toe Britse versterkings opgedaag het. Die plek waar die Britse beleërde kamp was, het vanaf 1842 ontwikkel tot 'n volwaardige fort. Die sogenaamde Ou Fort bestaan vandag nog.<sup>65</sup>

Nog belangrike fortifikasies is in Natal opgerig gedurende die Anglo-Zoeloe-oorlog (1879). In die boek van Laband en Thompson, *Field guide to the war in Zululand and the defence of Natal 1879*, word die forte wat opgerig is, volledig beskryf, toegelig met planne en ander sketse, en daar word dus nie verder daarop ingegaan nie. Soos in ander dele van Suid-Afrika, is verdedigingswerke in Natal in 'n groot mate op 'n ad hoc-grondslag opgerig soos wat die behoefte daaraan ontstaan het. Op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog was ook hierdie Britse kolonie uiters kwesbaar.

Fortifikasies het 'n belangrike rol tydens die wordingsjare van Suid-Afrika gespeel. Vanaf die Kasteel in Kaapstad, die forte van die Oos-Kaap en Natal en die fort in Bloemfontein, tot en met die vier forte van Pretoria, het almal 'n rol gespeel in die bestendiging van blanke beheer in die gebied. Dit is egter interessant dat daar geen verdedigingslinies op die grense van die verskillende state en kolonies opgerig is nie. Die hoofdoel van die oprigting van die fortifikasies was om 'n bepaalde strategiese ligging en posisie te beskerm; derhalwe is belangrike strukture net in die groot dorpe opgerig. Fortifikasies soos dit in Europa bestaan het, het dus teen die einde van die negentiende eeu nog nie in Suid-Afrika 'n vastrapplek gekry nie. Die Anglo-Boereoorlog sou dié toedrag van sake egter drasties verander.

\*\*\*\*\*

Vervolgens word 'n kort oorsig gegee van die rol wat fortifikasies in die twintigste eeu

---

65. J.P.C. Laband en P.S. Thomson, *Field guide to the war in Zululand and the defence of Natal 1879*, p.117.

gespeel het, met spesiale verwysing na die Eerste en Tweede Wêreldoorlog, ten einde die gebruik van blokhuse tydens die Anglo-Boereoorlog verder in perspektief te plaas.

### 7. Fortifikasies tydens die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918)

Met die uitbreek van die oorlog was die Duitse strategie grootliks gebaseer op die sogenaamde Schlieffen-plan. Hierdie plan is as basismodel deur Helmuth von Moltke, die Hoof van Staf tydens die beplanningsfases van die Duitse inval, gebruik. Dié plan het daarop neergekom dat Frankryk vinnig aangeval en binne ses weke oorrampel moes word, waarna die aandag op Rusland toegespits sou word. Weens die forte op die Duits-Franse grens sou daar egter geen sprake kon wees van 'n direkte aanval op Frankryk nie. Die oorspronklike plan van Schlieffen was om die Franse deur die Duitse linkerflank vorentoe te lok na Lotharinge terwyl die Duitse regterflank 'n flankbeweging deur België sou uitvoer, waarna hulle dan suidwaarts sou draai om agter die Franse leër in te beweeg.<sup>66</sup>

Ten einde België se groot stede te beskerm, het genl. Henri Brialmont 'n aantal forte ontwerp. Hierdie forte het hy in 'n konsentriese vorm rondom stede soos Liege en Antwerpen geplaas.<sup>67</sup> Aanvanklik het die Duitsers probleme ondervind om hierdie tipe forte met hul steil hellings te verower. Na 'n mislukte infanterieaanslag het die Duitsers hulle op die bombardering van die forte toegelê. Die twaalf forte te Liege, wat deur die *London Times* beskou is as 'n obstruksie wat 'n vyand vir ongeveer ses maande sou kon besig hou, het binne twaalf dae die onderspit gedelf. Veral die koms van die 43 cm Duitse houwitser het groot verwoesting gesaai. Die gevolg was dat die wêreld se vertrouwe in fortifikasies 'n knou gekry het. Ander fortifikasies in die Eerste Wêreldoorlog se lot was dieselfde as die by Liege, alles te wyte aan die ontwikkeling van nuwe kanonne en die verbetering van die ammunisie wat in gebruik was.<sup>68</sup>

'n Nuwe, sterker tipe fort moes ontwerp word om die aanslag van nuwe wapens te

---

66. Montgomery, p.463.

67. Montross, p.688.

68. *Ibid.*, p.690.

weerstaan. Danksy die skaakmatposisie wat op die Wesfront geheers het, het loopgrawe 'n belangrike rol begin speel. Die eerste loopgrawe is in 1915 gemaak. Namate die stryd in felheid toegeneem het, het die gedagte begin posvat dat die loopgrawe die gevegslyn sou wees en dat die beweeglikheidsoorlog verby was. Die Duitse en Britse beleid was om 'n frontlinie te hê wat deur loopgrawe van agter ondersteun sou word. Die loopgrawe was diep genoeg sodat daarin gestaan kon word. Verder is dit met 'n vuurtrap toegerus, asook met skietgate en kwartiere vir die manskappe. 'n Ondersteuningsloopgraaf waardeur gewondes afgevoer en voorrade na die front geneem kon word, het 'n paar honderd meter agter die hoofloopgraaf gelê.<sup>69</sup> Toestande in die loopgrawe was ellendig en veral in die winter was dit uiters ongerieflik. Ongevalle tydens die loopgraafoorlog was ontsettend hoog, veral omdat die gebied tussen die twee opponerende magte - die sogenaamde niemandsland - aanhoudend deur masjiengeweevuur gedek is.<sup>70</sup> Die feit dat die Britte geglo het dat hul gebruik van vaste verdedigingslinies (blokhuse) tydens die Anglo-Boereoorlog 'n ongekwalifiseerde sukses was (kyk hoofstuk 7), kon 'n invloed gehad het op hul besluit om ook tydens die Eerste Wêreldoorlog vaste linies te bou - soms met ramspoedige gevolge.

In September 1916 het die Duitse magte met die oprigting van die Siegfried-linie begin. Dit was 'n ry fortifikasies wat vanaf die Belgiese kus tot by Pont-à-Musson in Frankryk gestrek het met die doel om aan die Duitse mag 'n sterk verdedigingslyn te verskaf wanneer hulle vanaf die front teruggeval het. Die lynie was ongeveer 145 km lank, op party plekke 5 km diep en het uit tunnels, loopgrawe, blokhuse en doringdraadversperrings bestaan. Toe die Duitsers in Maart 1917 na die Siegfried-linie teruggeval het, het dit aan hulle 'n uitstekende voorafvervaardigde verdedigingslyn verskaf. Dit was eers 'n jaar later vir die Geallieerde magte moontlik om die lyn te penetreer.<sup>71</sup> Die einde van die Eerste Wêreldoorlog in 1918 het 'n spoor van verwoeste forte agtergelaat. Tog was dit nie 'n uitgemaakte saak dat forte of blokhuse se dae finaal getel was nie.

---

69. Hogg, p.124.

70. Montross, p.709.

71. Hogg, pp. 125-126.

## 8. Fortifikasies tydens die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945)

Na die Eerste Wêreldoorlog is aanvanklik min fortifikasies opgerig. Slegs in Japan is enige noemenswaardige forte opgerig. Die doel van hierdie forte was om die Japannese kus te beskerm en die eerste fort is in 1920 te Saeki opgerig. Verder is ook kleiner strukture, soos skiettorings, in die vroeë twintigerjare naby Pusan, Tsuguru en Tokiobaai opgerig.<sup>72</sup>

Vroeg in die dertigerjare is daar met die bou van die Maginot-linie in Frankryk begin. Dit was die breinkind van die Fransman André Maginot (1877-1932). Die Maginot-linie het bestaan uit ondergrondse forte en skuilings met net die *pillboxes* (dit wil sê klein ronde of vierkantige masjiengeweerstellings vervaardig van sement), artillerietorings, masjiengeweer-cupolas, mortiere en tenkafweerkannone sigbaar. Die ondergrondse deel het bestaan uit barakke wat deur middel van tunnels en ondergrondse treine met mekaar verbind is, kragstasies en dies meer. Alles wat benodig is, kon per trein vanaf 'n ander sektor aangevul word. Die vyand sou baie moeilik verby die lyn kon beweeg danksy die feit dat die kannone se skootsveld mekaar oorvleuel het.<sup>73</sup>

Die Duitsers het op hul beurt die Siegfried-linie in 1937 regoor die Franse Maginot-linie opgerig. Dit het uit drie of vier rye forte bestaan waarvan ongeveer 17 000 blokhuse die eerste verdedigingslinie uitgemaak het, terwyl swaar artillerie en lugafweerkannone die agterhoede moes dek. In teenstelling met die Maginot-linie wat 'n vaste stelsel was, was die Siegfried-linie 'n reeks forte met die doel om 'n aanval te versag eerder as om dit te stuit.<sup>74</sup> Die aanval op Frankryk in 1940 het nie soos verwag is, met 'n direkte aanval op die Maginot-linie self begin nie. Die Duitsers het deur België beweeg en daardeur die land se neutraliteit geskend. Dit het beteken dat die Maginot-linie omseil is en dat slegs 'n aanval op die Eben Emael-fort in België nodig was. Dit was die grootste struikelblok op die beoogde roete tussen Liege en Maastricht. Die inname van Eben Emael het op 'n unieke manier plaasgevind. Die fort, wat in die dertigerjare

---

72. *Ibid.*, pp.128-129.

73. H. Wills, *Pillboxes: a study of UK defences 1940*, p.4; Hogg, pp.129-130.

74. Montross, p.794.

opgerig is, is beskou as ondeurdringbaar. Gedurende die tydperk voor die Duitse aanval, het die Duitsers gereelde skynmaneuvers gehou om die inname van die fort te simuleer. In plaas daarvan om 'n massiewe aanval op die fort te loods, is slegs ongeveer tien man per hangvlieër op die dak van die fort laat land. Terwyl hulle die fortbemannings se aandag afgetrek het, het 'n verdere mag die Meuserivier oorgesteek en die fort aangeval. Hierdie klein aanvalsmag het daarin geslaag om een van die mees formidabele forte in Europa te oorrumpel, en dit boonop binne slegs 'n paar uur.<sup>75</sup>

Brittanje se voorbereidings het berus op die aanname dat sy kuslyn teen invalle beskerm moes word. *Pillboxes*, veldbunkers en tenkafweerstrukture is vanaf 1940 opgerig. Die eerste verdedigingslinie is op alle strande waar moontlike invalle kon plaasvind geplaas, soos byvoorbeeld tussen Portsmouth en Brighton. Die Home Guard, wat padblokkades sou oprig, het die tweede linie gevorm. Hulle sou op alle belangrike toevoerroetes geplaas word ten einde 'n Duitse gepantserde landingsmag die hoof te bied. Laastens was daar die GHQ-linie wat London en die Middellande moes beskerm. Dit is deur infanterie- en gepantserde afdelings beman. Teen 1942 het die gevaar van 'n moontlike inval afgeneem en is geen nuwe strukture ter beskerming opgerig nie.<sup>76</sup>

Ten einde Duitsland teen aanvalle van die Geallieerde magte te beskerm, is verskeie fortifikasies op die grense van Duitsland, asook op die Noordseekus, opgerig. Van die forte was so massief dat dit mure van tot tien meter dik gehad het. Teen 1944 het die Britse intelligensiediens 675 verskillende Duitse tipes forte, blokhuse, observasieposte en veldbunkers geïdentifiseer. Ten einde die Atlantiese Muur, soos bogenoemde forte bekend gestaan het, in te neem, het die Geallieerdes begin om nuwe wapens te ontwerp. Tenks met vlamwerpers, opvoubare brûe en stapels hout wat in slote gegooi is om dit te vul, was maar net 'n paar van die nuwe wapens. Tydens lugaanvalle op die Atlantiese Muur is daar van nuwe tipes bomme gebruik gemaak om dit te verwoes. Die Geallieerdes se D-Daginvalle (6 Junie 1944) het die Duitse verdedigers onkant betrap. Hulle is stelselmatig teruggedryf en van hardnekkige weerstand vanuit fortifikasies het

---

75. Hogg, pp.134-135; Montross, p.799.

76. Wat die planne om Brittanje te beskerm betref, kyk bv. Wills, pp.9-14.

nie veel tereg gekom nie.<sup>77</sup>

Na die aanvanklike suksesse wat sy weermag behaal het, het die gety geleidelik teen Duitsland begin draai. Verskeie faktore het hiertoe bygedra. Die ontsnapping van 'n groot Geallieerde mag by Duinkerken en die onvermoë van die Luftwaffe om die Britse lugmag tydens die Battle of Britain te oorwin en sodoende 'n inval moontlik te maak, was waarskynlik die eerste krake. Die grootste fout was egter die inval van Rusland, bekend as Operasie Barbarossa. Die feit dat hierdie operasie laat begin het en die winter hulle oorval het, het die Duitsers verplig om 'n al meer defensiewe houding in te neem. Daar is op drie fronte oorlog gevoer: in Afrika, aan die Oosfront en later ook aan die Wesfront.<sup>78</sup>

Intussen het die oorlog in die Ooste teen Japan reeds sedert die einde van 1941 voortgewoed. Weens die Japannese oormag in 1942, is die VSA-mag in die omgewing van Manila gedwing om die forte genaamd Fort Hughes, Fort Drum, Fort Franke en die fort te Corregidor te ontruim. Die aard van die stryd in die Verre Ooste, asook die terrein, het heeltemal verskil van dié in Europa, en daar is nie veel van fortifikasies gebruik gemaak nie. Tydens hul hardnekkige verdediging van eilande soos Iwo Jima en Okinawa, het die Japannese wel van bunkers en *pillboxes* gebruik gemaak.<sup>79</sup>

Die begin van die kernbom-era met die gooi van atoombomme op Hiroshima en Nagasaki (Augustus 1945) het vir alle praktiese doeleindes die einde van fortifikasies as strategiese verdedigingslinies beteken. Op taktiese vlak speel fortifikasies egter steeds 'n rol.

## 9. Fortifikasies sedert 1945

Danksy die koms van die atoombom het 'n heel nuwe verdedigingstruktuur sy verskyning gemaak. Die ou fort wat met 'n grag, bastion en eskarpwalle versterk is, het nou tot die

---

77. Hogg, pp.141-142.

78. Montgomery, pp.508-515.

79. Hogg, pp.148-151; Montross, pp.844-849.

verlede behoort. Die nuwe "fort" moes beskerming bied teen ballistiese missiele, vuurpyle en die gevreesde atoombom. In die kern-era kan fortifikasies in drie kategorieë verdeel word: die strukture wat opgerig word om missiele te beskerm, die skuilings wat opgerig word om die mens te beskerm en ander fortifikasies wat in konvensionele en guerrillaoorlogvoering aangewend kan word.

Die silo's waarin missiele geberg word is ongeveer 25 tot 30 m diep en die enigste deel wat op die oppervlakte sigbaar is, is die deel wat soos 'n omgekeerde piering lyk en wat die silo bedek. Hierdie sementdeksel het 'n dikte van ongeveer 8 m gehad. Die bemanning van so 'n silo is ongeveer 5 km daarvandaan opgestel sodat, indien die silo deur die vyand vernietig word, hulle nie in die slag sal bly nie.<sup>80</sup>

Om die publiek te beskerm is ondergrondse kelders gebou waarin skuiling gesoek kon word ten tye van 'n kernaanval. Baie moeite is gedoen om dit leefbaar te maak aangesien die verblyf daarin vir 'n aansienlike tyd kon duur. Verskeie Europese lande het ook groot dele waarin oorlogstuig geberg kan word, uit berge gekap.<sup>81</sup>

Danksy die beëindiging van die Koue Oorlog het die bedreiging van atoomaanvalle merkbaar afgeneem. Die rol wat gifgasse in oorlogvoering speel, het egter sterk op die voorgrond begin tree. Dit was veral die Golf-oorlog (1991) wat aan die beskerming teen gifgasse en die oprigting van doelmatige skuilings 'n nuwe dimensie verleen het. Tydens dié oorlog is die Irakese tenks onder meer onder die sand begrawe as deel van hulle verdedigingslinie teen die Amerikaanse inval. Die Irakese is egter oorrompel.

#### 10. Slotperspektief

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat fortifikasies dwarsdeur die verloop van die militêre geskiedenis 'n belangrike rol gespeel het totdat die vernietigingskrag van die twintigste-eeuse atoombomme die prentjie verander het. Aanvanklik is fortifikasies opgerig om as beskerming teen invallers te dien. Dit was ook die kern waarom dorpe

---

80. Brice, p.177.

81. *Ibid.*, p.178.

en stede gegroei het. Met verloop van tyd en die ontwikkeling van vuurwapens is fortifikasies weldra aangepas om aan hulle primêre doel, naamlik beskerming van die persone daarbinne, te voldoen. Forte is ook opgerig ter beskerming van 'n geografiese streek. Die verskillende tipes fortifikasie het ontwikkel uit lesse wat tydens oorloë geleer is. Die gevolg was dat daar voortdurend verbeteringe aangebring is. Die sukses van fortifikasies het afgehang van die plasing daarvan, die tipe struktuur, die bemanning en die vegvermoë van die aanvallers.

Teen die einde van die negentiende eeu het Europa reeds 'n fortbougeskiedenis gehad wat eeue ver teruggestrek het. Oor die lengte en breedte van Europa, asook in dele van Noord- en Suid-Amerika en in die Ooste, was daar 'n groot aantal kastele, forte en ander fortifikasies. Op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog was daar egter baie min verdedigingstrukture in Suid-Afrika, maar in die loop van minder as drie jaar het meer as 8 000 Britse blokhuse en talle ander militêre strukture regoor die lengte en breedte van Suid-Afrika verrys. Vervolgens word gelet op die redes waarom die Britse leerleiding in Suid-Afrika dit nodig geag het om tot die oprigting van blokhuislinies oor te gaan.

## HOOFSTUK 2

### DIE REDES VIR DIE OPRIGTING VAN DIE BLOKHUISE

#### 1. 'n Kort oorsig van die verloop van die Anglo-Boereoorlog tot en met die einde van die Roberts-fase

##### 1.1 Inleiding

Ten einde die redes vir die oprigting van die blokhuse te kan begryp en in die korrekte historiese konteks te beoordeel, word in hierdie hoofstuk aanvanklik 'n kort oorsig van die verloop van die Anglo-Boereoorlog tot aan die begin van 1901 gegee toe op groot skaal begin is met die oprigting van blokhuse. Daar sal dus ook aandag geskenk word aan die Britse aanvanklike beskermingsmaatreëls. Aan die einde van die hoofstuk sal 'n samevatting van die belangrikste redes vir die oprigting van die blokhuse gegee word.

Op die vooraand van die Anglo-Boereoorlog was die Britse regering, leerleiding en publiek oortuig dat hulle die Boere in 'n kort veldtog sou kon verslaan. Die potensiele aard en omvang van die stryd is hoegenaamd nie besef nie,<sup>1</sup> en dit wil voorkom of hulle die komende stryd ook nie ernstig genoeg opgeneem het nie.<sup>2</sup> Die wanopvatting is versterk deurdat die Britse Leer gedurende die voorafgaande 50 jaar in talle koloniale oorloë teen volke wat, gemeet aan Westerse standaarde, ongesofistikeerd en nie goed opgelei of bewapen was nie, oorwinnings behaal het. Die Britse leerleiding was geheel en al onrealisties in hul aanname dat slegs een leërkorps voldoende sou wees om die Boere te verslaan. Aan die begin van die oorlog was daar heeltemal te min Britse soldate (en veral te min berede troepe) in Suid-Afrika (slegs ongeveer 27 000), min mobiele swaar artillerie, en is die omvang van die oorlogsgebied ook geheel en al onderskat.<sup>3</sup>

---

1. A.T. Mahan, *The story of the war in South Africa 1899-1902*, p.73.

2. W.B. Pemberton, *Battles of the Boer War*, p.17.

3. *Report of His Majesty's commissioners appointed to inquire into the military preparations and other matters connected with the war in South Africa* (Cd. 1789), pp.23-24,30.

Die Britte se onvoorbereidheid en verkeerde siening van wat vir hul voorgelê het, word geïllustreer deur die Oorlogsministerie se reaksie op Australië se aanbod om hulp. Die Oorlogsministerie het naamlik laat weet dat voetsoldate en nie berede troepe nie, verkies sou word!<sup>4</sup> Die Britte het nie vooraf behoorlik strategies beplan nie. Gevolglik het hulle nie 'n duidelike beeld gehad van hul strategiese doelwitte of van die wyse waarop hulle dit wou verwesenlik nie. Hulle het die Boere onderskat en gedink dat die oorlog gou in hul guns beklank sou word. Hierdie toedrag van sake het op die lange duur vele strategiese en ander probleme vir die Britte geskep.<sup>5</sup> Voor die oorlog en gedurende die eerste maande, het die Britte nooit daaraan gedink dat hulle uiteindelik verplig sou wees om blokhuse op te rig as deel van 'n poging om die Boere te probeer verslaan nie.

Met die uitbreek van die oorlog op 11 Oktober 1899 was die Boerekommando's op die grense van die twee Boererepublieke saamgetrek om die Britse oorlogsmasjien te probeer stuit. Die fronte wat die burgers met die uitbreek van die oorlog moes verdedig was die Wesfront, die Natalse front, die Noordoos-Kaapse front en die Noord-Transvaalse front. Die oorlog kan in verskeie fases verdeel word. Die eerste fase staan algemeen as die Republikeinse offensief bekend, die tweede as die eerste Britse offensief, die derde as die tweede Britse offensief en laastens is daar die guerrillafase.<sup>6</sup> Hierdie fases word in verskeie basiese bronne oor die Anglo-Boereoorlog volledig beskryf,<sup>7</sup> maar vir hierdie studie word die fases net kortliks aangeraak ten einde die breë agtergrond te skets waarteen die oprigting van die blokhuse beoordeel moet word.

## 1.2. Die Republikeinse offensief

Die Britse magte het met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog oor slegs ongeveer 27 000 man in Suid-Afrika beskik, te min om die ongeveer 1 600 km lange grense met

---

4. J.F.C. Fuller, *The last of the gentlemen's wars*, p.8.

5. A. Wessels, *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase*, pp.215-216.

6. A. Wessels, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902: 'n oorsig van die militêre verloop van die stryd*, p.7.

7. Kyk bv. L.S. Amery(red.), *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902* 1-7; J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902* 1-5; J.F. Maurice(samesteller) en M.H. Grant, *History of the war in South Africa, 1899-1902* [hierna vermeld as die *Official history*]1-4; T. Pakenham, *The Boer War*.

die Oranje-Vrystaat en die ZAR doeltreffend te beskerm.<sup>8</sup> Daarteenoor kon die Boeremagte ongeveer 17 500 man aan die Natalse front, 6 000 man aan die Wes-Transvaalse front, 4 800 man aan die Wes-Vrystaatse front, 1 700 aan die Noordelike front in Transvaal, 2 500 aan die Suidelike front in die Vrystaat en ongeveer 1 500 tot 2 000 man aan die grens van Oos-Transvaal monster. Verder is ongeveer 1 000 man op die grens van Basoetoland ontplooi. Die totale aantal burgers wat die twee republieke in daardie stadium in die veld gestoot het, was ongeveer 32 000 tot 35 000 man.<sup>9</sup>

Die eerste skote van die oorlog is op 12 Oktober 1899 naby Kraaipanstasie, ongeveer 65 km suid van Mafeking<sup>10</sup> geskiet. Die beskadiging van die spoorlyn het die weg tot die beleëring van Mafeking voorberei aangesien die dorp se suidelike toegangsroete daardeur afgesny is.<sup>11</sup> Die beleëring van Mafeking het op 14 Oktober 'n aanvang geneem. Die Britse mag aldaar, onder bevel van kol. R.S.S. Baden-Powell, wou die groot hoeveelheid voorrade wat daar opgegaan was, beskerm, en boonop was dit 'n belangrike sleutelpunt op die spoorlyn vanaf Kaapstad na Bulawayo.<sup>12</sup>

Ten einde die dorp te verdedig is verskeie fortifikasies in en om Mafeking opgerig. Loopgrawe is op talle plekke in en buite die dorp gegrawe met die doel om skuiling aan die inwoners te bied teen die Boerebombardeement. Talle inwoners het ook bomskuilings langs hulle tuistes opgerig. Die mees suidelike punt van die verdedigingslinie wat rondom die dorp opgerig is, was 'n ou fort wat as Kanonkoppie bekend gestaan het. Daarvandaan het die verdedigingslinies noord-ooswaarts om die buitewyke van die dorp tot by Fort Ayr, wat ongeveer 5 km wes van Mafeking geleë was, gestrek. Vandaar het dit in 'n suidelike rigting verby die buitewyke van die swart dorp gestrek totdat dit weer by Kanonkoppie aangesluit het. Hierdie verdedigingslinie het bestaan uit loopgrawe en skuilgrotte. Laasgenoemde was voorsien van kos en water vir twee dae en ongeveer

---

8. Wessels, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p.3.

9. Breytenbach 1, p.153.

10. In hierdie verhandeling word plekname vermeld soos wat dit tydens die oorlog bekend was, bv. *Mafeking* en nie *Mafikeng* nie.

11. Amery 1, p.374.

12. P. Bateman, *Generals of the Anglo-Boer War*, p.85. Wat die beleg van Mafeking betref, kyk ook A.P. Smit en L. Maré (reds.), *Die beleg van Mafeking : dagboek van Abraham Stafleu, passim*; B. Gardner, *Mafeking : a Victorian legend, passim*.

vyftien tot twintig man kon in so 'n skuilgrot gehuisves word. Verder is ook gebruik gemaak van doringbosversperrings op sekere strategiese punte. 'n Aantal modderforte het die res van die verdedigingslinie voltooi terwyl verskeie landmyne ook rondom die dorp geplaas is om as afskrikmiddel teen moontlike Boere-aanvalle te dien.<sup>13</sup> Aanvanklik was die totale lengte van die omringende fortifikasies ongeveer 11 km, maar namate die beleg voortgeduur het, het die afstand na 16 km uitgebrei. Die forte is met verloop van tyd ook met sandsakke versterk.<sup>14</sup> Die Boere het ook klipskanse en loopgrawe gebruik, terwyl Game Tree Fort 'n "sandbagged blockhouse ten feet high with three tiers of loopholes" was.<sup>15</sup> Alhoewel die Boere verskeie pogings aangewend het om die dorp stormenderhand te verower, het dit altoos misluk en na 'n beleg van 217 dae is Mafeking op 17 Mei 1900 ontset.<sup>16</sup>

Vanaf 15 Oktober 1899 is Kimberley, wat van groot strategiese belang vir die Britte was, beleër. Kimberley se ligging op die hoofroete na die binneland, die verbinding met die Kaapse hawens en die ryk diamantvelde aldaar, het dit belangrik gemaak. Cecil John Rhodes se teenwoordigheid in Kimberley het sake vir die Britse leerleiding bemoelik aangesien hy voorkeurbehandeling vir hom en Kimberley geëis het.<sup>17</sup> Die beleëring van beide hierdie twee groot dorpe op die wesfront het baie burgers onnodig aan dié front vasgepen, terwyl hulle elders beter aangewend kon word.

Die fortifisering van Kimberley het reeds voor die begin van die beleg 'n aanvang geneem. Die mynhoop wat in en rondom die dorp verspreid was, kon sonder veel moeite in skuilings omskep word. Die De Beersmyn het die meeste van die materiaal wat vir die oprigting van die fortifikasies nodig was, verskaf. Die res van die materiaal was afkomstig van geboue wat spesiaal vir die doel afgebreek is. Hout, sink, doringdraad en modderstene is onder meer gebruik vir die oprigting van die skuilings en forte. 'n Doringdraadversperring van ongeveer 16 km is ook rondom die hoofverdedigingsposisie

---

13. Gardner, pp. 64-65.

14. Bateman, pp.83-89; Amery 4, pp.591-597.

15. D. Grinnell-Milne, *Baden-Powell at Mafeking*, p.131. Kyk ook B.P. Willan (red.), *Diary of the siege of Mafeking October 1899 to May 1900*, pp. 77-79.

16. Amery 4, pp.591-597; Smit en Maré (reds.), *passim*; J.P. Botha, *Die beleg van Mafeking tydens die Anglo-Boereoorlog*, *passim*.

17. Wessels, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p. 10.

opgerig, terwyl verdedigingsposte wat buite die hoofverdedigingslinies geleë was, ook met doringdraad omhein is. Hierdie doringdraad was afkomstig van De Beers. By verskeie punte is die doringdraad verder versterk deur doringbosse saam met die draad te gebruik. Die eerste verdedigingswerk is op 25 September 1899 deur 'n lt. McClintock van die 7th (Field) Company, Royal Engineers, begin, terwyl die laaste werk, St. Augustine Fort, op 27 Januarie 1900 voltooi is. In totaal is twaalf forte opgerig, waarvan agt reeds voltooi is voor die beleg begin het. Die oprigting van die verdedigingstellings is uitgevoer deur 45 onderoffisiere en sappeurs van die 7th (Field) Company, Royal Engineers, bygestaan deur werkers van De Beers, infanterie van die 1st Lancashire Regiment, verskeie kontrakteurs, bandiete en swart en bruin werkers.<sup>18</sup>

Op die Natalse front was genl. George White tot en met die aankoms van genl. Redvers Buller op 25 November 1899 die plaaslike bevelvoerder. Ook hier het die burgers eerste tot die offensief oorgegaan en op 14 Oktober het hulle Newcastle beset. Daarna het die slag by Talana, naby Dundee, op 20 Oktober 1899 gevolg.<sup>19</sup> Die doel van die Boere se inval in Natal was om die Britse magte in Noord-Natal, asook dié wat nog in aantog was, te neutraliseer. Gevolglik het die meeste aksie in daardie vroeë stadium van die oorlog in Noord-Natal plaasgevind.<sup>20</sup>

Na afloop van die slag by Talana het die Britse mag, onder aanvoering van genl.-maj. J.H. Yule, Dundee ontruim en na Ladysmith teruggeval waar White gestasioneer was.<sup>21</sup> Weldra het die geveg te Rietfontein (24 Oktober 1899), Modderspruit en Nicholsonsnek (ook bekend as die slag by Ladysmith, 30 Oktober 1899), waartydens White gepoog het om die Boere te verslaan, gevolg.<sup>22</sup> Hy het egter nie daarin geslaag nie en op 2 November 1899 het die beleg van Ladysmith begin. Die groot hoeveelhede Britse voorrade in Ladysmith asook die knou wat die Britse prestige sou kry indien die dorp ontruim moes word, het White verplig om sy verdedigingstellings in en rondom die

---

18. "Siege of Kimberley. Report of Royal Engineers" in R.F. Edwards (red.), *Professional papers of the Corps of Royal Engineers* 26, 1900, pp. 69-92; "Records of the South African War, 1899-1902. Records of Units. 7th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 33, 1.12.1903, pp. 268-269.

19. *Official history* 1, p.129.

20. Breytenbach 1, p.157.

21. Amery 2, p. 107.

22. Wessels, *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase*, pp.399-405.

dorp te versterk ten einde die beleg deur te sien.<sup>23</sup> Die stellings rondom Ladysmith was ongeveer 22,5 km lank en is in vier afdelings verdeel. Om te verhoed dat sy verdedigingstellings te uitgesprei raak, het White die omringende heuwels as borswering gebruik.<sup>24</sup>

Dit was die 23rd (Field) Company, Royal Engineers onder bevel van maj. S.R. Rice se taak om die verdedigingstellings rondom Ladysmith uit te lê, aangesien dié kompanie die enigste Royal Engineers in Ladysmith was. Die oprigting moes weens veiligheidsredes meestal in die nag geskied. Sewe geëlektrifiseerde mynvelde, bestaande uit 2 kg skietkatoen in waterdigte plastiëksakke verpak, is onder meer aangelê. Doringdraadversperrings is rondom kanonstellings asook aan die suidelike kant van Caesar's Camp en Wagon Hill aangebring, terwyl talle klipskanse en borswerings opgerig is.<sup>25</sup> Die ondervinding wat maj. Rice tydens die beleg opgedoen het, het hom en die Britte goed te pas gekom, want met verloop van tyd het hy die bekendste blokhuse van die oorlog ontwerp.

Ter voorbereiding vir en ook tydens die drie vernaamste beleëringe het die Royal Engineers en andere dus waardevolle kennis, insig en praktiese ondervinding in verband met die oprigting van verdedigingslinies en fortifikasies opgedoen, wat later in die oorlog, toe blokhuislinies op groot skaal opgerig is, van groot waarde was.

### 1.3 Die eerste Britse offensief

Op 31 Oktober 1899 het genl. Buller aan boord van die *Dunottar Castle* in Kaapstad aangekom waar hy die bevel oor al die Britse magte in Suid-Afrika oorgeneem het.<sup>26</sup> Sy oorspronklike plan om Ladysmith en Kimberley aan hul lot oor te laat en direk na Bloemfontein op te ruk, het hy laat vaar en besluit dat die ontsetting van genoemde twee

---

23. Wessels, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p.12.

24. Amery 3, pp.149-150; Breytenbach 1, pp.349-350; K.Griffith, *Thank God we kept the flag flying*, pp.102-103.

25. "Records of the South African War, 1899-1902. Records of Units. 23rd (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 33, 2.11.1903, pp.240-241.

26. Wessels, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p.15.

dorpe prioriteit moes geniet. Hy het toe sy mag in vier verdeel. Buller sou met 21 600 man, 30 kanonne en twintig masjiengewere na Natal gaan om Ladysmith te ontset. Lt.-genl. Paul Sanford, derde baron Methuen, met 15 000 man, 30 kanonne en twaalf masjiengewere is noordwaarts gestuur om Kimberley aan die Wesfront te ontset. Genl.-maj. J.D.P. French is beveel om met naastenby 5 000 man en agtien kanonne die Boere in die Colesberg-distrik hok te slaan, terwyl genl.-maj. W.F. Gatacre die Boere naby Stormberg moes besig hou. Hy het 'n mag van ongeveer 4 300 man en agtien kanonne tot sy beskikking gehad.<sup>27</sup> Die feit dat die Boere die inisiatief geneem het, het die Britte laat beseef dat hulle daadwerklik sou moes optree om die oorlog tot 'n spoedige einde te bring. Vervolgens word kortliks gelet op die krygsverrigtinge aan die onderskeie fronte.

Aan die Kimberley-front het lord Methuen voor die aanvang van sy opmars na Kimberley al sy magte by Oranjerivierstasie gekonsentreer. Vandaar sou hy met die treinspoor langs na Kimberley opruk. Sy mag het op 21 November met hulle opmars begin.<sup>28</sup> Die eerste aksie tydens Methuen se opmars na Kimberley het op 23 November 1899 naby Belmontstasie plaasgevind. Na afloop van die geveg, waartydens die Boere gedwing is om terug te val, het die Britse mag gekonsolideer en is die opmars op 24 November hervat.<sup>29</sup> Hierna het die Boere by Graspan stelling ingeneem. Die geveg wat op 25 November 1899 plaasgevind het, was feitlik 'n herhaling van die vorige geveg deurdat die burgers weer eens in die rante aan weerskante van die spoorlyn stelling ingeneem het, en net soos by Belmont aanvanklik kwaai weerstand gebied het, maar uiteindelik voor die oormag geswig en hul stellings prysgegee het.<sup>30</sup>

Vervolgens het die Boere by die samevloeiing van die Modder- en Rietriver stelling ingeneem. As gevolg van Methuen se gebrekkige verkenning het die Britse mag hulle hier vasgeloop teen die vuur vanuit die Boerestellings in die walle van die rivier. Die vlakte op die Britse aanmarslyn was 'n doodsakker en die Britse verliese was groot.<sup>31</sup>

---

27. Breytenbach 2, pp.2-14.

28. *Ibid.*, pp.18-20.

29. Wessels, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p.16; H.E. Colvile, *The work of the Ninth Division*, pp.2-4; Breytenbach 2, pp.22-36; *Official history* 1, pp.218-228; Amery 2, pp.325-333; Pemberton, pp.43-54.

30. Breytenbach 2, pp. 37-56; *Official history* 1, pp.229-242; Amery 2, pp. 333-341.

31. R. Kruger, *Good-bye Dolly Gray*, pp.114-119; Colvile, pp.5-11; Breytenbach 2, pp. 57-95; *Official history* 1, pp.243-260; Amery 2, pp.342-361.

Tydens die nag van 28 op 29 November het die Boere egter hulle stellings verlaat en verder noordwaarts teruggeval. Genl. J.H. de la Rey het besef dat dit 'n fout was om die slagveld te ontruim, maar die meerderheid offisiere het saamgestem met genl. P.A. Cronjé se besluit om na Scholtznek en omgewing terug te val.<sup>32</sup>

In teenstelling met hul vorige verdedigingsstellings wat in of bo-op rante was, het die burgers loopgrawe aan die voet van die Magersfontein-rante gegrawe waarin hulle kon skuil. Die Britse aanval teen Magersfontein het op 9 en 10 Desember begin met 'n hewige bombardement van die koppie. Danksy die feit dat die Boere in die loopgrawe voor die koppie verskuil was, is net drie gewond en het die bombardement die burgers teen die voorgenome Britse aanval gewaarsku. Gedurende die nag van 10 op 11 Desember 1899 het die Britse mag, met die Skotse Black Watch vooraan, die Boerestellings genader. Weens die donker, stormagtige nag het hulle in geslote formasie voortbeweeg totdat hulle in die burgers se geweervuur vasgeloop het. Die verrassing was volkome. Die Britse mag het groot verliese gely en is gedwing om terug te val na Modderivierstasie om daar te hergroepeer.<sup>33</sup>

Aan die Natalse front het dit ook nie met die Britte beter gegaan nie. Buller het kort na sy aankoms met sy veldtog teen die Boere in hulle Tugela-linie begin. White was nog vasgekeer in Ladysmith en Buller se eerste prioriteit was dus om dié dorp te ontset. Sy besluit om 'n direkte aanval op die Boeremagte te Colenso op 15 Desember 1899 te loods het egter op 'n groot nederlaag vir die Britte uitgeloop.<sup>34</sup> Die slag by Colenso was saam met dié te Magersfontein en Stormberg (kyk hierna) een van die drie nederlae wat die Britse Leër in die sogenaamde "Black Week" gely het en wat aanleiding gegee het tot die aanstelling van lord Roberts in die plek van Buller.

Ten einde Ladysmith te probeer ontset het Buller verskeie pogings aangewend om deur

---

32. Breytenbach 2, pp.83-85.

33. Amery 2, pp.383-420; Breytenbach 2, pp.96-183; *Official history* 1, pp.316-331; G.R. Duxbury, *Die slag van Magersfontein 11 Desember 1899, passim*; Colvile, pp.13-15.

34. Kruger, pp.135-143; J. Macdonald, *Great battlefields of the world*, pp.118-125; E.B. Knox, *Buller's campaign with the Natal Field Force of 1900*, pp.133-140; H.A. Mocke, *Die slag van Colenso, passim*; *Official history* 1, pp.351-375; Breytenbach 2, pp.226-332; Amery 2, pp.421-467; C.J. Barnard, *Generaal Louis Botha op die Natalse front, 1899-1900*, pp.46-71.

die Boerelinies aan die Tugela-front te breek. Derhalwe het die veldslae by Tabanyama (20-23 Januarie 1900), Spioenkop (24 Januarie 1900) en by Vaalkrans (5-7 Februarie 1900) gevolg. Al Buller se pogings om aan die Bo-Tugela 'n deurkomplek te kry, was tevergeefs en hierdie hele veldtog het hom 'n verlies van ongeveer 2 000 man op die hals gehaal, terwyl die Boere slegs ongeveer 400 man verloor het.<sup>35</sup>

Intussen het gevegte aan die Noordoos-Kaapse front in twee gebiede plaasgevind, te wete in die Colesberg- en Stormberg-areas. Die Boere het by Stormberg, ongeveer 15 km noordwes van Molteno, 'n sterk mag gehad wat op 10 Desember 1899 deur Gatacre aangeval is in 'n poging om die spoorlyn vanaf Oos-London na Springfontein vir die Britse mag te beveilig. Die Britte is verslaan, maar die feit dat die Boere nie hul sukses opgevolg het nie, het Gatacre in staat gestel om sy posisie te konsolideer.<sup>36</sup> In die omgewing van Colesberg het French daarin geslaag om die Boere deur middel van skynmaneuvers in toom te hou. Die skermutseling was takties klein in omvang, dog strategies van besondere betekenis omdat dit die Boere daarvan weerhou het om die kwesbare Kaapkolonie met sy strategies-belangrike spoorwegstruktuur dieper binne te val.<sup>37</sup>

Aan al drie die vernaamste oorlogsfronte het die Boere dus teen die middel van Desember 1899 daarin geslaag om die Britse offensief te stuit. Hulle het egter nie hul suksesse opgevolg nie en gevolglik het die Britte die strategiese inisiatief behou. Tydens die tweede fase van die oorlog was daar uiteraard nog glad nie sprake van blokhuislinies nie. Die Boere het wel teen die begin van 1900 'n verdedigingsnet om gedeeltes van die Boererepublieke gespan, soms (soos by Magersfontein) bestaande uit uitgebreide loopgrawe. Weldra sou dié stellings egter omvleuel of deurbreek word, wat tot die verkrummeling van die hele verdedigingsnet sou lei.

---

35. Vir meer besonderhede, kyk Breytenbach 3, pp.130-330; Amery 3, pp.225-330; *Official history* 2, pp.366-402; Knox, pp.26-132.

36. Vir meer besonderhede, kyk J. Meintjes, *Stormberg: a lost opportunity*, pp.81-103; Breytenbach 2, pp.196-225; Amery 2, pp.362-382; *Official history* 1, pp.291-303.

37. Suid-Afrikaanse Nasionale Krygshistoriese Museum (Johannesburg): J.D.P. French, Boer War diary, 9th November 1899-17th March 1900 (manuskrip), pp.28-72; Breytenbach 2, pp.184-195.

#### 1.4 Die tweede Britse offensief

Die Britse neerlae tydens "Black Week" het opslae in Engeland gemaak en Buller is skerp gekritiseer vir sy gebrek aan sukses. Hy is gevolglik deur Roberts as opperbevelhebber van die Britse Leër in Suid-Afrika vervang. Roberts se opmars na Kimberley het op 11 Februarie 1900 begin en hiermee het die tweede Britse offensief 'n aanvang geneem. Hierdie fase het geduur tot en met 29 November 1900 toe lord Kitchener vir Roberts as opperbevelhebber in Suid-Afrika opgevolg het.<sup>38</sup>

Roberts het sy mag aan die Modderrivier gekonsentreer. Sy opmars het die ontsetting van Kimberley as onmiddellike doelwit gehad, maar was ook daarop gemik om deur middel van 'n indirekte strategie die Boere van balans te gooi, hul Magersfontein-stellings te omvleuel en hul so goue as moontlik te velde te verslaan, Bloemfontein en daarna Pretoria te beset, en ook die druk op Buller in Natal te verlig.<sup>39</sup>

Met ongeveer 49 500 man en 110 kanonne het Roberts daarin geslaag om deur middel van 'n omseilingsbeweging genl. P.A. Cronjé uit sy posisie te Magersfontein te maneuvreer. In 'n poging om die Britte te ontvlug, het Cronjé al langs die Modderrivier in die rigting van Bloemfontein getrek, maar is op 17 Februarie 1900 naby Paardeberg omsingel. Twee dae tevore het French, wat intussen vanaf die Colesberg- na die Wesfront gestuur is, daarin geslaag om Kimberley te ontset.<sup>40</sup>

Na 'n vergeefse poging op 18 Februarie om Cronjé se vasgekeerde Boerelaer langs die Modderrivier te Paardeberg stormenderhand te verower, het die Britse leerleiding besluit om die Boere deur middel van 'n langdurige bombardement tot oorgawe te probeer dwing. Cronjé kon slegs tot 27 Februarie 1900 weerstand bied, waarna hy met ongeveer 4 000 man oorgegee het.<sup>41</sup> Vir die Republikeinse saak was dit 'n uiters gevoelige terugslag.

---

38. *Official history* 2, p.11; Kruger, p.385.

39. Wessels, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p.25.

40. C.S. Goldman, *With General French and the cavalry in South Africa*, pp.70-97; Amery 3, p.396.

41. Breytenbach 4, pp.232-430; J.L. Basson, *Die slag van Paardeberg, passim*.

Cronjé se oorgawe het die Boere se moreel ernstig aangetas. By Poplar Grove (7 Maart 1900) en Driefontein (10 Maart 1900) is daar gepoog om die Britse opmars na Bloemfontein te stuit, maar dit was tevergeefs en die Vrystaatse hoofstad het op 13 Maart 1900 in Britse hande geval.<sup>42</sup>

Roberts was verplig om sewe weke lank in Bloemfontein te vertoef weens 'n ingewandskoorsepidemie wat kort na hul aankoms in Bloemfontein uitbreek het. Tydens die tydperk waarin die Britse leër onaktief in Bloemfontein deurgebring het, het die Boereleiers van die geleentheid gebruik gemaak om die burgers na hul plase terug te stuur. Op 25 Maart 1900 moes hulle dan weer by die Sandriviertreinbrug bymekaarkom om die stryd verder voort te sit. Intussen is daar tydens 'n krygsraadvergadering op 17 Maart 1900 te Kroonstad besluit dat die Boere voortaan van 'n nuwe taktiek gebruik sou maak. Die Boere het besef dat die Britte weens hul getallemag nie meer vanuit uitgebreide loopgraafstellings gestuit kon word nie. Die Britse leër se metode om met omvleuelingsmaneuvers die flanke van die Boerestellings aan te val, het die burgers genoodsaak om hulle posisies te verlaat indien hulle nie omsingel wou word nie. 'n Nuwe metode van oorlogvoering moes sy beslag kry. Hierin het pres. Steyn 'n groot rol gespeel. Sy gevoel was dat die burgers die defensiewe stellings wat tot in daardie stadium aangehang is moes verlaat om meer aanvallend op te tree. Verder moes die Britse leër gedurig lastig geval word, terwyl sy verbindingslinies afgesny moes word. Dié linies sou 'n belangrike teken wees aangesien die vinnige opmars van die Britte hulle verbindingslinies uitgerek en sonder genoegsame beskerming gelaat het. Deur meer inisiatief aan die dag te lê kon die Boere, met hulle voorgestelde nuwe klein kommando's sonder walaers, hulle op dié verbindingslinies toespits en sodoende groot skade aan die Britse leër berokken. In hierdie voorstelle is pres. Steyn heelhartig deur die ander Boereleiers gesteun.<sup>43</sup>

Sekere besluite is ten opsigte van die reorganisasie van die Boereleër geneem, byvoorbeeld dat die Boere van die stadige walaers sou afsien en in klein mobiele

---

42. F.S. Malan, "Die Britse besetting van Bloemfontein 13 Maart 1900", *Historia* 20(1), 1975, pp.34-43; Colvile, pp.53-67; Breytenbach 5, pp.27-115.

43. Breytenbach 5, pp.160-161.

eenhede sou opereer. Die enigste waens in so 'n kommando sou gebruik word om ammunisie en voedsel mee te vervoer. Hierdie en ander besluite het beteken dat die twee Boererepublieke glad nie van plan was om die handdoek in te gooi nie; intendeel, dit het gedui op 'n meer positiewe en aanvallende manier van optrede, iets wat beslis ook die burgers met nuwe moed moes besiel het vir die stryd wat voorgelê het.<sup>44</sup>

Die besluit wat egter die verreikendste invloed van almal in daardie stadium gehad het, was om die Britse verbindingslinies af te sny. Die beskadiging van die spoorlyne, wat die lewensaar van die Britse leër was, het 'n belangrike plek in die Boere se taktiek ingeneem, en namate die Britse opmars dieper die binneland in gevorder het, is die belangrikste spoorbrûe deur die Boere in hulle terugtog vernietig. Verder is sporadiese aanvalle op die spoorlyne gemaak waardeur dit beskadig is ten einde die Britse opmars te vertraag. Namate die Britse leerleiding die belangrikheid van die spoorlyne besef het, is daar besluit om beskerming aan belangrike posisies op die spoor te verleen. Aanvanklik is loopgrawe langs die spoor gebruik, met sterker fortifikasies wat by stasies opgerig is. Soos die aanvalle op die spoorlyn toegeneem het, het die behoefte aan meer permanente strukture ontstaan wat beter beskerming teen die elemente en vyandelike aanvalle kon bied. Met verloop van tyd het blokhuse op die toneel begin verskyn om spoorlyne op dié manier teen Boere-aanvalle te beskerm. Nie net stasies nie maar ook belangrike brûe is van blokhuse voorsien. Die besluite wat op 17 Maart te Kroonstad geneem is, kan dus as die waterskeiding in die oorlog beskou word aangesien dit die teoretiese begin van die guerrillaoorlog was. Die Kroonstad-besluite het ook uiteindelik tot die bou van ongeveer 8 000 blokhuse aanleiding gegee. Die geveg by Sannaspos (31 Maart 1900) sou die guerrillafase - wat met die tweede Britse offensief oorvleuel het - in die praktyk inlui.<sup>45</sup>

Na hul besetting van Bloemfontein, het die Britte groot hoeveelhede voorraad van die Kaapse hawens na die voormalige Vrystaatse hoofstad verskuif. Hierin het die treinspoor 'n deurslaggewende rol gespeel, en indien die Boere die spoorverbindings - wat in daardie stadium nog nie deur blokhuse verdedig is nie - sou verbreek, kon dit ernstige

---

44. *Ibid.*, pp.162-164, 179.

45. Wessels, *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp.26-27.

gevolg vir Roberts en sy troepe in Bloemfontein gehad het. Dít het egter nie gebeur nie. Roberts het op 3 Mei 1900 met sy opmars na Pretoria begin. Op dié tydstop het sy mag bestaan uit ongeveer 25 000 man, 80 kanonne en 49 masjiengewere, teenoor ongeveer 1 700 Boere wat net noord van Bloemfontein saamgegroepeer was. Die hoofopmars sou die roete van die hoofspoorlyn na die noorde volg. Die Boere het sonder sukses pogings aangewend om hierdie opmars te Brandfort (3 Mei 1900), Vetrivier (5 Mei 1900) en Sandrivier (7 en 10 Mei 1900) te stuit.<sup>46</sup> Nietemin het dit die Britte byna 'n maand geneem om die Vaalrivier te bereik (28 Mei). Op dieselfde dag is die Vrystaat geannekseer.<sup>47</sup> Johannesburg is op 31 Mei 1900 en Pretoria op 5 Junie 1900 beset.<sup>48</sup> Die Boere se fortifikasies in dié twee stede het vir alle praktiese doeleindes geen rol gespeel nie.

Nieteenstaande die feit dat die Boererepublieke se hoofstede nou in Britse hande was, het die Boere nie oorgegee nie. Die Transvaalse magte het ooswaarts, al langs die spoor na Delagoabaai, teruggeval en Roberts was genoodsaak om 'n veldtog teen hulle van stapel te stuur. Genl. Louis Botha se mag van ongeveer 6 000 man wat die Britte by Donkerhoek wou stuit, is verdryf.<sup>49</sup> Ook te Bergendal (21-27 Augustus 1900) kon die Boere die Britte nie stuit nie.<sup>50</sup> Daarna het die burgers hulle op guerrillataktiek toegelê. Roberts was egter onder die indruk dat die Boere se weerstand finaal gebreek is, en gevolglik het hy op 1 September 1900 die ZAR geannekseer.<sup>51</sup>

Intussen het Buller met ongeveer 25 000 man sy veldtog om Ladysmith via die Benede-Tugela te ontset, in Natal van stapel gestuur. Gevegte by Cingolo (17 Februarie 1900), Monte Christo (18-19 Februarie 1900), Wynne's Hill (22-23 Februarie 1900) en Hart's Hill (23-24 Februarie 1900) het die tafel gedek vir die Britse deurbraak by Pietershoogte

---

46. Vir meer besonderhede aangaande die Britse opmars na Pretoria, kyk Breytenbach 5, pp.413-549; Amery 4, pp.77-164; *Official history* 3, pp.40-103.

47. Die anneksasie is terugwerkend van krag gemaak tot 24 Mei om saam te val met koningin Victoria se verjaardag.

48. Kruger, pp.308,315; Breytenbach 5, pp.535,556.

49. Vir meer besonderhede, kyk Amery 4, pp.269-296; A.E. Breytenbach, *Die slag by Donkerhoek, 11-12 Junie 1900, passim*.

50. Amery 4, pp.380-413,434-456; B.G. Schultz, *Die slag van Bergendal(Dalmanutha), passim; Official history* 3, pp.396-403.

51. F. Pretorius, *1899-1902 Die Anglo-Boereoorlog*, p.29.

(27 Februarie 1900). Op 28 Februarie 1900 het Buller uiteindelik daarin geslaag om Ladysmith te ontset, en het die Boere begin om noordwaarts terug te val.<sup>52</sup>

Na 'n rustydperk van twee maande in Ladysmith, het Buller sy opmars na Transvaal begin. Die roete wat hy gevolg het, het deur die Vrystaat na Allemansnek gelei. Hiervandaan het hy na Volksrust beweeg wat hy op 11 Junie 1900 beset het, waarna hy dieper in Transvaal ingetrek en uiteindelik by Roberts se leër aangesluit het.<sup>53</sup>

Tydens die derde fase van die oorlog was daar ook nog steeds nie sprake van blokhuisse nie, want die Britte het die Boere voor hulle uitgedryf en aanvanklik was die Britse kommunikasielinies veilig. Soos wat die Boere egter teruggebreek en agter die Britse linies begin opereer het, en soos wat die stryd met verloop van tyd geografies geëskaleer het deurdat kommando's in Kaapland en later ook in Natal begin opereer het, het die noodsaak vir beter verdedigingsposte en linies gegroei. Teen die einde van die tweede Britse offensief was die Boererepublieke amptelik onder Britse beheer. In die praktyk was die Britte egter slegs in beheer van die hoofstede en van die ander groter sentra, terwyl Boerekommando's vryelik te velde rondbeweeg het. Ten einde hulle te probeer hokslaan, sou die Britte hul strategie moes verander. Hieruit het ook die oprigting van blokhuislinies gevloei. Intussen het die guerrillafase reeds 'n aanvang geneem.

### 1.5 Die guerrillafase

Uiteraard het dit 'n ruk geduur alvorens alle Boerebevelvoerders die nuwe manier van oorlogvoering, soos dit op 17 Maart 1900 te Kroonstad aanvaar is, geïmplementeer het; trouens, die gebeure in die Brandwaterkom (Julie 1900) het getoon dat nie alle Boerebevelvoerders die erns van die saak besef het en aanpassings kon of wou maak nie.<sup>54</sup> Namate die Boere se guerrilla-optrede in felheid begin toeneem het, het die Britse leerleiding ook besef dat beskerming van hulle uitgerekte verbindingslinies voorrang moes geniet. Veral na die geveg by Rooiwal (7 Junie 1900) is dit hulle terdeë op die

---

52. C.M. Bakkes, *Die Britse deurbraak aan die Benede-Tugela op Majubadag 1900, passim*; Breytenbach 3, pp.401-443, 476-525; *Official history* 2, pp.447-455, 463-480.

53. Knox, pp.151-302.

54. P.J. Delpont, *Die rol van genl. Marthinus Prinsloo gedurende die Tweede Vryheidsoorlog*, pp.147-203.

hart gedruk en het die instelling van beskermingsmaatreëls vir die spoorlyne groter voorrang geniet. Hierdie aanvalle op die spoorlyne en spoorwegstasies het uiteindelik die oprigting van blokhuse genoodsaak.

Na die samesprekings te Kroonstad, het genl. C.R. de Wet die eerste guerrilla-aanslag van die stryd by Sannaspos (31 Maart 1900) gelewer, waar hy 'n Britse mag onder bevel van brig. -genl. R.G. Broadwood verslaan het.<sup>55</sup> Die sukses wat daar behaal is, het die Boere met meer moed besiel vir die stryd wat voorgelê het. De Wet het in die guerrillastryd as 'n uitstekende aanvoerder op die voorgrond begin tree. Sy toenemende aanvalle op Britse kolonnes en die spoorlyn na Pretoria het die Britse mag die belangrikheid van die beskerming van die lyn laat beseef. Na Sannaspos het 'n aantal gevegte in die Vrystaat gevolg waarin die nuwe taktiek met vrug deur die Boere toegepas is. Veral die aanwending van burgers in die gebiede waar hulle woonagtig was, die toenemende bedreiging van Britse verbindingslinies en die aanvalle op gebiede wat reeds in Britse besit was, het vir die Boere goeie resultate opgelewer.<sup>56</sup> Gevegte soos dié by Mostertshoek (3-4 April 1900), Rooiwal (7 Junie 1900) en Silkaatsnek (11 Julie 1900)<sup>57</sup> het daarop gedui dat die Britse pogings om die Boere tydens die opmars voor hulle uit te dryf, misluk het. Die geveg te Rooiwal naby die Renosterrivier op die spoorlyn na Pretoria, het dan ook 'n groot rol gespeel om die belangrikheid van spoorbeskerming by Roberts tuis te bring.<sup>58</sup>

Roberts, wat onder die indruk verkeer het dat die val van die Boererepublieke se hoofstede die einde van die oorlog sou beteken, het Kitchener agtergelaat om die laaste "opruimingswerk" te doen. Kitchener het op 29 November 1900 die bevel by Roberts as hoof van die Britse Leër in Suid-Afrika oorgeneem.<sup>59</sup> In werklikheid het die moeilikste en tydrowendste deel van die oorlog toe eers begin. As gevolg van die groot somme geld wat byvoorbeeld aan die oprigting van blokhuse bestee moes word, sou die las op die

---

55. Breytenbach 5, pp.191-225; J.E. Rabie, *Generaal C.R. de Wet se krygsleiding by Sannaspos en Groenkop*, pp.5-30.

56. J. Stone en E.A. Schmidl, *The Boer War and military reforms*, p.36.

57. Lg. geveg het die guerrillafase in die Transvaal ingelui.

58. Amery 4, pp.264-265; W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer*, pp.171-179.

59. M.A. Gronum, *Die bittereinders*, p.5; Kruger, p.385.

Britse belastingbetaler al hoe groter word.

Soos die bewegingskryg al hoe meer beslag gekry het, het die burgers van die geleentheid gebruik gemaak om die Britse kommunikasielyne aan te val en hulle krygskommissariaat grootskaalse verliese toe te dien. Roberts se vinnige opmars na Pretoria het groot stremming op die Britse kommunikasielyne geplaas. Die Britse leer was geheel en al afhanklik van die enkele toevoerroetes van die Kaapse en Natalse hawens en hierdie roetes oor uitgestrekte vlaktes was die lewensbloed van die hele Britse leer. Aanvalle op die spoorlyne het drasties toegeneem en konvoie het ook deurgeloopt. Na aanleiding van die statistiek in bylae 1, kan 'n aantal waarnemings gemaak word. Dit blyk duidelik dat vanaf September 1900 tot ongeveer Februarie 1901 daar 'n opswelling in sabotasie van spoorlyne en aanvalle op treine was. Dit het direk daartoe aanleiding gegee dat pogings aangewend is om die spoorlyne te beskerm wat gekulmineer het in die oprigting van blokhuisse. Uit die tabel kan dus afgelei word dat daar teen die einde van 1900 'n merkbare toename in die vernieling van die spoorlyne was, met die gepaardgaande probleme wat dit vir die Britse leerleiding tot gevolg gehad het. Die Britse magte moes noodwendig beter maatreëls tref om dié probleme te bowe te probeer kom. Namate die blokhuislynies uitgebrei het, het die aanvalle op die spoorlyne verminder, soos duidelik uit die tabel waarneembaar is. Verder het die aantal brûe wat beskadig is, ook afgeneem sedert blokhuisse by hulle opgerig is.

Die afstand wat deur die spoorlyne in die Vrystaat en Transvaal gedek is, het ongeveer 1 850 km beloop. Vanaf die uitbreek van die oorlog tot en met 31 Augustus 1900 het die spoorlyne altesaam sowat 177 000 passasiers, 86 000 diere en 520 000 ton goedere vervoer. Tydens die tydperk 3 Mei tot 11 Junie 1900 moes oor die afstand van 426 km tussen Bloemfontein en Johannesburg 27 brûe, 41 duikers en 16 km spoorlyn herstel word. Tussen 6 Junie 1900 en 15 November 1900 is die spoorlyn ongeveer 115 keer beskadig.<sup>60</sup> Die gevolge van hierdie toedrag van sake, waaronder die verlies aan tyd, materiaal en geld, het gelei tot beter beskerming van die spoorlyne - met verloop van tyd in die vorm van blokhuisse.

---

60. "Extracts from the *London Gazette* 16.4.1901", *The Royal Engineers Journal* 31, 1.5.1901, p.83.

Teen die einde van die Roberts-fase het die aard en karakter van die oorlog reeds heeltemal verander. Beide die Republikeinse hoofstede was in Britse hande, soos ook talle dorpe, maar slegs dié plekke wat gereeld patroleer kon word en die gebiede langs die spoorlyn, was werklik onder Britse beheer. Die oomblik wanneer 'n Britse kolonne na 'n ander gebied vertrek het, het die Boere hulle gesag binne die gebied herstel. Uiteraard frustrerend soos wat dit vir die Britte was, kon hulle in daardie stadium nie veel daaraan doen nie. Hulle gesag het net so ver gestrek as wat hulle fisies in staat was om binne 'n gebied op te tree.

Boereleiers soos De Wet, De la Rey en Botha het sterk op die voorgrond begin tree. Elkeen het sy eie gebied gehad waarin hy die vyand met wisselende sukses die stryd aangesê het. De la Rey se sfeer het die Wes-Transvaal behels, De Wet was verantwoordelik vir die Vrystaat, terwyl Botha verantwoordelikheid vir Sentraal- en Oos-Transvaal geneem het. Die kommando's is ook na hulle onderskeie tuisdistrikte teruggestuur waar hulle die omgewing soos die palm van hulle hand geken het en waar hulle in kleiner groepies verdeel het om die vyand teen te staan.<sup>61</sup>

Tydens die Britse opmars na Komatipoort het De Wet sy guerrilla-taktiek in die Vrystaat voortgesit. Na sy ontsnapping uit die Brandwaterkom op 15 Julie 1900 en die gepaardgaande eerste dryfjag teen kom,<sup>62</sup> het hy uit Transvaal na die Vrystaat teruggekeer waar hy hom op die verbreking van die Britse verbindingslinies begin toespits het. Die treinspoor na Pretoria is verskeie kere gesaboteer, maar aangesien 'n konstruksietrein altyd vinnig op die toneel verskyn het, het herstelwerk dadelik plaasgevind. Die sabotasie van die spoorlyne het egter daartoe gelei dat spoorverkeer slegs in die dag normaal kon funksioneer.<sup>63</sup> Ten einde hul kommunikasielinië te beveilig, was die Britte verplig om meer man uit die veld te neem om die verbindingslinies te bewaak, 'n stap wat gelei het tot die verswakking van die Britse houvas op die platteland. Dit het egter ook daartoe aanleiding gegee dat meer

---

61. Scholtz, p.377.

62. F. Pretorius, "Die eerste dryfjag op hoofkmdt. C.R. de Wet", *Christiaan de Wet-annale* 4, *passim*.

63. *Detailed history of the railways in the South African War 1899-1902* 1, p.167.

permanente beskermingstrukture met verloop van tyd langs spoorlyne en by strategiese sleutelpunte opgerig is.

## 2. Aanvanklike Britse beskermingsmaatreëls

Kitchener het met sy bevelsoorname by Roberts verskeie probleme geërf. Die totale Britse sterkte was op daardie tydstip ongeveer 210 000 man. Daarvan was ongeveer 100 000 man vasgevang in die uitvoering van redelik passiewe pligte soos om as garnisoentroepe in dorpe op te tree en konvooe te beskerm.<sup>64</sup> Siektes, soos byvoorbeeld malaria in Oos-Transvaal, het boonop 'n groot aantal soldate buite aksie gestel.<sup>65</sup> Kitchener het gevolglik te min troepe gehad vir die uitgestrekte gebied waarvoor hy verantwoordelik was. Die Boere se nuwe metode van oorlogvoering het die Britse infanterie oneffektief gelaat en die behoefte aan berede infanterie beklemtoon. Die Britse metode van opleiding het veroorsaak dat die kavallerie moeilik omskep kon word in berede skuts, met die gevolg dat alhoewel hulle ook berede geveg het, hulle deelname nie van so 'n deurslaggewende belang was as wat dit kon wees nie.<sup>66</sup>

'n Verdere probleem wat Kitchener moes bekamp was die chroniese tekort aan perde. As gevolg van die groot afstande wat afgelê moes word en die tekort aan voldoende voedsel en water, was die verlies aan perde baie hoog. Verder kon die Britse War Office ook nie daarin slaag om voldoende perde na die oorlogsgebied te stuur nie. Dié wat wel na Suid-Afrika vervoer is, is dadelik na die front gestuur sonder geleentheid om te akklimatiseer. Dit het tot nog verdere verliese gely.<sup>67</sup> Gedurende die opmars vanaf die Modderrivier na Paardeberg (15-27 Februarie 1900), het die Britse verliese aan perde sowat 1 474 beloop,<sup>68</sup> terwyl die totale verlies aan perde, muile en donkies gedurende die oorlog ongeveer 400 000 beloop het.<sup>69</sup>

---

64. Amery 5, p.67.

65. J.B. Backhouse, *With the Buffs in South Africa*, pp.120-121.

66. Amery 5, pp. 66-71. Die verskil tussen kavallerie en berede infanterie lê daarin dat laasgenoemde spesiale opleiding in die gebruik van kleingewere gekry het. Die kavallerie se opleiding het daarenteen mank gegaan aan voldoende opleiding met kleingewere, en gevolglik is hulle oor die algemeen nie suksesvol teen die Boere aangewend nie.

67. Amery 5, pp.73-74.

68. Goldmann, p.44.

69. *Minutes of evidence taken before the royal commission on the war in South Africa* 4 (Cd. 1792), p.258.

Die Britte het met verloop van tyd toenemend besef dat die treinspoor vir hulle van groot strategiese belang is. Die vernieling van die spoorlyne en die nadelige uitwerking op die vervoer van troepe en voorrade, het dit verder onderstreep. Om dié rede het Roberts reeds op 16 Junie 1900 'n proklamasie uitgevaardig waarin hy aangedui het dat indien spoor- en telegraafverbindinge verniel sou word, alle plaashuise in die onmiddellike omgewing afgebrand moes word. Hiermee het Roberts dan dit wat al sedert die begin van 1900 as afskrikmiddel gebruik is, gewettig.<sup>70</sup> Verskeie kampe is opgerig om die vrouens en kinders wie se plaashuise afgebrand is, te huisves.<sup>71</sup> Die wegvoer van die burgerlike bevolking - wit en swart - na konsentrasiekampe, het ook verdere druk op die reeds swaar belaste vervoerstelsel geplaas.<sup>72</sup>

Om die omliggende plaashuise af te brand het as afskrikmiddel misluk en spoorverbindinge is steeds verbreek. De Wet se aanval op Rooiwalstasie was sekerlik die bekendste insident van dié aard. Die vernietiging van een trein het die Britse belastingbetaler ongeveer £20 000 uit die sak gejaag, maar die werklike ontwrigting wat dit aan die vervoerstelsel meegebring het, kan nie in geldwaarde uitgedruk word nie.<sup>73</sup>

Daar was verskillende metodes waarvan die Boere gebruik gemaak het om die spoorlyn te saboteer, byvoorbeeld om dit met dinamiet op te blaas. Soms is 'n lokomotief saam met die spoor opgeblaas. Gewoonlik is die dinamiet by die las van twee spoorstawe geplaas sodat twee stawe met een lading dinamiet beskadig kon word. 'n Groot getal spoorstawe is so beskadig, gewoonlik in die nag. Dit was dan die taak van die Royal Engineers om die beskadigde spoorlyne die volgende dag te herstel. Tydens die Britse opmars na Pretoria het 'n konstruksietrein die leër gevolg en so ver as wat hulle gegaan

---

70. F. Pretorius, *1899-1902 Die Anglo-Boereoorlog*, p.27; S.B. Spies, *Methods of barbarism?*, pp. 101-103.

71. Amery 5, p.77.

72. Vir meer inligting oor die konsentrasiekampe, kyk P. Warwick, *Black people and the South African War, 1899-1902*, pp.148-156 en J.C. Otto, *Die konsentrasiekampe, passim*. Die konsentrasiekampe het dus hul ontstaan reeds in Roberts se bevelstydperk gehad. Hierdie konsentrasiekampe het ongeveer 120 000 blanke inwoners gehuisves, terwyl die totale aantal vroue en kinders wat hulle lewens verloor het, 26 370 beloop het. Die toestande in die swart konsentrasiekampe was nie veel beter nie en die amptelike dodesyfer van 14 154 uit 130 000 kampinwoners, weerspieël nie die ware toedrag van sake nie, aangesien daar nie volledig rekord gehou is van die aantal sterftes nie.

73. E.H. Bethell, "The blockhouse system in the South African War" in A.T. Moore (red.), *Professional papers of the Corps of Engineers* 30, 1904, p.2.

het, is die treinspoor herstel. Die herstelproses het redelik vinnig verloop. 'n Kompanie is aan beide kante van die spoorlyn ter beskerming van diegene wat die spoorlyn herstel het, geplaas en die spoor was gemiddeld binne 'n anderhalfuur weer oop vir verkeer.<sup>74</sup>

Na die besetting van Pretoria is spesiale konstruksietreine op sekere roetes geplaas om die spoorlyne te herstel. Die spoorverbekings het 'n toenemende besef laat posvat dat spoorlyne beter beskerming moes geniet. Die lewe van die treindrywer en die stoker was ook telkens in gevaar met die gevolg dat sommige van hulle hul werk teen 'n vergoeding van tot £30 per maand laat vaar het.<sup>75</sup> Verdragings en ongerief het gereeld voorgekom en omdat die meeste spoorlyne enkellyne was, het verdragings langer geduur as wat normaalweg die geval sou wees. Dit was ook gevaarlik om in die nag van die trein gebruik te maak aangesien skade aan die lyn dan nie sigbaar was nie en die moontlikheid van 'n ontsporing baie groot was.

As gevolg van die konstante spoorverbekings, aanvalle op treine en die noodsaaklikheid daarvan om voorrade per trein na die front te vervoer, het die beskerming van die spoorlyne 'n dringende noodsaaklikheid geword. Die belangrikste punte op die spoorlyne is eerste beskerm, naamlik die stasies en treinbrûe.

Aanvanklik is die belangrike brûe aan die Wesfront deur klein afdelings van die Cape Police beskerm. Veral vroeg in die oorlog, toe die Britse opmars nog nie Bloemfontein bereik het nie, was die beskerming van die spoorlyn vanaf die Oranjerivierbrug noordwaarts in die hande van die Cape Police.<sup>76</sup>

In Natal is die belangrike punte langs die spoorlyn ook bewaak en dit was veral die Royal Engineers se taak om skuilings en skanse ter verdediging op te rig. Loopgrawe is rondom die stasies gegrawe en grondwalle is gegooi. Doringdraadversperrings is

---

74. H.F. Bidder (red.), *Two years on trek, being some account of the Royal Sussex Regiment in South Africa*, pp.213-214.

75. E.P. Lowry, *With the Guard's Brigade from Bloemfontein to Komaati Poort and back*, p.252.

76. "Extracts from the *London Gazette* 8.5.1900", *The Royal Engineers Journal* 30, 1.6.1900, pp.124-125.

rondom die vestings geplaas terwyl leë beskuitblikke ook gebruik is in die oprigting van die fortifikasies. By Chieveley-stasie, suid van Colenso, is die stasiemeester se huis in 'n fort verander deur die vensters met staalplate, waarin skietgate aangebring is, te beveilig.<sup>77</sup>

Bogenoemde beskermingsmaatreëls is egter nie al wat getref is nie. Buiten die oop loopgrawe is patrollies langs die treinspoor ook ingestel om sabotasie te probeer voorkom. Hierdie stelsel het 'n groot las op die reeds oorlaaide Britse troepemag geplaas, aangesien 'n groot getal troepe reeds benodig was om die loopgrawe te beman. Boonop was die patrollies oneffektief en het die Boere hulle maklik vermy. Die gevolg was dat 'n groot getal Britse soldate vasgevang is in nie-vegtende hoedanighede. Ten einde die troepe beter te benut is die beskermingsmaatreëls gestroomlyn en beter verdedigingsposte opgerig. Groter en sterker verdedigingsposte het minder soldate benodig om dit te beman; derhalwe kon meer soldate offensief aangewend word.<sup>78</sup>

Die eerste sinkblokhuse het eers teen die einde van 1900 hulle verskyning gemaak. Tot in daardie stadium was die strukture wat opgerig is óf klipforte óf grondforte. Die sukses van die blokhuse het daartoe aanleiding gegee dat hierdie tipe fortifikasies weldra tydens die oorlog 'n algemene gesig in die Suid-Afrikaanse landskap geword het.

### 3. Die redes vir die oprigting van blokhuse: 'n samevattende oorsig

Die Britte se versuim en/of onvermoë om, soos hulle die Boererepublieke dieper binnegedring het, die gebied in alle opsigte behoorlik te beset, en daarmee saam die Boere se besluit om tot bewegingskryg oor te gaan en die oorlog tot agter die Britse front te voer, kan as die basiese redes vir die oprigting van die blokhuislinies beskou word. Soos Romer en Mainwaring dit stel: "Scarcely a bridge remained intact, while the presence of wandering bodies of the enemy in the neighbourhood necessitated the utmost caution and continual vigilance on the part of the companies..."<sup>79</sup> Een van

77. Bidder, pp.213-214; F. Treves, *The tale of a field hospital*, pp.93-94.

78. Amery 5, pp.85-86, 257.

79. C.F. Romer en A.E. Mainwaring, *The Second Battalion Royal Dublin Fusiliers in the South African War*, p.111.

Kitchener se biograwe stel die waarde van blokhuse soos volg: "Not only do they protect our communications and render intercommunication difficult between the different portions of the Boer forces, but they serve as barriers against which our mobile columns are able to drive bands of the enemy..."<sup>80</sup>, terwyl een van sy ander biograwe weer die beskerming wat die blokhuse aan die spoorlyne verleen het, beklemtoon.<sup>81</sup>

Veral die beskerming van die spoorlyne tree elke slag sterk op die voorgrond en die gevolgtrekking kan dus gemaak word dat dit die primêre doel van blokhuse was om die Britse kommunikasielyne teen Boere-aanvalle te beskerm. Vanweë die vinnige opmars na die noorde moes die Britse kommunikasielyne noodgedwonge lank uitgereg word, wat die goeie beskerming daarvan gebiedend noodsaaklik gemaak het. In die geraadpleegde argivale stof kon egter geen verwysings na die redes vir die oprigting van die blokhuse gevind word nie. Die eerste verwysing na blokhuse in die *Journal of principal events connected with the war in South Africa* word by die inskrywing vir 4 Desember 1900 gekry. Daarin word genoem hoe belangrik dit was dat die Britse offisiere alle poste wat deur troepe beman is, goed moes fortifiseer. Daar word ook genoem dat meerverdiepingblokhuse en doringdraadversperrings opgerig moes word.<sup>82</sup>

Die oorspronklike en primêre doel van die blokhuse was dus om die kommunikasielyne te beskerm. Eers later het die sekondêre doel uit die verloop van die oorlog gegroei, naamlik dat blokhuislinies aangewend is om die Boere vas te keer tydens die dryfjagte. Met ander woorde, blokhuse het met verloop van tyd deel geword van die Britte se offensiewe strategie.

Die begrippe *strategie* en *taktiek* verdien kortliks nadere toeligting. Verskeie gesaghebbendes het al menings oor beide gelug waarna nou kortliks verwys gaan word. Carl von Clausewitz beskou strategie as die oorhoofse plan wat uitgewerk word om die vyand te oorwin.<sup>83</sup> Sir Basil Liddell Hart beskryf strategie as die manier waarop die middele wat tot jou beskikking is, aangewend word om die oorlogsplan te verwesenlik.

---

80. F.B. Wheeler, *The story of Lord Kitchener*, p.203.

81. E. Protheroe, *Lord Kitchener*, p.258.

82. *Journal of the principal events connected with the war in South Africa* 7, pp.47-48.

83. C. von Clausewitz, *On war*, p.172.

Strategie het dus te make met die oorhoofse plan wat opgestel word om die vyand die onderspit te laat delf. Taktiek daarenteen is die uitvoering van die strategie.<sup>84</sup> Oor taktiek het Von Clausewitz gesê dat dit die uitvoering van die plan van aksie is.<sup>85</sup> 'n Eenvoudige omskrywing van strategie is dus dat dit die *wat* of die *doel* is wat bereik moet word, terwyl taktiek dui op *hoe* of die *manier* waarop die strategie uitgevoer moet word. Anders gestel: taktiek is die skerp kant van strategie. Vir die doeleindes van hierdie studie word onder strategie verstaan die uitwerk en implementering van 'n militêre krygsplan om die oorhoofse doelwit te bereik. Op sy beurt is taktiek die uitvoering van die krygsplan tydens gevegsituasies.

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het die Britse mag wel 'n vae strategie gehad, maar dit was nie in besonderhede uitgewerk nie. Gevolglik het hulle verskeie neerlae gely voordat hulle die inisiatief geneem en hulle relatief suksesvolle offensiewe aksie geloods het.<sup>86</sup> Deur tot guerrillaoorlogvoering oor te gaan, het die Boere egter weer tot 'n groot mate die strategiese inisiatief herwin, en moes die Britte op hul beurt aanpassings maak. Een van die metodes was die oprigting van die blokhuse wat as 'n strategiese skuif in die verloop van die oorlog beskou kan word. Met die oorspronklike strategie was blokhuse glad nie deel van die beplanning nie, maar namate die oorlog in 'n guerrillastryd ontaard het, het blokhuse se oprigting deel van die taktiek ter beëindiging van die stryd geword.

Kitchener se plan van aksie, met ander woorde die Britse taktiek om die Boere op hulle knieë te dwing, het verskillende fasette gehad. Aan die front moes die spoorlyne teen sabotasie beskerm word en die omgewing verder gestroop word van alle perde, kleinvee, beeste en gewasse, terwyl die inwoners na konsentrasiekampe verwyder moes word. Daarna moes die burgers vasgetrek word. Daar sou egter 'n versperring moes wees waarteen die burgers tydens dryfjagte vasgekeer kon word. 'n Stelsel van blokhuse het ideaal aan hierdie vereiste voldoen. Blokhuse sou al hoe meer langs treinspore opgerig moes word met 'n tweeledige doel: eerstens om die spoorlyn te beskerm en tweedens

---

84. Wessels, *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase*, p.13.

85. Von Clausewitz, p.172. Kyk ook onderafdeling 1 van hoofstuk 6.

86. Wat die Britse strategie met die uitbreek van die oorlog betref, kyk Wessels, *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase*, pp.257-315.

om die burgers in 'n net vas te trek waaruit hulle moeilik sou kon ontsnap.<sup>87</sup>

Danksy die verlies van die meeste Boeregrofgeskut (soos die Creusot-vestingkanonne) teen die einde van 1900, kon meer substantiewe strukture ter beskerming van strategiese sleutelpunte opgerig word. Die oprigting van die meer permanente tipe blokhuse het toe 'n aanvang geneem. Aanvanklik is blokhuse stadig opgerig, maar nadat hulle waarde besef en verskeie eenvoudiger ontwerpe gebruik is, het dit soos paddastoele opgeskiet. Kitchener het besef dat daar nog meer Boere in die veld was as wat aanvanklik vermoed is. Danksy hul guerrilla-strategie het die Boere daarin geslaag om die meesters van die veld te word. Mobiliteit het aan die Boere die geleentheid gebied om Britse posisies met sukses aan te val, veral as dit nie genoegsame beskerming geniet het nie. Die verbetering van verdedigingsposisies het dus by die Britte hoë prioriteit begin geniet.<sup>88</sup> Kitchener se antwoord op die probleem waarmee hy te kampe gehad het was die verskroeiende aarde-beleid met die gepaardgaande konsentrasiekampe, blokhuse en dryfjagte. Die eerste afbranding van plaashuse het reeds in Roberts se bevelstyd plaasgevind<sup>89</sup> en die eerste konsentrasiekampe is gedurende September 1900 te Pretoria en Bloemfontein opgerig.<sup>90</sup> Van meet af aan is loopgrawe, forte en ander fortifikasies op 'n ad hoc-grondslag deur die Britte opgerig soos wat die behoefte daaraan ontstaan het. Die eerste blokhuse as deel van 'n doelbewuste en omvangryke poging om kommunikasielinies te beskerm, is in Januarie 1901 in opdrag van Kitchener gebou. Kitchener kan dus met reg as die vader van die blokhuisstelsel in Suid-Afrika tydens die Anglo-Boereoorlog beskou word.

Om die redes vir die oprigting van die Britse blokhuse saam te vat: die blokhuse moes die Britse sleutelpunte, kommunikasielinies en toevoerroetes beskerm; dit moes egter ook (met verloop van tyd) dien as obstruksies om die Boere hul bewegingsvryheid te ontnem. Hulle het dus uiteindelik naas 'n primêre defensiewe rol ook 'n sekondêre offensiewe rol bekom. Saam met mobiele kolonnes en gepantserde treine is die

---

87. M.A. Gronum, *Die bittereinders*, p.5; W.B. Worsfold, *Lord Milner's work in South Africa from its commencement in 1897 to the peace of Vereeniging in 1902*, pp.452-453.

88. R. Kruger, *Good-bye Dolly Gray*, p.324.

89. Cd.426, p.14.

90. Otto, p.42.

blokhuse met verloop van tyd ingespan om Boerekommando's tydens die dryfjagte te probeer neutraliseer. Die Britte het immers nie net teen die Boere te velde geveg nie, maar - by wyse van spreke - ook teen die groot oop ruimtes van die uitgestrekte oorlogsgebied. Ten einde hierdie gebied militêr te probeer beheer en die Boere te verslaan, het die Britte dit in 'n groot aantal blokke of afgemerkte vanghokke verdeel, en wel deur van uitgestrekte blokhuislinies gebruik te maak.

Blokhuse se rol moet egter nie net as 'n eng taktiese funksie, naamlik bloot ondersteunend tot die militêre operasies gesien word nie. Die Britse strategie in hierdie finale fase van die oorlog was "to carry out Government policy of industrial progress, [and] there is no doubt it is of first importance [that] railway communications should be secure". Dit sou onder meer behels om die goudmyne aan die Witwatersrand weer aan die gang te kry, spoorverbindinge ter ondersteuning van mynboubedrywighede oop te hou en, laastens, om die landbou op die plase weer op dreef te kry. Die blokhuse het dus ten doel gehad om hierdie groter strategiese doelwitte te bereik.<sup>91</sup>


Uiteindelik was die doel van die blokhuisstelsel egter om die Boere se vermoë om voort te veg te ondermyn en die oorlog dus so gou as moontlik in die Britte se guns te beklink. Aan die einde van Februarie 1901 het Kitchener en Botha te Middelburg (Transvaal) ontmoet om die moontlikheid van die beëindiging van die stryd te bespreek. Toe hierdie vredesamesprekings teen die middel van 1901 finaal misluk het,<sup>92</sup> was dit duidelik dat die Boere nog oor sowel die middele as die wilskrag beskik het om die oorlog voort te sit. Kitchener was nou onder groot druk om die oorlog eens en vir altyd te velde te wen. Die oorlog het die Britse regering in daardie stadium ongeveer £2,5 miljoen per maand gekos,<sup>93</sup> iets wat ernstige politieke implikasies kon inhou.

Kitchener het op 'n duidelike plan van aksie besluit: dryfjagte moes weekliks teen die Boerekommando's van stapel gestuur word, en verder moes die land van alles wat vir die

91. *Journal of the principal events connected with the war in South Africa* 11, p.6.

92. Vir meer besonderhede wat hierdie samesprekings betref, kyk bv. S.J. du Preez, *Vredesopings gedurende die Anglo-Boereoorlog tot Maart 1901, passim*.

93. Pakenham, p.495.



guerrillas van nut kon wees gestroop word - vee, voedsel, en alle inwoners op die plase en dorpe. Ten einde die dryfjagte meer doeltreffend te probeer maak, is blokhuisse en doringdraadversperrings as hulp ingespan.<sup>94</sup> Kitchener het sy blokhuisplanne met lt.-kol. sir Henry Rawlinson (assistent adjudant-generaal) bespreek. Die Britse opperbevelhebber het blokhuisse daarna as offensiewe wapen in die stryd teen die mobiele Boere gesien, en die blokhuislinies as die omheinings van vanghokke vir die kommando's. Blokhuisse sou dus nie langer bloot as verdedigingswerke om die Boere uit te hou of weg te hou, gesien word nie.<sup>95</sup> Die blokhuisstelsel moes ook nie bloot die Boere se beweeglikheid aan bande lê nie, maar moes ook kommunikasie en verkeer tussen die kommando's verhinder.

In welke mate die Britse blokhuisstelsel 'n bydrae gelewer het om die Boere se vegvermoë te ondermyn en ook aan al die ander gestelde doelwitte voldoen het, sal in die slothoofstuk bepaal word. Vervolgens moet eers gelet word op die verskillende tipes blokhuisse wat opgerig is.

---

94. *Ibid.*, pp.493,495,499.

95. *Ibid.*, p.537.

## HOOFSTUK 3

### DIE VERSKILLENDE Tipes BLOKHUISE

#### 1. Inleiding

Blokhuse was nie uniek aan Suid-Afrika nie. Tydens die Amerikaanse Vryheidsoorlog is daar 'n paar blokhuse opgerig, byvoorbeeld Fort Blair en Fort Henning. Hulle was meestal vierkantig, van hout vervaardig en het nie 'n standaard grootte gehad nie. Hulle is ook van kanonne voorsien. Die doel van hierdie blokhuse was om beskerming aan die verafgeleë setlaarnedersettings te verleen.<sup>1</sup> Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het die Britse leerleiding nie voorsien dat dit nodig sou wees om blokhuse op te rig nie. Uiteindelik is 'n wye verskeidenheid blokhuisstipes opgerig. Die blokhuse wat aan die einde van die oorlog opgerig is, verskil merkbaar van dié wat aanvanklik opgerig is. Die ondervinding wat in die praktyk opgedoen is, het daartoe aanleiding gegee dat verskillende blokhuisstipes ontwikkel is, byvoorbeeld vierkantige, ronde en meerverdiepingblokhuse. Met verloop van tyd - en soos nuwe insigte in die ontwerp van die blokhuse verkry is - is die ontwerpe verbeter. Eksperimentering het ook tydens die ontwikkelingsfase van die blokhuse plaasgevind ten einde hulle doeltreffendheid vas te stel.

Die oprigting van die blokhuse was die verantwoordelikheid van die Royal Engineers, in samewerking met sommige ander afdelings van die Britse Leër. As gevolg van die groot aantal strukture wat opgerig moes word, kon die Royal Engineers dit nie alles alleen behartig nie. Alhoewel die eerste sinkblokhuse deur 'n kontrakteur van Lourenço Marques<sup>2</sup> opgerig is, en verskeie ander blokhuse ook deur privaat kontrakteurs, is die oorgrote meerderheid sinkblokhuse onder leiding van die Royal Engineers se personeel opgerig. Die rede hiervoor was dat dit die Engineers self was wat verantwoordelik was vir die verbeterde blokhuse en daarom oor die nodige kennis beskik het om probleme

---

1. W.C. Pollard, "Kansas forts during the Civil War", paper presented at the fourteenth annual Mid-American conference on history at the University of Kansas, Sept. 1992.

2. E.H. Bethell, "The blockhouse system in the South African War" in A.T. Moore (red.), *Professional papers of the Corps of Engineers* 30, 1904, p.278. Die kontrakteur kon nie geïdentifiseer word nie.

tydens die oprigtingsfase uit te stryk. In die geval van die meerverdiepingblokhuse op die spoorlyn tussen Wellington en Richmondweg, is die ontwerp deur genl.-maj Elliot Wood, hoof van die Royal Engineers, gedoen waarna privaat kontrakteurs die oprigting oorgeneem het.<sup>3</sup>

Met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog het die Royal Engineers uit die volgende afdelings bestaan:

- \* 'n brugboubataljon
- \* 'n telegraafbataljon
- \* 'n lugballonafdeling
- \* pionierkompanies nommers 7,11,12,17,23,26,37 en 38
- \* vestingkompanies verantwoordelik vir die bou van skanse, naamlik nommers 1,2, 3, 5, 6, 9, 15, 18, 20, 24, 25, 29, 31, 32, 36, 41, 42 en 43
- \* spoorwegkompanies wat verantwoordelik was vir spoorwegwerk, naamlik nommers 8 en 10
- \* "submarine mining companies" verantwoordelik vir werk onder die see, naamlik nommers 4, 21, 22, 27, 28, 30, 33, 34, 35, 39,40 en M
- \* 'n kusverdedigingsbataljon
- \* vier opmetingskompanies vir topografiese werk, naamlik nommers 13,14,16 en 19
- \* 'n berede pionierafdeling
- \* twee "field columns" (veldparke)
- \* 'n aantal depotkompanies, naamlik kompanies A,B,C,D,E,F,G en N.<sup>4</sup>

Nie al hierdie afdelings is na Suid-Afrika gestuur nie. Die kompanies verantwoordelik vir die oprigting van die blokhuse was die veld- en vestingkompanies. Die Royal Engineers se taak het aanvanklik ook die bou van skanse behels. Die bou van die blokhuse was 'n taak wat uiteraard eers later aan hulle toevertrou is.

Die verskillende tipes blokhuse wat deur die Britte tydens die oorlog opgerig is, word

---

3. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.298.

4. J.H. Breytenbach, *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902* 1, p.16.

in hierdie hoofstuk bespreek. Die oprigting as sodanig kom in hoofstuk 4 aan die orde. Verskeie variasies van blokhuisstyle het voorgekom. Omgewingsfaktore het 'n invloed op die oprigting van blokhuisse gehad, en daarom word byvoorbeeld gevind dat die meeste blokhuisse boustowwe bevat het wat in die omgewing waar hulle opgerig is, gevind kon word. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die blokhuis wat by Prieska opgerig is. Hierdie blokhuis bestaan in sy geheel uit tieroogklip afkomstig van die omgewing.<sup>5</sup> Nog voorbeelde van unieke blokhuisse is dié wat raamwerke gehad het bestaande uit spoorstawe. Die mure, ongeveer 45 tot 60 cm dik, het uit klippe bestaan, terwyl die skietgate van staalplate gemaak is.<sup>6</sup> In hierdie studie word net op die bekende strukture soos deur die Royal Engineers ontwerp, gekonsentreer en nie op alle fortifikasies nie. Slegs dié wat deel was van die blokhuisstelsel word bespreek.

Die ontwikkeling van die verskillende blokhuisse hang nou saam met die veranderde oorlogsomstandighede. Namate die Boere se taktiek verander het van stelling- na guerrillaoorlogvoering, moes die Britte hulle metodes om die stryd tot 'n einde te bring, verander. 'n Deel van hierdie plan was die blokhuisstelsel wat die spoorlyne moes beskerm. Soos dit die geval is met alle nuwe ontwerpe en ontwikkelings, het die blokhuisse ook 'n periode van groei en gepaardgaande aanpassings gehad. Die noodsaaklikheid vir vinnig oprigbare en goedkoop strukture is vroegtydig besef en het daartoe gelei dat blokhuisse voortdurend verbeter is totdat die ideale produk, naamlik die Rice-tipe blokhuisse, vir die eerste keer in Maart 1901 in gebruik geneem kon word. Hierdie blokhuis was so prakties en gewild dat dit in groot getalle oor die hele oorlogsgebied opgerig is.

Oor hoe die eerste tipe sinkblokhuisse gelyk het, is die bronne nie eenstemmig nie. Volgens Amery en Lee was die eerste sinkblokhuisse agtkantig van aard.<sup>7</sup> Bethell,<sup>8</sup> Grant<sup>9</sup>

---

5. "Langs die Oranje", *Bylae tot Die Volksblad*, 25.12.1993, pp.4-5.

6. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinstnr. 10905, lêer B.W. 11: Report on work done by the Seventh Field Company, R.E., from Dec 1st 1900 to Dec 31st 1901, p.1.

7. Amery 5, p.258; E. Lee, *To the bitter end*, pp.156-157.

8. Bethell, p.278.

9. M.H. Grant, *History of the war in South Africa 1899-1902* [hierna vermeld as *Official history*] 4, p.568.

en Walker<sup>10</sup> meld dat die eerste sinkblokhuse reghoekig was. Aangesien Bethell en Walker beskou kan word as die persone wat die mees betroubare inligting aangaande die blokhuse weergee, word hulle standpunte as korrek aanvaar. Die feit dat die sabotering van die spoorlyne deur die Boere teen einde 1900/begin 1901 'n hoogtepunt bereik het, het die oprigting van blokhuse vir die beskerming van die spoorlyne genoodsaak.<sup>11</sup>

Blokhuse kan in twee hoofipes verdeel word, te wete dié wat van klip en sement gebou is en dié wat van sink gebou is. Uit die geraadpleegde bronne is dit nie duidelik presies wanneer die eerste klip- en sementblokhuse opgerig is nie. Ter wille van die chronologie gaan eers aan die oprigting van die meerverdiepingblokhuse aandag gegee word. Daarna sal dan die sinkblokhuse in chronologiese orde aandag kry.

## 2. Meerverdiepingblokhuse

Meerverdiepingblokhuse was gewoonlik twee of drie verdiepings hoog en óf vierkantig óf reghoekig. Hulle is stewig gebou en omdat 'n hele paar nog bestaan, is hulle die bekendste blokhuse in Suid-Afrika. Hulle het skietgate, bestaande uit staalplate en "machicouli galleries" gehad en is ontwerp deur genl.-maj. Elliot Wood.<sup>12</sup> Die "machicouli galleries" was kantele met openinge in die vloer en wand waardeur die vyand bestook kon word as hulle daarin geslaag het om tot teenaan die blokhuis te vorder.

Die standaard meerverdiepingblokhuis se binne-afmetings was soos volg: die onderste vloer was 4,27 m x 4,27 m, die middelste vloer 4,88 m x 4,88 m, terwyl die boonste vloer 5,19 m x 5,19 m was. Die rede vir die groterwordende oppervlakte namate die blokhuis hoër geword het, kan toegeskryf word aan die feit dat die mure se dikte verskil het. Op die grondvloer was die mure 91,5 cm dik, by die middelste vloer 61 cm, en by die boonste vloer 46 cm.<sup>13</sup> Hierdie afmetings was geldig vir die meeste meerverdiepingblokhuse, maar daar was uitsonderings op die reël. Die blokhuis by


---

10. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.303.

11. *Ibid.*, pp.298,303.

12. Bethell, p.280. Vir 'n lys van blokhuse wat vandag nog bestaan, kyk p.201 en die kaart by Bylae 2.


13. *Ibid.*



'n Meerverdiepingblokhuis.

E.H. Bethell, "The blockhouse system in the South African War" in A.T. Moore (red.), *Professional papers of the Corps of Royal Engineers* 30, 1904, plaat XIV.

Kafferrivier, ongeveer 30 km suid van Bloemfontein, se muurdikte is 76 cm op grondvlak terwyl dit hoër op reëlmatig met 15 cm vir elke vloer afneem.<sup>14</sup> Alhoewel hierdie blokhuis oënskynlik agtkantig is, kan dit streng gesproke nie as 'n agtkantige blokhuis beskou word nie aangesien slegs die hoeke weens 'n onbekende rede platvormig gemaak is. Die ware agtkantige blokhuisse se sye was almal ewe lank, terwyl by die Kafferrivierblokhuis die sye nie ewe lank is nie.



Blokhuis te Kafferrivier tydens die oorlog.

J.L. Hattingh-versameling.

---

14. Besoek aan Kafferrivierblokhuis, 30.5.1992.

Sommige van die meerverdiepingblokhuse het op die boonste verdieping plek gehad waar 'n masjiengeweer geplaas kon word. Toegang tot die blokhuis is verkry deur 'n leer wat tydens vyandelike aanvalle opgetrek kon word, aangesien die deur op die middelste verdieping was. 'n Borswering wat van skietgate op die vloer en langs die kant voorsien was, is op die boonste verdieping geplaas. Sodoende kon die vyand van alle kante bestook word. Die koste verbonde aan die bou van so 'n blokhuis was tussen £800 en £1000 en die bouydperk was nagenoeg drie maande. Omtrent dertig man was nodig vir die bou van so 'n blokhuis.<sup>15</sup> Hierdie tipe blokhuis is gebaseer op die strukture wat opgerig is deur die polisie in Samana en ander dele van Noordwes-Indië.<sup>16</sup> Verskeie variasies van die meerverdiepingblokhuse, soos deur genl.-maj. Wood ontwerp, het bestaan. Dubbelverdiepingblokhuse het van meerverdiepingblokhuse verskil in dié opsig dat hulle uit slegs twee verdiepings bestaan het en dat die dak skuins was. In teenstelling daarmee het die drie verdiepingblokhuse spits dakke gehad. Die dubbelverdiepingblokhuse kon ongeveer 25 persone huisves.<sup>17</sup>

'n Voorbeeld van hierdie tipe blokhuis kan langs die nasionale pad, ongeveer 20 km noord van Laingsburg, gesien word. Verder is daar nog voorbeelde by Wellington, Warmbad, Burgersdorp, Stormberg en Aliwal-Noord te sien. Dit was nie uit die beskikbare bronne moontlik om presies vas te stel hoeveel van hierdie meerverdiepingblokhuse opgerig is nie, maar volgens die tabel wat die totale getal blokhuse wat in Suid-Afrika aangebring is, aandui, was daar 441 blokhuse wat van messelwerk gebou is. Dit sou meerverdieping- sowel as enkelstrukture insluit. Die gemene deler was net dat dit van sement gebou moes word.<sup>18</sup>

---

15. *Official history* 4, p.568.

16. R.M. Holden, "The blockhouse system in South Africa", *The Journal of the Royal United Service Institution* 46, Jan-Jun. 1902, p.485.

17. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W. 11: Diary of work done by 20th Company R.E. 1/12/00 to 31/12/01, p.7.

18. Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede (Kaapstad), lêer 4/A/RSA/1/A : Preservation of blockhouses; Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905: R. Harvey, Table showing no. of blockhouses and posts to date.



Meerverdiepingblokhuis te Wellington.  
J.L. Hattingh-versameling.

Na aanleiding van probleme wat met die oprigting van die blokhuse ondervind is, het kol. A. Morris, hoof van die Royal Engineers in die Kaapkolonie, die volgende opmerkings gemaak:

- (i) Wanneer die blokhuis op alluviale grond opgerig is, moes die vloer en voetlaag saam gegooi word om sodoende te verhoed dat die fondament oneweredig insak.
- (ii) In plaas van houtskiettrappe vir die grondvloer, moes 'n klipskiettrap tydens konstruksie ingebou word.
- (iii) Watertenks moes binne in plaas van buite die blokhuis geplaas word, want dan was hulle meer beskut teen die vyand se geweervuur en kon hulle ook makliker uitgewas word.

(iv) Die kosyne van die deure en luike moes van staal en nie van kiaathout gemaak word nie. Die staalkosyne moes in die vensterbanke en voetstukke vasgeklink word.

(v) Valdeure moes in teenoorgestelde hoeke opgerig word en nie in die middel van die vloer nie. Daardeur kon die moontlikheid dat 'n persoon deur die deur sou val, vermy word. Die lere wat gebruik is, moes van staal en nie van hout wees nie, aangesien houtlere geneig was om te breek en baiekeer gebruik is as vuurmaakhout.

(vi) Die galerye wat buite die blokhuse gebou is, moes in die mure ingebou word en nie bloot daaraan vasgemaak word nie. Die rede hiervoor was dat staal uitsit en inkrimp, wat gapings tussen die galerye en die mure veroorsaak het waardeur die vyand kon vuur. Die skietgate in die galery se staalvloer, moes so gemaak word dat dit die ondersteunende materiaal nie verswak nie.

(vii) Die opening onder die dakrand moes nie te groot wees nie en met seil toegemaak word om te keer dat reën in die blokhuis inwaai.

(viii) Die binnekant van die blokhuis moes uitgewit word. Dit sou die houtwerk beter bewaar, die blokhuis minder donker maak en netheid bevorder.

(ix) By die skietgate moes versperrings geplaas word wat kon wegskuif wanneer dit in gebruik was. Sodoende kon 'n skietgat wat nie gebruik is nie toegemaak word om te verhoed dat die vyand daardeur vuur. Verder het dit ook die vloei van lug deur die blokhuis beheer, sodat die moontlikheid van 'n trek verminder kon word.<sup>19</sup>

Tydens die oprigting van die meerverdiepingblokhuse het sekere probleme met vervoer en beskikbaarheid van materiaal die oprigting vertraag. Verder het talle gebreke in die ontwerp ook gelei tot voorstelle ter verbetering. Ten einde hierdie probleme op te los, het kol. Morris verskeie voorstelle aan die hand gedoen:

---

19. Royal Engineer Corps Library (Chatham) : S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), pp.300-302.

(i) Alle materiaal moes by die punt van oprigting wees voordat 'n aanvang met die werk geneem kon word. Daar was tydsgegewys geen voordeel te verkry deur te begin voordat alle materiaal nie reeds by die punt van oprigting was nie. Die tyd wat persone ledig was tydens die wagtydperk vir materiaal, het die koste proporsioneel laat toeneem.

(ii) Die regte getal werkers vir die opdrag moes deur die kontrakteur voorsien word en met die aanvang van die werk moes geen werkers sonder die toestemming van die toesighoudende offisier verskuif word nie.

(iii) 'n Verantwoordelike voorman moes by elke terrein geplaas word, saam met die reisende voorman of toesighouer wat die kontrakteur aangestel het. Die rede hiervoor was dat dit dikwels moeilik was om laasgenoemde persone op te spoor wanneer hulle benodig is.

(iv) Wanneer kontrakte aan 'n kontrakteur toegeken is, moes daar verseker word dat die blokhuse op opeenvolgende terreine opgerig word. Indien die oprigting op wydverspreide terreine moes plaasvind, sou dit die tempo van oprigting vertraag.

(v) Die hoeveelheid sement benodig, moes duidelik in die kontrak aangestip word indien dit deur die Oorlogsdepartement verskaf moes word.

(vi) Alle materiaal moes aan die offisier in beheer van die oprigting van die blokhuse gestuur word. Sodoende kon seker gemaak word dat dit die regte bestemming bereik aangesien die moontlikheid bestaan het dat van die offisiere verplaas kon word met die gepaardgaande verlies aan kontinuïteit.<sup>20</sup>

Die meerverdiepingblokhuse het talle voordele ingehou. Die stewige konstruksie, die redelike groot garnisoen wat gehuisves kon word en die potensiële beskerming teen Boere-artillerie het beslis in die meerverdiepingblokhuis en sy bemanning se guns getel. Hierdie prominente en sterk strukture het ook as afskrikmiddel teen moontlike

---

20. *Ibid.*, pp.302-303.

brugvernielers gedien. Geen geval is aangemeld waar 'n brug wat deur 'n meerverdiepingblokhuis beskerm is, vernietig is nie.

Daar was egter ook sekere nadele verbonde aan die oprigting van hierdie meerverdiepingblokhuisse. Hulle konstruksiekoste was uitermate hoog en dit het lank geneem om die strukture te bou. Boonop was dit nie eenvoudig om op te rig nie aangesien geskoolde arbeiders nodig was vir die bou- en messelwerk. Die feit dat die meeste blokhuisse deur kontrakteurs opgerig is, het verder beteken dat die Britse Leër nie veel beheer gehad het oor die spoed van oprigting of oor hoeveel materiaal gebruik is nie.

Vanweë die feit dat daar teen die einde van 1900 nog geen vrede in die vooruitsig was nie, het die behoefte aan 'n tipe blokhuis wat goedkoper, vinniger en makliker was om op te rig, ontstaan. Danksy die feit dat die Boere met verloop van tyd oor al hoe minder kanonne beskik het, was dit vanselfsprekend dat hierdie tipe blokhuisse net teen geweervuur beskerming moes bied. Verder was die metodes wat tot in daardie stadium gebruik is om die spoorlyne te beskerm, nie baie suksesvol nie. Dit was veral die geval met die groot grondforte wat tot 40 man kon huisves. Die feit dat hulle sonder veel moeite deur die Boere ingeneem is, byvoorbeeld te Helvetia op 28-29 Desember 1900, het 'n rol gespeel in die soektog na effektiewe blokhuisse. Dit het uiteindelik tot die oprigting van die eerste sinkblokhuisse in Januarie 1901 aanleiding gegee.


### 3. Reghoekige blokhuisse

Ten einde die tempo van oprigting te verhoog, het maj. S.R. Rice van die 23rd (Field) Company, Royal Engineers, 'n eenvoudige blokhuis ontwerp wat bestaan het uit mure van sinkplaat met 'n opening tussen-in. Die openinge is dan met gruis of klein klippe gevul. Na intensiewe toetse in Januarie 1901, is hierdie tipe blokhuis vir gebruik goedgekeur.<sup>21</sup>

---

21. "Records of the South African War, 1899-1902. Records of units. 23rd (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 33, 2.11.1903, p.243.

Die eerste sinkblokhuse is in die omgewing van Nelspruit, Kaapmuiden en Komatipoort deur 'n kontrakteur van Lourenço Marques opgerig. Die heel eerste een is te Klein Olifantsrivierbrug gebou.<sup>22</sup> Hierdie blokhuse was reghoekig, ongeveer 3,05 m x 4,57 m, en het bestaan uit twee rye pale van 7,62 cm x 7,62 cm wat 61 cm uitmekaar geplaas is. Aan elke ry pale is sinkplate vasgespyker. Klipperige sand is dan tussen die twee rye sinkplate ingegooi. Die skietgate het bestaan uit staalplate, 22,86 cm breed, waarin die skietgate van 7,62 cm x 10,16 cm uitgesny is. Dit is in 'n houtraam geplaas wat op sy beurt weer in 'n opening wat in die sinkplaatmure gesny is, geplaas is. Die blokhuisdak was ook van sinkplaat. Die watertenk was gewoonlik buite, terwyl die hele struktuur deur doringdraad omring is.<sup>23</sup>



'n Reghoekige blokhuis naby Volksrust.

H.W. Wilson, *With the flag to Pretoria. After Pretoria: the guerilla war 2*, p.591.

22. *Ibid.*

23. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, *A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902* (ongepubliseerde manuskrip), pp.303-304.

Die 23rd (Field) Company het dadelik met die vervaardiging van hierdie blokhuis begin en teen einde Januarie 1901 is ongeveer 50 reeds vervaardig en opgerig. Vroeg in Februarie het die Britse hoofkwartier in Pretoria opdrag aan alle offisiere van die Royal Engineers gegee om die poste langs die spoorlyne te besoek en verbeterings rakende die beskerming daarvan aan te beveel. Tydens Kitchener se besoek aan die Oos-Transvaalspoorlyn het hy die strukture wat deur Rice ontwerp is, geïnspekteer en die verdere oprigting van hierdie tipe blokhuis goedgekeur.<sup>24</sup> Sulke blokhuis is byvoorbeeld ook te Elandshoek, Godwaanrivier, Wonderfontein en Barberton opgerig.

Die voordele verbonde aan hierdie tipe blokhuis is voor die hand liggend. Omdat dit vinniger en eenvoudiger was om op te rig as die meerverdiepingblokhuis, het dit gou inslag gevind. Die koste daaraan verbonde was ook baie minder naamlik slegs ongeveer £50 tot £70.<sup>25</sup>

Daar was egter ook nadele. Die eindresultaat was 'n goeie blokhuis, maar daar is steeds baie materiaal en tyd gebruik om dit op te rig. Die staalplate vir die skietgate kon ook nie gou genoeg voorsien word nie.<sup>26</sup> Op die lange duur sou dit baie moeilik wees om 'n landswye blokhuisstelsel bestaande uit hierdie tipe blokhuis op te rig. Hulle het dus wel militêr gesproke aan al die gestelde vereistes voldoen, maar weens die tydsfaktor moes die Britse Leër 'n alternatief soek wat vinniger opgerig kon word.

#### 4. Agtkantige blokhuis

Gedurende Februarie 1901 het maj. S.R. Rice die agtkantige blokhuis ontwikkel. Die Oos-Transvaalse spoorlyn het in daardie stadium die hoogste voorkoms van spoorverbekings gehad en daarom was dit vir Rice uiters noodsaaklik om beter beskerming vir die spoorlyne te bedink. Gestasioneer te Middelburg, Transvaal, was hy

---

24. *Ibid.*, p.243.

25. Holden, p.484.

26. Bethell, p.278; *Official history* 4, p.568; Royal Engineer Corps Library (Chatham) : S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), pp.303-304.

in die middel van 'die streek wat die ergste deur die verbreking van die Britse kommunikasie lyne getref is.<sup>27</sup>

Die agtkantige blokhuis het bestaan uit sinkplate wat aan beide kante van houtrame, 11,43 cm dik, vasgespyker was. Die spasie tussen-in is met gruis of spoelklippe gevul.<sup>28</sup> Elke blokhuis het ongeveer vier kubieke meter gruis met 'n gemiddelde deursnee van 3,81 cm gebruik. Agt rame waarvan die kante afgeskuins is sodat hulle teen mekaar kon pas, is vervaardig. Die nadeel was die swak punt wat gevorm is waar die houtrame wat nie koeëlbestand was nie, aanmekaar geheg is. Die probleem is opgelos deur die buitenste sinkplate te verleng om ook die houtrame te bedek. Daarna is die opening tussen die houtraam en die sinkplaat met gruis gevul.<sup>29</sup>



Die agtkantige blokhuis te Voortrekkerhoogte.

J.L. Hattingh versameling.

27. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S.Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.304.

28. 10,16 cm-15,24 cm gruis was net so 'n goeie teenvoeter teen skerppuntammunisie as 61 cm-91,5 cm grond.

29. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.304.

Tydens oprigting is die rame op 'n gelyk oppervlakte geplaas waarna dit aanmekaar vasgebout is. Op elke hoek van die oktagoon is houtpale geplaas waaraan die rame vasgemaak is sodat dit vertikaal kon staan. Daarna is die sinkplate vasgespyker en terselfdertyd is die openinge tussen die sinkplate met gruis gevul. 'n Vierkantige dak is heel laaste opgerig. Aanvanklik is die blokhuse van sambreelvormige dakke voorsien, maar dié is later deur geweldakke vervang wat beter ventilasie verseker het. In die middel van die blokhuis was daar 'n watertenk.<sup>30</sup>

Die skietgate is op so 'n manier uit plaatmetaal gesny dat dit 'n skietgat van 15,24 cm x 7,62 cm gevorm het wat in die middel van die mure geplaas is. Dit is so vervaardig dat dit skuins na binne geloop het, in die vorm van 'n trechter. In die praktyk het dit goed gewerk en daar was min, indien enige, gevalle waar koeëls die kante van die skietgate getref en daarvandaan die blokhuse deur die opening self binnegedring het. Daar is wel gevalle aangemeld waar persone verwond is deurdat die gruis afgesak en koeëls deur dié gaping die blokhuse binnegedring het. Daar was egter 'n behoefte daaraan om openinge langs die skietgate te laat waardeur die gruis tussen die twee lae sink opgevuul kon word wanneer dit afgesak het. Ofskoon verskeie variasies van dié tipe skietgate voorgekom het, het die basiese beginsel vir elkeen dieselfde gebly.<sup>31</sup>

Weens die sukses wat hulle behaal het, het die 23rd (Field) Company te Middelburg opdrag gekry om dié tipe blokhuse te vervaardig. Elke deel van die blokhuis is deur 'n spesifieke groep persone vervaardig sodat die kompanie in 'n "blokhuisfabriek" omskep is. Elke deel van die blokhuis is op 'n profielvorm vervaardig wat meegebring het dat al die dele presies gepas het - iets wat nie gesê kon word van die blokhuse wat deur die kontrakteurs aan die kus vervaardig is nie.<sup>32</sup>

In die Vrystaat is hierdie tipe blokhuse eers vanaf Mei 1901 opgerig. Hulle is

---

30. Amery 5, p.258; *Official history* 4, p.569.

31. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), pp.304-305.

32. Bethell, pp.278-279; *Official history* 4, p.569; Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), pp.304-305.

aanvanklik nie as baie geskik beskou nie en veral die skouerweer<sup>33</sup> en groot deur was ongewild. Gevolglik is die deure deur 'n kleiner een vervang wat die oprig van 'n skouerweer onnodig gemaak het.<sup>34</sup>

Voordele verbonde aan hierdie tipe blokhuis was dat die spits dakke vir voldoende ventilasie gesorg het, en ook baie koeler was as die sambreelvormige dakke wat soms gebruik is. 'n Seildak, wat baie ligter was, het later die sinkdak vervang. Geen fondasie is vir dié blokhuis benodig nie, en ook geen hoekpale vir die raamwerk nie. Die blokhuis is bloot op 'n platform van grond of natuurlike klip opgerig. Hulle was goedkoper en eenvoudiger om op te rig as die reghoekige blokhuse en veral die skietgate was 'n verbetering. Die feit dat die blokhuis, soos reeds genoem, op 'n profielvorm vervaardig is, het beteken dat alle dele presies gepas het en ongeskoolde arbeiders kon gebruik word vir die oprigting daarvan.<sup>35</sup> Minder materiaal is gebruik, minder vervoerprobleme is gevolglik ondervind, en dit was makliker om hierdie eenvoudig ontwerpte blokhuse op te rig.

Daar was egter ook nadele. Die grootste nadeel was dat dit baie materiaal benodig het en dat dit swaar was. Die oprigting daarvan het ook nog nie vinnig genoeg geskied nie. Die feit dat die gruis waarmee die blokhuis mure gevul is, mettertyd afgesak het, het veroorsaak dat openinge onder die skietgate ontstaan het. Hierdie openinge, indien nie dadelik weer met gruis opgevolg nie, het partykeer noodlottige gevolge gehad.<sup>36</sup>

Na aanleiding van bogenoemde faktore het Rice verdere pogings aangewend om die blokhuisontwerp te vereenvoudig. Na verskeie toetse is later gevind dat wanneer ronde sinkplate gebruik word, die meeste probleme opgelos is.

---

33. 'n Skouerweer is voor die deure opgerig om te verhoed dat die Boere direk by die deur kon invuur. Dit het gewoonlik uit 'n grondwal en sandsakke bestaan en het die deur beskerm.


34. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W. 11: Report on work done by 38th Company R.E. 1/12/1900 to 31/12/1901, p.4.

35. Bethell, p.279.

36. *Ibid.*

### 5. Rice-tipe blokhuis

Die behoefte vir 'n baie eenvoudige, dog veilige blokhuis, het maj. Rice genoop om in Maart 1901 die ronde sinkblokhuis te ontwerp. Daar bestaan nie eenstemmigheid oor hoe hy op die idee van die ronde sinkblokhuis gekom het nie, maar die meeste bronne beweer dat die idee by hom opgekóm het terwyl hy toegekyk het hoe 'n masjien ronde sinkplate vir sinkdamme gevorm het.<sup>37</sup> Op 11 Maart 1901 is die eerste van die nuwe tipe blokhuis te Gun Hill naby Middelburg, Transvaal, opgerig.<sup>38</sup>



'n Rice-tipe blokhuis by die Oorlogsmuseum.

J.L. Hattingh-versameling.

Die blokhuis het bestaan uit twee silinders van gegolfe sinkplate wat 15 cm van mekaar geplaas is. Die een silinder was kleiner as die ander sodat dit aan die binnekant van die groter een kon inpas. Daarna is die ruimte tussen die twee lae sinkplate met gruis en

37. *Ibid.*, p.280; Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.305.

38. "Records of the South African War, 1899-1902. Records of units. 23rd (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 33, 2.11.1903, p.243.

grond gevul. Na toetse is bevind dat gruis van 15 cm veiliger was as dié van ongeveer 11 cm wat in die agtkantige blokhuis gebruik is. Verder is houtblokke van 15 cm x 15 cm x 7,5 cm gebruik om die twee lae sinkplaat op die regte afstand van mekaar te hou. Die enigste ander hout wat gebruik is, was by die plek waar die dak aan die sinkplate geheg is.<sup>39</sup>

Fabrieke waar hierdie blokhuis vervaardig moes word, is te Middelburg (23rd (Field) Company), Standerton (17th (Field) Company), Pretoria (47th (Field) Company)<sup>40</sup> en Bloemfontein (7th (Field) Company)<sup>41</sup> tot stand gebring. In Bloemfontein was luit.-kol. P.T. Buston, R.E. aan die hoof, bygestaan deur maj. J.S. Purvis, R.E. Purvis het burgerlike arbeid gehuur wat baie beter resultate as die kontrakteurstelsel gelever het. In Pretoria het luit.-kol. R.C. Maxwell, R.E. eers al die blokhuis wat deur kontrakteurs vervaardig is, toetse laat ondergaan om vas te stel of daar nie foute te bespeur was nie.<sup>42</sup>

Oor elke blokhuis is 'n staandak gebou terwyl watertenks buite geplaas is. Die hoogte van die blokhuis, tot aan die nok, was ongeveer 2,7 m. Die mure was ongeveer 1,9 m hoog. Die ronde blokhuis het gou die standaard blokhuis geword, maar dit het 'n ruk geneem voordat daar van die gebruik van hout afgesien is. Die blokhuis is meestal op klipbasisse opgerig, maar in die Komatipoort-omgewing is hulle op stelte geplaas vanweë die ongesonde klimaatstoestand wat daar geheers het. Al die blokhuis afkomstig van die Royal Engineers se werksinkels is volgens vaste mate gemaak - in teenstelling met dié wat deur kontrakteurs aan die kus vervaardig is. Dit het ook daartoe aanleiding gegee dat die blokhuis wat deur die kontrakteurs vervaardig is, moeiliker was om op te rig as dié wat deur die Royal Engineers vervaardig is.<sup>43</sup> Die dakke van die blokhuis het ook verskil van die sogenaamde "pepper-pot"-dak wat 'n gewilde variasie op die standaard dakvorm was.<sup>44</sup> Die oorspronklike dakvorm was gewelvormig en was

---

39. Bethell, pp.279-280; Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.305.

40. *Ibid.*

41. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinstnr. 10905, lêer B.W. 11: Report on work done by the Seventh Field Company, R.E., from Dec. 1st 1900 to Dec. 31st 1901.

42. Bethell, p.280.

43. *Ibid.*

44. *Official history* 4, p.570.

voorafvervaardig. Dit is dan net aan die mure geheg.<sup>45</sup>

Rondom die blokhuse is 'n loopgraaf van ongeveer 1,35 m diep gegrawe. Hierdie relatiewe diep loopgraaf sou die wag saans in staat stel om beter te kan sien en hoor aangesien hy nader aan die grondoppervlak was. Verder kon die loopgraaf as 'n verdere verdedigingsmaatreël dien omdat ekstra manskappe tydens vyandelike aanvalle daarin geplaas kon word. Dit was egter nie altyd moontlik om so 'n diep loopgraaf in die harde Suid-Afrikaanse bodem te grawe nie. Die loopgraaf is gewoonlik 1,8 m tot 4,5 m vanaf die blokhuis gegrawe. Vir die verdere beskerming van die blokhuis is 'n doringdraadversperring aan die buitekant van die loopgraaf aangebring.<sup>46</sup> Die blokhuse is ook in 'n sig-sag vorm geplaas sodat hulle nie in mekaar se skootsvak kon beland wanneer daar uit hulle gevuur is nie.<sup>47</sup>

Lord Kitchener was so uitermate beïndruk met die Rice-blokhuse dat hy opdrag gegee het dat hulle langs al die belangrikste spoorlyne opgerig moes word.<sup>48</sup> Dit het meegebring dat die volgende spoorlyne teen die einde van die oorlog van Rice-blokhuse voorsien was: Beaufort-Wes-Warrenton; Oranjerivier-Pietersburg, met taklyne na Winburg, Heilbron, Klerksdorp en Springs; Pretoria-Komatipoort, met 'n taklyn na Barberton; en Johannesburg-Newcastle.<sup>49</sup>

Die afstand tussen die blokhuse was aanvanklik ongeveer 2,4 km, maar namate die oorlog voortgesleep het, het dit op party plekke gekrimp tot slegs ongeveer 500 m.<sup>50</sup> Die afstand het afgehang van die aantal troepe wat beskikbaar was om die blokhuse te beman. Hoe meer troepe beskikbaar was, hoe meer blokhuse kon langs so 'n roete aangebring word en hoe korter was die afstand tussen-in. Daar was gewoonlik 30 tot 40

---

45. Lee, p.158.

46. Bethell, p.280.

47. Lee, pp.157-158.

48. Bethell, p.280; Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.306.

49. Royal Engineer Corps Library (Chatham) : S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.307.

50. "Records of the South African War. Records of units. 23rd (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 33, 2.11.1903, p.243.

man per 1,6 km en gemiddeld sewe man per blokhuis.<sup>51</sup> Die bemanning van 'n Rice-blokhuis het uit een onderoffisier en vyf of ses troepe bestaan. Die gevolg was dat dit goeie organisasie geveerg het om alle take wat nodig was vir die instandhouding van 'n blokhuis, uit te voer.<sup>52</sup>

Hierdie blokhuis-tipe het verskeie merkbare verbeteringe op die vorige model gehad. Die voordele was dat minder materiaal gebruik en vervoerprobleme ondervind is, minder werk in die werksinkels nodig was om dit te bou en dat dit baie makliker was om hulle in die veld op te rig.

Dit was ook baie sterker as die agtkantige blokhuis waarvan die raamwerk geneig was om te buig wanneer gruis ingegooi is. Verder was die afwesigheid van houtrame aan die buitekant van die struktuur nog 'n positiewe punt, aangesien dit nie nodig was om dit met 'n skild teen vyandelike vuur te beskerm nie.<sup>53</sup> Die eenvoudige ontwerp en vinnige manier van oprigting het van hierdie blokhuis 'n wenner gemaak. Ongeskoolde arbeid kon ook tot 'n groot mate gebruik word. Boonop was die koste daaraan verbonde baie laag, naamlik slegs ongeveer £16 per blokhuis indien die Royal Engineers dit vervaardig het.<sup>54</sup> Indien kontrakteurs die werk gedoen het, het die koste egter £50 - £60 per blokhuis beloop. Danksy die vinnige oprigting van die blokhuis, is die Britte se kommunikasielinië al hoe meer beveilig en kon berede patrollies - wat tot in daardie stadium die spoorlyn moes probeer beskerm - geleidelik afgeskaal word.<sup>55</sup>

Die Rice-blokhuis het tog ook 'n paar probleme gehad. Alhoewel die blokhuis baie eenvoudig was, het nie alle bevelvoerders wat verantwoordelik was vir die oprigting daarvan, geweet hoe die eindproduk moes lyk nie. Tekeninge is wel na die offisiere in beheer van die Royal Engineers uitgestuur, maar dit het nie die probleem opgelos nie. Óf die tekening was nie so duidelik as wat aanvanklik gemeen is nie, óf die offisiere het

---

51. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.308.

52. *Official history* 4, p.571.

53. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.305.

54. Bethell, p.289.

55. Amery 5, p.259.

nie gesnap dat daar geen hout aan die buitekant van die blokhuis nodig is nie. Die gevolg was dat geen blokhuis aanvanklik gebou is soos voorgeskryf is nie. Die probleem is eers opgelos toe 'n model rondgestuur is wat as voorbeeld kon dien. Die blokhuis afkomstig van die kuskontraakteurs het soms vreemde vorms gehad met houtpale aan die buitekant en snaakse skietgate.<sup>56</sup> Ten einde die oprigting van hierdie tipe blokhuis te bespoedig, is blokhuisfabrieke in die kusstede sowel as by elke hoofkwartier van die Royal Engineers ingerig.<sup>57</sup>

## 6. Mobiele blokhuis

Buiten die voorafgaande blokhuis was daar ook die sogenaamde mobiele blokhuis - so genoem omdat dit beweeglik van aard was. Hierdie tipe blokhuis was egter nie 'n algemene gesig nie en slegs sekere Royal Engineer-kompanies het daarvan gebruik gemaak. Die 38th (Field) Company was een van die afdelings wat sulke blokhuis vervaardig het, maar soos daar tereg in die verslag van hulle werksaamhede opgemerk is, was die aanwending nie noodwendig orals ewe suksesvol nie. Oor die algemeen was hulle ook te swaar om werklik mobiel te wees.<sup>58</sup> In die Kimberley-distrik was daar sewe mobiele blokhuis, waarvan vier bestaan het uit ossewaens met staalplate beskerm, een uit sinkplaat met openinge met gruis gevul en twee uit ossewaens wat deur staal beskerm is.<sup>59</sup>

Soms is 'n konstruksie wat aan die Rice-tipe blokhuis herinner het, bo-op 'n ossewa aangebring. Dié op die Rice-vorm geskoei het van 2 100 tot 3 300 kg geweeg, terwyl dié wat van 1,27 cm dik staalplate vervaardig is, 1 400 kg geweeg het. Laasgenoemde was gewilder weens die ligter massa en die feit dat dit meer maneuvreerbaar was. Die openinge tussen die plate van die Rice-tipe blokhuis is met gruis gevul, wat verder bygedra het om die massa daarvan te verhoog. Dan was daar ook een mobiele blokhuis

---


56. Bethell, p.280.

57. *Official history* 4, p.571.

58. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W.11: Report on work done by 38th (Field) Company R.E. 1/12/1900 to 31/12/1901, p.6.

59. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer 3: List of blockhouses erected in the Kimberley District from 1/12/00 to 31/5/02.

wat vervaardig is van die staal afkomstig van 'n Pretoriase fort. Hierdie blokhuis was merkbaar ligter as die ander en het 700 kg geweeg.<sup>60</sup> Mobiele blokhuisse het veral nuttig te pas gekom vir die beskerming van konvoie en ook by punte waar die Boere gedreig het om deur die blokhuislinies te breek. Verder is hulle ook gebruik om die punt van oprigting van sekere blokhuislinies te beskerm.<sup>61</sup>



'n Mobiele blokhuis soos deur die 47th Company Royal Engineers vervaardig.  
E.H. Bethell, "The blockhouse system in the South African War" in A.T. Moore (red.), *Professional papers of the Corps of Royal Engineers* 30, 1904, plaat VII.

Een van die nadele van die mobiele blokhuisse was dat hulle swaar was en deur osse getrek moes word. Die spoed waarteen hierdie blokhuisse kon beweeg was dus uiteraard baie stadig. Faktore soos die beskikbaarheid van kos en water vir die baie trekkiers het ook bygedra tot die beperking van so 'n blokhuis se mobiliteit. Hierdie tipe blokhuisse kan as die voorloper van die eerste tenks, wat tydens die Eerste Wêreldoorlog gebou en

60. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), pp.306-307. Die bron vermeld nie van watter fort die staal afkomstig was nie.

61. Bethell, p.281; Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.307.

aangewend is, beskou word.

## 7. Beskermingsmaatreëls

Blokhuse kon op hulle eie nie voorkom dat Boere deur die linies breek nie. Alhoewel die blokhuse aanvanklik opgerig is om die spoorlyn teen vernieling te beskerm, was 'n bykomende rol om, in samewerking met die Britse kolonnes, die Boere in die gebiede waar hulle bedrywig was, in te hok. Deur die gebruik van dryfjagte het die Britte pogings aangewend om die Boere teen die blokhuislinies vas te druk en daar gevange te neem. Ten einde te verhoed dat die Boere tussen die blokhuse deurbreek en ook om aanvalle teen die blokhuse self af te weer, moes sekere maatreëls getref word. Die belangrikste beskermingsmaatreëls het gewoonlik bestaan uit doringdraadversperrings, alarmgewere en chemiese alarms. Daar is ook van klokke en leë blikkies gebruik gemaak.

### 7.1 Doringdraadversperrings


Aanvanklik was die Boere bra skrikkerig vir die blokhuse, maar by ten minste een geleentheid het hulle tog daarin geslaag om die wagte te uitoorlê en hul gewere van buite deur die skietgate te druk en op die Britte binne die blokhuse te vuur, waarna die bemanning oorgegee het. Gevolglik het die Britte doringdraadversperrings begin oprig.<sup>62</sup>

Aan die begin is gewone doringdraad tussen die blokhuse op 'n blokhuislyn en ook rondom die blokhuse self gebruik. Dit was egter nie effektief nie aangesien die Boere die draad maklik geknip het. Gevolglik het dit geen bedreiging vir die Boere ingehou nie. 'n Verbetering op die enkeldoringdraad is gemaak in die vorm van skorte bestaande uit drie of vier horisontale drade, wat aan beide kant van die doringdraad aangebring is. Dié metode was egter ook onsuksesvol. Daar is toe tot die slotsom gekom dat doringdraad wat nie deur 'n gewone draadtang geknip kon word nie, gebruik moes word. Die volgende metode wat gebruik is, was om drie of vier doringdrade so op te draai dat

---

62. *Cassell's history of the Boer War 1899-1902* 2, p.728.

dit 'n sterk, dik "tou" gevorm het. Dit is gedoen deur die drade aan twee pale ongeveer 10 m van mekaar vas te maak. Daarna is dit met 'n woelstok om en om gedraai sodat die "dorings" van die doringdraad aan mekaar geklou het om sodoende 'n dik strook doringdraad te vorm.<sup>63</sup> Volgens genl. De Wet was hierdie doringdraadversperrings soos 'n net waarin die Boere soos visse gevang moes word.<sup>64</sup>



### 'n Doringdraadversperring tussen blokhuse.

E.H. Bethell, "The blockhouse system in the South African War" in A.T. Moore (red.), *Professional papers of the Corps of Royal Engineers* 30, 1904, plaat VIII.

Toe dié maatreëls nog steeds nie die Boere gekeer het nie, is 3,55 cm dik staaldraad gebruik wat bestand was teen die meeste draadknippers wat in daardie stadium in gebruik was. Dit kon egter wel maklik deur 'n byl afgekap word. Toe die Boere nie meer die drade kon knip nie, het hulle begin om die ankerpale uit die grond te trek sodat die drade platgeval het. Ten einde hierdie probleem op te los, het die Britte die ankerpale in die grond met klippe en sandsakke vasgeanker. Hierdie proses was egter baie arbeidsintensief aangesien daar in totaal ongeveer 400 ankerpale per 1,6 km opgerig moes word. Verder is daar ook leë blikke met klein klippies binne-in aan die draad vasgemaak. Wanneer daar dan met die draad gepeuter is, het dit dadelik 'n lawaai gemaak wat die wag se aandag getrek het. Die draad tussen die blokhuse is ook nie in 'n reguit lyn tussen aangrensende blokhuse opgerig nie, maar met 'n hoek, sodat

63. "Modern war and mediaeval fortification", *The Royal Engineers Journal* 32, 1.3.1902, p.35; Bethell, p.286.

64. C.R. de Wet, *De strijd tusschen Boer en Brit*, p.329.

wanneer die Britte op die Boere wat probeer deurbreek het, moes vuur, die vuur weg van die aangrensende blokhuis gerig sou wees.<sup>65</sup>

Die doringdraadversperrings tussen die Ermelo- en Standertonblokhuislinie, het byvoorbeeld uit elf drade bestaan. Op borshoogte was daar 'n stuk draad wat uit vier aanmeakaargedraaide drade bestaan het. Dit kon moeilik deur 'n tang geknip word, en geen perd kon daardeur kom nie. Hierdie tipe draad het egter nie algemeen voorgekom nie.<sup>66</sup> Ter aanvulling van die doringdraadversperrings was daar ook die loopgrawe wat reeds aandag geniet het. Twee loopgrawe van ongeveer 0,9 m diep moes aan beide kante van die doringdraadversperrings gegrawe word. Die grond wat uitgegrawe is moes óf versprei óf as 'n versperring voor die loopgrawe gegooi word. Dit sou dan 'n obstruksie in die donker vorm en beskerming verleen indien die Boere onder dekking van 'n trop beeste die blokhuislinie sou bestorm. Die aanbring van loopgrawe langs die doringdraadversperrings het aanvanklik nie so 'n groot invloed op die Boere se deurbreekpogings gehad nie, aangesien die loopgrawe te vlak was. Met verloop van tyd is dit egter dieper gegrawe en het dit 'n moeiliker hindernis geword. Op plekke waar die grond te hard en klipperig was, is klipmure opgerig.<sup>67</sup>

Verskeie metodes buiten die leë blikkies is aangewend om die blokhuisbemannings te waarsku wanneer die Boere pogings aangewend het om deur die doringdraadversperrings te breek. Daar is byvoorbeeld aan weerskante tussen die spoorlyn en doringdrade penne ingeslaan. Tussen hierdie penne is daar dan kruis en dwars en heen en weer doringdraad as ekstra versperrings gespan. Dit het die blokhuisbemannings in staat gestel om vinniger te reageer op pogings om deur die linies te breek.<sup>68</sup> Vanweë die feit dat die doringdraadversperrings tussen die blokhuse 'n hindernis vir die Boere was, het hulle al hoe vernuftiger geword in hul deurbreekpogings. Om hierdie pogings van die Boere te fnuik, is ook nog ander beskermingsmaatreëls getref.

---

65. Holden, p.486; Lee, p.158.


66. G.S. Preller, *Ons parool: dae uit die dagboek van 'n krygsgevangene*, p.40.

67. Bethell, pp.286-287; Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, *A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902* (ongepubliseerde manuskrip), pp.314-315; D. Martin, *Duelling with Long Toms*, p.71; De Wet, p.329.

68. H.J.C. Pieterse, *Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan*, p.248; D. Mostert, *Slegtkamp van Spioenkop: oorlogsherinneringe van kapt. Slegtkamp*, pp.245,258.

## 7.2 Alarmgewere

Alarmgewere het bestaan uit gewere wat op verskillende posisies aan die doringdraadversperrings aangebring is. 'n Dun pootjiedraad, gekoppel aan die gewere, het parallel met die draadversperring geloop. Wanneer hierdie pootjiedraad versteur is, het dit veroorsaak dat die gewere vanself afgegaan het. Verder is die sneller van die gewere ook met draadjies aan die doringdraadversperring gekoppel sodat, wanneer die draadversperring geknip is, dit teruggespring het en die gewere vanself afgegaan het. Hierdie tipe alarm was later nie meer enige bron van gevaar vir die burgers nie, aangesien hulle die draad aan weerskante van die knipper vasgehou het en die punte om die naaste pale gedraai het.<sup>69</sup>




### 'n Voorbeeld van 'n alarmgeweer

E.H. Bethell, "The blockhouse system in the South African War" in A.T. Moore (red.), *Professional papers of the Corps of Royal Engineers* 30, 1904, plaat IX.

69. Bethell, p.287; Preller, p.40.

Die Boere het gou geleer om op die uitkyk te wees vir die alarmgewere en het dit dan onskadelik gestel; daarom moes die Britte toe die gewere naby die blokhuis plaas. 'n Dun draadje is langs die draadversperring tot in die blokhuis gespan waar dit aan 'n swaar, hangende klip vasgemaak is. Daarvandaan het daar 'n draadje na die sneller van die geweer gestrek. Die oomblik wanneer die draadje by die draadversperring geknip is, het dit die spanning op die klip in die blokhuis verlig, wat dan op die grond geval het. Met die val na die grond is die sneller van die geweer getrek wat die skoot laat afgaan het.<sup>70</sup> Die metode was nie onfeilbaar nie, soos bewys deur die feit dat die Boere steeds deur die linies gebreek het.<sup>71</sup>

### 7.3 Chemiese alarms



#### 'n Chemiese alarm.

E.H. Bethell, "The blockhouse system in the South African War" in A.T. Moore (red.), *Professional papers of the Corps of Royal Engineers* 30, 1904, plaat XII.

70. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.316.

71. J.F.C. Fuller, *The last of the gentlemen's wars*, pp.224-225.

Chemiese alarms is ook gebruik om te verhoed dat die Boere ongemerk deur die blokhuislinies beweeg. Verskeie patente is ontwikkel en gebruik, maar hulle het basies almal op dieselfde beginsel neergekom. Wanneer die drade geknip is, het dit 'n klein flessie laat breek waarvan die inhoud dan in 'n ander chemiese stof gevloei het om sodoende 'n knalgeluid te maak of 'n ligfakkeltjie aan te steek. Laasgenoemde is ook somtyds afgevuur deur 'n slagdoppie wat kruit laat ontbrand het en wat op sy beurt weer 'n fakkeltjie met 'n mengsel van katoenwatte en hars laat ontbrand het. Die slagdoppies is geaktiveer deur 'n gewig bo-op 'n geïmproviseerde slagpen, byvoorbeeld 'n spyker te laat val, of om die slagdoppie te laat val met 'n gewig aan sodat wanneer dit die grond tref, dit vanself ontbrand het.<sup>72</sup>

#### 7.4. Vaste geweerruste

Al bogenoemde maatreëls was egter oneffektief indien die bemanning van die blokhuis nie daarin kon slaag om akkurate vuur gedurende die nag op die vyand te rig nie. Dit was noodsaaklik om akkuraat langs die draadversperring langs te kon vuur, want dít was waar die Boere sou wees wanneer die alarms hulle teenwoordigheid verrai het. Gevolglik is geweerruste ontwerp sodat die blokhuisbemannings slegs nodig gehad het om hulle gewere in die ruste te plaas en te vuur. Die rigting was alreeds korrek op die draadversperrings gemik.

'n Geweerrus het bestaan uit hout beskuithouers wat met gruis gevul is. Groewe is uitgesny waarin 'n geweer geplaas kon word en hierdie houers is óf in die borswering van die blokhuisloopgraaf geplaas óf in 'n gedefileerde hoek daarvan. Al wat die soldaat dus moes doen was om sy geweer in die groewe van die rus neer te lê en te vuur.

Genl.-maj. E. Wood het die stelsel verder verbeter toe hy aanbeveel het dat twee, vier of ses gewere in vaste batterye gegroep moes word sodat dit ook langs die draadversperrings kon afvuur.<sup>73</sup> Slegs een man was dan verantwoordelik vir die afvuur

---

72. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.316.

73. Bethell, p.288.

van die hele groep wapens. Dit was egter nie altyd moontlik nie, aangesien ekstra gewere nodig was en soveel gewere was nie altyd beskikbaar nie.<sup>74</sup>

Buiten bogenoemde metode is daar ook 'n stelsel ontwikkel waarvolgens mikstokke op die borswerings geplaas is en wat volgens dieselfde beginsel as die geweeruste gefunksioneer het. Die gewere is bloot op die mikstokke geplaas wat reeds in die rigting van die draadversperring gemik was.<sup>75</sup>

### 7.5 Landmyne

Verskeie landmyne is veral in die beginstadium, voordat die oprigting van blokhuse algemeen geraak het, langs die treinspore geplaas. So 'n myn het bestaan uit 13 kg kruit wat binne-in 'n ou ketel of blik geplaas is, en dan begrawe is. Bo-oor is daar dan 'n hoop klippe, wat altesaam ongeveer 90 kg geweeg het, geplaas. Pootjiedrade is aan weerskante van die spoorlyn aangebring terwyl ander drade reghoekig daarmee aan ankerpale verbind is. Alle drade is dan aan die sneller van 'n geweer verbind wat direk op die kruit gemik is. Die oomblik wanneer daar dus met die drade gepeuter is, het dit die sneller van die geweer getrek, wat op sy beurt weer die kruit, deur middel van die afvuur van 'n patroon, laat ontbrand het.<sup>76</sup>

Afgesien van bogenoemde, is elektriese myne ook gestel. Die beginsel waarop hulle gewerk het, was dieselfde, behalwe dat elektriese stroombane in plaas van gewere gebruik is om die myne te laat afgaan. Batterye het die elektriese stroombane verskaf. Hierdie tipe myne het egter partykeer vanweë atmosferiese omstandighede afgegaan selfs al was die batterye ontkoppel. Gedurende die dag is die myne wel ontkoppel vanweë die verkeer oor die spoorlyn. Teen Junie 1901 het die teenwoordigheid van talle blokhuse hierdie tipe beskermingsmaatreël feitlik oorbodig gemaak.<sup>77</sup>

---

74. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.317.

75. Bethell, p.288.

76. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W. 11: Report on work done by the Seventh Field Company, R.E., from Dec 1st to Dec 31st 1901, p.4.

77. *Ibid.*

Fopmyne, bestaande uit slegs 'n hoop klippe, is soms langs spoorlyne geplaas ten einde die Boere te verwar. Werklike myne het soms ook Britse slagoffers geëis. Op die Bloemfontein-Bethulie-trajek was daar byvoorbeeld twee gevalle van Britse sappeurs wat hulle met die ligging van die myne misreken het. In albei gevalle is hulle dood deurdadig hulle per abuis aan die pootjiedrade geraak het. 'n Verslag van die 7th (Field) Company meld dat die spoorlyn gereeld deur die Boere oorgesteek is voordat dit deur myne beskerm is. Nadat die myne gestel en die eerste een afgetrap is, het daar geen verdere gevalle voorgekom waar burgers die spoor oorgesteek het nie, wat dui op die sukses wat met dié metode - saam met blokhuse - behaal is.<sup>78</sup>

#### 8. Die totale aantal blokhuse en die oprigtingskoste

Met die beëindiging van vyandelikhede op 31 Mei 1902 was daar volgens die meeste geraadpleegde bronne 'n totaal van ongeveer 8 000 blokhuse oor 'n afstand van 5 920 km teen 'n totale geraamde koste van £1 000 000 opgerig.<sup>79</sup> Volgens die tabel wat kapt. R. Harvey op 12 Mei 1902 opgestel het, waarin die totale aantal blokhuse aangedui word, was daar 441 klipmesselwerkblokhuse, ten minste 6 883 Rice- en soortgelyke tipe sinkblokhuse en 555 sogenaamde "works".<sup>80</sup> Laasgenoemde blyk veldskanse te gewees het.

Daar word gesê *ten minste* 6 883 Rice- en ander tipe blokhuse, omdat in Harvey se tabel die werklike totaal van alle sinkblokhuse 6 883 is indien die syfers wat hy vir die onderskeie gebiede verskaf, bymekaar getel word, maar hy dui op een plek in die tabel self die totaal as 7 447 aan en op 'n ander plek weer as 8 018. Dit is nie uit die beskikbare statistiek duidelik waar hy aan dié syfers gekom het nie. Vir die doeleindes van hierdie studie word dus uitgegaan van die standpunt dat daar ten minste 441 meerverdiepingblokhuse, 6 883 ander tipe blokhuse en 555 ander verdedigingswerke opgerig is; dit wil sê 'n totaal van ten minste 7 879 fortifikasies. Hierdie syfer is dus in

---

78. *Ibid.*

79. *Official history* 4, p.570; Bethell, p.289.

80. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinstnr. 10905: R. Harvey, Table showing no. of blockhouses and posts to date.

elk geval vergelykbaar met die getal 8 000 blokhuse wat in die meeste ander bronne vermeld word.

Die koste verbonde aan die bou van die blokhuse was 'n belangrike faktor wat deur die Britse leerleiding in berekening gebring moes word. Uiteraard het sommige blokhuse meer gekos as ander, en het dit soms ook van streek tot streek verskil.

Die koste verbonde aan die oprigting van blokhuse onder bevel van die bevelvoerder van die Royal Engineers in die Kaapkolonie, was soos volg: ronde blokhuis met sinkdak (materiaal) - £22; vervoerkoste en oprigting - £12; totale koste - £34. Ronde blokhuse met geweldak (materiaal) - £30; oprigting - £14; totale koste - £44. Versperrings rondom die blokhuse: materiaal - £15; arbeid - £8; totale koste - £23. Die versperrings wat 1 500 m van mekaar af tussen blokhuse opgerig is, se koste was: materiaal - £48; arbeid - £53; totale koste £101.<sup>81</sup>

Die blokhuse wat in Pretoria onder kontrak vervaardig is, was rond en het £26 5s 6d elk gekos. Daarvan het die materiaal £16 15s 6d gekos, terwyl die arbeid £9 10s beloop het. Die spoorvrag het nog 'n verdere £10 18s 6d tot die bedrag bygevoeg, sodat die totale koste verbonde aan die blokhuse £37 4s elk beloop het. Ronde Rice-sinkblokhuse, opgerig deur die Royal Engineers (materiaal gelewer teen Delagoabaai kusprys en geen arbeid ingesluit nie) het egter slegs £16 elk gekos.<sup>82</sup>

Die koste van versperrings (teen kuspryse) tussen blokhuse wat deur die troepe self opgerig is, het £50 per 1,6 km beloop. Die tipe versperrings het egter van plek tot plek gewissel, met die gevolglike verskil in pryse.<sup>83</sup>

Uit die voorafgaande bespreking is dit dus duidelik dat die Rice-tipe blokhuis die antwoord was vir die beskerming van die spoorlyne. Dit het aan die belangrikste kriteria

---

81. Bethell, p.288; *Official history* 4, p.570.

82. Bethell, p.289; *Official history* 4, p.570.

83. Bethell, p.289.

vir 'n goeie blokhuis voldoen, naamlik dat dit goedkoop en eenvoudig was om op te rig en voldoende beskerming aan die bemanning verleen het.


Wat die totale koste betref het die 441 klipmesselwerkblokhuse elk enigiets van £500 tot £1 000 gekos - dus in totaal £220 500 tot £441 000. Die ronde Rice-tipe blokhuse het elk £16 gekos om op te rig; dit is wanneer die Royal Engineers die oprigting behartig het. Wanneer kontrakteurs die werk gedoen het, het elke ronde blokhuis £50-£60 gekos. Op hul beurt het die reghoekige sinkblokhuse £50-£70 gekos. Die 6 883 (of meer) sinkblokhuse het dus 'n total van enigiets van ongeveer £120 000 tot soveel as £350 000 gekos om te vervaardig en op te rig. Dit was nie moontlik om vas te stel hoeveel die veldskanse gekos het nie. Verder moet in gedagte gehou word dat die oprigting van doringdraadversperrings en alle ander beskermingsmaatreëls ook nog heelwat gekos het. Hoewel dit uit die geraadpleegde werke nie vasgestel kon word presies hoeveel die oprigting van die blokhuisstelsel die Britse belastingbetaler gekos het nie, is die bedrag van £1 000 000 beslis nie vergesog nie, en word dit vir die doeleindes van hierdie studie aanvaar. Let egter daarop dat die bemanning van die blokhuse ook nog addisionele onkoste meegebring het.

## HOOFSTUK 4

## DIE OPRIGTING VAN DIE BLOKHUISLINIES

## 1. Inleiding

Die eerste volwaardige sinkblokhuis is aan die begin van Januarie 1901 in die omgewing van Nelspruit opgerig. Vanaf Maart 1901, toe die ronde Rice-tipe blokhuis die eerste keer gebou is, het die tempo van oprigting versnel en het blokhuislinies stadig maar seker hul verskyning begin maak. Aanvanklik het die spoorlynnetwerk as basis vir die blokhuisnetwerk gedien, maar met verloop van tyd is blokhuis ook in linies oor die oop veld opgerig - die sogenaamde "cross-country"-blokhuis. Die meeste van hierdie "cross-country"-blokhuis is langs bestaande paaie opgerig, sodat dié paaie sedertdien ook goeie beskerming geniet het.<sup>1</sup>



— Blokhuislinies

Die ontwikkeling van die blokhuislinies.

Met verloop van tyd het die blokhuislinies soos 'n reuse spinnekopweb oor die lengte en breedte van die oorlogsgebied uitgesprei sodat in totaal ongeveer 8 000 blokhuis oor 'n groot gebied teen Mei 1902 opgerig is. In hierdie hoofstuk word 'n oorsig gegee van

1. L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902* 5, pp. 257-258, 324-326. By die lees van hoofstuk 4 en die verdere hoofstukke in hierdie verhandeling moet die uitvoukaart by p.201 deurgaans byderhand ghou word.

waar en op welke wyse hierdie blokhuislinies tot stand gekom het en wie vir die oprigting daarvan verantwoordlik was. Daar sal ook so ver as moontlik verduidelik word waarom 'n linie juis op dié bepaalde plek opgerig is. Aangesien blokhuisse tegelykertyd op verskillende plekke opgerig is, kan 'n blote chronologiese oorsig verwarrend wees. Gevolglik word agtereenvolgens getel op die verskillende geografiese streke.

## 2. Blokhuislinies in die Kaapkolonie

Die Boere-invalle in Kaapland in Desember 1900 deur genl. J.B.M. Hertzog en kmdt. P.H. Kritzinger en in Februarie 1901 deur genl. C.R. de Wet het dié kolonie se spoorverbindings en ander strategiese punte ernstig bedreig. Die sabotasie van die spoorlyne het druk op die Britse leerleiding geplaas om groter beskerming aan die kommunikasielyne te verleen. Gevolglik is loopgrawe en klipskanse teen Julie 1900 reeds by alle belangrike stasies opgerig. Pogings is aangewend om hierdie verdedigingswerke so laag as moontlik te bou ten einde dit onopsigtelik vir die vyand te maak. Nie al die fortifikasies het aan alle gestelde vereistes voldoen nie, soos duidelik blyk uit die dagboeke waarin die Royal Engineer-offisiere wat die posisies besoek het, melding maak van pogings om die fortifikasies op standaard te kry.<sup>2</sup>

Die geografiese eskalering van die militêre stryd het verbeteringe aan die fortifikasies genoodsaak. Aanvanklik is slegs meerverdiepingblokhuisse opgerig wat bestand was teen vyandelike aanvalle. Vroeg in 1901 is daar reeds met die oprigting van hierdie tipe blokhuisse in die Kaapkolonie begin. Vanaf Wellington tot by Richmondweg, op die Kaapstad-De Aar-spoorlyn, is die eerste agtien klipblokhuisse ter beskerming van die belangrikste spoorbrûe opgerig. Drie kontrakteurs was verantwoordelik vir die oprigting daarvan.<sup>3</sup> Hulle is bygestaan deur die 46th (Field) Company<sup>4</sup> wat met hulle aankoms in Kaapstad op 3 April 1901 dadelik in twee afdelings verdeel is. Die een afdeling, onder

---

2. Royal Engineer Corps Library (Chatham) : S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.296.

3. *Ibid.*, p.298. Die identiteit van die kontrakteurs kon nie in die geraadpleegde bronne opgespoor word nie.

4. Die 46th (Field) Company is in Februarie 1900 te Chatham tot stand gebring onder bevel van kapt. G.E. Smith. In Maart 1901 het die kompanie na Suid-Afrika vertrek. "Records of the South African War, 1899-1902. Records of units. 46th (Field Company), R.E.", *The Royal Engineers Journal* 34, 1.2.1904, p.27.

bevel van kapt. G.E. Smith, is na Worcester gestuur en die ander een, onder bevel van maj. W.F. Hawkins, na Beaufort-Wes. Beide hierdie afdelings was behulpsaam met die oprigting en versterking van die bestaande strukture ter beskerming van die spoorlyn tussen die Paarl en De Aar.<sup>5</sup>

Die plasing van die blokhuse op die walle van riviere was soms riskant. Die feit dat die riviere hul walle tydens swaar reën oorstrom het, het veroorsaak dat die grond vanweë alluviale afsetting onveilig was vir die oprigting van groot konstruksies. Soms het die spoorlyne deur uitgrawings geloop om by die brûe uit te kom. Dit het veroorsaak dat die uitsig van blokhuse wat op die walle geplaas is, beperk was vanweë die steil walle. Soms was die spoorlyn geheel en al buite sig. Hierdie probleem is oorkom deur op beide oewers of aan beide kante van die uitgrawing blokhuse op te rig. Die tweede blokhuis was egter nie altyd 'n groot struktuur nie en het gewoonlik slegs ongeveer sewe tot agt man gehuisves. In gevalle waar twee brûe naby mekaar geleë was, soos by die Breërivier en Dwyka, was een blokhuis by elke brug genoegsaam aangesien die onderskeie bemannings mekaar in 'n geval van nood kon bystaan.<sup>6</sup> Op die Paarl-De Aar-roete was klip- en sementblokhuse by belangrike brûe dus 'n algemene gesig. In teenstelling daarmee het die meeste ander blokhuislyne later in die oorlog bestaan uit die Rice-tipe blokhuis wat goedkoper en vinniger was om op te rig.

Die Paarl-De Aar-blokhuislinie moes volgens kontrak binne ses weke deur drie kontrakteurs voltooi word. Die tyd was selfs onder uiters gunstige omstandighede te kort, aangesien probleme wat tydens oprigting kon opduik, glad nie in aanmerking geneem is nie. Spoorvertragings, die aflewering van foutiewe materiaal, oneffektiewe arbeid en talle ander probleme, het die werk vertraag. Die gevolg was dat die oprigting van een klipblokhuis by Tweefontein, noord van Worcester, drie maande en 24 dae geduur het, terwyl die westelike blokhuis aan die Breërivier, naby Hermon, eers na vyf maande en elf dae voltooi is.<sup>7</sup>

---

5. "Records of the South African War, 1899-1902. Records of units. 46th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 34, 1.2.1904, p.27.

6. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), pp. 298-300.

7. *Ibid.*, p.300.

Wat meerverdiepingblokhuse betref, is daar in Januarie 1901 vasgestel dat ongeveer 160 kubieke meter sement of ruklip by elke brug vir hul oprigting benodig sou word. Dit was veral die geval by die volgende blokhuse: Wellington (400 m noord van die stasie), Eikenboomrivierbrug (suid van Hermon), Koopmansrivierbrug (noord van Hermon), Breërivier (twee blokhuse), Tweefontein, Laingsburgbrug, Geelbek en Ketting (naby Laingsburg), Dwykarivier (twee blokhuse), Fraserburgweg, Beaufort-Wes (die oorspronklike dokument verwys daarna as Beaufort-Wes Gamkabrug, maar daar is een by Gamkabrug sowel as Beaufort-Wes opgerig), Kromrivier (twee blokhuse), Brakpoort (naby Victoria -Wes) en Waterval (naby Merriman).<sup>8</sup>

Die tyd wat dit geneem het om 'n meerverdiepingblokhuis op te rig, het veral van drie faktore afgehang:

- (i) Die beskikbaarheid van sand naby die terrein;
- (ii) die beskikbaarheid van klip naby die terrein;
- (iii) die tyd wat dit sou neem om al die boumateriaal na die bouperseel te vervoer.

Die sement vir die meerverdiepingblokhuse was afkomstig van die Oorlogsdepartement. Negentig sakke sement is vir die klipblokhuse en 160 sakke vir die sementblokhuse gelewer.<sup>9</sup> Dit was volgens die oorspronklike planne voldoende, maar daar is nie rekening gehou met die maak van sementlateie nie. Aangesien die staalplate of staalstange wat as lateie sou dien, nie betyds in die hande gekry kon word nie, moes sementlateie van 61 cm x 30,5 cm vir die skietgate aangebring word. Een deel sand, een deel sement en twee dele klip is hiervoor gebruik.<sup>10</sup>

Probleme soos gebrekkige vervoer en beskikbaarheid van materiaal, het die oprigting van die meerverdiepingblokhuse vertraag. Verskeie gebreke in die ontwerp het gelei tot noodgedwonge veranderinge aan die voorgeskrewe prosedures. Ten einde hierdie probleme op te los, het kol. R. Morris, bevelvoerder van die Royal Engineers in die

---

8. Kaapse Argiefbewaarplek (KAB), Public Works Department, lêer 1/2/19, verwysing B14: Brief aan blokhuisbouers.

9. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S.Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.300.

10. KAB, Public Works Department, lêer 1/2/19, verwysing B14: Brief aan blokhuisbouers.

Kaapkolonie, die volgende voorstelle aan die hand gedoen:

(i) Alle materiaal moes by die punt van oprigting wees voordat met die werk begin is. Daar is tydsgegewys geen voordeel verkry deur te begin bou alvorens alle materiaal nie reeds by die punt van oprigting was nie. Die tyd wat persone ledig was terwyl daar vir materiaal gewag is, het die kostes proporsioneel laat eskaleer.

(ii) Die regte getal werkers vir die opdrag moes deur die kontrakteur voorsien word. Wanneer daar met die werk 'n aanvang geneem is, kon geen werkers sonder die toestemming van die toesighoudende offisier verskuif word nie.

(iii) 'n Verantwoordelike persoon (voorman) moes by elke terrein geplaas word om toesig oor die bou van die blokhuis te hou. Verder is daar ook 'n rondreisende voorman of toesighouer deur die kontrakteur aangestel. Hy moes toesig oor die oprigting van al die blokhuisse in sy streek hou. Omdat dit dikwels moeilik was om die voorman op te spoor, was dit nodig om 'n rondreisende voorman aan te stel wat gereeld verslag kon doen oor die vordering van die blokhuisse.

(iv) 'n Kontrakteur se kontrak moes so lui dat hy verantwoordelik was vir die oprigting van opeenvolgende blokhuisse, met ander woorde langs dieselfde linie. Indien dit sou gebeur dat 'n kontrakteur se bouerreine te verspreid was, sou dit probleme vir die verskaffing van voorrade en toesighouding veroorsaak.

(v) Die hoeveelheid sement benodig, indien dit deur die Oorlogsdepartement verskaf moes word, moes duidelik in die kontrak aangestip word.

(vi) Alle materiaal moes aan die offisier in beheer van die oprigting van die blokhuisse gestuur word. Sodoende kon seker gemaak word dat dit die regte bestemming bereik, aangesien die moontlikheid bestaan het dat van die ander offisiere verplaas kon word met die gepaardgaande verlies aan kontinuïteit.<sup>11</sup>

Vir die oprigting van blokhuisse op die De Aar-Beaufort-Wes-linie het die oprigters die volgende opdragte, vermoedelik vanaf kol. Morris, ontvang:

(i) Die volgende persone was verantwoordelik vir die oprigting van blokhuisse, elkeen in 'n spesifieke streek:

---

11. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), pp.302-303.

(a) Maj. E.F. Taylor, 29th Co. R.E., vanaf De Aar tot 5,6 km noord van Bloubank.

(b) Luit. G.H. Stack, 46th Co, R.E., vanaf 5,6 km noord van Bloubank tot 5,6 km noord van Victoriaweg.

(c) Mnr. Gray (kontrakteur) en kapt. C.G. Burnaby, vanaf 5,6 km noord van Victoriaweg tot 5,6 km noord van Nelspoort.

(d) Kapt. C. Gordon, 9th Co. R.E., vanaf 5,6 km noord van Nelspoort tot by Beaufort-Wes.

(ii) Die blokhuse moes ongeveer 1 200 m van mekaar geplaas word, maar nie verder as 1 500 m nie. Dit moes so geplaas word dat dit binne sigafstand van mekaar gebly het.

(iii) Blokhuse moes so na as moontlik aan die spoorlyn en beskikbare waterpunte opgerig word. Verder moes gepoog word om die blokhuse op hoë grond te plaas.

(iv) Elke blokhuis sou oor 'n 225 liter-watertenk sowel as 'n 27 liter-watertenk vir gekookte en gefiltreerde water beskik. By plekke waar daar geen beskikbare waterbron was nie, moes twee 225 liter-watertenks beskikbaar wees wat deur treine gevul kon word.

(v) 'n Doringdraadversperring moes vir 600 m halfpad tussen elke twee blokhuse opgerig word. Indien daar geen heining langs die treinspoor bestaan het nie, moes 'n heining tot naby die blokhuse opgerig word. Openinge moes egter langs die blokhuse gelaat word sodat vee kon deurbeweeg. Alle hekke moes goed bewaak word en indien dit nie moontlik was nie, moes die hekke toegemaak word. By belangrike kruisings moes blokhuse egter opgerig word.

(vi) Die boonste drie drade van die draadversperrings moes so gemaak word dat alarms later daaraan gekoppel kon word.

(vii) 'n Loopgraaf moes rondom die blokhuse gegrawe word, maar eers later deur die bemannings van die blokhuse.

(viii) Vervoer van byvoorbeeld voedsel na en van die blokhuse, het per trein of ossewa geskied.

(ix) Elke depot moes vyf blokhuse ten noorde en vyf ten suide daarvan van noodsaaklikhede voorsien.

(x) Gedurende die oprigtingsproses moes watervoorsiening verbeter word.

(xi) Blokhuse moes vir uitkenningsdoeleindes genommer word.

(xii) 'n Groep draadspanners onder die toesig van 'n mnr. De Waal was verantwoordelik

vir die oprigting van draadversperrings tussen die blokhuse.<sup>12</sup>

Meerverdiepingblokhuse is met verloop van tyd ook in gebiede buite die Kaapkolonie opgerig. Aangesien hierdie tipe blokhuse lank geneem het om op te rig en duur was, is met verloop van tyd hoofsaaklik Rice-tipe blokhuse opgerig. Die oprigting van meerverdiepingblokhuse is egter nie geheel en al gestaak nie; die klem het bloot op die oprigting van goedkoper en eenvoudiger blokhuse geval.

Verskeie eenhede van die Royal Engineers was verantwoordelik vir die oprigting van die blokhuse. Met hulle aankoms in Kaapstad is hulle uitgeplaas na posisies waar hulle van nut kon wees. Sommige kompanies is reeds voor die uitbreek van die oorlog na belangrike punte op die spoorlyn gestuur met die doel om dit te versterk. So byvoorbeeld het die 7th (Field) Company reeds in September 1899 na hulle onderskeie poste vertrek. Op 18 September is Seksie Nr. 1, onder bevel van 'n Lt. McClintock, na Kimberley gestuur. Die volgende dag het Seksie Nr. 3, onder bevel van Lt.-kol. Kincaid, na Oranjerivierbrug vertrek. Seksie Nr. 2, onder bevel van Lt. Wilson, het eers op 25 September 1899 na De Aar vertrek. Hulle is vergesel van die 29th (Fortress) Company, asook 'n halwe komanie van die King's Own Yorkshire Light Infantry. Met hulle aankoms te De Aar is daar dadelik begin om die posisies te fortifiseer.<sup>13</sup>

Ook die 29th (Fortress) Company het Suid-Afrika voor 11 Oktober 1899 bereik. Buiten Seksie Nr. 1, onder bevel van Lt. A.J. Wolff, wat na De Aar gestuur is, is Seksie Nr. 2 en Seksie Nr. 3 na Noupoort en Seksie Nr. 4 na Stormberg gestuur. Hulle hoofsaak was om die kommunikasielyne te beskerm. Op 1 November 1899 het Seksie Nr. 2 en Seksie Nr. 3 vanaf Noupoort na De Aar vertrek vir versterkings daar. Met verloop van tyd het De Aar dan die hoofkwartier van die 29th (Fortress) Company geword. Hiervandaan het hulle na die behoeftes van Philipstown, Richmond, Britstown, Hopetown en die res van die noordwestelike distrik omgesien. Gedurende die oorlog was dié komanie, in samewerking met die 9de en 46ste kompanies, verantwoordelik vir die oprigting van

---

12. Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, A4984/29: Instructions regarding the erection of blockhouses, pp.1-2.

13. "Records of the South African War, 1899-1902. Records of units. 7th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 33, 1.12.1903, p.265.

blokhuse in die noordelike deel van die Kaapkolonie. Verskeie ander afdelings is onderskeidelik ook na Oos-London, Port Elizabeth en Burgersdorp gestuur. Na die beëindiging van vyandighede in 1902 was die 29th (Fortress) Company ook verantwoordelik vir die afbreek van blokhuse.<sup>14</sup>

Gedurende Februarie 1901 het Seksie Nr. 3 van die 7th (Field) Company, onder bevel van lt. H. Musgrave, die verantwoordelikheid vir die verdediging van die Oranjerivierbrug oorgeneem. In dieselfde maand het maj. E.D. Haggitt en lt. E.E.B. Wilson met vyftien man 'n aantal myne by al die driewe tussen Aliwal-Noord en Norvalspont gelê.<sup>15</sup>

De Wet se inval in die Kaapkolonie in Februarie 1901,<sup>16</sup> asook die beplanning van die eerste dryfjag in dié kolonie, het aanleiding gegee tot die oprigting van blokhuislyne in die Middellande. Tot in daardie stadium was die oprigting van blokhuse beperk tot meerverdiepingblokhuse by enkele sleutelpunte. Amery wys daarop dat, terwyl die spoorlyne in die Vrystaat en Transvaal meerendeels deurlopend deur blokhuse beskerm is, dit nie die geval in die Kaapkolonie was nie; met ander woorde, daar was geen aaneenlopende blokhuislinies langs spoorlyne daar nie. Dié situasie het egter gou verander. Die eerste volledige linie wat 'n hele spoorlyn beskerm het, het gestrek vanaf Oranjerivierstasie tot by Stormberg en is teen Julie 1901 voltooi.<sup>17</sup>

Die voorafvervaardiging van sekere komponente en die oprigting van die blokhuse in die linie vanaf Oranjeriverstasie via De Aar, Noupoot en Middelburg na Stormberg, is deur eenhede onder bevel van genl.-maj. E. Wood behartig. Die verspreiding van die materiaal en die aanwysing van arbeid, met ander woorde watter eenhede verantwoordelik was vir die oprigting van watter blokhuisseksie, was die verantwoordelikheid van maj. F.C. Heath,<sup>18</sup> wat op sy beurt weer onder kol. Inigo Jones

14. "Records of the South African War, 1899-1902. Records of units. 29th (Fortress) Company R.E.", *The Royal Engineers Journal* 33, 1.8.1903, pp.167-168.

15. "Records of the South African War. Records of units. 7th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 33, 1.12.1903, p.267.

16. Wat De Wet se inval in die Kaapkolonie betref, kyk ook bv. C.R. de Wet, *De strijd tussen Boer en Brit*, pp.264-290; W.L. von R. Scholtz, *Generaal De Wet as veldheer*, pp.287-362.

17. Amery 5, p.314.

18. E.H. Bethell, "The blockhouse system in the South African War" in A.T. Moore (red.), *Professional papers of the Corps of Royal Engineers* 30, 1904, p.281.

se bevel gestaan het. Kitchener se opdrag was dat die spoorlyn binne vyftien dae van blokhuse voorsien moes word. Hoe goed die taak uitgevoer is, blyk uit die feit dat dit binne die vasgestelde tyd voltooi is en dat daar oor 'n afstand van 386 km altesaam 387 Rice-tipe blokhuse opgerig is.<sup>19</sup>

'n Afdeling van die 16th (Field) Company onder bevel van lt. L.C.A. de B. Doucet, 'n seksie van die 1st Sussex Volunteers onder lt. L. Paramor en die 1st Battalion Coldstream Guards was verantwoordelik vir die oprigting van blokhuse langs die spoorlyn tussen Stormberg en De Aar,<sup>20</sup> en kapt. G.M. Hutton van die 9th (Field) Company vir die Oranjerivier-De Aar-lyn.<sup>21</sup> Altesaam 80 blokhuse is langs laasgenoemde linie opgerig.<sup>22</sup> Op die Oranjerivier-De Aar-lyn het Hutton eers die mure van die blokhuse laat oprig en die onvoltooide blokhuse beman voordat die dak later opgesit is. Daar was geen skietgate in die voorafvervaardigde blokhuse wat vanaf Kaapstad aan hom gestuur is nie. Gevolglik moes die sinkplaat by die plek van oprigting gesny word om voorsiening vir skietgate te maak. Dit het drie sappeurs en twintig infanteriste en swart en bruin arbeiders ongeveer ses tot nege uur geneem om 'n blokhuis met sy draadversperrings en loopgrawe op te rig.<sup>23</sup>

Na die voltooiing van die blokhuislinies in die Middellande is aandag aan die versterking van ander linies geskenk. In Oktober 1901 is opdrag gegee dat die spoorlyn tussen De Aar en Beaufort-Wes van blokhuse voorsien moes word. Maj. W.F. Hawkins van die 46th (Field) Company was verantwoordelik vir die hele lyn en die werk is teen die einde van November 1901 voltooi. Luitenant G.H. Stack, E.T.L. Jenkins en J.E.C. Partridge was verantwoordelik vir die gedeelte tussen Richmond- en Victoriaweg.<sup>24</sup>

Deur blokhuse in die Middellande al langs die spoorlyne op te rig, is dié gebied van die

---

19. Amery 5, pp.314-315; Bethell, p.281.

20. "Records of the South African War. Records of units. 46th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 34, 1.2.1904, p.27.

21. Bethell, p.281.

22. "Records of the South African War, 1899-1902. Records of units. 9th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 33, 1.3.1903, p.98.

23. Bethell, pp.281-282.

24. "Records of the South African War 1899-1902. Records of units. 6th (Fortress) Company", *The Royal Engineers Journal* 34, 1.2.1904, p.28.

Kaapkolonie sonder die toevoeging van die sogenaamde "cross-country" blokhuisse in hanteerbare distrikte verdeel. In die westelike deel van die Kaapkolonie was dit egter nie die geval nie. Wes van die Kaapstad-De Aar-spoorlyn was 'n groot, ongerepte gebied waar die Boere nog vryelik kon rondbeweeg, met die gevolg dat Kitchener op 3 Desember 1901 opdrag gegee het dat 'n blokhuislinie wat die gebied horisontaal in twee sou verdeel, opgerig moes word.<sup>25</sup> Veral genl. Manie Maritz, wat 'n groot invloed in die omgewing uitgeoefen het, het gedurig daarin geslaag om die Britse magte lastig te val. Die Boere het ook daarin geslaag om die Britse magte wat in die onherbergsame noordweste gestasioneer was, in so 'n mate lastig te val dat Britse konvooe, wat die enigste manier was om voedsel aan die garnisoene te verskaf, nie altyd hulle bestemmings bereik het nie.<sup>26</sup> Die oprigting van 'n blokhuislinie sou beter beskerming aan die konvooe verleen, en terselfdertyd die Boere se invloed in die gebied ondermyn.

Vier moontlike roetes is vir hierdie blokhuislinie voorgestel:

- (i) Vanaf Beaufort-Wes deur Sutherland en Clanwilliam na Lambertsbaai.
- (ii) Vanaf Beaufort-Wes deur Touwsrivier, Elandsvlei en Clanwilliam na Lambertsbaai.
- (iii) Vanaf Victoriaweg deur Carnarvon, Williston, Calvinia en Clanwilliam na Lambertsbaai.
- (iv) Vanaf Victoriaweg via Carnarvon, Williston, Calvinia en Vanrhynsdorp na die mond van die Olifantsrivier.<sup>27</sup>

Daar is op die derde roete besluit, want dit sou beter daarin slaag om die gebied in naastenby twee ewe groot gebiede te verdeel. Dit was ook 'n poging om die Kaapkolonie teen invalle vanuit Griekwaland-Wes te beskerm.<sup>28</sup> In Desember 1901 is met die bou daarvan begin.<sup>29</sup> Die 46th (Field) Company was deels verantwoordelik vir die oprigting van blokhuisse vanaf Victoriaweg na Calvinia. Hulle is bygestaan deur lede

---

25. M.H. Grant, *History of the war in South Africa 1899-1902* [hierna vermeld as *Official history*] 4, p.364.

26. L.M. Fourie, *Die militêre loopbaan van Manie Maritz tot aan die einde van die Anglo-Boereoorlog*, pp.35-43.

27. "Records of the South African War. Record of units. 46th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 34, 1.2.1904, p.28.

28. Royal Engineer Corps Library (Chatham) : S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.314.

29. Amery 5, p.401.

van die 4th Field Troop onder bevel van lt. L.C. Jackson, en die Sussex Volunteers onder bevel van lt. L. Paramor.<sup>30</sup>

Lt. W.A. de C. King en die 4th Field Troop was verantwoordelik vir die skoonmaak van die terrein waar blokhuse opgerig moes word, terwyl die res van die afdeling die uiteindelijke oprigting van die blokhuse moes behartig. Maj. W. Bentick en sy afdeling, die Carnarvon District Mounted Troops, en twee kompanies van die 3rd West Riding Regiment, het die nodige beskerming verleen. Hulle is later deur die 3rd Argyle and Sutherland Highlanders vervang. Hierdie blokhuislyn het Calvinia bereik net voor die beëindiging van die oorlog in Mei 1902.<sup>31</sup>

Intussen is daar met die blokhuislyn vanaf Lambertsbaai deur Clanwilliam na Doornrivier begin, waarvoor kapt. C.G. Burnaby, saam met Kaapstadse kontrakteurs, verantwoordelik was. Maj. W.G. Lawrie en 'n sekere kapt. Ridout moes die res van die blokhuse vanaf Doornrivier tot by Calvinia, waarvan die meerderheid van die Rice-tipe was, oprig.<sup>32</sup>

Die aantal blokhuse wat opgerig is en die tyd wat dit geneem het om dit te voltooi, was soos volg:

- (i) Victoriaweg - Carnarvon (128 km): 112 blokhuse en drie poste (14 Desember 1901 - 24 Januarie 1902).
- (ii) Carnarvon - Williston (131 km): aantal blokhuse onbekend (25 Januarie 1902 - 20 April 1902).
- (iii) Williston - Calvinia (102 km): aantal blokhuse onbekend (3 Mei 1902 - 31 Mei 1902).
- (iv) Lambertsbaai - Clanwilliam (55 km): 53 blokhuse (14 Desember 1901- 15 Januarie 1902).
- (v) Clanwilliam - Calvinia (199 km): aantal blokhuse onbekend (15 Januarie 1902 - 28 Mei 1902).<sup>33</sup>

---

30. "Records of the South African War. Record of units. 46th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 34, 1.2.1904, p.28.

31. *Ibid.*

32. *Ibid.*

33. Bethell, p.285; *Official history* 4, p.575.

Daar is verskeie probleme tydens die oprigting van hierdie linie ondervind. Die groot afstande het dit moeilik gemaak om genoegsame voorraad en blokhuis materiaal betyds by die punt van oprigting te kry. Hierdie probleem het veral ernstige afmetings aangeneem toe die punt van oprigting ongeveer 320 km en verder vanaf Victoriaweg was. Donkiewaens was die beste middel van vervoer, alhoewel ossewaens ook gebruik is. Dit was egter 'n probleem om voldoende water en voer vir die osse in hierdie barre landstreek te kry. Daar moet in gedagte gehou word dat die materiaal vir die blokhuis per spoor na Victoriaweg geneem is, waarvandaan dit dan met 'n donkiewa na die punt van oprigting vervoer moes word, want geen ander dorp op die lyn is deur middel van 'n spoorlyn met Victoriaweg verbind nie.

Teen die einde van die oorlog is die donkiewaens aangevul deur stoomtrekkers. Die gebruik van hierdie stoomtrekkers, onder bevel van lt. I.J. Connor van die 45th (Steam Road Transport) Company, het dit vir die donkiewadrywers moontlik gemaak om Pampoenpoort as basis te gebruik. Dit het beteken dat die donkiewaens eers 80 km vanaf die punt van oprigting noodsaaklik geword het.<sup>34</sup>

Nog 'n groot probleem waarmee die blokhuisbouers te kampe gehad het, was die beskikbaarheid van water. Ten einde die probleem op te los, is 'n aantal boormasjiene van die Cape Colony Public Works Department verkry. Onder leiding van 'n sekere mnr. Mellish is verskeie boorgate langs die roete gesink. Aan die Victoriaweg-kant van die lyn is ses donkiebore en een stoomboor gebruik, terwyl slegs twee donkiebore nodig was aan die Lambertsbaai-kant. Tussen Lambertsbaai en Doornrivier was dit nie nodig om boorgate te sink nie aangesien water daar volop was. Teen die einde van die oorlog was daar elke sewe kilometer 'n boorgat.<sup>35</sup>

Die groot afstand waaroor die linie gestrek het en die feit dat dit slegs op een punt aan die spoorlyn verbind was, het hierdie linie militêr gesproke onsuksesvol gemaak. Boonop was die blokhuis aanvanklik ver van mekaar af met min of geen verdedigingswerke

---

34. "Records of the South African War. Record of units. 46th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 34, 1.2.1904, p.28.

35. *Ibid.*

tussen-in nie. Doringdraadversperrings is ook eers later aangebring.<sup>36</sup> Die koste verbonde aan die oprigting van hierdie lyn was dus, gemeet aan die resultate wat bereik is, nie geregverdig nie. Baie van die blokhuse was egter óf onbeman óf deur Kleurlingtroepe beman wat nie altyd goed gemotiveer was nie. Ter illustrasie verwys Amery na die feit dat Britse soldate, vermom as Boere, by geleentheid verskeie blokhuse wat deur Kleurlinge beman is, aangeval en ingeneem het. Die bemannings was naamlik besig om kaart te speel!<sup>37</sup> Die voltooiing van die Lambertsbaai-Clanwilliam-linie het egter wel verhoed dat genl. J.C. Smuts, wat vanaf November 1901 in die gebied bedrywig was, maklik na Kaapstad sou kon deurbreek.<sup>38</sup>

Bo en behalwe die amptelike blokhuislinies, is daar ook in verskeie dorpe in die Kaapkolonie soos in Okiep, Springbok en Concordia, blokhuse deur die plaaslike garnisoene opgerig. Okiep is vanaf 5 April 1902 deur Smuts beleër en tydens die beleg moes hy deur 'n ring van ongeveer veertien blokhuse en 'n aantal versterkte poste dring voordat hy die dorp self kon bereik. Alhoewel hy daarin geslaag het om ten minste twee blokhuse in te neem, kon hy die dorp nie inneem nie, en is die beleg op 4 Mei 1902 beëindig.<sup>39</sup>

Blokhuislinies in die Oos-Kaap het gestrek vanaf Cradock tot by Rosmead, waar dit by die Stormberg-Noupoort-linie aangesluit het. Vanaf Queenstown tot by Stormberg het daar ook 'n linie gestrek en so ook vanaf Aliwal-Noord in 'n noordooswaartse rigting tot waar die Oranje- en Makhalengrivier ineenvloei. Hierdie blokhuislinies is opgerig omdat die Boere se invalle in die Kaapkolonie, en veral dié van Kritzinger en Smuts, die vrede in Oos-Kaapland bedreig het. Deur blokhuse op te rig, is 'n poging aangewend om die spoorlyne vanaf Port Elizabeth en Oos-London te beskerm in die gebied waar die Boere die meeste opgetree het. Met die verdere versterking van die spoorlyne is ook gepoog om Boere-invalle in die Noordoos-Kaap te voorkom.

---

36. "The Anglo-Boer War diary of Major H.S. Jeurwine" in A. Wessels *et al.* (reds.), *Egodokumente: persoonlike ervarings uit die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p.85.

37. Amery 5, p.543.

38. *Official history* 4, p.365.

39. Vir meer besonderhede aangaande die beleg van Okiep, kyk bv. P. Burke, *The siege of O'Okiep, passim*; *Official history* 4, pp.470-472; Amery 5, pp.551-553.

Die Oranjerivierstasie-Kimberley-Veertien Strome-linie het uit 'n totaal van 182 blokhuse van verskillende tipes bestaan. Daaronder was drie dubbelverdieping-klipblokhuse wat aldrie nog bestaan. Die Kimberley-streek het in totaal 386 blokhuse (ingeslote dié langs die treinspoor) gehad.<sup>40</sup> Kapt. Harvey meld egter dat daar sewentien klip- en 352 Rice-tipe blokhuse was wat sy totaal op 369 vir dié streek bring.<sup>41</sup>

Met die beëindiging van vyandelikhede op 31 Mei 1902 was die blokhuislinies in die Kaapkolonie soos volg versprei: vanaf Beaufort-Wes in die suide na Warrenton in die noorde; vanaf Cradock na Norvalspont aan die Oranjerivier; vanaf Queenstown na Bethulie; vanaf Bethulie na die Sterkspruit-omgewing; en vanaf De Aar via Noupoot en Middelburg na Stormberg. Ten slotte was daar die Lambertsbaai-Victoria-Wes-blokhuislinie wat uit ten minste 165 Rice-tipe blokhuse en klipfortjies bestaan het. Volgens die tabel van kapt. R. Harvey moes daar altesaam ten minste 2 772 Rice-tipe blokhuse, 141 klipmesselwerkblokhuse en 32 veldskanse in die Kaapkolonie gewees het.<sup>42</sup> By hierdie syfers is Aliwal-Noord, Kimberley en omgewing sowel as die Mafeking (westelike) distrik ingesluit. Die totale bemannings vir die Rice-tipe blokhuse (sewe man per blokhuis) sou ongeveer 19 500 gewees het, vir die klipmesselwerkblokhuse (met 'n konserwatief berekende gemiddelde bemanning van tien per blokhuis) 'n totaal van ongeveer 1 500 en vir die 32 veldskanse (met gemiddeld sê vyf man per skans) ongeveer 160 man. 'n Totaal van ongeveer 21 000 blanke soldate het dus as blokhuiswagte in die Kaapkolonie diens gedoen, plus swart en bruin persone wat veral snags wagdiens verrig het.

### 3. Blokhuislinies in die Oranje-Vrystaat

Dit is nie duidelik wanneer en waar die eerste blokhuse in die Vrystaat opgerig is nie.<sup>43</sup>

---

40. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W. 3: List of blockhouses erected in the Kimberley District from 1/12/00 to 31/5/02.

41. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905: R. Harvey, Table showing no. of blockhouses and posts to date.

42. *Ibid.*

43. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W. 11: Record of engineer work done during the war, p.1.

In Desember 1900 is daar begin met die oprigting van meerverdiepingblokhuse.<sup>44</sup> Die agtkantige en reghoekige blokhuse het ongeveer teen die einde van Februarie 1901 in die Vrystaat hulle verskyning gemaak,<sup>45</sup> en eers teen die einde van Mei 1901 is daar begin met die oprigting van die Rice-tipe. Aan die begin was daar 'n interval van 2 km tussen hulle, maar namate die oorlog voortgeduur het, het die afstand in al die streke na ongeveer 1 km en op sommige plekke selfs nader, gekrimp.<sup>46</sup>

Voor die oprigting van die meerverdiepingblokhuse in die Vrystaat, het daar wel reeds teen Desember 1900 grond- en klipstrukture ter beskerming van sekere belangrike posisies bestaan. Hierdie strukture is by die volgende plekke langs die spoorlyne geplaas: Wolwehoek, Kromellenboog, Vredefortweg, Leeuspruit, Renoster, Roodewalspruit, Serfontein, Heuningspruit, Amerika, Kroonstad, Boschrand, Holfontein, Holfonteinsylyn en Ventersburgweg.<sup>47</sup> Op die suidelike spoorlyn vanaf Bloemfontein na Norvalspont en Bethulie was daar Britse garnisoene by Edenburg, Springfontein, Norvalspont en Bethulie, terwyl die belangrikste brûe deur veldskanse beskerm is. So 'n veldskans het gewoonlik uit 'n opgeworpe grondwal bestaan.<sup>48</sup> In die distrik noord van Bloemfontein is die volgende posisies langs die spoorlyn deur veldskanse beskerm: Glen, Karee, Brandfort, Houtenbeck, Eensgevonden, Vetrivier, Virginia, Rietspruit en Winburg. Hierdie veldskanse was aanvanklik vinnig opgerigte loopgrawe, maar is later verbeter sodat dit beskerming teen kantvuur kon verleen. Daar is ook dakke oor die loopgrawe opgerig en doringdraad is om die posisies geplaas. In Desember 1900 is daar begin om meerverdiepingblokhuse van sement langs dié deel van die spoorlyn op te rig.<sup>49</sup>

Namate die oorlog voortgeduur het, het meerverdiepingblokhuse 'n ankerrol in die

---

44. "Records of the South African War, 1899-1902. Records of units. 38th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 34, 1.3.1904, p.53.

45. "Records of the South African War, 1899-1902. Records of units. 7th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 33, 1.12.1903, p.267.

46. *Official history* 4, p.571.

47. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W.11: Report on work done by 38th Company R.E. 1/12/1900 to 31/12/1901, p.2.

48. "Records of the South African War. Records of units. 7th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 33, 1.12.1903, p.267; Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W.11: Report on work done by the Seventh Field Company, R.E. from Dec. 1st 1900 to Dec. 31st 1901, p.1.

49. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W.11: Diary of work done by 20th Company R.E. 1/12/00 to 31/12/01, pp.1-2.

beskerming van die belangrikste spoorbrûe gespeel. In die Vrystaat is daar in Desember 1900 met die oprigting daarvan begin en die volgende plekke het blokhuse en ander versterkings gekry:

Glen - een enkelverdieping-klipmesselwerkblokhuis en drie korfskanse.<sup>50</sup>

Karee - een enkelverdieping-klipmesselwerkblokhuis en drie korfskanse.

Doornspruit - een korfskans.

Brandfort - een dubbelverdieping-klipmesselwerkblokhuis sowel as agt klipmesselwerkblokhuse.

Houtenbeck - twee korfskanse.

Eensgevonden - twee sinkplaatblokhuse met staalplaatskietgate.

Vetrivier - een dubbelverdieping-klipmesselwerkblokhuis en een klipmesselwerkblokhuis.

Smaldeel - ses klipmesselwerkblokhuse.

Doornrivier - twee betonblokhuse.

Virginia - een dubbelverdieping-klipmesselwerkblokhuis en een sinkplaatblokhuis met staal skietgate.

Rietspruit - een klipmesselwerk- en een sinkplaatblokhuis met staal skietgate.

Winburg - drie klipforte.<sup>51</sup>

Wat die spoorlyn in die omgewing van Kroonstad betref, het die verdedigingswerke wat beskerming aan die spoorlyn moes voorsien, slegs uit veldskanse en doringdraad bestaan. Die spoorlyn is ook beskerm deur patrollies. Hulle het elke dag 'n sekere deel van die spoorlyn gepatrolleer. Daar is besef dat dit nie voldoende sou wees nie en die ploegbaashuisies<sup>52</sup> wat elke 8 km langs die spoorlyn geleë was, is toe versterk en as bykomende beskerming gebruik. Ten einde nog verdere beskerming aan die spoorlyn te verleen, is daar die volgende stappe geneem:

\* By Wolwehoek is vier grondblokhuse opgerig.

\* By Kromellenboog en Vredefortweg het die skanse bestaan uit klipmesselwerke, terwyl by laasgenoemde twee klipmesselwerktoerings opgerig is.

50. 'n Korfskans is 'n silindervormige verdedigingstruktuur wat meestal van grond of metaal gebou is.

51. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W.11: Diary of work done by 20th Company R.E. 1/12/00 to 31/12/01, p.2.

52. 'n Ploegbaas was die persoon verantwoordelik vir die instandhouding van 'n betrokke gedeelte van die spoorlyn.

- \* By Rhenoster is nege blokhuse met klipmure opgerig.
- \* By Rooiwalspruit en Heuningspruit het die skanse uit mieliesakke bestaan.
- \* By Amerika is 'n dik klipmuur reg rondom die posisie opgerig.
- \* By Kroonstad is maklik verdedigbare barakke asook drie klipmesselwerkblokhuse aan beide kante van die kanonstellings te Gun Hill opgerig.
- \* In Kroonstad is 'n skans van mieliesakke in Seksie C<sup>53</sup> opgerig terwyl in Seksie K 'n skans met 'n klipmuur opgerig is. In Seksie B is 'n klipmesselwerk toring deur mnr. Rowe en Marshall opgerig, terwyl daar rondom die toring 'n korfskans bestaande uit staalplate opgerig is.<sup>54</sup> Die bemannings het binne-in die skanse geslaap ten einde gereed te wees vir enige vyandelike gebeurlikhede.<sup>55</sup>
- \* By Boschrand is 'n skans bestaande uit grondwalle gebou.
- \* By Holfontein is 'n seskantige skans gebou.
- \* By Holfonteinsylyn is die loopgrawe met mekaar verbind om sodoende 'n geslote verdedigingswerk te vorm.
- \* By Ventersburgweg is daar van grondwalle vir die skanse gebruik gemaak.<sup>56</sup>

Gedurende Desember 1900 het die offisiere in beheer van die beskerming van die spoorlyn opdrag ontvang om met die oprigting van meerverdieping-klipmesselwerkblokhuse te begin. Alhoewel kontrakteurs sommige opgerig het, het die Royal Engineers die vloere gelê en die dakke opgesit.<sup>57</sup>

Die volgende klipmesselwerkblokhuse is vanaf Desember 1900 tot vroeg in 1901 in die Kroonstad-distrik opgerig:

Kromellenboog - twee deur kontrakteurs.

Leeuspruit - een deur 'n kontrakteur en een deur die Royal Engineers.

---

53. Kroonstad is vir verdedigingsdoeleindes in verskeie seksies verdeel, vandaar die verwysings na die verskillende seksies.

54. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W.11: Report on work done by 38th Company R.E. 1/12/1900 to 31/12/1901, pp.2-3.

55. "Records of the South African War, 1899-1902. Records of units. 38th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 34, 1.3.1904, p.53.

56. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W.11: Report on work done by 38th Company R.E. 1/12/1900 to 31/12/1901, pp.3-4.

57. "Records of the South African War 1899-1902. Records of units. 38th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 34, 1.3.1904, p.53; Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W. 11: Report on work done by 38th R.E. 1/12/1900 to 31/12/1901, p.4.

Grootvlei - een deur 'n kontrakteur.

Rhenoster - twee deur 'n kontrakteur.

Kroonstad - "A"-seksie - fort deur die Royal Engineers; "E"-seksie - blokhuis deur die Border Volunteers.

Bloemspruit - twee deur die Royal Engineers.

Holfontein - twee deur 'n kontrakteur.<sup>58</sup>

Vroeg in 1901 is daar 'n begin gemaak met die grootskaalse oprigting van blokhuisse langs die spoorlyne, met ander woorde, blokhuisse was nou nie slegs beperk tot die belangrikste punte op die spoorlyn nie, maar is ook tussenin opgerig ten einde linies te vorm. Op die Kroonstad-Bloemfontein- asook op die Bloemfontein-Norvalspont- en Springfontein-Bethulie-spoorlyn het die oprigting feitlik gelyktydig in Januarie 1901 begin. Op beide spoorlyne is die skanse en fortifikasies wat reeds bestaan het, vervang met klipmesselwerk- asook sinkblokhuisse. Vroeg in Januarie 1902 het Lt.-kol. E.H. Bethell, inspekteur van blokhuislinies, daarop gewys dat die intervalle tussen die blokhuisse op die spoorlyne te groot was. Twintig ekstra blokhuisse moes nou op die spoorlyn tussen Wolwehoek en Ventersburgweg opgerig word. Verder moes die nie-permanente strukture op die linie deur permanente strukture vervang word. Die vier grondblokhuisse te Wolwehoek is derhalwe deur twee Rice-blokhuisse vervang. By Holfontein, Kromellenboog, Vredefortweg en Seksie C te Kroonstad, is die skanse verwyder, terwyl die poste te Holfonteinsylyn, Boschrand en Rooiwalspruit met Rice-blokhuisse vervang is.<sup>59</sup>

Volgens die verslag wat in die *Royal Engineers Journal* gepubliseer is, is daar teen die einde van 1901 op die Bloemfontein-Norvalspont- en Springfontein-Bethulie-spoorlyn 240 forte en blokhuisse opgerig, wat gewissel het van drieverdieping-klipmesselwerkblokhuisse met mure van 76 cm dik tot (hoofsaaklik) Rice-tipe blokhuisse. Verder is 197 km van die

---

58. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W. 11: Report on work done by 38th Company R.E. 1/12/1900 to 31/12/1901, p.4.

59. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W.11: Report on work done by 38th Company R.E. 1/1/1901 to 31/3/1902, p.2.

spoorlyn met alarmgewere, fakkels en ander beskermingsmaatreëls toegerus.<sup>60</sup> Hiervan het die 7th (Field) Company alleen 175 blokhuse opgerig, wat soos volg versprei was:

Afdeling	Afstand	Rice-tipe	Meerverd.	Ander
Bloemfontein-Springfontein	141km	61	4	20
Springfontein-Norvalspont	51km	31	2	4
Springfontein-Bethulie	45km	28	2	5
Bloemfontein-Waterwerke	35km	18	-	-
<b>TOTALE</b>	<b>272km</b>	<b>138</b>	<b>8</b>	<b>29</b>

Die meerverdieping-blokhuse op die roete is by die volgende plekke opgerig: Kafferrivier (2), Rietrivier(2), Norvalspont(2) en Bethuliebrug(2).<sup>61</sup>

Die eerste blokhuse wat volledig in Suid-Afrika vervaardig en ontwerp is, naamlik die reghoekige tipe, is in Januarie 1901 in Oos-Transvaal in gebruik geneem. Hierdie blokhuse is ook in die Vrystaat opgerig nadat tekeninge en later ook modelle daarvan aan die Royal Engineers alhier gestuur is. Toe die Rice-tipe blokhuis sy verskyning gemaak het, het die tempo van oprigting dramaties toegeneem. Dit het meebring dat die blokhuse nie net tot die spoorlyne beperk was nie.<sup>62</sup> Hierdie blokhuislinies het vanaf die reeds bestaande spoorlyne uitgekring na die binneland. Die sogenaamde "cross-country"-blokhuislinies het nou op die toneel verskyn. Die doel van hierdie linies was om die gebiede waar die Boere aktief was, in streke af te kamp en te verdeel. Daar is dan gepoog om hulle deur middel van dryfjagte teen die blokhuislinies van so 'n streek vas te druk, waar hulle dan gevang kon word.

Die eerste linie van dié aard in die Vrystaat was die linie tussen Bloemfontein en Ladybrand. Gedurende die tweede helfte van 1900 het die Britse magte reeds

60. "Records of the South African War. Records of units. 7th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 33, 1.12.1903, p.267.

61. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinstnr. 10905, lêer B.W. 11: Report on work done by the Seventh Field Company, R.E. from Dec. 1st 1900 to Dec. 31st 1901, p.1.

62. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.309.

bogenoemde roete beveilig deur middel van 'n sogenaamde "snake trench". Hulle het ook garnisoene by die Sannaspos-waterwerke, Thaba 'Nchu (Zwartlaagte en Warringhams) en Ladybrand gestasioneer. Die "snake trenches" was elk ongeveer 1,8 km tot 4,8 km uitmekaar geleë, en hulle primêre doel was om die roete vanaf Bloemfontein na Basoetoland te beskerm. So 'n "snake trench" het bestaan uit 'n S-vormige loopgraaf. Klippe is gewoonlik as borswering gebruik terwyl die grond wat uitgegrawe is, agter die loopgraaf gegooi is en nie daarvoor soos die algemene gewoonte was nie.<sup>63</sup> Namate die oorlog egter voortgeduur het, het daar 'n sekondêre doel met die Bloemfontein-Ladybrand-Maseru-linie begin ontwikkel, naamlik om die Boere deurgang tussen die Noordoos- en Suidoos-Vrystaat te ontsê. Hierdie roete was oos van die Bloemfontein-Bethulie-spoorlyn geleë en is gereeld deur die Boere gebruik, veral in hulle pogings om die Kaapkolonie te bereik. As 'n poging om die roete as sodanig vanaf Bloemfontein na Maseru te beveilig, was dit suksesvol, maar as 'n poging om die Boere se bewegings tussen die Noordoos- en Suidoos-Vrystaat te kniehalter, was dit onsuksesvol, soos De Wet se deurtogte in November en Desember 1900 en in Januarie 1901 bewys het.<sup>64</sup>

Die uiteinde was dat 'n doringdraadversperring tussen die bestaande strukture opgerig is ten einde toekomstige oortogte te probeer verhoed. Buiten die versperrings is daar ook verskeie klip- en grondforte met mure van ongeveer 2 m hoog opgerig. Dit was nie 'n groot sukses nie aangesien voortdurende instandhoudingswerk nodig was. Mettertyd is van Rice-blokhuse gebruik gemaak om die lyn verder te beskerm. Namate die verloop van die oorlog dit vereis het, is alarmgewere en doringdraadversperrings langs die hele linie, en versperrings by alle natuurlike deurgange aangebring.<sup>65</sup> Uiteindelik is daarin geslaag om die Bloemfontein-Maseru-blokhuislinie te beveilig, maar nie om die Boere deurgang na die Kaapkolonie te ontsê nie.

---

63. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W.11: Diary of work done by 20th Company R.E. 1/12/00 to 31/12/01, pp.3-4.

64. Amery 5, p.260; *Official history* 3, pp.469-496; Scholtz, pp.261-319. Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie bronne noem dat De Wet deur die **blokhuislinies** tussen Bloemfontein en Maseru deurgebreek het. Hierdie stelling is egter foutief aangesien daar in daardie stadium nog net S-vormige "snake trenches" bestaan het. Die verslag van die 20th Company Royal Engineers maak melding van die feit dat De Wet by twee geleenthede daarin geslaag het om deur die loopgraaflynies te breek.

65. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W. 11: Diary of work done by 20th Company R.E. 1/12/00 to 31/12/01, pp.3-4.

Die Bloemfontein-Maseru-blokhuislinie was 131 km lank en het uit 79 blokhuisse bestaan. Drie seksies het die linie uitgemaak, te wete:

- \* Bloemfontein-Sannaspos (32 km): 17 blokhuisse deur 288 soldate beman.
- \* Sannaspos-Thaba 'Nchu (32 km): 25 blokhuisse deur 467 soldate beman. Daar was ook vier poste (grondforte) op die heuwels tussen Vaalrust en Victorianek, asook ses rondom Thaba 'Nchu.
- \* Thaba 'Nchu-Caledonrivier-Maseru (67 km): 37 blokhuisse deur 'n onbekende aantal soldate beman. Daar was ook grondforte te Sprinkaansnek, Carmel, Crimea, Uitwaltz en Babsfontein.<sup>66</sup>

Hierdie blokhuislinie was egter nie die enigste "cross-country"-blokhuislinie in die Vrystaat nie, want buiten die South African Constabulary Posts<sup>67</sup> waarmee daar vroeg in April 1901 'n aanvang gemaak is, het daar in Junie 1901 'n afdeling van die 7th (Field) Company, bestaande uit tien soldate en 30 arbeiders onder bevel van lt. R.L. McClintock, na Panfontein buite Bloemfontein vertrek. Hulle moes 'n aantal blokhuisse op die pad tussen Bloemfontein en Petrusburg oprig. Hierdie werk moes egter gestaak word nadat slegs ses blokhuisse opgerig is, aangesien daar nie genoeg manskappe beskikbaar was om dit te beman nie. Die doel van dié blokhuislinie was om beter beskerming aan Bloemfontein te bied. 'n Maand later het lt. C.C. Trench met ses soldate en 30 arbeiders na Belmont vertrek met die doel om blokhuisse ter beskerming van die spoorlyn tot by Windsorton op te rig.<sup>68</sup>

Kitchener het in Oktober 1901 opdrag gegee dat daar begin moes word met die bou van 'n blokhuislinie vanaf Heilbron na Frankfort en dan ook na Vrede. Kol. J.H. Damant is na Frankfort gestuur en lt.-kol. A.E. Wilson na Heilbron om met die oprigting daarvan te begin.<sup>69</sup> Hierdie lyn het gepoog om die area in die Noordoos-Vrystaat, waar De Wet in daardie stadium baie bedrywig was, te beskerm. Die feit dat Tafelkop langs hierdie

---

66. Bethell, p.285; *Official history* 4, p.574; Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.312.

67. Kyk ook onderafdeling 4, *infra*.

68. "Records of the South African War. Records of units. 7th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 33, 1.12.1903, p.268.

69. *Official history* 4, pp.329-330.

linie geleë is, het ook 'n rol gespeel in die oprigting daarvan. Tafelkop is gereeld deur die Boere as heliograafbasis gebruik. Die Heilbron-Frankfort-blokhuislyn is teen November 1901 voltooi, waarna die bou van die lyn na Tafelkop op 26 November 1901 'n aanvang geneem het. Laasgenoemde is op 29 Desember 1901 bereik. Die Frankfort-Tafelkop-linie wat uit 47 blokhuisse bestaan het, waarvan sewe op en rondom Tafelkop geplaas is, was 39 km lank.<sup>70</sup>

Intussen is die lyn vanaf Ikateni, naby Majuba, na Bothaspas op 30 Desember 1901 voltooi. Op 3 Januarie 1902 is begin met die lyn vanaf Tafelkop na 'n punt ongeveer 15 km suid van Vrede. Dié linie, asook die lyn van Bothaspas na Vrede, is op 31 Januarie 1902 voltooi. Die Frankfort-Bothaspas-lyn het oor 'n afstand van 140 km gestrek. Daar is 187 blokhuisse opgerig, en 2 558 man het die linie bewaak.<sup>71</sup>

Afgesien daarvan dat die linie die Boerebedrywighede in die omgewing sou kortwiek, sou dit die Britse owerheid in staat stel om 'n noodsaaklike spoorlyn tussen Harrismith en Bethlehem te bou. Langs so 'n spoorlyn sou die Britte op groot skaal voorrade en troepe in 'n gebied kon vervoer waar dit riskant geword het om voorraad per konvooi te vervoer - veral omdat De Wet baie bedrywig was in die gebied.<sup>72</sup>

Terwyl die oprigting van hierdie blokhuislyn aan die gang was, het ander "cross-country"-blokhuisse ook hul verskyning op die Vrystaatse platteland gemaak. In September 1901 is daar begin met die oprigting van so 'n lyn in 'n westelike rigting vanaf Koppies. Dit sou saamval met die oprigting van 'n lyn wat vanaf die samevloeiing van die Mooi- en Vaalrivier in Transvaal, oor die Vaalrivier en daarvandaan verder na Koppies in die Vrystaat gestrek het. Die doel was om die gebied tussen die Renoster- en Vaalrivier af te kamp en die Boere wat daar was, óf te vang, óf te verdryf. Die 1st Oxfordshire Light Infantry, asook 'n afdeling onder kapt. C. Coffin van die 38th (Field) Company, moes die blokhuisse vanaf Koppies bou. Vanaf die Transvaalkant was die 2nd Grenadier Guards, tesame met kapt. R.N. Harvey en 'n groep Royal Engineers, verantwoordelik vir

---

70. Bethell, p.283.

71. *Ibid.*, p.282-283; *Official history* 4, pp.398-399,572.

72. *South Africa despatches. Despatch by General Lord Kitchener, dated 8th December, 1901, relative to military operations in South Africa* (Cd. 824), p.2.

die oprigting van die linie. Nie lank nadat die lyn in September 1901 voltooi is nie, het Kitchener opdrag gegee dat dit afgebreek en na die posisie tussen die Renosterrivier se sameloop met die Vaalrivier en die Lace-diamantmyn verskuif word.<sup>73</sup> Die rede was dat Kitchener gemeen het dat die gebied wat deur die Koppies-Mooirivier-blokhuislyn bedien is, van Boere-invalle gevrywaar was. Volgens hom was daar te min Boere oor om enige verdere bedreiging in te hou. Daar is in Oktober 1901 begin met die vervanging. Hierdie linie het vanaf Kroonstad na die Lace-diamantmyn gestrek, waarvandaan dit toe weer verder na Witkop en Klipdrif, by die Renosterrivier se sameloop met die Vaalrivier, verleng is. Altesaam 47 blokhuse, een elke 1450 m, is langs dié linie opgerig.<sup>74</sup> Lt.-kol. P.T. Buston, 38th (Field) Company, het opdrag gegee dat daar slegs van nuwe blokhuse gebruik gemaak moes word aangesien die bestaandes te gehawend was. Die ou blokhuse is na Koppies gestuur, waarna dit per spoor na Bloemfontein vervoer is vir herstelwerk om later weer heruitgereik te word.<sup>75</sup>

Hierdie lyn het egter nie lank so gebly nie en op 5 Desember 1901<sup>76</sup> het Lt. Osborne 38th (Field) Company<sup>77</sup> met 'n linie vanaf die Nr.18-blokhuis naby Witkop na die Valsrivier te Besterskraal<sup>78</sup> begin, waarvandaan dit aan die noordekant van die Valsrivier na Bothaville verleng is. Hierdie lyn, wat die Witkop-Renosterrivier-linie vervang het, het as die Valsrivier-linie bekend gestaan. Teen die einde van 1901 is ongeveer 22 blokhuse met 'n tussenspasie van ongeveer 900 m opgerig.<sup>79</sup> Toe die laaste blokhuis op 19 Februarie 1902 opgerig is, het dit die totale aantal blokhuse op 86 te staan gebring.<sup>80</sup>

73. Bethell, p.282; *Official history* 4, p.572; "Records of the South African War, 1899-1902. Records of units. 38th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 34, 1.3.1904, p.53.

74. Bethell, p.282; *Official history* 4, p.572; Royal Engineer Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W.11: Report on work done by 38th Company R.E., 1/12/1900 to 31/12/1901, p.5; "Records of the South African War. Records of units. 38th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 34, 1.3.1904, p.53.

75. Bethell, p.282.

76. Bethell en die *Official history* gee albei die begindatum vir die bou van hierdie linie aan as 6 Desember 1901, maar in die amptelike verslag van die 38th (Field) Company sowel as in die *Royal Engineers Journal* van 1 Maart 1904, word die datum as 5 Desember 1901 aangegee.

77. "Records of the South African War. Records of units. 38th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 34, 1.3.1904, p.53.

78. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W.11: Report on work done by 38th (Field) Company R.E., 1/12/1900 to 31/12/1901, p.5.

79. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W. 11: Report on work done by 38th (Field) Company R.E., 1/12/1900 to 31/12/1901, p.5.

80. "Records of the South African War. Records of units. 38th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 34, 1.3.1904, p.53.

Die gebied wat dit omsluit het was merkbaar groter as die oorspronklike gebied wes van die Kroonstad-Koppies-spoorlyn. Die oprigting van die blokhuislinies in die gebied het die Boere se aktiwiteite goed aan bande gelê sodat die oorspronklike blokhuislinies verander en die gebied wat dit uiteindelik omsluit het, vergroot kon word.

Op 18 November 1901 is daar met die Kroonstad-Lindley-Bethlehem-blokhuislinie begin. Ten einde die belangrike brug te Kaalfontein op die roete vanaf Kroonstad na Lindley onder Britse beheer te kry, is 'n Britse troepemag vooruit gestuur. Nadat dié posisie beveilig is, is daar begin met die oprigting van die blokhuislinie. 'n Afdeling onder bevel van lt. P.O.G. Osborne en 'n deel van die Queen's Regiment het vanaf Kaalfontein na Kroonstad met die oprigting begin, terwyl lt. J.P. Mackesy en sy groep die blokhuislyn uit die Kroonstad-rigting aangelê het. By Doornkop het die twee groepe ontmoet, waarna Osborne na Kroonstad teruggekeer het, terwyl Mackesy met die linie aan die noordekant van die Valsrivier, na Lindley, voortgegaan het.<sup>81</sup> Teen die einde van 1901 het die blokhuislinie Quaggafontein naby Lindley bereik. Uiteindelik is 108 blokhuisse hier opgerig.<sup>82</sup> Lindley is op 9 Januarie 1902 bereik en 'n taklyn vanaf Kaalfontein na Valsrivierbrug met agt blokhuisse is ook in dié stadium voltooi.<sup>83</sup>

Vanaf Lindley het die blokhuislyn deur Bethlehem, Harrismith en Van Reenenspas geloop, waarvandaan dit noordwaarts na De Beerspas geswenk het. Teen die middel van Januarie 1902 het 'n afdeling Royal Inniskilling Fusiliers en die 38th (Field) Company onder bevel van kapt. W.O. Barrington by Kafferskop aangekom. Hiervandaan is die blokhuislyn in drie rigtings aangepak, te wete vanaf Kafferskop na Lindley, vanaf Kafferskop na Bethlehem en vanaf Lindley na Kafferskop. Lt. P.K. Betty was in beheer van die oprigting van laasgenoemde linie.<sup>84</sup>

Die Lindley-Bethlehem-lyn via Kafferskop en Naudeskop, wat op 7 Februarie 1902

---

81. *Ibid.*

82. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W.11: Report on work done by 38th Company R.E., 1/12/1900 to 31/12/1901, p.5.

83. Bethell, p.283; *Official history* 5, p.572.

84. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W. 11: Report on work done by 38th Company R.E., 1/1/1902 to 31/3/1902, p.1.

bereik is,<sup>85</sup> het oor 128 km gestrek en het uit 94 blokhuse bestaan. Die volgende eenhede was verantwoordelik vir die oprigting daarvan: die 4th Rifle Brigade bestaande uit 482 man, die 2nd Queen's Brigade van 764 man en die 1st Inniskilling's Brigade wat uit 688 man bestaan het. 'n Totaal van 1 934 man is dus aangewend om die blokhuislinie op te rig. Daarvandaan is die lyn verder gebou na Bethlehem en Harrismith. Binne dié afstand van 80 km is daar 134 blokhuse opgerig. Tussen Bethlehem en die Bethlehembrug, 'n afstand van ongeveer 7 km, is daar sewentien blokhuse opgerig. Die volgende eenhede was verantwoordelik vir die oprigting van hierdie linie: die South Staffordshire Regiment met 530 man; die 1st Black Watch met 385 man, die East Yorks met 496 man en die King's Royal Rifles bestaande uit 483 man; dus 'n totaal van 1 894 man.<sup>86</sup>

Die afstand van 208 km tussen Kroonstad en Bethlehem is deur ongeveer 24 man per 1,6 km bewaak. Tussen Bethlehem en Harrismith was daar ongeveer 38 man per 1,6 km verantwoordelik vir die bewaking van die linie.<sup>87</sup> Om die lyn tot aan De Beerspas te voltooi is 31 blokhuse vanaf Harrismith (Platberg) via Van Reenen na De Beerspas, oor 'n afstand van 32 km, opgerig. Verskeie ander lyne is ook aangepak. In Desember 1901 het Lt. Betty met 'n lyn vanaf Koppies na Heilbron begin, maar nadat vyf blokhuse opgerig is, moes hulle weer afgebreek word. Daar is bevind dat deur dié blokhuislinie op te rig, slegs 'n klein gedeelte tussen die Koppies-Wolwehoek- en Wolwehoek-Heilbron-area ingeperk sou word. Dit sou dus nie koste-effektief wees nie. Daarvandaan het Betty na Quaggafontein naby Lindley vertrek waar hy begin het met die oprigting van 'n blokhuislyn na Reitz, maar nadat agt opgerig is, moes hy dit ook afbreek aangesien daar besluit is dat dit geen rol in die verdeling van die Vrystaat sou speel nie. Die 29 blokhuse op die Lace-diamantmyn-Witkop-Klipdrif-lyn is gedurende Maart 1902 verwyder en daar is besluit om 'n nuwe lyn vanaf Middenspruit na Besterskraal op te rig wat die afstand tussen Kroonstad en die Valsrivierlyn met 6,4 km sou verkort. Nadat tien blokhuse opgerig is, is ook dié linie verwyder aangesien die

---

85. "Records of the South African War, 1899-1902. Records of units. 38th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 34, 1.3.1904, p.53.

86. Bethell, p.283; *Official history* 4, p.572.

87. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.312.

Kroonstad-Bothaville-linie as voldoende beskerming vir die gebied beskou is. Die Britse magte was verder die mening toegedaan dat die Boere uit die gebied verdryf is. Die oorspronklike lyn is toe verder deur lt. E.M.S. Charles versterk.<sup>88</sup>

Ander blokhuislyne wat in die Vrystaat opgerig is, was die volgende:

- \* Elandsrivier-Elandsrivierbrug: 16 km, 20 blokhuisse.
- \* Harrismith-Oliviershoek: 73 km, 16 blokhuisse.
- \* Bethlehem-Brindisi (Ficksburg): 64 km, 47 blokhuisse.
- \* Springfontein-Bethulie-Aliwal-Noord-Herschel: 160 km, aantal blokhuisse onbekend.
- \* Kimberley-Boshoff-Smaldeel: 180 km, 21 blokhuisse.
- \* Modderrivierstasie-Glen: 20 km, 18 blokhuisse.<sup>89</sup>

In die Vrystaat is die hoof noord-suid-spoorlyn vanaf Norvalspont in die suide tot aan die Vaalrivier by Vereeniging in die noorde deur blokhuisse beskerm. Die gebied wes van die spoorlyn is deur vier parallellopende oos-wes-blokhuis- en South African Constabulary (S.A.C.)-linies in vyf streke verdeel. Oos van die spoorlyn was daar drie parallellopende blokhuislinies wat dié streek in vier dele verdeel het, terwyl die res van die Vrystaat deur middel van afsonderlike S.A.C.-poste verdeel is. Hierdie poste het vanaf Glen na die samekoms van die Riet- en Modderrivier, vanaf die Vetrivier na Kimberley en vanaf die Vetrivier na die samevloeiing van die Vet- en Vaalrivier, gestrek.

Die totale getal blokhuisse wat in die Vrystaat opgerig is, het - volgens 'n lys van blokhuisse - op 1 232 te staan gekom, hoofsaaklik van die Rice-tipe. Daarvan is 92 weer afgebreek toe van die blokhuislinies verskuif of permanent afgebreek is.<sup>90</sup> Volgens die lys van blokhuisse opgestel deur kapt. R. Harvey, moes daar altesaam ten minste 1 550 blokhuisse in die Vrystaat gewees het, insluitende 70 klipmesselwerkblokhuisse, plus 192

---

88. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W.11: Report on work done by 38th Company R.E., 1/1/1902 to 31/3/1902, p.1; "Records of the South African War, 1899-1902. Records of units. 38th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 34, 1.3.1904, pp.53-54.

89. Bethell, pp.283-285; *Official history* 4, pp.573-574; Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), pp.312-314. Dit was nie moontlik om die presiese aantal blokhuisse op die Springfontein-Bethulie-Aliwal-Noord-Herschel-linie vas te stel nie. Daar was egter 35 blokhuisse tussen Springfontein en Bethulie.

90. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W. 11: Report of work done during the war. List of blockhouses erected.

veldskanse. Die moontlikheid bestaan egter dat 'n paar van dié blokhuse net buite die Vrystaat in Natal gebou is, maar deur Harvey by die Harrismith-distrik ingereken is.<sup>91</sup> Die totale aantal persone wat die blokhuse in die Vrystaat beman het, is onbekend aangesien daar in die geraadpleegde bronne slegs getalle vir sekere linies aangeteken is. Indien Harvey se syfers egter as maatstaf geneem word, en as daar aangeneem word dat daar gemiddeld ten minste tien persone in 'n klipmesselwerkblokhuis, sewe in 'n Rice-tipe blokhuis en vyf in die skanse en poste was, het ongeveer 9 000 soldate die blokhuislinies in die Vrystaat beman, plus nog swart mense wat snags wagdiens verrig het.

#### 4. Die South African Constabulary se poste

Die South African Constabulary (S.A.C.) is in Oktober 1900 in opdrag van lord Roberts gestig met genl.-maj. R.S.S. Baden-Powell as bevelvoerder.<sup>92</sup> Die doel van die S.A.C. was aanvanklik om na die besetting van die twee Boererepublieke as 'n polisiemag in die verowerde gebiede op te tree en wet en orde te handhaaf.<sup>93</sup> Die S.A.C. se poste en linies was in 'n sekere sin 'n voorloper van die blokhuislinies. Met verloop van tyd het hierdie poste en die blokhuse mekaar aangevul. Aangesien die S.A.C.-poste in sowel die Vrystaat as Transvaal opgerig is, word hulle in 'n afsonderlike onderafdeling behandel, alvorens in die volgende onderafdeling spesifiek na die blokhuislinies in Transvaal gekyk sal word.

Kort na sy stigting was die S.A.C. ongeveer 6 000 man sterk, maar teen die einde van Januarie 1902 was daar alreeds ongeveer 10 000 S.A.C.-lede. Rekrute is in die Kaapkolonie, Natal, die Verenigde Koninkryk en Kanada gewerf,<sup>94</sup> terwyl verskeie burgers wat die wapen neergelê het, ook hulle gewig by die Constabulary ingewerp het.<sup>95</sup>

---

91. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905: R. Harvey, Table showing no. of blockhouses and posts to date.

92. Transvaalse Argiefbewaarpark (TAB), Mikrofilm M 673: Report on the South African Constabulary, p.1; Amery 4, p.496. Volgens *Official history* 4, p.304 was Baden-Powell en kol. J.S. Nicholson die stigters van die S.A.C.

93. TAB, Mikrofilm M 673: Report on the South African Constabulary, p.1.

94. G. Tylden, *The armed forces of South Africa*, p.164.

95. Amery 5, p.261.

Die S.A.C. se poste het gewoonlik slegs uit ruwe skuilings bestaan. Dikwels was dit net 'n vegsloot met sinkplate as dak, gekamoefleer met takke en blare. Die vegslote was ongeveer 2,1 m breed en 30 cm diep met 'n borswering wat aan beide kante van die skuiling opgerig is. 'n Sinkplaat is bo-oor die vegsloot geplaas om skuiling teen die elemente te bied, terwyl die grond wat uitgegrawe is met die bou van die vegsloot, bo-op die sinkplate gegooi is. Indien die skuiling slegs na een kant moes front, is 'n skuins dak opgerig wat op een borswering gerus het. Die loopgrawe was altyd wyd en laag. Skietgate was groot, ongeveer 1,22 m in omtrek, sodat die bemannings makliker in staat was om daaruit te vuur.<sup>96</sup>

Teen die middel van 1900 is 'n reeks verdedigingsposte vanaf Bloemfontein via Thaba 'Nchu na Ladybrand opgerig. Die lyn het bestaan uit poste wat elk 40 tot 50 man kon huisves op strategiese punte langs die roete. Met verloop van tyd is dié poste deur lede van die S.A.C. beman. In April 1901 het Lt. E.E.B. Wilson en vyf sappeurs van die 7th (Field) Company, R.E., asook 100 swart arbeiders Constabulary-poste tussen Bloemfontein en Petrusburg te Abrahamskraal en Katdoornput opgerig. Gedurende die volgende maand is daar ook twee poste tussen Petrusburg en Emmaus opgerig.<sup>97</sup>

By Abrahamskraal is verdedigingswerke vir twee afdelings troepe en een kanon opgerig. By Katdoornput is daar vir een troepeafdeling voorsiening gemaak en by die plaas Sterkfontein, waar water volop was, is verdedigingstrukture wat 500 troepe en twee kanonne kon huisves, opgerig. Petrusburg self is beskerm deur 'n klipfort op 'n heuwel oos van die dorp, terwyl die kliptronk ook as verdedigingswerk ingerig is. Die hoofpos was ongeveer 2,4 km buite die dorp geleë en al die doringdraad en watertenks was van die dorp afkomstig. Al die S.A.C.-poste was per telefoon met Bloemfontein verbind. In Mei 1901 was 'n deel van die afdeling verantwoordelik vir die oprigting van die S.A.C.-poste, verdere poste te Driekant (vir 100 man) en Zonderzorg (vir 100 man en

---

96. TAB, Mikrofilm M 673: Report on the South African Constabulary, part 3 (minor experiences), p.1; *Official history* 4, p.575.

97. "Records of the South African War, 1899-1902. Records of units. 7th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 33, 1.12.1903, pp.267-268.

een kanon). Laasgenoemde posisie het Emmaus beskerm.<sup>98</sup>

Daar is reeds vroeg in 1901 besluit dat die gebied rondom Bloemfontein deur die "E" divisie van die S.A.C., onder bevel van kol. H.M. Ridley en later onder kol. Pilkington, vir 'n radius van 25 km beskerm sou word. Verder moes die gebied tussen die Riet- en Modderrivier ook van poste voorsien word. Ongeveer 600 burgers wat aan Britse kant geveg het, het die poste rondom Bloemfontein beman. Teen die einde van die oorlog het die S.A.C.-poste 'n linie wes van Bloemfontein al met die Vetrivier langs, gevorm. Gedurende November 1901 is die poste vanaf die Modderrivier noordwaarts in die rigting van die Boshof-Bultfontein-blokhuislinie verleng. Teen die einde van Januarie 1902 het die poste tot aan die Vetrivier gestrek. Die oostelike flank daarvan was dus langs die Bloemfontein-Kroonstad-spoorlyn, terwyl die westelike flank aan die Vaalrivier in die omgewing van Bloemhof gegrens het.<sup>99</sup>

Kitchener se doel met die S.A.C.-poste rondom Bloemfontein was om 'n beskermd gebied daar te stel om die hoofstad van die Oranjeriverkolonie teen Boereaanvalle te beskerm. Die doel van die poste tussen die Riet- en Modderrivier was om die roete tussen die twee spoorlyne, naamlik die Bloemfontein-Pretoria-lyn en die De Aar-Kimberley-lyn, te beveilig; om 'n versperring tussen die Boere noord en suid van die lyn te vorm en om as basisse te dien vir Britse troepe wat met die verskroeiende aarde-beleid besig was. Hierdie sogenaamde "area system", waarvan die S.A.C.-poste die middelpunt gevorm het vanwaar die verskroeiende aarde-beleid uitgevoer is, was baie geslaagd, maar as fisieke versperring was dit onsuksesvol. Die idee om "cross-country"-blokhuislyne op te rig, het hulle ontstaan aan die S.A.C.-poste te danke. Namate die oorlog voortgeduur het, is die twee stelsels, te wete die S.A.C.-poste en blokhuisse, ter aanvulling van mekaar aangewend. Vanaf die einde van 1901 was die S.A.C.-poste beperk tot binne 'n gebied wat deur blokhuislyne omring was, terwyl dit steeds die blokhuisse se doel was om die bewegings van die Boere te stuit en as versperrings tydens dryfjagte op te tree.<sup>100</sup>

---

98. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W. 11: Report on work done by the Seventh Field Company, R.E., from Dec. 1st 1900 to Dec. 31st 1901, p.3; TAB, Mikrofilm M 673: Baden-Powell - Kitchener, 22.4.1901 (brief).

99. TAB, Mikrofilm M 673: Report on the South African Constabulary, p.3.

100. Amery 5, pp.260-262, 325-326.

Die S.A.C.-poste was nie net tot die Vrystaat beperk nie. In Transvaal is die gebied vanaf Eerstefabrieken (naby Pretoria), deur Springs en Heidelberg na die Vaalrivier deur S.A.C.-poste beskerm. S.A.C.-poste van die "A"-divisie is ook by Gatsrand en Scheerpoort opgerig. Gedurende Junie 1901 is die gebied noord en suid van Johannesburg deur afdelings van die "A"- en "C"-divisies onderskeidelik beskerm. Gedurende September 1901 het kol. Pilkington van die S.A.C. opdrag ontvang om die S.A.C.-poste wat die Natal- en Delagoabaai-spoorlyne by onderskeidelik Eerstefabrieken en Heidelberg verbind het, verder uit te brei na die Wilgerivierstasie-Greylingstad-lyn. Beskerming is gedurende die oprigting deur eenhede onder bevel van kols. F. Hacket, T. Thompson, R.C.A.B. Bewicke-Copley en H.S. Rawlinson verleen. Teen November 1901 is hierdie poste verder ooswaarts uitgebrei tot by Brugspruit aan die Delagoabaai- en Waterval aan die Natalspoor. 'n Verlenging is ook na die Vaalrivier te Villiersdorp, die huidige Villiers, opgerig. Die "B"-divisie was verantwoordelik vir die oprig van poste vanaf Pretoria na Tafelkop in Wes-Transvaal en die beskerming van die gebied tussen Johannesburg en Pretoria.<sup>101</sup>

Die S.A.C.-poste het 'n belangrike rol in die oorlog gespeel. Die sukses wat met hulle behaal is, het indirek daartoe aanleiding gegee dat die "cross-country"-blokhuse hulle ontstaan gehad het. Namate die oorlog gevorder het, het hulle rol egter verander en het hulle die basisse geword waarvandaan Britse kolonnes strooptogte op plase kon uitvoer.

Die verskil tussen S.A.C.-poste en blokhuse lê opgesluit in die doel waarvoor hulle opgerig is. Blokhuse is opgerig om spoorlyne of paaie te beskerm. S.A.C.-poste, met hulle groter garnisoene, se hoofsaak was daarenteen om Britse gesag oor die omliggende omgewing te handhaaf en uit te brei. Polisiëring het dus 'n groot deel van hulle dagtaak behels. Daar was geen neergelegde reëls vir die oprigting van S.A.C.-poste nie en tussen 50 tot 100 man is by hulle gestasioneer. Die poste is oor afstande van tussen ses en tien kilometer versprei en het gewoonlik vier of meer blokhuse as ekstra beskerming rondom hulle gehad. Met die beëindiging van die oorlog het die S.A.C. se verliese nege offisiere en 85 man beloop, terwyl altesaam 213 offisiere en manskappe gewond is, uit 'n totale

---

101. TAB, Mikrofilm M 673: Report on the South African Constabulary, pp.2-3; Amery 5, pp.286, 304,325,361, 398-399.

sterkte van ongeveer 10 000 man.<sup>102</sup> Daar kon nie vasgestel word presies hoeveel S.A.C.-poste tydens die oorlog opgerig is nie.

##### 5. Blokhuislinies in Transvaal

Verskeie strukture ter verdediging van die spoorlyne is vroeg reeds deur die Britte in Transvaal opgerig. Teen 1 Julie 1900 was daar byvoorbeeld reeds strukture ter beskerming van die spoorlyn by alle belangrike stasies suidwaarts vanaf Pretoria opgerig.<sup>103</sup> Aangesien die skade wat die Boere aan spoorlyne berokken het, teen die einde van 1900 en die begin van 1901 in Transvaal, en spesifiek Oos-Transvaal, reeds geweldige afmetinge aangeneem het, moes daadwerklike pogings aangewend word om die maatreëls ter beskerming van hierdie noodsaaklike roetes op te skerp. Op 5, 6, 8, 20, 24 en 26 Desember 1900 het die Boere aanvalle op die spoorlyn oos van Pretoria geloods. Dit het gekulmineer in genl. Ben Viljoen se aanval op Helvetia op 29 Desember 1900. Vroeg in Januarie 1901 het genl. Louis Botha ook aanvalle op die Delagoabaai-spoorlyn geloods, wat boonop van 'n groter omvang was as Viljoen se aanval op Helvetia. Die gesamentlike Boere-aanval was gemik op Machadodorp, Dalmanutha, Belfast, Wonderfontein en Pan en het op 7 en 8 Januarie 1901 plaasgevind.<sup>104</sup> Tussen 6 September 1901 en 27 Maart 1902 was daar volgens kol. Backhouse agt ontsporings op die trajek wat deur hom bewaak is, elke keer as gevolg van sabotasie deur die Boere.<sup>105</sup>

Die gevolg van die aanvalle was dat die klipskanse en modderforte wat oorwegend gebruik was ter beskerming van die spoorlyne, vervang moes word met stewiger, maklik te vinde strukture. Alhoewel klipmesselwerkblokhuisse reeds langs sekere spoorlyne opgerig was, het die oprigting daarvan te lank geduur en was dit bowendien te duur om orals op te rig. Ten einde hierdie probleem op te los, is eenvoudiger en goedkoper sinkblokhuisse ontwerp.

---

102. TAB, Mikrofilm M 673: Report on the South African Constabulary, pp.1-4.

103. Bethell, p.277.

104. *Official history* 4, pp.25-27, 34-44; Amery 5, pp.121-125; B. Viljoen, *My reminiscences of the Anglo-Boer War*, pp.285-319.

105. J.B. Backhouse, *With the Buffs in South Africa*, pp.62-84.

Aangesien die Boere se artillerie nie meer teen die einde van 1900 'n groot rol gespeel het nie en ook vanweë die reeks aanvalle op die spoorlyne in Oos-Transvaal, het daar opdragte aan stasies op die Oos-Transvaal-spoorlyn uitgegaan "to make closed works with loopholed head cover". Die Royal Engineers moes ook meer meerverdiepingblokhuse oprig.<sup>106</sup> Ten einde die vinnige oprigting van blokhuse te verseker, is die eerste ses nuwe sinkblokhuse van maj. Rice se oorspronklike ontwerp in Januarie 1901 te Nelspruit, Kaapmuiden en Komatipoort opgerig.<sup>107</sup> Hierdie blokhuse was die eerstes wat volledig in Suid-Afrika ontwerp en vervaardig was. Dit is nodig om daarop te let dat tot en met die oprigting daarvan, geen sinkblokhuse in die verowerde gebiede opgerig is nie.

Die werkwinkel van die 23rd (Field) Company te Middelburg (Transvaal) het begin met die vervaardiging van hierdie blokhuse en teen die einde van Januarie 1901 het hulle 50 gereed gehad om in die omgewing van Middelburg op te rig. Gedurende Februarie en Maart 1901 het die oprigting van hierdie tipe blokhuse onverpoosd voortgegaan totdat maj. Rice 'n nuwe, eenvoudiger tipe ontwerp het. Hierdie sirkelvormige Rice-tipe blokhuse het uiteindelik die standaard-blokhuis geword wat orals opgerig is. 'n Voorbeeld van die eerste tipe reghoekige blokhuse wat opgerig is, bestaan nog en kan by Barberton besigtig word.<sup>108</sup>

Net soos 'n hele reeks linies en poste Bloemfontein teen potensiële Boereaanvalle moes beskerm, is 'n hele reeks linies en stellings om Pretoria en Johannesburg opgerig, en vandaar het die blokhuislinies uitgewaai ten einde talle beskermde gebiede (blokke deur linies afgebaken) daar te stel en geleidelik verlore grondgebied van die Boere te herwin.<sup>109</sup>

Gedurende April, Mei en Junie 1901 is ongeveer 80 blokhuse per maand tussen Pretoria

---

106. "Records of the South African War 1899-1902. Records of units. 23rd (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 33, 2.11.1903, p.243.

107. Bethell, p.278; *Official history* 4, p.568; Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.303.

108. K. Basson, "Barberton blockhouse", *Overvaal Museanuus* 10(4), 1983, pp.10-11; "Barberton, jewel of the Lowveld", *Overvaal Museanuus* 5(4), 1978, pp.7-8.

109. Amcry 5, p.398; V. Carruthers, *The Magaliesberg*, p.328.

en Kaapmuiden opgerig. Ook in April is daar begin om die blokhuis nie slegs by belangrike punte op te rig nie, maar ook al langs die spoorlyn self. Die eerste blokhuis wat nie by 'n belangrike punt opgerig is nie, was dié een by Tentfontein, tussen Middelburg en Pan. Aanvanklik was die afstand tussen die blokhuis op die lyn ongeveer 3,5 km, maar teen die einde van die oorlog was dit slegs ongeveer 400 m. Die afstand van 88 km tussen Eerste Fabrieken en Groot Olifantsrivierstasie is deur 1 700 man bewaak. Vanaf Wonderfontein na Komatipoort (280 km) het 3 200 man die treinspoor bewaak.<sup>110</sup>

Slegs een blokhuis is gedurende die hele oorlog op hierdie lyn deur die Boere ingeneem en dié was wes van Brugspruit. Tydens die nag van 26 op 27 Junie 1901 het die hele bemanning van sewe buite die blokhuis stelling ingeneem, waar hulle toe deur genl. Ben Viljoen tydens sy oortog oor die spoorlyn oorrompel en gevange geneem is.<sup>111</sup> Gedurende die laaste deel van 1901 is die spoorlyn verder versterk deurdat daar 'n doringdraadversperring en loopgraaf aan beide kante van die spoorlyn opgerig is. Gedurende Oktober 1901 is begin met die oprigting van die eerste "cross-country"-blokhuis in die streek. Hierdie blokhuislyne het meestal die paaie gevolg, met die gevolg dat nog meer verbindingsweë beveilig is. Die eerste "cross-country"-linie het vanaf Machadodorp na Lydenburg gestrek. Oor 'n afstand van 72 km is 55 blokhuis opgerig. Weens die bergagtigheid van die gebied moes die blokhuis in groepe bymekaar opgerig word, met drie tot nege blokhuis in so 'n groep. Hierdie linie is teen die einde van Januarie 1902 voltooi.<sup>112</sup>

Tussen Komatipoort en die Natalse spoorlyn is 'n aantal blokhuis in 'n noord-suid-richting tussen Brugspruit en Vlaklaagte opgerig. Ten weste hiervan het 'n blokhuislinie vanaf Wonderfontein, tussen Middelburg en Machadodorp, deur Carolina en Ermelo na Standerton gestrek. Die Standerton-Ermelo-linie is op 11 November 1901 begin en op 20 Januarie 1902 voltooi. Oor die afstand van 90 km is daar 131 blokhuis opgerig. Die Wonderfontein-Carolina-linie is op 30 Desember 1901 begin en op 17 Januarie 1902

---

110. Bethell, p.284.

111. *Official history* 4, pp.208-209.

112. Bethell, p.285; *Official history* 4, pp.573-574.

voltooi. Oor die afstand van 40 km is 55 blokhuisse met 'n 700 m-interval deur lt. N.W. Webber en sy vyf seksies opgerig. Die Ermelo-Carolina-linie is op 21 Januarie 1901 van beide dorpe af begin en op 9 Februarie 1902 voltooi. Die 55 km is deur 85 blokhuisse beskerm. Tussen Standerton en Carolina het 2 232 man soos volg die blokhuisse beman: 902 man van die 1st Leicestershire Regiment, 800 man van die 1st Essex Regiment en 530 man van die Royal Irish Fusiliers.<sup>113</sup>

Nog 'n blokhuislyn op die Wonderfontein-Standerton-roete was die stuk vanaf Ermelo na Amsterdam. Dié lyn is egter slegs tot by Bankkop voltooi toe die oorlog beëindig is. Die Volksrust-Wakkerstroom-Piet Retief-Derby-lyn, met 'n totale lengte van sowat 141 km, het 121 blokhuisse gehad. Daar was ongeveer 21 man per 1,6 km. Die Wakkerstroom-Derby-lyn het oor 'n afstand van 112 km gestrek en daar is 100 blokhuisse opgerig. Op hierdie lyn was die bewakers soos volg versprei: North Staffordshire Regiment 150, West Yorks 662 en die Scots Guards 712 man; in totaal dus 1524 man. Vanaf Volksrust tot by Wakkerstroom (29 km) was daar 21 blokhuisse.<sup>114</sup>

In die ooste van Transvaal moes 'n aantal wagposte wat vanaf Komatipoort deur Tongaland tot in die omgewing van St. Lucia gestrek het, die oosgrens bewaak.<sup>115</sup> Die 23rd (Field) Company Royal Engineers, in samewerking met verskeie infanterie-eenhede, was grotendeels verantwoordelik vir die oprigting, plasing en vervaardiging van die blokhuisse op die Oos-Transvaal-lyn. Vanaf 1 Mei 1901 tot 31 Mei 1902 het die 23rd (Field) Company altesaam 1 009 blokhuisse, meestal in Transvaal, opgerig waarvan 84 agtkantig, 44 reghoekig, 313 vierkantig en 568 rond was. Die totale koste verbonde aan materiaal en arbeid het £75 000 beloop.<sup>116</sup>

Die ander dele van Transvaal is ook vanaf Junie 1900 deur middel van die oprigting van "cross-country"-blokhuisse in streke verdeel. Buiten die 9th (Field) Company wat onder

---

113. Bethell, p.284; *Official history* 4, pp.573-574; "Records of the South African War 1899-1902. Records of units. 23rd (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 33, 2.11.1903, pp.243-244.

114. Bethell, p.284; *Official history* 4, p.573.

115. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.311.

116. "Records of the South African War 1899-1902. Records of units. 23rd (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 33, 2.11.1903, p.244.

meer verantwoordelik was vir die oprigting van blokhuisse vanaf Pretoria tot Pietersburg, was verskeie ander Royal Engineer kompanies in en rondom Johannesburg en Pretoria werksaam.<sup>117</sup> Die noordelike linie na Pietersburg het ongeveer 100 blokhuisse gehad, terwyl 51 tussen die dorpe Chunespoort, Pietersburg en Nylstroom opgerig is. Vanaf Pretoria tot Pienaarsrivier is daar gedurende September en Oktober 1901 twaalf blokhuisse opgerig, terwyl kapt. G.M. Hutton in November die werk verder noordwaarts vanaf Pienaarsrivier onderneem het.<sup>118</sup>

Een van die belangrikste redes vir die oprigting van die "cross-country"-blokhuislinies was om 'n beskermde gebied rondom Johannesburg en Pretoria te vorm. Derhalwe is daar 'n "cross-country"-lyn vanaf Frederikstad na Noupoot (Transvaal) opgerig. Daar is in Julie 1901 met die oprigting van die 37 blokhuisse oor 'n afstand van 70 km begin. Teen Augustus dieselfde jaar is dit voltooi.<sup>119</sup> Verder is daar ook 'n blokhuislinie opgerig vanaf Pretoria na Breedtsnek en suidwaarts na Noupoot en vandaar na die Potchefstroom-Johannesburg-spoorlyn. Gedurende Oktober 1901 is die linies weswaarts vanaf Noupoot na Olifantsnek uitgebrei.<sup>120</sup>

Ook hier is daar van die blokhuislinies wat opgerig is, geskuif of verander of later afgebreek. Vanaf Rooidraai (Moorivier) na Ventersdorp het byvoorbeeld 'n lyn wat uit 21 blokhuisse bestaan het, oor 'n afstand van 30 km gestrek. Daar is op 19 Desember 1901 met die bou daarvan begin. Dit is op 5 Januarie 1902 voltooi, maar op 12 Februarie weer afgebreek. Op dieselfde dag is daar egter begin met die bou van die Tafelkop-Noupoot-linie, wat eintlik 'n noordwaartse verskuiwing van die Ventersdorp-Rooidraai-linie was. Die voltooiing van die Tafelkop-Noupoot-linie op 4 Maart 1902, het die invloed wat genl. J.H. de la Rey in die gebied uitgeoefen het, gedeeltelik verminder. Verder het die vierkant bestaande uit die Klerksdorp-Potchefstroom-Noupoot-Tafelkop-linie daarin geslaag om aan die kolonnes verantwoordelik vir die

---

117. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.328.

118. "Records of the South African War, 1899-1902. Records of units. 9th (Field) Company, R.E.", *The Royal Engineers Journal* 33, 1.5.1903, p.97.

119. Bethell, pp.282,284.

120. Carruthers, p.328.

verskroeiende aarde-beleid in die Wes-Transvaal, 'n goeie en veilige afspringplek vir hulle bedrywighede te bied. Op 19 Desember is met die bou van nog 'n linie begin, naamlik vanaf Ventersdorp na Tafelkop. Die doel daarvan was spesifiek om Tafelkop, wat gereeld as seinstasie deur die Boere gebruik is, onder Britse beheer te hou. Teen 31 Januarie 1902 is daar oor 'n afstand van 43 km reeds 59 blokhuisse opgerig. Die roete is deur 689 man bewaak wat ongeveer op 25 man per 1,6 km te staan gekom het.<sup>121</sup>

Teen die einde van die oorlog het die blokhuislyn vanaf Olifantsnek, in die Magaliesberg, deur Noupoot na Tafelkop gestrek.<sup>122</sup> Teen 9 Desember 1901 is 'n linie met 56 blokhuisse wat oor 80 km vanaf die Vaalrivier na Ventersdorp gestrek het, beëindig. Altesaam 491 man het die linie bewaak. Op 12 Februarie 1902 is daar begin met die linie vanaf Tafelkop na Noupoot, wat op 4 Maart voltooi is. Die Tafelkop-Noupoot-linie het oor 'n afstand van 72 km gestrek en is deur 566 soldate beman. Toe dié linie voltooi is, is die linies vanaf Noupoot en Welverdiend na Frederikstad afgetakel.<sup>123</sup>

In Wes-Transvaal is vanaf Julie tot Oktober 1901 verskeie plekke langs die Mafeking-Vryburg-lyn gefortifiseer, waaronder Lobatsi, Ramathlabama, Rietspruit, Maretsani, Kraaipan, Doornbult, Brussels en Taungs. Vier en twintig blokhuisse is langs hierdie linie opgerig wat op ongeveer een elke 18 km neerkom. Toe maj. W.H. Turton as bevelvoerder van die Royal Engineers in die sogenaamde Western District aangestel is, is daar tot die besef gekom dat die spoorlyne te swak verdedig was. Verder was daar by die groot brûe feitlik geen blokhuisse nie. Verskeie pogings is aangewend om dié toedrag van sake te verander, maar daar was nooit voldoende troepe beskikbaar vir die blokhuisse nie. Lord Kitchener het op 7 Desember 1901 gemeld dat hy weens die uitbreiding van die blokhuislinies nie genoegsame infanterie tot sy beskikking gehad het om vir ander doeleindes, soos die bewaking van addisionele krygsgevangekampe wat vir Antigua beplan is, te gebruik nie: "The extension of the blockhouse system makes it impossible for me to send Infantry out of the country."<sup>124</sup> Gevolglik kon die Britte

121. Bethell, pp.284-285; *Official history* 4, pp.345,573-574.

122. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.313.

123. Bethell, pp.285,293.

124. *Journal of the principal events connected with the war in South Africa* 13, p.39.

gedurende die laaste paar maande van 1901 slegs bestaande verdedigingsposisies verbeter. Blokhuse is meestal in die plek van forte by Mafeking, Vryburg, Lobatsi, Maritsani, Maribogo, Setlagoli en Lichtenburg opgerig. Daar is ook baie van doringdraad gebruik gemaak om die dorpe te omring. Al hierdie maatreëls het daartoe gelei dat die dorpe se garnisoene verklein kon word om sodoende as blokhuiswagte aangewend te word. Gedurende Januarie 1902 is nog 32 blokhuse opgerig wat toe deur gekleurde Railway Police beman is. Die meeste blokhuse is langs groot brûe en by spanbaashutte ("ganger huts") opgerig. Na lord Methuen se neerlaag te Tweebosch op 7 Maart 1902, is besluit om die hele linie vanaf Veertien Strome na Maretsani en daarvandaan na Polfontein, asook vanaf Mafeking na Polfontein, en Lichtenburg te beveilig. Ongeveer 400 blokhuse is binne ses weke opgerig.<sup>125</sup> Teen die einde van die oorlog het die lyn reeds Maretsani, ongeveer 112 km vanaf Mafeking, bereik. Die afstand tussen-in is deur 'n blokhuislinie wat vanaf Maretsani na Polfontein gestrek het, beskerm.<sup>126</sup>

Afgesien van die goedkoop ronde Rice-blokhuse, is ook klipmesselwerkblokhuse by die volgende plekke in die Wes-Transvaal opgerig: Rietspruit (dubbelverdieping met maxim-masjiengeweer), Maretsani, Devondale (twee), Brussels (twee), Taungs (dubbelverdieping met maxim-masjiengeweer), Lichtenburg (dubbelverdieping met maxim-masjiengeweer) en op die plaas van De la Rey naby Lichtenburg, waar 'n drieverdiepingblokhuis opgerig is. Daar was ook verskeie ander blokhuse, maar hulle is van grond gebou.<sup>127</sup>

In Mei 1902 was die situasie in Transvaal wat die blokhuse betref, soos volg: Die hoofspoorlyn vanaf Vereeniging in die suide tot by Pietersburg in die noorde, sowel as die Pretoria-Komatipoort-, Johannesburg-Springs-, Johannesburg-Volksrust- en Johannesburg-Klerksdorp-spoorlyne is deur blokhuislinies, bestaande uit Rice-blokhuse,

---

125. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinstnr. 10905, lêer B.W.16: Engineer work in Western District, Transvaal. From 1st December 1900 to 31st March 1902, pp.1-2 .

126. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.313.

127. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinstnr. 10905, lêer B.W. 16: Engineer work Western District, Transvaal. From 1st December 1900 to 31st March 1902, p.3.

beskerm. Wat die "cross-country"-linies betref, het dit veral suid van Pretoria voorgekom, met die uitsondering van die Machadodorp-Lydenburg-linie. Die meeste linies was in Wes-Transvaal as gevolg van genl. De la Rey se bedrywighede aldaar, terwyl genl. Louis Botha se bedrywighede in Oos-Transvaal deur die linie vanaf Standerton na Wonderfontein beperk is. Verder was daar twee S.A.C.-linies, te wete dié tussen Vlaklaagte en Brugspruit in die ooste en dié vanaf Tafelkop tot Naauwpoort in die weste. Volgens kapt. Harvey was daar ten minste 2 016 blokhuse, veldskanse en poste in Transvaal. Hiervan was 215 klipmesselwerkblokhuse, 1 522 Rice-tipe blokhuse en 279 veldskanse en poste.<sup>128</sup> Dit is altesaam deur ongeveer 15 000 soldate bewaak, plus nog swart wagte wat snags diens gedoen het.

## 6. Blokhuislinies in Natal<sup>129</sup>

In Natal was blokhuse nie so 'n algemene gesig soos in die Kaap, Vrystaat en Transvaal nie. Die guerrillastryd het merendeels in Transvaal, die Vrystaat en die Kaap plaasgevind en het nie grootskaals na Natal uitgebrei nie. Die enigste uitsondering was die invalspoging van Louis Botha in Natal gedurende September en Oktober 1901.<sup>130</sup>

Die owerhede het vroeg reeds die belangrikheid van spoorlyne besef en daar is onverwyld pogings aangewend om dit te beskerm. Van die eerste strukture ter beskerming van die spoorlyn vind ons dus in Natal. Hierdie strukture, alhoewel blokhuse genoem, was nie blokhuse in die ware sin van die woord nie, en kan eerder as skuilings tipeer word. Reghoekig in vorm en gemaak van ysterplate, is hulle in die walle van riviere aan beide kante van 'n brug geplaas. Hulle was nie gewild onder die soldate nie vanweë die onstabiele grond van die rivierwalle waarop hulle gewoonlik geplaas is. Dit het veroorsaak dat die strukture maklik ineengestort het met gepaardgaande beserings vir die bemannings. Boonop was die Boere toe nog in besit van

---

128. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905: R. Harvey, Table showing no. of blockhouses and posts to date.

129. Vir die doeleindes van hierdie onderafdeling word die huidige grense van KwaZulu-Natal as Natal beskou. Soms sal direk aangrensende gebiede ook betrek word.

130. Vir meer besonderhede, kyk D.M. Moore, *General Louis Botha's second expedition to Natal during the Anglo-Boer War, September-October 1901*.

kanonne wat die skuilings maklik kon vernietig. 'n Aantal van hierdie skuilings is by die belangrikste brûe, soos by die Colenso-brug op die Natalspoorlyn, opgerig.<sup>131</sup>

Die eerste nuwe verdedigingsposte in Natal is in die loop van 1900 opgerig, en wel onder meer in die omgewing van Newcastle, Dundee, Ladysmith, Ingogo, Laingsnek, Utrecht, Vryheid, Van Reenen en aan die Bo-Tugela om beskerming aan die spoorlyne te verleen.<sup>132</sup> Dit het bestaan uit grond- en klipforte met doringdraad vir verdere beskerming. Daar is toe besluit om blokhuse op te rig ten einde die garnisoene te verklein, asook om beter beskerming teen Boere-aanvalle te verleen. Van die eerste blokhuse is teen Desember 1900 by die Colenso-brug (twee blokhuse) opgerig. Kenmerkend van die blokhuse was die dak se raamwerk van spoorstawe wat op houtstutte gerus het. Verder het dit 'n aaneenlopende skietgat rondom die blokhuis gehad.<sup>133</sup> By De Jagersdrif is daar ook in Desember 1900 twee blokhuse van 7,3 m x 7,3 m en 7,3 m x 3,6 m onderskeidelik, opgerig. Gedurende April 1901 is ten minste nog vyf daar opgerig.<sup>134</sup>

Vroeg in Januarie 1901 is die eerste meerverdiepingblokhuse in Natal opgerig, te wete aan die Natalkant van die Volksrust-distrik by Oppermanskraal, sowel as een in die Newcastle-distrik te Umbana. Eersgenoemde is van sement vervaardig, laasgenoemde van sandsteen, en beide was drie verdiepings hoog.<sup>135</sup> Die blokhuis by Oppermanskraal kon 40 persone huisves en is in Maart 1901 voltooi, terwyl die blokhuis te Umbana in April 1901 voltooi is. Verder is 'n blokhuis vir twintig persone op Dorset-heuwel naby Volksrust opgerig. Bouwerk het in Januarie 1901 begin en is twee maande later voltooi. Dit het bestaan uit twee kamers van 3,5 m x 6 m elk.<sup>136</sup> Namate die ontwerpe verbeter is, is die verbeterde weergawes in Natal opgerig. Eers in Oktober 1901 is die eerste

---

131. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.296.

132. Dorpe soos Utrecht en Vryheid was in daardie stadium nog deel van Transvaal, maar is na die oorlog by Natal ingelyf.

133. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W. 2: Precis of R.E. work Northern Natal Dec. 1 1900 to Dec. 31 1901, pp. 2-4.

134. TAB, Mikrofilm M 670: Diary C.R.E. in Northern Natal. Dundee Subdistrict. December 1900.

135. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W. 2: Precis of work in Northern Natal, 1.12.1900 - 31.12.1901, pp.2-4.

136. TAB, Mikrofilm M 670: Diary C.R.E. Northern Natal. Volksrust District, January 1901.

"cross-country"-blokhuse in Natal opgerig.

Die volgende is 'n lys van blokhuse wat tot en met die einde van April 1901 in Natal opgerig is, soos saamgestel uit die "staff diaries" van die verskillende Natalse distrikte. In die Volksrust-distrik is die blokhuse opgerig te Oppermanskraal en Volksrust reeds genoem. In April 1901 is een elk by Inketeninek, Ingogo en Moolmanshoogte bygevoeg. Laasgenoemde was 'n dubbelverdiepingblokhuis. In die Newcastle-distrik is die blokhuse wat by Umbana opgerig is, reeds bespreek, maar in Januarie 1901 is nog twee van 6,1 m x 9,15 m opgerig. In dieselfde maand is 'n blokhuis by Dannhauser opgerig. Gedurende Januarie 1901 is blokhuse van 3,6 m x 3,6 m by Wasbank en Hattingspruit in die Dundee-distrik opgerig. In Februarie van dieselfde jaar is daar by Doornberg drie en by Helpmekaar en Norma twee blokhuse elk opgerig. Gedurende Maart 1901 is geen blokhuse in die distrik opgerig nie aangesien die Royal Engineers besig was met take soos brugbou en die aanbring van versperrings by die blokhuse. Tydens die daaropvolgende maande is twee blokhuse by Buffelsrivierbrug en een by Pomeroyweg opgerig. In die Ladysmith-distrik is daar in Januarie 1901 twee blokhuse by Albertina opgerig. Tydens die maande Februarie, Maart en April 1901 is daar ten minste 28 verdere blokhuse in die distrik opgerig. By Albertina is drie blokhuse met sinkplaatmure en spoorwegdwarslêers as deel van die dak, opgerig. Verder is twee blokhuse van klip gebou. Van Reenen het elf blokhuse bygekry en by die volgende plekke is daar een blokhuis elk opgerig: Kliprivierbrug, Sondagsrivier, Elandslaagte en Modderspruit. By Colenso is vier opgerig waarvan twee 'n dak bestaande uit spoorstawe gehad het, terwyl daar by die Bo-Tugela drie blokhuse opgerig is.<sup>137</sup>

Die lyn vanaf Vrede na Bothaspas is deur 'n sekere kapt. Von Hugel en 'n seksie van die 37th (Field) Company vanaf Newcastle opgerig. Die Bothaspas-lyn is vanaf Charlestown deur 'n sekere lt. Place van die Royal Engineers gebou terwyl 'n seksie van die 37th (Field) Company die lyn vanaf Volksrust gebou het. Die Vryheid-Dundee-linie met 73 blokhuse oor 'n afstand van 64 km, is vanaf De Jagersdrif na Vryheid deur 'n sekere lt. McKenzie gebou, terwyl 'n seksie van die 37th (Field) Company vanaf Dundee na De

---

137. TAB, Mikrofilm, M 670: Diary C.R.E. Northern Natal. Natal Command Staff Diary. Commanding Royal Engineer, Northern Natal. April 1902.

Jagersdrif gebou het. Die De Beerspas-Nelsonskop-roete wat na Harrismith gegaan het, is deur Lt. L. Owen van die Royal Engineers met siviele arbeid gebou.<sup>138</sup>

Op 1 April 1902 is daar 'n begin gemaak met 'n blokhuislinie vanaf Oliviershoek na Allisonskop. Hierdie linie, wat teen 28 April voltooi is, is opgerig na herhaalde Boere-invalle vanuit die Witzieshoek-area in Noord-Natal. Na voltooiing het die linie bestaan uit 25 blokhuisse, 'n 22,4 km lange draadversperring, asook loopgrawe.<sup>139</sup>

Met die aanbreek van die vrede was die spoorlyn tussen Durban en Volksrust goed beveilig. Die belangrikste punte op die lyn is van blokhuisse voorsien, terwyl daar 'n aaneenlopende linie vanaf Newcastle na Volksrust gestrek het. Verder was daar 'n linie tussen Vryheid en Dundee, Oliviershoek en Allisonskop, Van Reenen en De Beerspas en Bothaspas en Charlestown. Volgens kapt. Harvey was daar ten minste vyftien klipmesselwerkblokhuisse en 538 ander blokhuisse in Natal, plus 52 veldskanse.<sup>140</sup> Die totale aantal soldate betrokke by die bewaking van die blokhuislinies in Natal het meer as 8 000 man beloop, bo en behalwe gewapende swartes wat veral snags wagdiens verrig het.

### 7. Aanvalle op die blokhuisbouers

Die oprigting van die blokhuislinies het nie sonder inmenging van Boerekant geskied nie. Aan die begin was daar geen georganiseerde aanvalle op die blokhuisbouers nie.<sup>141</sup> Die toename in die aantal blokhuisse het die Boere egter genoop om pogings aan te wend om die oprigting van die strukture te vertraag. Nietemin was die aanvalle van so 'n aard dat dit nie werklik die oprigting van die linies in die wiele gery het nie.

'n Voorbeeld van so 'n aanval was op 24 Oktober 1901 in Oos-Transvaal. Lt. C. Mellor

---

138. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905, lêer B.W. 2: Precis of R.E. work. Northern Natal Dec. 1 1900 to Dec. 31 1901, pp.2-4.

139. TAB, Mikrofilm, M 670: Natal Command Staff Diary. Commanding Royal Engineers. April 1902.

140. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905: R. Harvey, Table showing no. of blockhouses and posts to date.

141. Amery 5, p.326.

van die 23rd (Field) Company en sy soldate was besig met die oprigting van 'n blokhuislinie op die pad tussen Witklip en Badfontein toe hulle deur ongeveer 400 Boere aangeval is. Na 'n geveg wat ongeveer twee uur geduur het, het die Boere die aftog geblaas en kon daar met die oprigting van die blokhuisse voortgegaan word.<sup>142</sup> In Wes-Transvaal het veldkornet F. Wolmarans met 'n afdeling van die Potchefstroom-kommando, op 8 Oktober 1901 'n aanval op 'n Britse afdeling geloods wat verantwoordelik was vir die bou van die blokhuislinie tussen Ventersdorp en die Vaalrivier. Tydens die aanval is 22 Britse soldate gedood of gewond en twaalf waens gebuit.<sup>143</sup> Die aanvalle het in so 'n mate toegeneem dat elke oprigtingsgroep later deur 'n aantal soldate vergesel is om hulle te beskerm.<sup>144</sup>

Gedurende Desember 1901 is kol. M.F. Rimington en kol. J.H. Damant byvoorbeeld aangewys om ook beskerming aan die blokhuisbouers van die Frankfort-Tafelkop-linie te verleen. Op 20 Desember is hulle aangeval, maar hulle het daarin geslaag om die aanval af te weer.<sup>145</sup>

Die Boere het tog daarin geslaag om die Britse magte tot die besef te bring dat blokhuisoprigters nie sonder beskerming hulle taak sou kon uitrig nie. Daarna is alle persone wat verantwoordelik was vir die oprigting van blokhuisse, ter beskerming van soldate voorsien. Verskillende kompanies het orals waar blokhuisse opgerig is, die Royal Engineers en ander eenhede wat blokhuisse moes oprig, beskerm. In die Magaliesberg, byvoorbeeld, het die Inniskilling Fusiliers die Royal Engineers beskerm.<sup>146</sup> Sedert die middel van 1901 is Britse eenhede ook in Wes-Transvaal aangewend om die blokhuisbouers te beskerm. So is kol. G.L. Basing en sy manskappe gebruik om die bouers wat die linie vanaf Breedsnek na Frederikstad opgerig het, te beskerm.<sup>147</sup>

---

142. C. Mellor, "A scrap with the Boers whilst blockhousing", *The Royal Engineers Journal* 32, 1.1.1902, pp.3-4.

143. *Official history* 4, p.298.

144. *Ibid.*, pp.194, 196, 286-287, 298, 304, 339, 368.

145. *Ibid.*, pp.388-390.

146. I.Robertson (red.), *Cavalry doctor: letters written from the field 1900-1901 during the Anglo-Boer War by Col. A.F. Russell*, p.244.

147. *Official history* 4, p.194.

Daar is nie net aanvalle op die blokhuisbouers as sulks geloods nie. Gevalle van georkestreerde aanvalle op spesifieke blokhuislinies het ook voorgekom. Die beste voorbeeld hiervan is die aanvalle gedurende April 1902 op die blokhuislinie tussen Bethlehem en Fouriesburg. Vanweë die feit dat die Brandwaterkom in die Oos-Vrystaat deur blokhuislinies vanaf Harrismith na Bethlehem en vanaf Fouriesburg na Ficksburg omring was, het die laaste vesting in dié streek waar die Boere kon skuil, onveilig geword. Die blokhuislinies het daarin geslaag om die Boere in die kom in te perk, iets wat ontsnapping bemoeilik het. Ten einde dié struikelblok die hoof te bied is begin met stelselmatige nagaanvalle op die blokhuislinies en is daar veral op die Bethlehem-Fouriesburg-linie gekonsentreer. Die blokhuse is deurnag deur geweervuur onder skoot geneem. Dit het sake vir die bemannings bemoeilik, want indien hulle sou terugvuur sou hulle net ammunisie vermors aangesien die aanvallers deeglik geskuil het. Indien hulle daarenteen geen teenvuur sou lewer nie, sou dit vir die Boere maklik wees om heen en weer oor die linies te beweeg. Op 8 April 1902 het die Boere daarin geslaag om twee blokhuse te Steenkampskop te oorrumpel en 150 m doringdraadversperrings te verwyder. Die aanval het die Britse mag ongeveer 21 ongevalle, gevang en gewond, gekos. Die gevolg van dié aanval was dat die blokhuislinie dadelik versterk is. Hierdie blokhuse, wat as versterking opgerig is, was blootgestel aan aanhoudende Boere-aanvalle tydens die oprigtingsproses. Vanweë die afwesigheid van mobiele kolonnes in die streek kon daar nie teen die Boere opgetree word nie en eers na die beëindiging van die dryfjag 'n maand na die inname van die twee blokhuse te Steenkampskop, is die Boere uit die gebied verdryf.<sup>148</sup> Blokhuse het dus in hierdie streek, danksy die tekort aan mobiele kolonnes aan Britse kant, nie 'n bedreiging vir die Boere ingehou nie.

Die Boere-aanval op die Britse mag te Groenkop op 25 Desember 1901, is sekerlik die bekendste aanval op 'n Britse mag wat verantwoordelik was vir die beskerming van blokhuisbouers. Die aanval het in die Oos-Vrystaat plaasgevind tydens die bou van die blokhuislinie tussen Harrismith en Bethlehem. Alhoewel genl. C. R. de Wet die oorwinning behaal het, kon hy nie daarin slaag om die bou van die blokhuislinie te

---

148. *Ibid.*, pp.482-485; TAB, Mikrofilm M 670: Staff Diary Harrismith District. April 1902.

verhoed nie.<sup>149</sup>

Wat die toestand in die Noordwes-Kaap betref, het die oprigters van die Victoria-Wes-Lambertsbaai-blokhuislinie tot en met 10 Januarie 1902 nog sonder gewapende begeleiding hul werk verrig, waarna hulle van beskerming voorsien is.<sup>150</sup> Nieteenstaande die Boere se aanvalle op die konstruksiegroepe het die oprigting van die blokhuislinies voortgegaan totdat die ondertekening van die voorwaardes van oorgawe 'n einde aan die vyandelikhede gemaak het. In die geheel gesien is dit dus duidelik dat die Boere nie daarin kon slaag om die oprigting van blokhuislinies noemenswaardig te ontwrig nie. Indien hulle beter gekoördineerde pogings aangewend het om blokhuisbouery aan bande te lê, sou hulle bewegingsvryheid teen Mei 1902 minder beperk gewees het.

#### 8. Slotperspektief

Wat boumateriaal betref, het dit gewissel na gelang van die tipe blokhuis wat opgerig is. Die sink benodig vir die Rice-tipe blokhuse was meestal afkomstig van Engeland en is deur middel van treine na die binneland vervoer.<sup>151</sup> Daar is soms ook items soos sink van die afgebrande boerewonings geneem en as boumateriaal gebruik.<sup>152</sup> Verder was daar 'n blokhuisfabriek te Kaapstad wat ook sy materiaal van Engeland gekry het. Die blokhuisfabrieke te Pretoria en Middelburg (Transvaal) het die meeste van hulle materiaal deur Lourenço Marques laat invoer.<sup>153</sup> Met die toename in die vraag na die Rice-tipe blokhuse, het elke hoofkwartier van die Royal Engineers wat by groot dorpe gestasioneer was, met die vervaardiging daarvan begin. Verder is daar by hawedorpe soos Port Elizabeth met die vervaardiging begin.<sup>154</sup>

Uit die geraadpleegde bronne kon nie vasgestel word presies waar al die boumateriaal

---

149. Vgl. J.E Rabie, *Generaal C.R. de Wet se krygsleiding by Sannaspos en Groenkop*, pp.31-59; Amery 5, pp.431-444; *Official history* 4, pp.393-395.

150. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), pp.323-324.


151. H.W. Wilson, *With the flag to Pretoria. After Pretoria: the guerilla war* 2, p.892.

152. T. Pakenham, *The Boer War*, p.572.

153. Bcthell, pp.288-289.

154. *Official history* 4, p.571.

vir die meerverdieping-blokhuis verkry is nie. Dit spreek egter vanself dat die meeste van die materiaal afkomstig was van die nabye omgewing aangesien hierdie blokhuis meestal van klip gebou is. Die sement en ander materiaal soos sinkplate en skietgate is meestal deur die militêre owerhede voorsien of is van nabygeleë plase verkry, byvoorbeeld die sink. In sommige gevalle is die plaaswonings van Boere afgebreek nadat die vrouens, kinders en bediendes na konsentrasiekampe weggevoer is en die materiaal vir die bou van blokhuis aangewend.<sup>155</sup>



Die oprigting van 'n Rice-tipe blokhuis.

H.W. Wilson, *With the flag to Pretoria. After Pretoria: the guerilla war 2*, p.844.

155. Pakenham, p.572; Department of Manuscripts, Yale University Library (New Haven): *South Africa 1901-1902* (foto-album), p.9.

Swart en bruin mense het met die oprigting van die blokhuis gehelp. Vir die oprigting van 'n Rice-tipe blokhuis was drie tot ses sappeurs (soldate van die Royal Engineers) en tien tot twintig infanteriste en swart mense benodig. Hulle was in staat om 'n blokhuis in 'n tydperk tussen vier en nege ure op te rig en daar kon van drie tot ses blokhuis per dag opgerig word. Verder was daar buiten die garnisoen van ses of sewe man ook drie tot vier swart mense wat snags op wag was. Weens die tekort aan mannekrag in die Britse Leër is aan hierdie swart mense ook vuurwapens uitgereik.<sup>156</sup> Dit moet egter in gedagte gehou word dat hierdie syfers van linie tot linie kon wissel afhangende van die aantal man wat beskikbaar was.

Met die beëindiging van die oorlog op 31 Mei 1902 was die blokhuisstelsel ver gevorder. Die westelike hoofspoorlyn was vanaf Beaufort-Wes tot by Mafeking en selfs verder noordwaarts tot by Gaborone in Brits-Betsjoeanaland van 'n blokhuislinie as beskerming voorsien; die sentrale spoorstelsel was vanaf Cradock tot by Pietersburg van blokhuis voorsien, met taklyne wat na Winburg, Heilbron, Klerksdorp en Springs gestrek het. Die Delagoabaai-lyn was vanaf Pretoria tot in Komatipoort deur blokhuis beskerm, met 'n taklyn na Barberton, terwyl die Natal-lyn vanaf Newcastle tot in Johannesburg deur blokhuis beskerm is. Verder was die spoorlyne vanaf Queenstown tot by Bethulie, Stormberg tot by Rosmead en Noupoot tot by De Aar ook deur blokhuis beskerm. Dit was nie moontlik om vas te stel watter addisionele linies nog beplan is ingeval die oorlog langer sou duur nie.

Wat die "cross-country"-blokhuislinies betref, was die langste linie dié tussen Victoria-Wes en Lambertsbaai. Dié blokhuislinie was vanweë die hoë koste daaraan verbonde, die omvangrykheid van die gebied wat dit moes bedien en die aantal manskappe wat dit geverg het om op te rig en te onderhou, nie 'n sukses nie. In die Vrystaat en Transvaal het "cross-country"-blokhuislinies op groot skaal voorgekom vanweë die groter bedrywighede van die Boere in die twee streke. Dáár is meer sukses met hierdie linies behaal. In Natal was baie min linies in vergelyking met die res van die oorlogsgebied.

---

156. *Official history* 4, pp.570-571; Amery 5, pp.260, 397; Bethell, p.282; F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, p.287; *Journal of the principal events connected with the war in South Africa* 13 [inskrywing vir 8.11.1901].

Die langste linie was tussen Dundee en Vryheid, wat maar oor 'n afstand van 64 km gestrek het.

Die verspreiding van die blokhuse het met die ontwerp van nuwe en verbeterde blokhuse met rasse skrede vooruitgegaan. Uiteindelik is - soos reeds in onderafdeling 8 van hoofstuk 3 uiteengesit - 'n totaal van ongeveer 8 000 blokhuse teen 'n koste van £1 000 000 opgerig. Die blokhuislinies het oor 'n afstand van 5 920 km gestrek en volgens die meeste bronne was naastenby 50 000 man verantwoordelik vir die bemanning van die blokhuse.<sup>157</sup> Dit is egter nie heeltemal korrek nie. As daar na die tabel van kapt. Harvey gekyk word, blyk dit dat daar volgens sy opname 441 klipmesselwerkblokhuse, ten minste 6 883 Rice-tipe (sinkblokhuse) en 555 veldskanse opgerig is.<sup>158</sup> As in aanmerking geneem word dat daar gemiddeld twintig persone in 'n klipmesselwerkblokhuis, sewe in 'n Rice-tipe (sink) blokhuis en vyf in die veldskanse en poste was, moes die totale aantal soldate wat die blokhuislinies beman het, ten minste ongeveer 55 000 beloop het, en waarskynlik nader aan 60 000, omdat die meerverdiepingblokhuse soms 25 man of meer gehuisves het. Vir die doeleindes van hierdie studie word die getal 60 000 blanke blokhuis-soldate dus deurgaans gebruik. Indien daar by elk van die Rice-tipe blokhuse ook nog drie of vier swart of bruin wagte was, het waarskynlik ten minste 25 000 swart en bruin persone in dié verband diens gedoen.

Die meeste blokhuse is in die laaste jaar van vyandelikhede opgerig. Die mate waartoe hierdie blokhuislinies die verloop en uitslag van die stryd beïnvloed het, sal in die slothoofstuk (hoofstuk 7) bepaal word. Alvorens in hoofstuk 6 ingegaan word op die Britte se strategiese en taktiese aanwending van die blokhuislinies, word kortliks gelet op die lewe in die blokhuse.

---

157. Bethell, p.289.

158. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinsn. 10905: R. Harvey, Table showing no. of blockhouses and posts to date.

## HOOFSTUK 5

### DIE LEWE IN DIE BLOKHUISE

#### 1. Inleiding

Daar is min gedetailleerde inligting oor die lewe in die blokhuisse beskikbaar. Dit kan moontlik daaraan toegeskryf word dat dit so geroutineerd was dat die meeste blokhuiswagte dit nie as die moeite werd beskou het om veel daarvoor op te teken nie. Dagboeke en herinneringe maak gewoonlik net melding van die feit dat dié bepaalde persoon in 'n blokhuis was, en net die belangrikste gebeure word vermeld. Voorbeelde van sulke gebeure sluit in die deurbreek van Boere deur die blokhuislinies en die rol wat die bemanning van blokhuisse tydens dryfjagte gespeel het.

Uit die beskikbare gegewens is dit wel duidelik dat die lewe in die blokhuisse nie altyd baie aangenaam was nie. Uiterste temperatuurskommelings in die binneland, asook die vervelige roetinewerk, het die lewe soms moeilik gemaak. Omdat die blokhuisse oor die lengte en breedte van die oorlogsgebied versprei is, was toestande nie orals dieselfde nie. Die daaglikse en seisoenale temperatuurskommelings is in die binneland van Suid-Afrika hoër as aan die kus. Dele van die Vrystaat en die Karoo het 'n daaglikse temperatuurwisseling van tussen 10° C en 20° C. Sekere dele van die Oos-Transvaal ondervind ook hoë temperature en 'n humiditeitsfaktor van tussen 61 % en 70 %.<sup>1</sup> Volgens Lt.-kol. J. B. Backhouse van die 2nd East Kent Regiment (the Buffs) wat die blokhuislinie vanaf Nelspruit na Komatipoort beman het, het hulle gedurende Januarie 1902 gemiddelde temperature van tussen 32° C en 37° C beleef. Die hitte gedurende die dag het hulle gedwing om binne die blokhuis te bly. Verder het hulle vrees vir slange hulle ook binnenshuis gehou.<sup>2</sup>

---

1. *Reader's Digest atlas of Southern Africa*, p.19.

2. J.B. Backhouse, *With the Buffs in South Africa*, pp.117-119.

## 2. Die bemanning van die blokhuis

Daar was waarskynlik ten minste 85 000 persone betrokke by die bewaking van die blokhuislinies. Ten einde 'n vollediger beeld oor die werksaamhede binne die blokhuis te verkry, is dit nodig om aan te dui hoe die organisasie van die bemanning in 'n blokhuis daar uitgesien het. 'n Rice-tipe (ronde) blokhuis is gewoonlik deur 'n blanke korporaal en ses manskappe, asook drie of vier swart of bruin persone beman. 'n Luitenant het gewoonlik die bevel oor drie of vier blokhuisse gevoer terwyl 'n kaptein in bevel was van tien tot twaalf blokhuisse. 'n Bataljon was verantwoordelik vir ongeveer sestig blokhuisse. In 'n Rice-blokhuis moes drie man altyd wagstaan, terwyl die ander verantwoordelik was vir die kook van kos, afhaal van rantsoene en watervoorsiening. Water is na die blokhuisse aangery, maar in gevalle waar dit nie direk tot by die blokhuis self geneem kon word nie, moes die bemanning self sorg dat dit hul blokhuis bereik. Vir dié doel is daar dan 'n aantal donkies op 'n sentrale punt aangehou waarvandaan die water dan na die blokhuisse versprei is.<sup>3</sup>

Swart en bruin soldate is ook as blokhuiswagte gebruik, veral gedurende die nagskof. Gewoonlik moes hulle tussen twee aangrensende blokhuisse wagstaan en is hulle nie in die blokhuisse self gebruik nie.<sup>4</sup> In Augustus 1901 het daar vrae in verband met die gebruik van swart mense as blokhuiswagte ontstaan. In antwoord op 'n vraag deur St. John Brodrick (die Britse minister van Oorlog) daaroor verduidelik Kitchener dat: "A native watchman is employed between each two blockhouses on railway communications, to give warning of Boers wanting to cross."<sup>5</sup> Hy was egter baie versigtig om te verduidelik dat, hoewel hulle gewere aan die wagte gegee het, hulle nie in 'n offensiewe rol aangewend is nie. Dit was egter nie oral die geval nie aangesien dagboeke en herinneringe melding maak van die feit dat swart en bruin soldate soms in blokhuisse self gestasioneer was en nie altyd bloot as wagte tussen blokhuisse gebruik is nie. Die

---

3. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.318.

4. M.H. Grant, *History of the war in South Africa 1899-1902* [hierna vermeld as *Official history*] 4, p.571.

5. *Journal of the principal events connected with the war in South Africa* 11, p.48.

presiese getal "nie-blanke"<sup>6</sup> blokhuiswagte tydens die oorlog kon nie vasgestel word nie, maar het waarskynlik ten minste 25 000 beloop; met ander woorde drie of vier per blokhuis.

Op 9 Maart 1902 het Kitchener 'n vraag van St. John Brodrick in die Britse parlement in verband met die getal swartes wat aangewend is in die blokhuislinies, probeer beantwoord. Die enigste inligting waaroor hy beskik het, was die totale getal swart en bruin mense in die Kaap, Vrystaat, Natal en Transvaal aan wie wapens uitgereik is, naamlik 10 053. Daarvan was 2 496 swartes en 2 939 kleurlinge in die Kaap en 4 618 swartes in Natal, Vrystaat en Transvaal. Hierdie syfers kan egter nie as korrek beskou word nie, aangesien dit nie die persone ingesluit het wat met hulle eie gewere vir diens aangemeld het nie. Verder was die versoeking groot, veral wat die blokhuislinies betref, om swartes te bewapen ten einde meer soldate vir patrolliewerk en konvooibeskerming beskikbaar te stel. In Maart 1902 het David Lloyd George in die House of Commons beweer dat daar ongeveer 30 000 gewapende swartes in Britse diens was. Hierdie getal is waarskynlik naby aan korrek.<sup>7</sup>

Die swart wagte het as die Black Watch onder soldate bekend gestaan en het in aparte tente langs die blokhuisse gewoon. Daar was dus skeiding tussen wit en swart blokhuiswagte. Een van die take van die offisier in beheer van 'n seksie, was om gedurende die nag besoek by die wagte af te lê. Hierdie taak was nie sonder gevare nie aangesien die swart wagte hulle nie altyd aan die besoeke gesteur het nie en soms sonder meer aan die slaap geraak het. Wanneer hulle dan deur die besoekende offisier wakker gemaak is, het dit soms gebeur dat hulle in die proses hulle gewere laat afgaan het. As voorbeeld meld Fuller dat hy slegs een keer die wagte in sy seksie besoek het, maar nadat hy amper in die proses doodgeskiet is toe hy een wou wakker maak, het hy besluit dat dit futiel was en daarom het hy dit nooit weer gewaag nie. Volgens hom was dit dwaas om op swart blokhuiswagte te vertrou, aangesien hulle onbetroubaar as wagte


---

6. Wanneer die term "nie-blankes" noodgedwonge gebruik word, word geen negatiewe konnotasie daarmee geïmpliseer nie. Dit geld ook by die gebruik van die term "kleurlinge" as wisselvorm vir "bruin mense".

7. P. Warwick, *Black people and the South African War, 1899-1902*, pp.23-25; R.M. Holden, "The blockhouse system in South Africa", *The Journal of the Royal United Service Institution* 46, Jan.-Jun. 1902, p.486.

was.<sup>8</sup>

Dit is interessant om daarop te let dat die bemannings soms poppe buite die blokhuis gesit het wat soos wagte gelyk het, ten einde die Boere te ontmoedig om die blokhuis aan te val.<sup>9</sup> So 'n pop was gewoonlik in kakie geklee en het 'n medalje of twee op sy linkerbors gehad. Die medaljes is van blik vervaardig. 'n Nagemaakte geweer is gewoonlik in sy hande geplaas en om die prentjie mee af te rond, is 'n whiskeybottel in sy sak gestee. Namate die oorlog voortgeduur het, is die poppe selfs op 'n nog meer oorspronklike wyse aangewend. Sommige het die verbygaande treine gesalueer, bo sommige se koppe het die Union Jack gewapper, terwyl daar by een blokhuis tydens die vredesluiting selfs twee poppe was - 'n Boer en Brit onderskeidelik - wat mekaar die hand gee.<sup>10</sup>



'n Agtkantige blokhuis met 'n pop regs voor.

H.W. Wilson, *With the flag to Pretoria. After Pretoria: the guerilla war 2*, p.591.

8. J.F.C. Fuller, *The last of the gentlemen's wars*, pp.114-116.

9. Holden, p.486.

10. Backhouse, p.141.

Die blokhuisbemanning het gewissel. Verskuiwings het gereeld plaasgevind soos die troepe in ander gebiede benodig is. Op die Bloemfontein-Edenburg-blokhuislinie het manskap W. Rogers byvoorbeeld in die tydperk vanaf 10 Julie 1901 tot 8 Januarie 1902 in ses verskillende blokhuisse langs die spoorlyn diens gedoen. Hy verskaf slegs by twee geleenthede 'n rede vir die verskuiwing. Een keer het die korporaal van een blokhuis siek geword en moes hy vervang word. Die tweede rede wat hy verskaf het, was dat hulle na 'n beter ligging vir hulle bestaande blokhuis moes verskuif.<sup>11</sup>

Die verskil in persoonlikhede en in die bekwaamheid van die individuele offisiere het daartoe aanleiding gegee dat sekere blokhuisbemanninge meer paraat as ander was. In sekere gevalle was slegs drie persone nodig om 'n blokhuis effektief te beman, terwyl dit in ander gevalle nodig was om meer persone as gewoonlik daar te plaas. Die plasing van geskikte persone bymekaar, was ook deel van die verantwoordelike offisier se taak. Vanweë die verskeidenheid van agtergronde waaruit die troepe afkomstig was, was persoonlikheidsbotsings geen ongewone verskynsel nie.<sup>12</sup>

Sommige Britse regimente het mank gegaan aan dissipline en wanneer hierdie lede as blokhuiswagte gebruik is, was daar gevolglik ook 'n geneigdheid tot ongedissiplineerdheid. Die persone in beheer van die blokhuisse was onderoffisiere, naamlik jong korporale en onderkorporale. Vir die offisiere, te wete die luitenant en kapteins, in beheer van 'n seksie blokhuisse, was dit ook moeilik om voltyds aan elke blokhuis aandag te skenk. Die gevolg was dat van die soldate die reg in eie hande geneem het. Dit was dus nie raadsaam om die bemanninge te lank op een plek te stasioneer nie. Dit was een van die hooforsake vir die gereelde verskuiwings.<sup>13</sup>

---

11. Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, A 6205/1: Diary kept from Jan. 1 1900 embarking on the S.S. Cymaric, Liverpool for South Africa with the Sixth Division, by Pte. Rogers, D Company Gloster Regiment, pp.19-22.

12. F. Luttman-Johnson, *Record of services of the 3rd Battn. the Prince of Wales's Leinster regiment (Royal Canadians) in the South African War 1900,1901,1902*, p.112.

13. C.E. Howard Vincent, "Lecture on the situation in South Africa", *The Journal of the Royal United Service Institution* 46, Jan.-Jun. 1902, p.154.

### 3. Die inrig van die blokhuse

Selfs in die beknopte blokhuismilieu is die gebruik om range van mekaar te skei, so ver as moontlik gehandhaaf. Die manskappe van die blokhuse het gewoonlik bedags die blokhuse beman terwyl die offisier in beheer van 'n seksie in 'n tent langs die blokhuis gebly het.<sup>14</sup> Die tent van die bevelvoerende offisier is dan ook so geplaas dat dit in 'n goeie posisie was om sy seksie onder oë te hou. Snags het die offisier om veiligheidsredes dan in die blokhuis of in 'n skuiling binne die loopgraaf geslaap. Dit was egter nie orals die geval nie. Veral in die Kimberley-distrik het die offisiere in die begin altyd in tente gebly. Nadat twee donkies egter een aand in die doringdraad vasgevang geraak het en deur die wagte doodgeskiet is, is gevind dat die offisier - 'n kapt. Sheppard - se tent ook raakgeskiet is. Dit het daartoe aanleiding gegee dat die offisiere in dié gebied ook in die aande hulle toevlug tot die blokhuse geneem het. Die gebruik van skuilings in die loopgrawe het natuurlik ook sy nadele gehad. Die kenmerkende donderstorms van die binneland het gereeld die loopgrawe oorstroom, met die gevolg dat die offisiere dan hulle slaapplek kwyt was.<sup>15</sup>

Inligting oor hoe die blokhuse binnekant ingerig was, is skaars en geen van die geraadpleegde bronne maak enigsins melding daarvan nie. Ten einde die lig in die blokhuse te verbeter is die mure en houtwerk met kalk afgewit wat die blokhuse 'n skoner voorkoms binne gegee het. Verder is die openinge wat bo in veral die meerverdieping-blokhuse gevind is, met seil toegemaak om reën uit te hou. Flappe is ook by die skietgate geplaas om dit toe te maak wanneer dit nie in gebruik was nie.<sup>16</sup>

### 4. Watervoorsiening

Watervoorsiening aan die blokhuse was 'n blywende probleem in veral die droë gebiede van Suid-Afrika. Daar is gepoog om boorgate aan alle blokhuse te voorsien, maar dit

---

14. Holden, p.486.

15. Fuller, pp.130-131; Luttman-Johnson, p.112.

16. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.302.

was nie altyd moontlik nie. Verder is daar ook gepoog om die blokhuis sover as moontlik naby fontein of watergate te plaas. Vir die Boere het dit natuurlik probleme geskep aangesien hulle bron van water ook nou meestal in Britse hande was.<sup>17</sup>

Elke blokhuis het sy eie watertenk gehad waarin vars water gehou is. Hierdie tenks is gewoonlik óf in die loopgraaf rondom die blokhuis óf in die blokhuis self geplaas.<sup>18</sup> Die watertenks van veral die Rice-blokhuis is binne-in die loopgraaf geplaas wat rondom die blokhuis gegrawe is.<sup>19</sup> Die blokhuis wat langs die treinspoor geleë was, het geen probleme ondervind met die aanvul van hul watervoorraad nie aangesien die treine op 'n gereelde grondslag die water gebring het. Die "cross-country"-blokhuis, wat soms ver van die spoor geleë was, het egter probleme ondervind. Hulle was afhanklik van waterkonvooi vir vars water.<sup>20</sup>

'n Goeie voorbeeld van die werking van so 'n konvooi kan gevind word in die watervoorsiening aan die Kimberley-Boshof-blokhuislinie. Die konvooi het bestaan uit vyf 1 800 liter watertenks wat op ossewaens gemonteer is. Wa nommer een, gestasioneer te Tolpan, het die tenks daar gevul en vroeg in die oggend daarvandaan na Mostertshoek (blokhuis nommer tien) vertrek. Op pad daarheen is water aan al die blokhuis op die roete voorsien. Nadat hulle die nag by Mostertshoek deurgebring het, is die tenk weer volgemaak en die terugtog na Tolpan aangepak. Elke blokhuis op die roete is dan weer van water voorsien.<sup>21</sup>

Wa nommer twee, gestasioneer te Mostertshoek, het in die oggend daar volgemaak en dan na die plaas Frankfort vertrek. Blokhuis nommers elf tot 22 is dan van water voorsien. Daardie aand is op die plaas Frankfort oornag en die volgende oggend is die terugtog aangepak. 'n 900 liter watertenk wat langs die pad by die nommer agtien blokhuis geplaas is, is deur die wa gevul. Vanaf hierdie tenk is blokhuis nommers

---

17. C.C.J. Badenhorst, *Uit den Boerenoorlog 1899-1902: ervaringen en aantekeningen van C.C.J. Badenhorst, ex-assst. hoofdcommnd. der westelijke afdeeling van den Oranje-Vrijstaat*, p.142.

18. Howard Vincent, p.153.

19. Fuller, pp. 111, 131.

20. Royal Engineer Corps Library (Chatham) : S. Walker, *A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902* (ongepubliseerde manuskrip), p.317.

21. *Ibid.*

vyftien tot twintig dan deur pakdonkies van water voorsien. Een donkie is op die plaas Frankfort gestasioneer om blokhuis nommers 23 en 24 van water te voorsien, terwyl die nommer drie waterwa ook te Frankfort gestasioneer was. Daarvandaan het dit vroeg in die oggend na blokhuis nommer 36 vertrek. Op pad daarheen het dit blokhuis nommers 25 tot 30 aangedoen, by De Puts hervul indien dit nodig was, en dan na die res van die blokhuis, nommers 31 tot 35 vertrek. By blokhuis nommer 36, genaamd Wag 'n Bietjie, is daar weer oornag, en die waterhervulling gedoen. Die volgende oggend is daar met dieselfde roete teruggekeer.<sup>22</sup>

Die nommer vier wa, gestasioneer te Wag 'n Bietjie-blokhuis, het in die oggend daar volgemaak en dan na blokhuis nommer 50 te Leeufontein vertrek. Die volgende oggend is dieselfde roete weer terug gevolg. Op pad daarheen is blokhuis nommers 37 tot 49 van water voorsien. 'n 225 liter watertenk is aan die voet van die koppie by die nommer 39 blokhuis geplaas. 'n Donkie met watersakke het die water na blokhuis nommers 39 en 40 vervoer. Blokhuis wat nie naby boorgate en ander waterbronne geleë was nie, se water is in houers daarheen vervoer. Die houers, genaamd *packhals*, is na die individuele blokhuis geneem waar dit in die watertenk geplaas is. Die *packhals* was nie gewild nie en Fuller beskryf dit as argaïese items afkomstig uit Indië. Boonop was dit volgens hom die draers van elke denkbare kiem.<sup>23</sup>

Wa nommer vyf is te Leeufontein gestasioneer waarvandaan dit soggens na Boshof vertrek het. Onderweg is blokhuis nommers 51 tot 59 van water voorsien. Na 'n nagrus te Boshof is dieselfde roetine weer terug gevolg.<sup>24</sup>

Verskeie blokhuis was in die bevoorregte posisie dat hulle toegang tot boorgate gehad het, byvoorbeeld die blokhuis langs die Norvalspont-Bloemfontein-Wolwehoek-spoorlyn.<sup>25</sup> Watervoorsiening was lewensnoodsaaklik vir die blokhuisbemanning en die

---

22. *Ibid.*, pp.317-318.

23. Fuller, p.144.

24. Royal Engineer Corps Library (Chatham): S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902 (ongepubliseerde manuskrip), p.318.

25. Royal Engineer Corps Library (Chatham), aanwinstnr. 10905, lêer B.W.11: O.R.C. District, Record of Engineer work done during the war. List of deep well boreholes.

besikbaarheid daarvan, al dan nie, het 'n groot invloed op die daaglikse lewe in die blokhuse gehad.

### 5. Voedselvoorsiening

Naas watervoorsiening, was ook voedselvoorsiening van kardinale belang. Elke blokhuis het een week se voedsel as reserwe in die blokhuis gehad, net soos wat reserwe-ammunisie ook daar gehou moes word.<sup>26</sup> Voedsel is op 'n gereelde grondslag voorsien en waar dit vir die bemannings moontlik was, het hulle self ook groente gekweek en diere vir eie gebruik aangehou. In gevalle waar voedsel bederf geraak het weens omgewingsfaktore, soos byvoorbeeld by Modderrivier in 1902, is kontrakte met privaat kontrakteurs gesluit vir die lewering van voedsel. In genoemde geval het die aartappels sleg geword en het mnr. Ritchie van Rosmead die kontrak gekry om sover moontlik 'n verskeidenheid groente aan die blokhuse te verskaf.<sup>27</sup> Alhoewel voedsel nooit skaars was nie, was die dieet baie eentonig. Dit het byvoorbeeld bestaan uit rantsoenbeskuit, ingemaakte vleis (boeliebief) en ingemaakte bredie.<sup>28</sup> Soms is tamatiekonfyt, brood en ingemaakte botter aan die troepe voorsien. Hulle het selde ingemaakte ham of vleis gekry. Namate die oorlog voortgeduur het, het ander ingemaakte voedselsoorte hulle verskyning op die spyskaart gemaak, soos byvoorbeeld ingemaakte spek en eiers, pasteie en appelpoeding.<sup>29</sup> Om hulle dieet af te wissel, het die wagte soms kleinwild en verskeie voëlsoorte vir die pot geskiet.<sup>30</sup>

Die enigste drank wat formeel uitgedeel is, het bestaan uit rum en lemmetjiesap. Die lemmetjiesap was om skeurbuik te verhoed en dateer uit die dae toe dit aan skeepsbemannings verskaf is. Hierdie sap was egter so suur dat dit gewoonlik op parade aan die soldate uitgedeel moes word anders het hulle dit summier weggegooi.<sup>31</sup> In 'n

---

26. Howard Vincent, p.153; *Official history* 4, p.571.

27. Luttman-Johnson, pp.109-110.

28. Die bredie het as "knock-me-down-stew" bekend gestaan en was 'n mengsel van vleis en groente. Dit was nie 'n gewilde dis by die troepe nie en het die neiging gehad om gou in die blik gas op te bou. Wanneer so 'n blik dan oopgemaak is, het dit baie keer in die persoon se gesig ontplof.

29. Fuller, pp.43-44.

30. *Ibid.*, p.239.

31. *Ibid.*, p.44.

skrywe van maj. B. Buckley, adjudant van die 2nd Northumberland Fusiliers te Ladybrand, aan die garnisoen van die blokhuse in die Ladybrand-omgewing, is opdrag gegee dat die rantsoen lemmetjiesap verhoog moes word aangesien daar bevind is dat die verbruik daarvan tot in daardie stadium nie na wense was nie. Elke offisier sou daarvoor verantwoordelik wees om toe te sien dat die afdeling onder sy bevel die lemmetjiesap moes afhaal en drink.<sup>32</sup>

Die voedsel is gewoonlik binne-in die blokhuse geberg terwyl die blikkieskos onder die watertenk se druppende kraan geplaas is om koel te bly. Donderstorms het gereeld oorstromings van die loopgrawe veroorsaak, met die gevolg dat die blikkieskos dan bederf het.<sup>33</sup>

Voedsel is óf per spoor óf per konvooi aangery. Blokhuse langs die spoorlyn was afhanklik van voorrade wat per trein gebring is, terwyl die "cross-country"-blokhuse se bevoorrading van konvooi afhanklik was. Die blokhuse wat geleë was aan die Wesfront op die Oranjerivierstasie-Kimberley-Warrenton-linie is 'n tipiese voorbeeld. Die voorradetrein het elke Dinsdag om 06h00 vanaf Oranjerivierstasie na Kimberley vertrek. Op Donderdae het dit om 06h15 vanaf Kimberley na Warrenton vertrek, terwyl dit op Vrydae om 05h40 vanaf Kimberley na Oranjerivierstasie vertrek het.<sup>34</sup> Afgesien van die blokhuiswagte, is 'n groot aantal ander soldate, wa-drywers en andere dus ook benodig om die blokhuisstelsel van lewensmiddele te voorsien en in stand te hou.

## 6. Daaglikse roetine

Die soldate het oor die algemeen die lewe in die blokhuse verkies bo die lewe tydens die dryfjagte of wanneer hulle op trek was. Die rede hiervoor was dat hulle verlos was van die take eie aan die regimente waaraan hulle behoort het, en die relatiewe vryheid wat hulle geniet het was dus 'n bonus.<sup>35</sup> Dit is egter so dat daar verskillende sienings

---

32. Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, A 5836/1: Plakboek van Tossie van Heerden.

33. Fuller, p.131.

34. Luttman-Johnson, p.95.

35. Holden, p.485.

hieroor ook bestaan. Kruger maak byvoorbeeld in sy boek die stelling dat die soldate dit eerder sou verkies het om by die groter garnisoene en by dryfjagte betrokke te wees. Die verveeldheid van die blokhuislewe sou by die garnisoen nie bestaan het nie, want daar kon hulle ten minste aan sport deelneem en in aanraking kom met 'n wye verskeidenheid persone in die daaglikse handel en wandel. Volgens Kruger sou die daaglikse roetine die lewe vir die blokhuisbemannings vervelig gemaak het.<sup>36</sup> Uit dagboeke kan afgelei word dat die lewe in die blokhuis redelik vervelig was, hoewel die bemanning nie heeltemal ledig was nie.<sup>37</sup> Hul dagtaak het gewoonlik bestaan uit die verbetering van bestaande verdedigingswerke en die herstel van die spoorlyn. In verskeie gevalle was patrolliewerk 'n integrale deel van hulle daaglikse roetine.<sup>38</sup>

Hout was skaars, tensy 'n blokhuis naby 'n rivier, houtheining of grensdraad wat houtpale as ankers gehad het, geleë was. Dan het die bemannings hout vanuit die rivieroewer geneem terwyl die houtheinings en ankerpale ook deur die soldate as vuurmaakhout gebruik is. Die toenemende skaarste aan brandhout het daartoe aanleiding gegee dat verskeie planne beraam is om van ander bronne gebruik te maak. C.F.J. Fuller, wat self in bevel van vier blokhuse was, vertel byvoorbeeld hoe hy 'n plan gemaak het om die brandhoutprobleem op te los. Naby sy blokhuis, geleë te Jordaan, ongeveer 13 km noord van Kroonstad, het die treinspoor 'n skerp draai gemaak waar dit vir die persone in die voorste trokke van 'n trein onmoontlik was om die agterstes te sien. Sodra 'n trein met steenkool deur die draai beweeg het, het vier soldate aan weerskante van die spoor stelling ingeneem en 'n tou bo-oor gegooi. Die tou is dan styfgetrek en so het 'n hele paar kilogram steenkool op die grond beland wat die omliggende blokhuse van broodnodige brandstof voorsien het!<sup>39</sup>

Gedurende November 1901 is opdrag gegee dat geen ligte snags in die blokhuse moes

---

36. R. Kruger, *Good-bye Dolly Gray*, pp.458-459.

37. National Army Museum (London), RC 8012-77: Bound ms diary of Sgt. J. Brammar, 2nd Bn. King's Own Yorkshire Light Infantry, South Africa, 25 September 1899 to 4 March 1902 ; Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, A 6205/1: Diary kept from Jan. 1 1900 embarking om the S.S. Cymeric, Liverpool for South Africa with the Sixth Division by Pte. W. Rogers, D Company Gloster Regiment, pp.19-22; Backhouse, p.117.

38. J. Stirling, *The colonials in South Africa*, p.299.

39. Fuller, pp.111-112, 116-117.

brand nie, omdat daar gevrees is dat dit die Boere se aandag sou trek. Geen vure moes ook snags gemaak word nie wat beteken het dat alle voedsel voor donker gekook moes word.<sup>40</sup>

Aangesien 'n dodelike roetine met min afwisseling verveling in die hand werk, het die offisiere die bemannings opdrag gegee om verbeterings aan die blokhuse en onmiddellike omgewing aan te bring. Baiekeer het die wagte dit ook uit eie beweging gedoen. Daarvan getuig foto's van blokhuse met tuintjies en veral regimentswapens wat met witgekalkte klippe uitepak is. Die South Wales Borderers en die Border Regiment was van die eerstes wat met die verfraaiing van hulle omgewing erns gemaak het, terwyl die Grenadier Guards, gestasioneer tussen Noupoot en De Aar, ook hulle voorbeeld gevolg het. In eersgenoemde geval het die offisiere selfs pryse vir die beste versierings uitgelooft.<sup>41</sup> Aan van die blokhuse is selfs name gegee soos byvoorbeeld "Hotel Cecil", "The Garrison Canteen" of "Ours is a happy home".<sup>42</sup>

Buiten die verfraaiing van die omgewing en die normale dagtake wat verrig is, is tyd ook bestee aan die verdere versterking van die blokhuse en beskerming van die spoorlyn.<sup>43</sup> Hierdie take is egter nie orals uit vrye wil gedoen nie. In die Ladybrand-distrik byvoorbeeld, is daar aan die halsstarrige bemannings van die blokhuse opdrag gegee om ten minste twee uur per dag te bestee aan die versterking van die blokhuse en die loopgrawe tussen die blokhuse. Die opdrag het gespruit uit die feit dat daar bevind is dat min blokhuisbemannings gedurende die dag iets opbouends gedoen het.<sup>44</sup> Verder is bosse wat in die skootsvak van die blokhuse was, verwyder en hindernisse is by plekke opgerig waar Boere andersins maklik sou kon deurbreek. In gebiede waar bome volop voorgekom het, is dit afgekap om verdedigingswerke op te rig. Verder is die loopgrawe dieper gemaak en versterk. Gereedskap soos sae, byle en kapmesse is vir die take gebruik. In die geval van die Kimberley-Oranjerivier-blokhuislinie het 'n offisier 'n

---

40. *Journal of the principal events connected with the war in South Africa* 13, p.8.

41. Howard Vincent, p.154.

42. Backhouse, p.141.

43. National Army Museum (London), RC 8012-77: Bound ms diary of Sgt. J. Brammar, 2nd Bn. King's own Yorkshire Light Infantry, South Africa, 25 September 1899 to 4 March 1902 [inskrywing vir 25.11.1901].

44. Oorlogsmuseum van die Boerepublieke, A 5836/1: Plakboek van Tossie van Heerden.

aantal nagte by Heuningneskloof deurgebring om die versterkings wat aangebring was te inspekteer en nuwes by te voeg. Voorsiening moes ook gemaak word vir die afmerk van afstande vanaf die verskillende blokhuse na bakens in die omgewing. Dit het die soldate in staat gestel om die afstande korrek op hulle wapens in te stel. Tydens 'n aanval op die blokhuis sou die bemanning dus nie nodig gehad het om die afstande te skat nie.<sup>45</sup>

In die Ladybrand-omgewing het die blokhuisbevelvoerders die opdrag ontvang om skietoefeninge in die nag te hou ten einde die soldate aan nagskiet gewoond te maak. Opdrag is ook gegee dat die visiere met wit of glimverf bedek moes word om dit vir die skut meer sigbaar te maak. Verder moes die oefeninge gehou word wanneer die nag nie te donker of te lig was nie en moes al die ander blokhuse ook gewaarsku word voordat met die oefening 'n aanvang geneem is.<sup>46</sup> Nagskiet was dus 'n taak wat goed deur die blokhuisbewakers bemeester moes word en daarom is sulke oefeninge gehou. Hierdie oefeninge het hulle goed te pas gekom, veral teen die einde van die oorlog toe die Boere gereeld deur die blokhuislinies probeer breek het.

Elke dag het sy verpligtinge gebring. Die persone wat in die nag waggestaan het, moes weer bedags ses tot agt ure slaap kry sodat hulle uitgerus kon wees vir die volgende skof. Dit was veral die versterking van die blokhuis en in 'n groot mate die grawe van loopgrawe, wat baie aandag geniet het. So maak die dagboek van J. Brammar melding daarvan dat hulle tot naby die einde van die oorlog nog besig was met die grawe van loopgrawe.<sup>47</sup>

Die groot gebeurtenis van die dag by sommige blokhuse was die koms van die daaglikse voorradetrein.<sup>48</sup> Hierdie trein het behalwe die voorrade wat dit gebring het, ook boeke, koerante en pos aan die blokhuse verskaf en was die enigste kontak met die wêreld buite die blokhuislinies. Onderling was daar wel gewoonlik telefoonverbindings tussen

---

45. Luttman-Johnson, pp.109, 113.

46. Oorlogsmuseum van die Boerepublieke, A 5836/1: Plakboek van Tossie van Heerden.

47. National Army Museum (London), RC 8012-77: Bound ms diary of Sgt. J. Brammar, 2nd Bn. King's Own Yorkshire Light Infantry, South Africa, 25 September 1899 to 4 March 1902 [inskrywing vir 1.3.1902].

48. Backhouse, p.117.

die blokhuse.<sup>49</sup>

## 7. Ontspanning

Oor die algemeen was die blokhuislewe baie demoraliserend vir die bemanning. Buiten wagstaan en kleiner korveewerk, dit wil sê daaglikse roetinewerk, was daar dikwels niks anders om te doen nie behalwe gesels, rook en dobbel.<sup>50</sup>

Die gebrek aan voldoende oefening, die voortdurende wagstaan en die eentonige dieet het verder ook sy tol geëis. J.B. Backhouse meld dat toe hulle eenheid verskuif is na die Komativallei, die soldate se enigste manier van oefening was om langs die treinspoor af te stap. Die enigste ander moontlikheid was om die veld met sy 1,5 m hoë gras vol slange aan te durf.<sup>51</sup> Die soldate het 'n geneigdheid openbaar om temperamenteel te word. Lees het in 'n mate gehelp om wagte konstruktief besig te hou, maar die gewone soldaat was nie 'n ywerige leser nie.<sup>52</sup> In die dagboek van weerman W. Rogers, gestasioneer op die Bloemfontein-Edenburg-blokhuislinie, is dit duidelik dat nie veel langs dié linie gebeur het nie. Die inskrywings vir September, Oktober, November en die grootste deel van Desember 1901, meld net die verskillende blokhuse waar sy afdeling tydens die tydperk gestasioneer was. Volgens die inskrywings vir die tydperk 1 Januarie tot 12 Februarie 1902, het geen spesifieke insident langs die linie plaasgevind nie.<sup>53</sup> Die moontlikheid dat die Boere veral snags wel steeds kon poog om deur die linies te breek, het die blokhuisbemanning nogtans end-uit tot 'n mindere of meerdere mate op en wakker gehou.

In 'n poging om verveeldheid teen te werk, is daar soms picknieks gehou. Die wye verskeidenheid insekte- en dierelwe het ook aan diegene wat daarin geïnteresseerd was,

---

49. Fuller, p.111; *Official history* 4, p.571.

50. Fuller, p.111. F.G. Botha meld dat die Boere op 21 Desember 1900 'n blokhuisbemanning gevange geneem het terwyl hulle aan die kaartspeel was. *Kyk Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, A 5796/1: Eie ondervinding van Frederick Gerhardus Botha gedurende die Boere Oorlog, 1899-Junie 1902*, p.91.

51. Backhouse, p.116.

52. Fuller, pp.111-112.

53. *Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, A 6205/1: Diary kept from Jan.1 1900 embarking on the S.S. Cymeric, Liverpool for South Africa with the Sixth Division, by Pte. Rogers, D Company Gloster Regiment*, pp.19-22.

die geleentheid gebied om dit te bestudeer.<sup>54</sup> Verder het verskeie blokhuisbemannings twee of meer honde as troeteldiere aangehou. Die honde was natuurlik ook nuttig as waghonde.<sup>55</sup> Die vryetyd wat tot die bemannings se beskikking was, kon dus op verskeie maniere na gelang van die individue se behoeftes, benut word.

Dit wil voorkom of sport wel soms deur van die blokhuisbemannings beoefen is. So byvoorbeeld bestaan 'n foto-rekord van 'n boksgeveg wat naby 'n blokhuis plaasgevind het.<sup>56</sup> In die geraadpleegde bronne kon egter geen verdere inligting gevind word in verband met die beoefening van sport nie. Verder kon die geraadpleegde bronne ook nie lig werp op die moontlike besoek van blokhuisbemannings aan dorpe wat naby die blokhuislinies geleë was nie.



'n Boksgeveg by 'n blokhuis naby Utrecht.

H.W. Wilson, *With the flag to Pretoria. After Pretoria: the guerilla war 2*, p.834.

54. Fuller, pp.238-241.

55. Howard Vincent, p.153; Holden, p.486.

56. H.W. Wilson, *With the flag to Pretoria. After Pretoria: the guerilla war 2*, p.834.

## 8. Ander sake rakende die lewe in die blokhuisse

Die geestelike lewe van die blokhuisbewakers het nie agterweë gebly nie. Gereelde besoeke deur kapelane het plaasgevind wanneer toestande dit moontlik gemaak het.<sup>57</sup> Kersfees was net so 'n groot geleentheid vir die manne in die blokhuisse as dié in die veld. Indien moontlik het die naaste kapelaan 'n diens by 'n sentrale punt gehou, terwyl die bemannings elk 'n ekstra rantsoen ontvang het. Die ekstra rantsoen het uit ongeveer 0,25 kg tabak, kerspoeding en een pint (560 ml) bier bestaan.<sup>58</sup> Vir die 2nd East Kent Regiment ("The Buffs"), gestasioneer op die linie vanaf Elandshoek na Krokodilpoort, was Kersfees 1901 ook 'n besondere dag. Buiten die gewone Kersrantsoen wat hulle gekry het (dit wil sê die tabak, kerspoeding en bier waarna hierbo reeds verwys is), het hulle ook nog kerspakkies van die inwoners van Lourenço Marques (die naaste groot dorp in die omgewing) ontvang. Dit het bestaan uit tabak, sigare, kruideniersware en leesstof. Die kerspakkies wat vanaf Engeland na hulle gestuur is, het hulle eers teen die einde van Januarie 1902 bereik.<sup>59</sup>

Die bemannings het soms probleme ondervind met rondloperdiere wat in die drade vasgeloop het. Die gevolg was dat hulle, veral snags, op die diere gevuur het, wat veroorsaak het dat alle omliggende blokhuisse ook begin vuur het, aangesien dit geïnterpreteer is as pogings van die Boere om deur die blokhuislinies te breek. Die blokhuisse het buitendien opdrag gehad om in die nag op alle bewegende voorwerpe naby die spoorlyne te vuur.<sup>60</sup> Verder het die eindelose troppe skape wat tydens die toepassing van die verskroeiende aarde-beleid gekonfiskeer is, probleme veroorsaak. Hierdie troppe is langs die treinspoor na hulle bestemmings aangejaag. So is daar byvoorbeeld op 9 en 15 Julie 1901 onderskeidelik tussen 50 000 en 60 000 skape na hulle bestemming in die Noord-Vrystaat aangejaag. Honderde dooie diere is agtergelaat wat vir die blokhuisbemannings 'n konstante bron van irritasie was aangesien hulle die reuk van

---

57. Fuller, p.132.

58. National Army Museum (London), RC 8012-77: Bound ms diary of Sgt. J.Brammar, 2nd Bn. King's Own Yorkshire Light Infantry, South Africa, 25 September 1899 to 4 March 1902 [inskrywing vir 25.12.1901].

59. Backhouse, pp.117-118.

60. Holden, p.486.

ontbindende karkasse moes trotseer. Verder het die skape die watergate bemors, wat dit ongeskik vir menslike gebruik gemaak het.<sup>61</sup>

Blokhuisbemannings moes hulleself tot 'n groot mate dokter in geval van siektes. Daar was egter 'n mediese offisier wat gereelde besoeke aan die blokhuisse gebring het om toestande te monitor en ernstige siektes te behandel. Hierdie mediese offisier was egter nie net verantwoordelik vir die blokhuislinies nie, maar moes ook na sy betrokke regimentsoldate omsien. In sy verslag het hy dan ook aanbevelings ten opsigte van die toestand van sanitêre geriewe by die blokhuisse aan die offisier in beheer gemaak en verbeterings aanbeveel.<sup>62</sup> In die geraadpleegde bronne kon geen verdere inligting in verband met sanitasie en riolering gevind word nie.

### 9. Slotperspektief

Aangesien die werk vervelig was, het die bewaking van spoorlyne en die bemanning van die "cross-country"-blokhuislinies geharde troepe vereis, nie net fisies nie maar ook geestelik. Veral wanneer die Boere deur die linies probeer breek het, moes die bemannings die druk kon hanteer. Dit het male sonder tal gebeur dat blokhuisse drie maande lank geen aksie gesien het nie en dan, op 'n dag, het die Boere onverwags deur die linies probeer breek. Indien die Boere suksesvol was, het dit ernstige reperkussies vir die omliggende blokhuisoffisiere gehad, aangesien hulle selfs voor 'n krygsraad gedaag kon word.<sup>63</sup> So byvoorbeeld het genl. De Wet tussen 4 en 15 Maart 1902 daarin geslaag om deur drie blokhuislinies, naamlik die Heilbron-Frankfort-, die Wolwehoek-Viljoensdrif- en die Bothaville-Vaalrivier-linie, te breek wat 'n aanduiding gee van die swak standaard van bewaking wat by sekere blokhuislinies geheers het.<sup>64</sup> Verskeie kere moes die blokhuisbemannings ook deur ander eenhede versterk word. Dit het gewoonlik tydens dryfjagte plaasgevind, wanneer daarin geslaag is om 'n groot groep Boere na die spoorlyn aan te keer. In Wes-Transvaal, op die Vryburg-Mafeking-linie,

---

61. Fuller, pp.117-118.

62. TAB, Mikrofilm M 670: Health Report Koffiefontein District.

63. Howard Vincent, p.154; TAB, Mikrofilm M 669: Staff Diary, Harrismith District, April 1902.

64. C.R. de Wet, *De strijd tussen Boer en Brit*, pp.364-366.

het 900 man van die Coldstream Guards en drie Militia-bataljons in samewerking met ses pantserreine, die betrokke linie tydens so 'n dryfjag tussen 8 en 11 Mei 1902 versterk.<sup>65</sup>

Die teenwoordigheid van Boere in die omgewing van 'n blokhuislinie was altyd 'n groot gebeurtenis. Al die blokhuse is op 'n gereedheidsgrondslag geplaas en in sekere gevalle is van die bemannings selfs versoek om uit te gaan en die Boere op te spoor. In samewerking met die dryfjagkolonnes het die blokhuisbemannings van tyd tot tyd suksesse behaal. Die dryfjagte het die Boere teen die blokhuislinies vasgekeer, waar hulle dan gevange geneem is. So het die bemannings van die Ermelo-Standerton-blokhuislinie op 26 Januarie 1902 ongeveer twaalf Boere gevange geneem terwyl daar die dag tevore 30 Boere langs die Piet Retief-Wakkerstroom-linie gevange geneem is.<sup>66</sup>

Verder moes die bemannings van blokhuse langs die spoorlyn altyd gereed wees om pogings van die Boere om die spoorlyn oor te steek, af te weer. In April 1901, byvoorbeeld, moes die blokhuisbemannings tussen Kromdraai en Volksrust vyf sulke pogings afweer.<sup>67</sup> Daar was ook baie vals alarms. Tydens een so 'n vals alarm het Fuller eers bevel ontvang om na die Boere te gaan soek en later dieselfde dag om vier man tussen elke blokhuis te plaas om die verwagte deurgang van Boere te stuit. Die opdrag het beteken dat elke blokhuis die helfte van sy bemanning verloor het en dat die persone tussen die blokhuse uit senuagtigheid na enigiets sou vuur. Dit het ook beteken dat die bemannings in die blokhuse self nie in hulle rigting sou kon vuur nie uit vrees dat die manskappe tussen die blokhuse raakgeskiet kon word. Dit blyk dat hierdie tipe sinlose opdragte redelik algemeen voorgekom het en uiteraard tot frustrasie by die offisiere in beheer van die blokhuse gelei het.<sup>68</sup>

Die bewaking van die blokhuislinies was een van die vele take wat deur die Britse troepe

---

65. *South African despatches. Despatch by General Lord Kitchener, dated 1st June 1902, relative to military operations in South Africa* (Cd. 986), p.8.

66. *South African despatches. Despatch by General Lord Kitchener, dated 8th February 1902, relative to military operations in South Africa* (Cd. 965), pp.4-5.

67. *Official history* 4, p.153.

68. Fuller, pp.146-147.

verrig moes word. Daar is algemeen aanvaar dat dit makliker en veiliger werk was as om aan die dryfjagte deel te neem, en die blokhuiswagte was veronderstel om lekker te kon rus. Dit was egter nie altyd die geval nie, aangesien die taak van die blokhuisbemannings veral in die aande baie stremming op hulle geplaas het. Hierby kan die eentonigheid van die lewe in die blokhuse gevoeg word wat op sy manier ook weer tot stres gelei het. Die voordeel van die lewe in die blokhuse was die gereelde ontvangs en uitstuur van briewe.

Vanweë die groot getal blokhuse wat op verskillende plekke opgerig is, is dit moeilik om die verloop van 'n tipiese dag in 'n blokhuis te beskryf. Daar is egter sekere basiese handeling in die verskillende blokhuse wat ooreengestem het, soos byvoorbeeld die voorsiening van voedsel en water. Verder is dit duidelik dat verveling die grootste probleem was waarmee hulle te kampe gehad het. Een feit wat egter nie uit die oog verloor moet word nie, is dat die bemannings oor die algemeen die lewe in die blokhuse verkies het bo die lewe te velde. Dit kan grotendeels toegeskryf word aan die sogenaamde "vryheid" wat hulle geniet het.

Gedurende die laaste maande van die oorlog, het die lewe in die blokhuse al hoe meer eise aan die bemannings gestel. Pogings van die Boere om deur die blokhuislinies te breek het meer gereeld voorgekom. Die blokhuislinies is ook al hoe meer saam met dryfjagte teen die Boere aangewend. Nieteenstaande die feit dat die blokhuisbemannings vanweë roetinetake, asook die voortdurende spanning wat die wagstaan in die nag te weeg gebring het, voortdurend onder druk verkeer het, kon Kitchener in sy verslag gedateer 8 Februarie 1902 die volgende opmerking maak: "It is a pleasure for me to draw attention to the cheerful and willing spirit in which the troops employed upon these isolated lines continue to respond to every fresh call which is made upon them."<sup>69</sup> Teen hierdie agtergrond word vervolgens gelet op die wyse waarop die Britte tydens die Anglo-Boereoorlog hul blokhuisstelsel sowel strategies as takties teen die Boere aangewend het.

---

69. Cd. 965, p.3.

## HOOFSTUK 6

### DIE BRITTE SE STRATEGIESE EN TAKTIESE AANWENDING VAN DIE BLOKHUISSTELSEL

#### 1. Inleiding

Soos in hoofstuk 2 aangedui is, was die oprigting van die blokhuisse primêr gemik op die beskerming van die Britse kommunikasielinië. Met die uitbreek van die oorlog het dit noodsaaklik geword om die spoorlyne te beskerm. Die spoorlyne was die lewensaar van die Britse Leër en enige skade daaraan kon verhoed dat troepe en voorrade betyds hul bestemmings bereik. Soos reeds vermeld, is loopgrawe en ander groter konstruksies langs die spoorlyne opgerig om beskerming daaraan te verleen. Soos die Britse opmars dieper die binneland inbeweeg het, en die Vrystaat en Transvaal geannekseer is, is die noodsaaklikheid van die spoorlyn as kommunikasiemiddel nog verder beklemtoon. Dit is duidelik dat dit die aanvanklike doel van die blokhuisse was om die spoorlyne en brûe te beskerm, maar met die verloop van die oorlog en die verandering in die tipe oorlogvoering, het 'n sekondêre doel na vore begin tree. Dit was naamlik om in samewerking met dryfjagte die Boere teen blokhuislinië vas te keer en gevange te neem. In samehang hiermee was die blokhuislinië ook 'n poging om die land in kleiner streke te verdeel, want dan sou dit vir die Boere al hoe moeiliker word om na willekeur van streek na streek te beweeg. Hulle mobiliteit is dus aan bande gelê. Teen hierdie agtergrond kan daar nou gelet word op die wyse waarop die Britte hul blokhuisstelsel strategies en takties teen die Boere aangewend het.

Soos reeds in onderafdeling 3 van hoofstuk 2 aangedui, word vir doeleindes van hierdie studie onder strategie verstaan die uitwerk en implementering van 'n militêre krygsplan om die oorhoofse doelwit te bereik. Hierdie krygsplan behels die beplanning van die krygsbeleid. Die uitvoer van hierdie krygsbeleid lê weer op die taktiese vlak, met die gevolg dat taktiek die uitvoering van die krygsplan tydens die gevegsituasie behels. Strategie is dus die beplanning en aanvoering van 'n veldtog. Taktiek behels die kuns,

hantering en aanwending van magte op die slagveld. Strategie is die metode wat gevolg word om die vyand tot 'n slag te bring. Taktiek behels die middele waardeur gepoog word om die vyand tydens die slag te verslaan. Die oorlogsgebied is die terrein van strategie terwyl die slagveld weer die terrein van taktiek is. Verder het strategie te make met die saambring van eie magte onder die gunstigste voorwaardes terwyl taktiek sentreer om dit wat in die slag self gebeur. Dit kan dus gestel word dat strategie die wetenskap van die generaal is, terwyl taktiek die wetenskap van die aanwending van troepe in die gevegsituasies is. Dus kan taktiek ook as die skerp kant van strategie beskou word.<sup>1</sup>

Tydens die Anglo-Boereoorlog is blokhuisse sowel strategies as takties deur die Britte aangewend. Die funksies van blokhuisse en dryfjagte was ten nouste met mekaar verbind en beide het 'n groot rol tydens die guerrillafase gespeel. Aanvanklik is die blokhuisse bloot takties aangewend want dit het slegs die belangrikste spoorbrûe beskerm. Met die aanbreek van 1901 het die beskerming van die kommunikasielinies 'n belangrike deel uitgemaak van die Britse strategie. Die Britse krygsleiding was afhanklik van die kommunikasielinies om voorrade, ammunisie, perde en kos na die front te vervoer. Dit het tot gevolg gehad dat die linies teen sabotasie beskerm moes word. Die gevolg daarvan was dat baie troepe aangewend moes word om hierdie linies te beskerm. Boonop het die Britte nie fisies beheer oor die hele oorlogsterrein gehad nie, wat die geleentheid vir die Boere geskep het om vryelik rond te beweeg. Die burgers, met hulle families en besittings, het ook binne hierdie gebiede rus en skuiling gevind.<sup>2</sup>

Met Kitchener se bevelsoorname op 29 November 1900, het die Britse mag uit ongeveer 210 000 troepe bestaan. Op papier was dit 'n geweldige oormag, maar in die praktyk was ongeveer 100 000 soldate op daardie tydstip verantwoordelik vir die beskerming van die spoorlyne, wat 'n passiewe aksie was. Verder is baie troepe slegs as garnisoensoldate aangewend in 'n poging om die Britse invloed deur middel van hulle teenwoordigheid in die platteland te laat geld. Teoreties was die hele land dus onder Britse beheer, maar

---

1. Kyk bv. A. Wessels, *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase*, pp.10-29.

2. L.S. Amery (red.), *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902* 5, p.46.

dit was slegs prakties moontlik om die groter dorpe op die spoorlyn te beskerm en vandaar pogings aan te wend om teen die Boeremagte op te tree. Kitchener het dadelik daadwerklike pogings aangewend om die vegkorps te versterk. Afgesien van die feit dat hy alle persone wat met verlof was, na hulle eenhede teruggestuur het, het Kitchener ook versoek dat versterkings vanuit die buiteland en die kolonies aangestuur moes word. Verder het hy ook die garnisoene op kleiner dorpe soos byvoorbeeld Dewetsdorp en Rouxville verklein. Deur die plaaslike verdedigingstelsels op te bou, kon die aantal soldate in die spoorweggarnisoene verminder word.<sup>3</sup> Dit het verskeie voordele ingehou. Eerstens was die troepe wat in die dorpe gestasioneer was, nou vir aktiewe diens beskikbaar. Verder kon infanterie gebruik word vir die beskerming van die kommunikasielyne terwyl berede troepe, wat meer geskik was vir gebruik tydens guerrillaoorlogvoering, vir mobiele operasies ingespan kon word.<sup>4</sup> Met hierdie nuwe benadering tot die oorlog het Kitchener gepoog om die Boere op hulle eie gebied van mobiele oorlogvoering die stryd aan te sê en sodoende die oorlog tot 'n spoedige einde te bring.

Na 'n tydperk van slegs vyf maande kon Kitchener die sukses van bogenoemde maatreëls toets, aangesien almal reeds toegepas was. Die Britse leër in Suid-Afrika het in Mei 1901 reeds uit ongeveer 240 000 troepe, 420 artilleriesukke en 60 pom-poms bestaan.<sup>5</sup> Dit het egter nog nie die gewenste uitwerking gehad nie aangesien die Boere steeds daarin geslaag het om vryelik rond te beweeg en die oorlog voort te sit.

Dit was veral dié mobiliteit van die Boere wat die Britte se taak bemoelik het. Die blokhuse het wel in 'n mate daarin geslaag om die kommunikasielinies te beskerm, maar kon nog nie daarin slaag om die Boere se bewegings in te perk nie. In 'n poging om die Boereweerstand te verbreek, het Kitchener teen die einde van 1901 die stelsel van dryfjagte op 'n groter skaal as ooit tevore ingespan.<sup>6</sup> Vroeër in die oorlog is daar ook al van dryfjagte gebruik gemaak, byvoorbeeld teen genl. C.R. de Wet (15 Julie - 14

---

3. *Ibid.*, pp.67-71, 78-86.

4. R. Danes, *Cassell's history of the Boer War 1899-1901*, pp.1504-1505.

5. Amery 5, p.248.

6. M.Nathan, *South Africa from within*, p.103.

Augustus 1900)<sup>7</sup>, maar voortaan sou die dryfjagte spesifiek aan die blokhuisstelsel gekoppel word. In voorafgaande hoofstukke is kortliks na die dryfjagte verwys. Om die presiese werking hiervan en veral die verband met betrekking tot blokhuisse uit te lig, is dit nodig om in meer besonderhede daarop in te gaan. Aangesien die strategiese en taktiese aanwending van blokhuislinies grootliks afhanklik was van die aard en omvang van die dryfjagte, word die dryfjagte as invalshoek geneem. Die klem val egter steeds op die blokhuisstelsel met spesiale vewysing na die guerrillafase van die oorlog.

## 2. Die doel en aard van dryfjagte

Die taktiese aanwending van blokhuisse was grootliks afhanklik van die aard en omvang van die dryfjag. Dit is dus noodsaaklik om vas te stel wat met die term "dryfjag" bedoel word. 'n Dryfjag het bestaan uit 'n uitgestrekte linie soldate. Hierdie linies het in grootte gewissel. Die kolonnes het dan 'n dryfbeweging oor 'n vooraf verkose gebied in die rigting van 'n spoorlyn of blokhuislinie uitgevoer. Tydens hierdie dryfbeweging is gepoog om alle Boere wat in die gebied was, na die spoorlyn- of "cross-country"-blokhuislinies aan te keer waar hulle dan deur die blokhuisse en gepaardgaande versperrings gestuit is en gevange geneem kon word. Die betrokke area is vooraf in 'n aantal vierkante verdeel waarin die kolonnes moes optree. Aan die twee flanke van die dryfjag was daar gewoonlik blokhuislinies wat spesiaal deur infanterie versterk is. Die versterkings het onder meer ook uit pantsertreine en ekstra infanteriesoldate bestaan.<sup>8</sup> Bedags is verkenners vooruitgestuur om die posisies van die kommando's vas te stel terwyl mulwaens met voorrade en komberse die dryflinies gevolg het.<sup>9</sup>

Vervolgens gaan die dryfjagte volgens streke - beginnende met Transvaal - bespreek word, ten einde aan te dui hoe die Britte die blokhuislinies strategies en takties aangewend het. Die doel was om die burgers wat nog in Transvaal en die Vrystaat aan

---

7. F. Pretorius, "Die eerste dryfjag op hoofkmdt. C.R. de Wet", *Christiaan De Wet-annale* 4, Okt. 1976, *passim*.

8. Amery 5, p.469; Danes, p.1506; M.H. Grant, *History of the war in South Africa, 1899-1902* [hierna vermeld as *Official history*] 4, p.114.

9. H.F. Bidder (red.), *Two years on trek, being some account of the Royal Sussex Regiment in South Africa*, p.iv.

die oorlog deelgeneem het, gevange te neem, sodat hulle getalle so sou verminder dat hulle later verplig sou word om vrede te maak. Die taktiese rol van dryfjagte was dus om die burgers teen die blokhuislinies vas te druk en gevange te neem. Kitchener was verantwoordelik vir die voorafbeplanning terwyl die offisiere in beheer van kolonnes besluite moes neem soos omstandighede dit tydens die uitvoering van die dryfjag voorgeskryf het.<sup>10</sup> Die vernaamste doel van die dryfjagte was dus om 'n kordon of vangnet om die Boere te vorm waaruit hulle moeilik sou kon ontsnap. In samewerking met die dryfjagte moes die kolonnes ook die verskroeiende aarde-beleid uitvoer deur plaashuise af te brand en vee na die Britse linies weg te voer.<sup>11</sup> Verder was die doel om die streke wat van vegtende burgers skoongemaak is, weer ekonomies op die been te bring sodat dit met produksie, hetsy landbou of mynbou, kon begin. Hierdie ekonomiese opbloeïing sou van groot waarde vir Brittanje wees.<sup>12</sup> Die allesoorheersende strategiese doel was uiteraard om die oorlog so spoedig as moontlik in die Britte se guns te beklink. Sowel strategiese as taktiese was die blokhuisstelsel onlosmaaklik deel van die dryfjagte, en 'n belangrike voorwaarde vir enige sukses op sowel strategiese as taktiese vlak.<sup>13</sup>

### 3. Dryfjagte in Transvaal

Die eerste dryfjag van die guerrillaoorlog in Oos-Transvaal het vanaf 28 Januarie tot 13 April 1901 plaasgevind. Dit is deur lt.-genl. J.D.P. French gelei en was teen die kommando's van genl. Louis Botha gerig. Dit het egter nie in die primêre doel geslaag nie aangesien Botha uit die net ontsnap het. Die Boere het ongeveer 1 300 man tydens die dryfjag as gesneuweldes, gewondes of krygsgevangenes verloor, terwyl die Britse ongevalle ongeveer 150 gedood of gewond was. Alhoewel die resultate wat behaal is nie aan al die Britse verwagtings voldoen het nie, is daar wel daarin geslaag om die toekomstige rigting aan te dui wat moontlik die beëindiging van die oorlog kon

---

10. E. Protheroe, *Lord Kitchener*, p.259; H.F.B. Wheeler, *The story of Lord Kitchener*, pp.203-204.

11. Nathan, p.103.

12. *Journal of the principal events connected with the war in South Africa* 11, p.6.

13. Vir die res van hierdie hoofstuk moet die kaart waarop die blokhuislinies aangedui word, verkieslik deurgaans byderhand gehou word. Die uitvoukaart is teenoor p.201.

beteken.<sup>14</sup> Hierdie dryfjag het plaasgevind sonder die "cross-country"-blokhuis aangesien hulle in daardie stadium nog in aanbou was. Mettertyd het die verdere ontwikkeling van die blokhuisstelsel meegebring dat dit 'n groter rol tydens dryfjagte gespeel het.<sup>15</sup>

Die ontwikkeling van die Rice-tipe blokhuis het dit moontlik gemaak om blokhuis vinnig en goedkoop oor die lengte en breedte van die twee verowerde republieke op te rig. Die oprigting van die "cross-country"-blokhuis het dit nog makliker gemaak om dryfjagte te beplan. Nie net was dit nou moontlik om dryfjagte teen spoorlyne te laat eindig nie, maar ook teen "cross-country"-blokhuislinies. Blokhuis het dus die moontlikheid vergroot dat dryfjagte suksesvol uitgevoer kon word.<sup>16</sup> Kitchener het dan ook self verklaar dat blokhuis "serve as barriers against which our mobile columns are able to drive bands of the enemy and force them to surrender".<sup>17</sup>

Op taktiese vlak was dryfjagte al meer geslaagd namate die blokhuislinies verder uitgebou en versterk is. Alhoewel talle kleinere dryfjagte in Oos-Transvaal plaasgevind het, word in hierdie studie slegs aan die belangrikste dryfjagte in die gebied aandag geskenk. Klein kolonnes Britse soldate soos dié onder aanvoering van brig.-genl. H.C.O. Plumer, genl.-maj. F.W. Kitchener en kol. W.P. Pultenay het tussen April 1901 en April 1902 in Oos-Transvaal opgetree. Een van die grootste probleme waarmee hulle te doen gekry het, was dat hulle onafhanklik van mekaar opgetree het. Dit het tot wisselende sukses gelei. Die kolonnes van kol. G.E. Benson het met groot sukses nagtelike aanvalle teen die Boere geloods. Sy taktiek was om in die nag op die Boerelaers toe te sak en die slapende kommando's met 'n verrassingsaanval te oorrumpel. Verder het dit die burgers se moreel aangetas aangesien hulle blootgestel is aan voortdurende nag-aanvalle.<sup>18</sup> Tydens die slag by Bakenlaagte op 30 Oktober 1901 is Benson gedood en niemand kon daarna daarin slaag om die taktiek met dieselfde mate van sukses toe te

---

14. Amery 5, pp.158-181; *Official history* 4, pp.111-127; Wheeler, p.205.

15. G. Arthur, *Life of Lord Kitchener*, pp.7-10.

16. Oorlogsmuseum van die Boererepublieke A 6057/1: Herinneringe van S.S. Lombard en J.P. Nesor, p.29; *Official History* 4, pp.521-522.

17. Wheeler, p.202.

18. *South Africa despatches. Despatch by General Lord Kitchener, dated 8th February, 1902, relative to military operations in South Africa* (Cd.965), p.4.

pas nie.<sup>19</sup>

Alhoewel die eerste dryfjag in Oos-Transvaal nie die gewenste resultate gelewer het nie, is daar besluit om 'n tweede groot dryfjag in April 1902 van stapel te stuur. Hierdie keer het blokhuisse wel 'n belangrike rol gespeel. Die Pretoria-Delagoabaai-, Pretoria-Vereeniging-, die Standerton-Johannesburg- en Standerton-Ermelo-Wonderfontein-blokhuislinies het die grense bepaal waarbinne die dryfjag plaasgevind het.<sup>20</sup>

Die dryfjag het in twee fases plaasgevind met die eerste fase op 12,13 en 14 April 1902 en die tweede op 18, 19 en 20 April. Tydens die eerste fase is die blokhuislinie vanaf Carolina en Groot Olifantsrivierstasie as afspringplek gebruik. Die South African Constabulary (S.A.C.) se poste tussen Brugspruit en Valstasie het as die westelike grens gedien. Daarvandaan is daar in 'n suidelike rigting na die Standerton-Johannesburg-blokhuislinie beweeg. Teen hierdie linie moes die vlugtende Boere vasgekeer en gevang word. Blokhuisse het in dié stadium van die oorlog reeds 'n formidabele hindernis vir die Boere geword. Tydens die dryfjagte is blokhuislinies spesiaal vir die doel versterk en die Boere kon slegs met moeite daarin slaag om deur hulle linies te breek. Nogtans is slegs 136 burgers tydens die eerste fase gevange geneem. Die tweede fase van die dryfjag was met minder sukses bekroon as gevolg van die deurbreek van die Heidelberg-kommando onder bevel van kmdt. J. Alberts. Alberts het daarin geslaag om 'n swak plek aan die linkerkant van die Britse posisie raak te sien. Hy het gevolglik die kans aangegryp om daar deur te breek.<sup>21</sup>

Die tweede fase se dryfjag het plaasgevind in die sogenaamde "protected area" of beskermde gebied wat gevorm is deur die S.A.C.-poste tussen Brugspruit op die Delagoabaai-linie en Valstasie op die Standerton-linie en die gebied wes daarvan. Tydens die tweede fase is blykbaar slegs drie Boere gevange geneem en het die Britte

---

19. Vir meer besonderhede i.v.m. die geveg by Bakenlaagte, kyk Amery 5, pp.364-376 en *Official history* 4, pp.305-315.

20. *Despatch by General Lord Kitchener, dated 1st June, 1902, relative to military operations in South Africa* (Cd.986), pp.3-4.

21. Amery 5, pp.561-562; *Official history* 4, pp.520-521; Cd.986, pp.3-4.

dus nie veel sukses behaal nie.<sup>22</sup>

Terwyl die blokhuse in Oos-Transvaal reeds voltooi was met die aanvang van die tweede dryfjag, was dit anders gesteld met die situasie in Wes-Transvaal gedurende Maart 1902. Voor hierdie datum het lt.-kol. W.B. Hickie, kol. R.G. Kekewich en lord Methuen verskeie kleiner dryfjagte in Wes-Transvaal uitgevoer. Hier was daar egter geen groot georganiseerde poging om die Boere teen blokhuislinies vas te trek nie. Die eerste dryfjag wat van belang is, het eers in Maart 1902 plaasgevind. Daar was 'n tekort aan blokhuse tussen die Skoonspruit-linie en die gebied wes daarvan in die rigting van Vryburg. Daar is in Januarie 1902 begin met die oprigting van die linie vanaf Buffelsvlei aan die Skoonspruit oor Lichtenburg tot by Mafeking. Dit het Mafeking eers teen die einde van Maart 1902 bereik. Die dryfjag wat deur Kitchener beplan is vir Maart 1902, se doelwit was om die Boere uit die Wes-Transvaal te verdryf. Dit was veral ná die geveg by Tweebosch op 7 Maart 1902 - waar Methuen deur De la Rey gevange geneem is - dat dit gebiedend noodsaaklik geword het om die Boere uit te dryf.<sup>23</sup>

De la Rey se sukses in die streek het daartoe gelei dat 'n herlewing onder die burgers plaasgevind het, iets wat die Britse magte so gou as moontlik wou onderdruk. Die afspringplek vir die dryfjag was die noord-suidlyn tussen die Skoonspruit- en Lichtenburg-blokhuislinies aan die noorde en Kommandodrif ten suide daarvan. Hierdie basislyn van die dryfjag het oor 'n afstand van ongeveer 184 km gestrek. Op 23 Maart 1902 het die dryfjag ooswaarts na die Skoonspruit-linie 'n aanvang geneem. Die meeste Boere het daarin geslaag om tussen twee Britse kolonnes uit die net te ontsnap en slegs genl. P.J. Liebenberg het probleme ondervind. In sy poging om deur die Britse kordon te breek, het hy noordwaarts beweeg totdat hy besef het dat hy teen die blokhuse van die Skoonspruit- en Lichtenburg-linies vasgedruk sou word. Hierdie linies was vir die doel van die dryfjag goed versterk. Liebenberg het dit as onwenslik beskou om pogings aan te wend om deur te breek. Met die blokhuislinies noord en oos van sy kommando het hy sy magte weer suidwaarts gewend waar dit hom geluk het om op 25 Maart 1902

22. *Official history* 4, p.520; Cd.986, p.4.

23. Vir meer besonderhede i.v.m. die geveg by Tweebosch, kyk *Report from Lieut-General Lord Methuen on the action that took place near Tweebosch on 7th March 1902* (Cd. 967); J.F. Naudé, *Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "bôkant" De Wet*, pp.327-335.

deur die dryfjagkolonne te breek. Ongeveer 173 burgers is in die proses gevang.<sup>24</sup> Alhoewel die getal krygsgevanges klein was in verhouding met die Britse troepemag (ongeveer 4 000 man)<sup>25</sup> wat gebruik is, het die dryfjag tog 'n belangrike uitwerking op die moreel van die burgers gehad. Hulle was gedurig gespanne en op hulle hoede aangesien hulle nie geweet het waar die Britse magte volgende sou opduik nie. Die mobiliteit waarmee die Britte skielik vorendag gekom het, het die kommando's ook verras. Die sleutel tot die Britse sukses het onder meer gelê in die feit dat hulle sonder die hindernis van stadige transportwaens teen die Boere begin optree het.<sup>26</sup>

Die tweede dryfjag in Wes-Transvaal waarin veral die blokhuislinies 'n belangrike rol gespeel het, het vroeg in Mei 1902 plaasgevind. Waar die eerste Wes-Transvaalse dryfjag in 'n oostelike rigting plaasgevind het, het hierdie dryfjag die teenoorgestelde rigting ingeslaan. Lt.-genl. Ian Hamilton moes alle burgers uit die gekose gebied verdryf. Vir dié doel is die Vryburg-spoorlyn spesiaal versterk met ses pantsertreine en meer as 900 ekstra man van die Guards Brigade asook drie Militia-bataljons wat vir die bewaking van die blokhuisse op die spoorlyn verantwoordelik was.<sup>27</sup>

Met die aanvang van die dryfjag op 7 Mei 1902, was dit duidelik dat dit wesenlik van die voriges sou verskil. Waar die vorige dryfjagte se flanke op blokhuislinies gestuit het, het hierdie een oop flanke gehad. Die rede daarvoor was dat die gebied wat gedek moes word te uitgestrek was. Om dié probleem te oorkom, is 'n nuwe taktiek ingespan. Vals berigte is uitgestuur waarin daar te kenne gegee is dat die Britse magte weswaarts sou beweeg. Na twee dae sou hulle 'n omkeer maak en skielik ooswaarts beweeg. Verder is klein groepe soldate uitgestuur om waar daar openinge in die linie was, veldvure aan te steek en skote in die lug af te vuur. Verder is goed gekose posisies gedurende die nag ingeneem wat die indruk sou skep dat die linie ondeurdringbaar was. Die plan het egter net deels geslaag aangesien die Boere met die aanvang van die dryfjag na die noorde en suide van die Britse linie uitgewyk en dus ontsnap het voordat die net togetrek kon word. Daar was egter ongeveer 300 Boere wat nie daarin kon slaag om uit die al nouer

---

24. Amery 5, pp.514-517; *Official history* 4, pp.492-493.

25. Amery 5, p.513.

26. Bidder, p.317.

27. Cd. 986, p.8.

wordende kordon van ongeveer 17 000 Britse soldate te ontsnap nie. Waar die Boere gedurende die vorige dryfjagte met gemengde welslae daarin geslaag het om snags deur die kolonnes te breek, was dit nou buite die kwessie. Dit kan deels toegeskryf word aan die uitstekende maatreëls wat getref is om dit te verhoed. Grondfortjies is byvoorbeeld elke 100 m oor 'n afstand van 9,6 km deur die agtervolgers opgerig; verder is die gapings tussen die fortjies deur ossewaens gevul, met doringdraadversperrings tussen-in. Aan die Westekant is die spoorlyn met die reeds bestaande blokhuislinie van 72 km deur ongeveer 4 000 man en ses pantsertreine bewaak. Die oorblywende Boere kon nie deur hierdie blokhuislinie breek nie en 367 man is op 11 Mei 1902 deur die blokhuisbemannings gevange geneem.<sup>28</sup> Dit was die laaste dryfjag in Transvaal. Met hierdie dryfjag het die Britte daarin geslaag om finaal die skaal in hul guns te laat swaai.<sup>29</sup>

Teen die einde van Januarie 1902 is daar ook 'n dryfjag uitgevoer waarin die Wakkerstroom-Piet Retief-blokhuislinie 'n bepalende rol gespeel het. Tydens 'n dryfjag op 25 Januarie 1902 is 30 Boere deur die West Yorkshire Regiment by dié linie gevange geneem, nadat genl.-maj. B. Hamilton 'n dryfjag in die rigting van die blokhuislinie uitgevoer het.<sup>30</sup>

#### 4. Dryfjagte in die Vrystaat

Vanweë die dryfjag op genl. C.R. de Wet tydens sy inval in die Kaapkolonie in Februarie 1901, het daar in die Vrystaat beswaarlik genoeg Britse troepe oorgebly om die belangrikste dorpe en spoorlyne te beskerm. Met De Wet se terugkeer na die Vrystaat aan die einde van Februarie, het die agtervolgende Britse troepe ook na die gebied teruggekeer, wat dit moontlik gemaak het om die eerste dryfjag in die Vrystaat van stapel te stuur.<sup>31</sup>

---

28. Amery 5, pp.579-581; Wheeler, pp.203-205; *Official history* 4, pp.506-509; Bidder, p.x; Cd.986, p.8.

29. Arthur 2, p.9.

30. *Ibid.*, pp.4-5.

31. Wat De Wet se inval in die Kaapkolonie betref, kyk C.R. de Wet, *De strijd tussen Boer en Brit*, pp.264-290 en W.L. von R. Scholtz, *Generaal Christiaan de Wet as veldheer*, pp.340-356.

Die dryfjag het in die gebied oos van die spoorlyn tussen die Oranjerivier en die Thaba 'Nchu-Ladybrand-linie plaasgevind. Die westelike flank het uit die spoorlyn met sy blokhuse bestaan en die oostelike flank uit die grens met Lesotho. Die dryfjag is vanuit 'n suidelike rigting vanaf Aliwal-Noord in 'n noordwaartse rigting uitgevoer. Vir die doel van die dryfjag, wat op 10 Maart 1901 'n aanvang geneem het, is die Thaba 'Nchu-Ladybrand-linie spesiaal versterk. Die suksesse wat behaal is was egter nie baie groot nie en teen 20 Maart 1901 is slegs 70 Boere krygsgevangene geneem.<sup>32</sup>

Die eerste dryfjagte in die Noord-Vrystaat het in die omgewing van Kroonstad plaasgevind. Op 10 April 1901 is die eerste van vele dryfjagte in die gebied van stapel gestuur. Die gebied wes van die Kroonstad-Viljoensdrif-spoorlyn tot aan die Vaalrivier in die weste, was die verkose streek waarbinne die dryfjag sou plaasvind. Blokhuse het die spoorlyn, wat deel gevorm het van een van die flanke, beskerm. Die Britse magte onder aanvoering van brig.-genl. R.G. Broadwood, kol. E.C. Bethune en kol. H.B de Lisle, het vanaf Kroonstad in 'n noordwaartse rigting beweeg met die doel om die Boere uit die gebied te verdryf. Hierdie dryfjag was nie baie suksesvol nie aangesien die Britse mag uit onervare troepe bestaan het. Verder het slegs een blokhuislinie as flank gedien. Die vasgekeerde Boere het maklik ontsnap sonder om die blokhuislinies te trotseer; trouens, die Boere het selfs daarin geslaag om twee Britse afdelings gevange te neem. Die dryfjag het dus nie aan Britse verwagtinge voldoen nie, hoofsaaklik vanweë die gebrek aan voldoende beplanning en die onervarendheid van die troepe.<sup>33</sup>

'n Tweede dryfjag in die Noord-Vrystaat, dié keer aan die oostekant van die Kroonstad-spoorlyn, het gedurende Junie 1901 plaasgevind. Aangesien daar op daardie tydstip nog geen "cross-country"-blokhuse in die streek opgerig was nie, was dit ook nie moontlik om hierdie linies as basis te gebruik of om die vyand vas te keer nie. Die sukses wat die dryfjag behaal het in terme van Boere-krygsgevangenes, was minimaal aangesien slegs ongeveer 60 gevang is. Verder het sewentien Boere gesneuwel.<sup>34</sup>

---

32. Amery 5, p.234.

33. *Ibid.*, pp.237-238; *Official history* 4, pp.100-101.

34. Amery 5, pp.300-302.

Verskeie ander kleiner dryfjagte het intussen ook plaasgevind, maar die eerste groot dryfjag wat weer aandag verdien, is dié een van November 1901. Die sistematiese oprigting van "cross-country"-blokhuislinies het vanaf Julie 1901 met rasse skrede vooruitgegaan. Derhalwe kon dryfjagte met meer sukses in samewerking met die reeds voltooide blokhuislinies aangewend word.

Gedurende die eerste week van November 1901 het veertien Britse kolonnes - in totaal ongeveer 15 000 man - gereed gemaak om 'n massiewe dryfjag in die Noordoos-Vrystaat uit te voer. Hierdie kolonnes het tot op daardie tyd stip elk binne sy spesifieke streek of gebied opgetree. Hulle moes nou egter in samewerking met die ander aan 'n gekombineerde dryfjag in die Noord-Vrystaat deelneem. Veertien Britse kolonnes het aan dié dryfjag wes van die spoorlyn en noord van die Thaba 'Nchu-linie deelgeneem. Die gebied wat deur die dryfjag omsluit was, het geen blokhuse in die nabye omgewing gehad nie en daar is staatgemaak op die vermoë van die kolonnes om geen Boere deur die net te laat nie. Die poging was egter onsuksesvol omdat te min soldate so 'n groot gebied, naamlik die streek tussen Winburg, Heilbron, Standerton en Harrismith, moes beman. Met die aanvang van die dryfjag op 6 November het die Boere daarin geslaag om sonder moeite uit die net te ontsnap. Tussen 86 en 98 krygsgevangenes is geneem en verder is ongeveer 34 Boere doodgeskiet. Dié dryfjag is gekniehalter deur verskeie probleme. Onder meer was die gapings tussen die verskillende kolonne snags te groot. Dit het aan die Boere ruimte gegee om te ontsnap.<sup>35</sup> Dit kan ook toegeskryf word aan die feit dat daar nie blokhuislinies was wat gebruik kon word om die Boere teen vas te keer nie.

Weens die min sukses wat tot in daardie stadium met die dryfjagte behaal is, het Kitchener op 28 November 1901 opdrag gegee dat mobiele kolonnes vir 'n spesifieke gebied verantwoordelik sou wees. Hulle moes dan vir die opruiming van die vyand sowel as vir die verwydering van diere, vroue en kinders verantwoordelikheid aanvaar.<sup>36</sup>

---

35. Amery 5, pp.415-417; M.A. Gronum, *Die bittereinders*, pp.51-52; *Despatch by General Lord Kitchener, dated 8th December, 1901, relative to military operations in South Africa* (Cd.824), p.7.

36. *Official history* 4, pp.326-327.

Die eerste dryfjag in die Vrystaat waar "cross-country"-blokhuislinies betrek is, het tussen 8 en 12 Desember 1901 in die Noord-Vrystaat plaasgevind. Die Kroonstad-Lindley-blokhuislinie het as deel van die suidelike flank van die dryfjag gedien, alhoewel die linie in daardie stadium net tot by die Kaalfonteinbrug naby Lindley voltooi was. Die noordelike flank het bestaan uit die Frankfort-Heilbron-Wolwehoek-linie terwyl die westelike flank deel uitgemaak het van die Kroonstad-Pretoria-linie. As oostelike flank het die Liebenbergsvleirivier gedien. Vier Britse kolonnes het vanaf Kroonstad, Kaalspruitbrug en Frankfort uitgetrek en in die rigting van die Liebenbergsvleirivier die dryfjag uitgevoer. Wat hierdie dryfjag egter anders maak as die voriges, is die feit dat toe die kolonne die rivier bereik het, hulle moes omswaai en die Boere in die rigting waaruit hulle gekom het, na die gebied tussen die blokhuislinies dryf. Daar is doelbewus gapings gedurende die opmars gelaat sodat die Boere deur die kolonnes terug in die rigting van die blokhuislinies kon ontsnap. Met die omswaai van die dryfjagkolonnes sou hulle dan die Boere tussen die blokhuislinies vaskeer en teen die linies vang. Ongeag al die maatreëls, het dit egter ook misluk en kon die Britte nie daarin slaag om die Boere vas te keer nie.<sup>37</sup>

Die mislukking van die dryfjagte het nou by die Britse bevelvoerders die besef laat ontstaan dat hulle die dryfjagtaktiek moes hersien. Die Boereweerstand is nie aangetas nie en al waarin daar geslaag is, was om groot troppe vee van die Boere buit te maak. In Januarie 1902 was hulle gereed om die sogenaamde "New Model Drives" van stapel te stuur. Die naderende voltooiing van die blokhuislinies in die Vrystaat en Transvaal het 'n groot rol in die ontwikkeling van die nuwe dryfjagte gespeel. Groot dele van die land is deur hierdie blokhuislinies in kleiner, meer hanteerbare streke verdeel, wat dit weer makliker gemaak het om die kommando's in die gebiede vas te keer en krygsgevangene te neem. Die grootste probleem wat hulle met die toepassing van die vorige beleid gehad het, was dat die beheer oor die kolonnes in Pretoria gesentreer was. Daar was ook geen koördinerende bevelvoerder oor kolonnes nie. Onder hierdie stelsel het 'n kolonne-bevelvoerder óf streng volgens bevel óf onafhanklik opgetree wat tot ongehoorsaamheid aan bevel en dislojaliteit aan kollegas aanleiding gegee het. Die

---

37. Amery 5, pp.421-423; Gronum, pp.53-54.

tweede probleem was die gebrek aan samewerking wat bestaan het tussen die verskillende kolonnes wat aan 'n dryfjag deelgeneem het. Die kolonnes kon veral nie gedurende die nag die gapings wat tussen hulle ontstaan het vul nie, met die gevolg dat dit vir die kommando's maklik was om tussen die kolonnes deur te ontsnap.

Met die "New Model Drives" het Kitchener die probleme probeer uitstryk. Hy het homself as sentrale opperbevelhebber wat alleen die beheer oor die dryfjagte gevoer het, aangestel. Verder is samewerking tussen die verskillende kolonnes gedurende 'n dryfjag verbeter. Die strategie het verander deurdat elke vierkante meter van 'n gegewe gebied gedek moes word. 'n Dun linie perderuiters van ongeveer 80 tot 96 km lank, sou in die toekoms die basis van 'n dryfjag uitmaak. Snags moes elke offisier en manskap 'n aaneenlopende linie van brandwagte vorm. Blokhuislinies, wat vir dié doel spesiaal met uitgeruste bataljons versterk is, het as flanke vir die dryfjagte gedien. Verder is pantsertreine ook gebruik om die spoorlyne te patroleer en as versterking vir die blokhuse op te tree. So 'n dryfjag sou dus geskied met twee blokhuislinies wat die flanke vorm en een linie waarteen die kommando's in die streek gedryf moes word. Blokhuse sou 'n kardinale rol in die moontlike sukses van die "New Model Drives" speel en daarsonder sou die dryfjagte beslis nie kon slaag nie. 'n Analogie kan getref word tussen die metodes van Kitchener en dié wat koning Darius van die Perse gebruik het om die Grieke van die eilande Chios, Lesbos en Tenedos te verdryf. Sy metode om die eilandbewoners te onderdruk was om met 'n lang linie soldate wat oor die breedte van die eilande gestrek het, deur die eilande te beweeg en so die inwoners gevange te neem.<sup>38</sup>

Die eerste "New Model Drive" in die Vrystaat het op 6 Februarie 1902 'n aanvang geneem. Ongeveer 9 000 man het langs die Liebenbergsvleirivier, tussen Frankfort in die noorde en Kafferkop in die suide, stelling ingeneem. Daarvandaan was hulle doelwit die Kroonstad-spoorlyn, ongeveer 80 km na die weste. 'n Linie van ongeveer 87 km lank is deur die Britse troepe gevorm wat neergekom het op nagenoeg een man elke 10 m.

---

38. Amery 5, pp.467-469; Gronum, p.59.

Die noordelike flank het uit die Frankfort-Heilbron-Wolwehoek-blokhuislinie bestaan terwyl die suidelike flank deel was van die Bethlehem-Lindley-Kroonstad-blokhuislinie. Die afstand na die spoorlyn moes binne drie dae en twee nagte afgelê word ten einde die Boere so ver as moontlik onverhoeds te betrap. Die belangrikste doelwit van die dryfjag was om die kommando van De Wet, wat binne die sfeer geopereer het, gevange te neem. Juis daarom was die vinnige uitvoering van die dryfjag van die uiterste belang. Die blokhuisse aan die Kroonstad-Wolwehoek-spoorlyn is spesiaal deur die 2nd Seaforth Highlanders en vier pantsertreine versterk, terwyl die Wolwehoek-Heilbron-spoorlyn deur die 2nd Leinsters en drie pantsertreine versterk is. Die suidelike blokhuislinie is egter nie versterk nie. Die totale getal blokhuisse wat 'n rol gespeel het gedurende die dryfjag was ongeveer 300. Die totale getal troepe wat deelgeneem het, het op ongeveer 17 000 man te staan gekom.<sup>39</sup>

Hoewel die blokhuisse se bemannings spesiaal versterk is en pantsertreine die spoorlyn gepatrolleer het, het dit nog nie verhoed dat die Boere doelgerig deur die linies gebreek het nie. De Wet het byvoorbeeld daarin geslaag om net na middernag op 6 Februarie ongesiens deur die Kroonstad-Lindley-blokhuislinie naby Doornkloof te breek en sodoende die kordon wat om hom getrek is, te ontwyk.<sup>40</sup> Dit was egter nie net De Wet wat daarin geslaag het om ongesiens deur die linies te breek nie. Kmdt. D.H. van Coller het ook in die nag van 6 op 7 Februarie deur die Heilbron-Frankfort-blokhuislinie gebreek.<sup>41</sup> Dit is duidelik dat die waaksaamheid van die wagte in die linies nie altyd na wense was nie, soos duidelik uit die volgende blyk: 'n Britse mag wat kort op die hakke van De Wet was, het die aand van 7 Februarie met ongeveer 540 man ook sonder enige probleme deur die linie beweeg. Die volgende dag het die blokhuisse die berig deurgegee dat vier Boere en 'n wa deur die linie gebreek het. Verder het die Heilbron-Frankfort-linie ook onder 'n vasberade aanslag deurgeloo sodat die Boere daarin geslaag het om oor die spoorlyn te gaan. In hierdie geval het die Boere wel verliese gely. Die doeltreffendheid van 'n dryfjag het dus nie net afgehang van die uitvoering daarvan deur die troepe self nie, maar ook van die waaksaamheid van die blokhuisbemannings.

---

39. Amery 5, pp.475-478; J.W. Yardley, *With the Inniskilling Dragoons: the record of a cavalry regiment during the Boer War, 1899-1902*, pp. 321-322; Gronum, p.61; Cd.965, pp.8-9; Scholtz, p.417.

40. Yardley, p.323; Gronum, p.62; Cd.965, p.9.

41. Amery 5, p.480.

Hierdie dryfjag het op 8 Februarie teen die Kroonstad-spoorlyn ten einde geloop en die totale verliese wat deur die Boere gely is, was ongeveer 285 wat gedood, gewond of gevang is. Vir die eerste keer is blokhuse in 'n offensiewe rol in die Vrystaat ingespan en het hulle, foute ten spyt, 'n beduidende rol gespeel in die relatiewe sukses wat wel behaal is.<sup>42</sup>

Die relatiewe sukses van die eerste "New Model Drive" het Kitchener aangespoor om die taktiek so gou moontlik weer toe te pas. Die tweede dryfjag het gedurende die tydperk 13 tot 27 Februarie 1902 plaasgevind. Die doel was om die grootste deel van die Noord-Vrystaat deur Britse kolonnes skoon te vee, en om genl. C.R. de Wet en pres. M.T. Steyn teen die blokhuislinies vas te keer. Hierdie gebied het die streek uitgesluit wat pas "gevee" was, dit wil sê die gebied tussen die Frankfort-Heilbron-Wolwehoek-blokhuislinie in die noorde en die Bethlehem-Lindley-Kroonstad-blokhuislinie in die suide. Die streek wat nou skoongemaak moes word, het dus die vorm van 'n perdeskoen aangeneem. As noordelike flank het die Natal-spoorlyn in Transvaal gedien, as westelike flank 'n gedeelte van die Brandfort-Natalspruitstasie-linie (laasgenoemde naby Johannesburg), die Drakensberge het die oostelike flank uitgemaak, en die suidelike flank het uit die Harrismith-Winburg-lyn bestaan. Blokhuse sou weer 'n kardinale rol in die sukses van die dryfjag speel. Die Elandsrivier-Van Reenenspas-linie is spesiaal vir die dryfjag versterk, terwyl elke bekende drif aan die Vaalrivier beskerm is. Dit het beteken dat die gebied tussen die Natal-spoorlyn en die Wolwehoek-Heilbron-Frankfort-linie deur drie blokhuislinies beskerm is, te wete die reeds genoemde linies sowel as die blokhuse wat by die belangrikste driewe oor die Vaalrivier opgerig is. Die dryfjag is in twee fases verdeel: die eerste fase het in die gedeelte suid van die Kroonstad-Lindley-Bethlehem-blokhuislinie plaasgevind terwyl die tweede en laaste fase in die gebied tussen die Natal-spoorlyn en die Wolwehoek-Heilbron-Frankfort-linie, en van daar suidwaarts tot waar dit aan die Elandsrivierbrug-Van Reenenspas-linie geëindig het, sou afspeel. Laasgenoemde linie is spesiaal vir die geleentheid versterk. Vir hierdie dryfjag het Kitchener ongeveer 30 000 man tot sy beskikking gehad.<sup>43</sup>

---

42. Amery 5, pp.479-481; Yardley, pp.321-323; Cd.965, p.9; Scholtz, p.421.

43. Amery 5, pp.481-482; Scholtz, p.422.

Die eerste fase van die dryfjag het op 13 Februarie 1902 'n aanvang geneem en het vir die Britte min van belang opgelewer. De Wet, wat in die gebied geopereer het, het na die beëindiging van die eerste dryfjag in Januarie 1902, daarin geslaag om die gebied binne te dring wat pas deur die dryfjag gestroop is. Die gevolg van hierdie manewer van De Wet was dat daar min burgers in dié streek oorgebly het en gevolglik is slegs ongeveer tien burgers krygsgevangene geneem. Intussen het die tweede fase van die dryfjag op 16 Februarie 'n aanvang geneem. Die Boere het besef dat die blokhuisse 'n groot rol sou speel in die finale uitvoering van die dryfjag en het alles in hul vermoë gedoen om nie teen die blokhuislinies vasgekeer te word nie. Die area wat deur die Britte tydens die tweede fase gedek moes word, was egter te groot. Dit het die burgers die geleentheid gebied om tussen die kolonnes deur te breek voordat hulle teen die blokhuislinies vasgekeer kon word. Britse troepe het egter snags klein forte tussen die kolonnes opgerig in 'n poging om enige deurbrake te verhoed. Hierdie pogings was egter nie altyd geslaagd nie. 'n Goeie voorbeeld hiervan was in die Wilgerivier-omgewing. Die front wat in stand gehou moes word was ongeveer 64 km lank en daarvoor was slegs ongeveer 2 000 man beskikbaar, met die gevolg dat dit swak verdedig was. Alle beskikbare manskappe is egter op die suidelike front in die omgewing van Harrismith en Bethlehem ingespan om dié blokhuislinie te bewaak. Meer as ses kolonnes is hier ingespan. De Wet het die swakste skakel in die Britse kordon gebruik om te ontsnap. Na 'n hewige geveg op 23 en 24 Februarie 1902 het hy daarin geslaag om by Kalkkrans uit die kordon te ontglip. Die doodsveragting waarmee die burgers die Nieu-Seelanders onder bevel van lt.-kol. F.S. Garratt aangedurf het, het vrugte afgewerp. Ongeveer 600 man het daarin geslaag om uit die kordon te ontsnap. Baie ander was egter nie so gelukkig nie en teen die einde van die dryfjag op 27 Februarie het die Britse kolonne daarin geslaag om ongeveer 778 krygsgevangenes te neem. Verder het 50 Boere gesneuwel terwyl die Britte ongeveer 25 000 stuks vee, 2 000 perde en 200 waens en karre buitgemaak het.<sup>44</sup>

Hierdie was die meeste krygsgevangenes wat sedert die oorgawe van hoofkmdt.

---

44. Amery 5, pp.483-491; Yardley, pp.324-327; J.D. Kestell, *Through shot and flame*, pp. 252-260; Scholtz, pp.425-429; *South African despatches. Despatch by General Lord Kitchener, dated 8th March, 1902, relative to military operations in South Africa* (Cd. 970), p.8.

Marthinus Prinsloo in die Brandwaterkom in Julie 1900 deur die Britte gevang is. Die feit dat blokhuse goed genoeg versterk was om deurtogte te bemoeilik, het in dié verband 'n belangrike rol gespeel om sukses te verseker. Die rol van die blokhuse het met die "New Model Drives" al hoe belangriker in die Britse krygsplan begin figureer. Die sukses het egter afgehang van die waaksaamheid van die blokhuisbemannings.

Kitchener was so ingenome met sy jongste "New Model Drive" dat hy na afloop van die dryfjag 'n telegram aan die Britse eenhede wat daarvoor verantwoordelik was gestuur het, waarin hy hulle geprys het vir hulle deelname en suksesse.<sup>45</sup> Hierdie sukses het Kitchener laat besluit om 'n derde "New Model Drive" in die Vrystaat te onderneem. Die feit dat De Wet asook 'n paar ander Boeregeneraals daarin geslaag het om weer eens uit die Britse net te ontsnap, het hom genoop om die gebied wat tydens die eerste dryfjag gedek was, weer aan 'n dryfjag te onderwerp. Hy het gehoop dat hy hierdie keer meer sukses sou behaal en dat die Boere wat na afloop van die vorige dryfjag teruggekeer het na die gebied, gevang sou word. Vanweë die uitgeputheid van die Britse soldate en die lang afstande waaroor die dryfjag gestrek het, was die uiteindelijke resultate teleurstellend. Die Kroonstad-Wolwehoek-Lindley-blokhuislinie wat as vangnet moes dien, het in hul doel misluk. Die doringdraad was swak opgerig en kon nie die Boere stuit nie. In die nag van 10 op 11 Maart 1902 het die kommando van kmdt. F.E. Mentz reguit op die linie afgery en sonder slag of stoot tussen twee blokhuse oor die spoor beweeg. Die doringdraad ter beskerming van die blokhuis is tydens die deurbraak deur die Boere verniel. Die blokhuse in die omgewing het geen onraad gemerk nie met die gevolg dat hierdie laaste dryfjag 'n mislukking was. Slegs sowat 100 Boere is vanaf 4 tot 10 Maart 1902 krygsgevangene geneem. Hierdie keer is die blokhuislinies nie suksesvol aangewend nie.<sup>46</sup>

In die Vrystaat het die aanwending van blokhuse wel meegehelp om die dryfjagte redelik suksesvol te laat verloop. Waar blokhuislinies soos byvoorbeeld die Kroonstad-Wolwehoek-linie en die Wolwehoek-Lindley-linie spesiaal versterk is, het dit bygedra tot die gevangening van 'n groot aantal Boere. Verder het die versterkte blokhuse die

---

45. Yardley, p.328.

46. Amery 5, pp.492-494; Yardley, pp.329-331; Gronum, pp.81-82.

burgers genoodsaak om pogings aan te wend om eerder deur die dryfjag- as die blokhuislinies te breek. Nogtans het daar gevalle voorgekom waar die waaksaamheid van die blokhuiswagte veel te wense oorgelaat het. Die Boere het in sulke gevalle maklik deur die linies beweeg. In die Britse stafdagboek van die Harrismith-distrik word daar ook melding gemaak van die feit dat Boere die blokhuislinies as 'n hindernis maar nie as onoorkomelik beskou het nie. In dié distrik het hulle selfs pogings aangewend om die versterking van die linies te vertraag deur dit gedurig aan te val. Verder het hulle ook pogings aangewend om die blokhuis self te vernietig.<sup>47</sup>

Vasberade pogings van die Boere om deur die blokhuislinies te breek, kon nie altyd deur die blokhuis verhoed word nie. Daarvoor was die afstande wat gedek moes word te groot, die bemanning van die blokhuis te klein om 'n groot kommando te stuit wat in volle vaart op die linie afgestorm het, en die burgers te vindingryk. Die risiko om deur die blokhuislinies te probeer ontsnap, was egter groter aangesien hulle makliker betrap kon word.

Hoewel die eerste drie dryfjagte in die Noordoos-Vrystaat redelik suksesvol was, het groot getalle Boere tog weer die gebied wat "gevee" is, beset. Dit het tot 'n vierde "New Model Drive" in die Noordoos-Vrystaat aanleiding gegee. Daar is weer intensief gebruik gemaak van die blokhuislinies in die omgewing. Die linies het ook as afspringplek vir die dryfjag gedien. Hierdie dryfjag het plaasgevind in die gebied tussen die Heilbron-Frankfort-Bothaspas-blokhuislinie wat as noordelike en die Lindley-Bethlehem-Harrismith-blokhuislinie wat as suidelike flank gedien het. Die dryfrigting was van wes na oos en die afmarsplek was die lyn wat gevorm is tussen Heilbron op die noordelike en Doornkloof aan die suidelike blokhuislinie. As eindpunt is geen blokhuislinie ingespan nie, maar wel die Drakensberge wat as 'n formidabele hindernis gedien het. Die dryfjag het op 20 Maart 1902 'n aanvang geneem en het op 5 April 1902 met 'n totaal van ongeveer 86 Boere gedood of gewond, teen die Drakensberge ten einde geloop. Weer eens kon die blokhuis - maar dié keer ook die verswakte kolonnes - nie daarin slaag om te verhoed dat die kommando's tussen die dryfjagkolonnes deurbreek

---

47. TAB, Mikrofilm M 670: Staff diary Harrismith district April 1902 [inskrywing vir 9.4.1902].

nie. Verder was die afstande wat die Britse kolonnes moes aflê, te groot. Op 31 Maart moes hulle byvoorbeeld 43 km aflê, en op 1, 2, 3 en 4 April onderskeidelik afstande van 42 km, 58 km, 45 km en 32 km. Hierdie afstande het hoë eise aan die Britse troepe gestel.<sup>48</sup>

Tydens hierdie dryfjag het die Boere van die geleentheid gebruik gemaak om, nadat hulle deur die dryfjagkolonnes gebreek het, 'n teenaanval van agter die kolonnes te loods. Hierdie taktiek het veroorsaak dat die Britse troepe nie al hul aandag aan die dryfjag kon gee nie en het dit die taak vir die burgers vergemaklik om uit die vangnet te ontsnap.<sup>49</sup>

Die laaste belangrike dryfjag in die Vrystaat het gedurende die eerste week van Mei 1902 plaasgevind. Dit was weer in die Noord-Vrystaat en die groot verskil tussen hierdie dryfjag en voriges was die spoed waarmee dit uitgevoer is. Geen kanonne en ossewaens is gedurende die dryfjag gebruik nie, wat dit vir die Britse kolonnes makliker gemaak het om hulle taak uit te voer. Die eerste fase van die dryfjag het in Transvaal begin waar die dryfjaglinie gestrek het van Vereeniging tot by Greylingstad. Daarvandaan is suidwaarts oor die Vaalrivier gedryf totdat die Wolwehoek-Heilbron-Frankfort-linie bereik is. Tydens hierdie fase van die dryfjag, wat vanaf 1 tot 4 Mei 1902 plaasgevind het, is ongeveer 200 burgers teen die blokhuislinie gevange geneem. Vir die tweede fase is die Kroonstad-Lindley-blokhuislinie spesiaal versterk terwyl 'n Britse mag langs die Liebenbergsvleirivier geplaas is wat as oostelike flank gedien het. Die dryfjag het vanaf die Heilbron-blokhuislinie in 'n suidelike rigting na die Kroonstad-Lindley-linie beweeg. Spoed was van kardinale belang en die dryfjag is in helder daglig binne een dag op 6 Mei 1900 uitgevoer. Vir die doeleindes van hierdie fase is alle artillerie en transportwaens agtergelaat, en elke soldaat moes net een kombers en genoeg voedsel vir een dag saamneem. Die goedversterkte blokhuislinies het die burgers wat in die net vasgekeer was genoodsaak om die opmarsjerende Britse kolonnes in helder daglig aan te durf. Dit was die kommando's se enigste kans om te verhoed dat hulle teen die blokhuislinies vasgedryf en gevange geneem word. Gedurende die dryfjag het ongeveer 600 Boere op

---

48. Amery 5, pp.545-556; Yardley, pp.332-333.

49. Yardley, p.333.

dié manier deur die net ontsnap. Dié fase het ongeveer 143 krygsgevangenes opgelewer.<sup>50</sup>

Die dryfjagte in die Vrystaat het beslis groot probleme vir die Boere veroorsaak. Waar dit vroeër moontlik was om vryelik rond te beweeg, het die oprigting van die blokhuislinies hul vryheid van beweging begin beperk. Die burgers het besef dat die oprigting van die "cross-country"-blokhuisse en die voortdurende dryfjagte hulle nog verder beperk het. Nogtans was hierdie pogings nie altyd suksesvol nie. Die groot prys, naamlik genl. C.R. de Wet en pres. M.T. Steyn, wat die siel van die stryd in die Vrystaat was, het hulle voortdurend ontwyk. De Wet en sy burgers was verder verantwoordelik vir verliese, nie net aan lewens nie, maar ook aan goedere.

##### 5. Dryfjagte in die Kaapkolonie

In die Kaapkolonie het die eerste dryfjag in Februarie 1901 plaasgevind, en wel teen genl. De Wet. Daar was in daardie stadium nog geen blokhuisse op die roete wat hy gevolg het nie, gevolglik het dit geen rol tydens sy tog gespeel nie. Indien daar sou wees, kon sake dalk anders verloop het. Die doel van die volgende dryfjag - wat in Julie 1901 plaasgevind het - was om die kommando's van kmdte. Gideon Scheepers en Wynand Malan, wat in Oos-Kaapland geopereer het, vas te trek. Vir dié doel was 'n hindernis waarteen die kommando's vasgedruk kon word, nodig. Hierdie hindernis was die Noupoot-De Aar-spoorlyn. Met die oog op die komende dryfjag en die rol wat die spoorlyn daarin sou speel, is dit met blokhuisse versterk. Tot in daardie stadium was daar nog geen spoorlyn in Kaapland wat aaneenlopend, soos in die Vrystaat en Transvaal, deur blokhuisse beskerm was nie. Blokhuisse is toe hier spesifiek met die oog op die dryfjag wat sou plaasvind, opgerig. Volgens Kitchener moes nie net bogenoemde spoorlyn van blokhuisse voorsien word nie, maar ook die hele spoorlyn vanaf die Oranjerivierstasie tot by Stormberg. Dit moes binne vyftien dae geskied. Teen alle verwagtinge in, is die taak binne die voorgeskrewe tydperk voltooi en kon die dryfjag op 18 Julie 1901 'n aanvang neem.<sup>51</sup>

---

50. Amery 5, pp.578-579; Yardley, p.340.

51. Amery 5, pp.314-315.

Soos wat in die Vrystaat en Transvaal die geval was, het die kommando's die blokhuisse vermy en deur die opmarsjerende Britse kolonnes gebreek om weer uit die dryfjagnet te ontsnap. Hierdie eerste dryfjag in die Kaapkolonie was 'n mislukking aangesien slegs een kommando, dié van kmdt. H.W. Lategan, gevange geneem is.<sup>52</sup>

Daar is toe besluit om 'n tweede dryfjag uit te voer en dié keer op 'n groter skaal. Die dryflinie het in 'n oos-wes lyn gestrek vanaf Victoria-Wes oor Middelburg (Kaap) tot by Sterkstroom. Daarvandaan moes hulle dan suidwaarts beweeg waarna hulle na 'n paar dae sou omdraai en na die "lyn" Beaufort-Wes-Aberdeen-Witmoos-Seymour sou voortgaan met die dryfjag. Hierdie dorpe is nie deur 'n blokhuislinie verbind nie. Die plan van lt.-genl. J.D.P. French, Britse bevelvoerder in Kaapland, was om die burgers kans te gee om deur sy dryflinie noordwaarts te breek. Wanneer die burgers deur die kolonnes gebreek het, sou hy omdraai en die dryfjag noordwaarts voortsit. Die burgers sou sodoende binne die net teen die Beaufort-Wes-Seymour-linie vasgekeer word. Die doel daarmee was om die burgers onder 'n vals indruk aangaande die algemene rigting van die dryfjag te bring. Daar is op 30 Julie 1901 met die dryfjag begin. Die aanvanklike oogmerk is bereik, naamlik om suid van die Boere te kom en om om te draai, waarna hulle dan noordwaarts teen die blokhuislinies vasgedruk kon word.<sup>53</sup>

Scheepers se kommando het egter nie soos beplan deur die Britse linies teruggebreek nie, maar verder suidwaarts beweeg. Om die oorblywende kommando's vas te keer, is die dryflinie op 3 Augustus 1901 omgeswaai om in die teenoorgestelde rigting - naamlik noordwaarts - te beweeg. Met die omdraaislag het die dryfjaglinie vanaf Beaufort-Wes oor Pearston tot by Cathcart gestrek. Hierdie fase was meer suksesvol as die eerste en ongeveer 80 Boere is gevange geneem. Blokhuislinies het tydens hierdie fase 'n groot rol gespeel. In die nag van 16 op 17 Augustus het die kommando's van kmdte. J.C. Lötter en C.J. Botha vrugtelose pogings aangewend om deur die blokhuislinies te breek. Vroeg die volgende oggend het die Boere die laaste uitweg geneem en direk deur die oprukkende Britse kolonnes gebars. Kritzinger, met sy kommando, was intussen reeds

---

52. *Official history 4*, pp.231-233; H.A. Shearing, *The second invasion of the Cape Colony, 1901-1902, during the Second Anglo-Boer War*, p.107.

53. *Official history 4*, p.237.

op 15 Augustus die enigstes wat daarin geslaag het om die blokhuislinies oor te steek. Die taktiek wat hy gebruik het om deur die linies te breek was om sy manskappe een vir een deur 'n gaping in die blokhuislinie te laat jaag. Sodra hulle die ander kant veilig bereik het, moes hulle daarvandaan volgehoue vuur op die blokhuise rig sodat die res van die kommando kon deurbreek. Die ander kommando's wat in die omgewing was, naamlik dié van Lötter en Botha, het reeds vroeër die nag van 16 op 17 Augustus deur die dryf- en nie die blokhuislinies nie, gebreek.<sup>54</sup>

Die volgende belangrike dryfjag in die Kaapkolonie het gedurende Februarie 1902 plaasgevind. Die gebied rondom Fraserburg was die middelpunt van die dryfjag met die doel om die Boeremagte wat in die omgewing geopereer het, gevange te neem. 'n Kort dryfjag wat van 17 tot 22 Februarie 1902 geduur het, het gevolg. Die blokhuislinie vanaf Victoria-Wes na Williston was nie goed genoeg bewaak nie en die groot area wat gedek is, het die kommando's in staat gestel om te ontglip. Die rol van blokhuise het in hierdie dryfjag klaaglik misluk aangesien die Boere maklik deur die linies gebreek het. Dit kan toegeskryf word aan die groot afstande waaroor die blokhuislinie versprei is. Blokhuise is ver van mekaar geplaas ten einde die hele linie te dek.<sup>55</sup>

In die meeste gevalle waar die Boere uit die Britse net ontsnap het, het hulle dit gedoen deur direk op die Britse stellings af te ry. Deur middel van goeie verkenningswerk het die Boere gewoonlik daarin geslaag om die swakste punt in die linies uit te soek waardeur die res van die kommando's kon breek.<sup>56</sup> Alhoewel die eerste dryfjag nie as suksesvol beskou kan word nie, is dié wat daarop gevolg het, geleidelik met al hoe meer sukses bekroon. Die dryfjagte en blokhuise het dus ook in hierdie oorlogsektor 'n bydrae gelewer tot die beëindiging van die oorlog.<sup>57</sup> Sonder die dryfjagte sou die blokhuise in sigself nie daarin kon slaag om die oorlog tot 'n einde te bring nie. Waar die twee egter in samewerking met mekaar gebruik is, het dit relatief gesproke goeie resultate gelewer.<sup>58</sup>

---

54. Amery 5, pp.315-317; *Official history* 4, pp.236-239; C.J.S. Strydom, *Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog*, pp.166-167; Shearing, pp.134-138.

55. Amery 5, p.549; *Official history* 4, p.459.

56. Yardley, p.340.

57. Arthur, p.10.

58. R.M. Holden, "The blockhouse system in South Africa", *The Royal Engineers Journal* 46, 1916, p.489.

## 6. Gepantserde treine

Gepantserde treine is soms met goeie gevolge tydens die dryfjagte aangewend. Hoewel gepantserde treine reeds met die uitbreek van die oorlog deur die Britte gebruik is, was hul funksie aanvanklik slegs die patrolling en beskerming van treinspore en die veilige vervoer van soldate. Met verloop van tyd het die rol van die gepantserde treine egter van bloot defensief tot offensief verander aangesien hulle in samewerking met die blokhuse tydens dryfjagte gebruik is om die Boere teen die spoorlyne vas te keer. Gepantserde treine moes help verhoed dat die Boere deur die blokhuislinies breek. Die soekligte waarmee die treine toegerus is, het in dié verband saans nuttig te pas gekom.

Gepantserde treine het bestaan uit lokomotiewe en trokke wat met staalplate versterk is. Die posisionering van die staalplate was gewoonlik dieselfde vir elke trein. Daar is ook voorsiening gemaak vir die gebruik van 'n 12- of 15-ponder Armstrong-kanon. Ten einde die kajuit te beveilig teen vuur van agter, is staalplate vanaf die dak van die kajuit tot teen die voorste punt voor die kolewa geplaas. Om die drywers te beskerm is die sykante ook met staalplate versterk, waarvan daar dele uitgebou is sodat die drywer vorentoe en agtertoe kon sien. Slegs skuifdeure is gebruik. Aan beide kante van die kajuit was daar vensters wat met staalplate van binne toegeskuif kon word. Die staalplate was gewoonlik 1 cm dik. Die ketel van die lokomotief het nie gepantserde staalplate gehad het nie, aangesien die staal van die ketel dik genoeg was.<sup>59</sup>


Die watertenk het gewoonlik 500 liter water bevat, terwyl drie ton steenkool in sakke bokant die watertenk gelê het. Aan elke treinwa is 32 staalplate van 1,83 m x 0,92 m x 1 cm vasgeheg terwyl elke plaat twee skietgate gehad het waardeur een knielende en een sittende soldaat stelling kon inneem. Verder was daar drie klokke in die trein; een in die lokomotief, en een in die voorste en agterste wa onderskeidelik. Die klokke is as kommunikasiemiddel op die trein gebruik. Die lokomotief is gewoonlik in die middel van die trein geplaas.<sup>60</sup> So byvoorbeeld het die gepantserde trein wat te Kroonstad

---

59. E.P.C. Girouard, *History of the railways during the war in South Africa, 1899-1902*, pp.64-66.

60. *Detailed history of the railways in the South African War 1899-1902* 1, p.54.

gestasioneer was, bestaan uit 'n lokomotief en twee treinwaens, almal deeglik met staalplate beskerm. Die lokomotief was in die middel met een trok voor en een daaragter. Op laasgenoemde was 'n 12-ponder skeepskanon geplaas terwyl die voorste wa van 'n maxim-masjiengeweer voorsien is.<sup>61</sup> Die koste om 'n trein wat bestaan het uit een lokomotief, 'n kolewa en twee of drie treinwaens met pantser te beskerm, was ongeveer £311 13s 10d.<sup>62</sup>



'n Gepantserde trein met bemanning.

Oorlogsmuseum van die Boererepublike, fotoversameling, foto nr.1874.

Nadat lord Kitchener op 29 November 1900 die bevel oorgeneem het, is daar besluit om die gepantserde treine as eenhede te ontplooi. Tot in daardie stadium is die treine net gebruik om troepe na die gevegsfront te vervoer, vir voorraadvoorsiening en om patrolliewerk te verrig. Met die uitbreek van die oorlog was daar slegs vyf gepantserde treine in Natal en vyf in die Kaap. Die toenemende felheid van guerrillaoorlogvoering het die Britse magte genoop om die treine in 'n meer offensiewe hoedanigheid te gebruik en om meer van dié tipe treine in gebruik te neem. Uiteindelik is altesaam negentien

61. Bidder, pp.188-189.

62. *Detailed history of the railways in the South African War 1899-1902* 1, p.54.

gepantserde treine gedurende die oorlog gebruik.<sup>63</sup>

Die gepantserde treine is gebruik vir:

- \* Onderskepping van die Boeremagte wat teen die spoorlyne vasgekeer is, en wel in samewerking met die kolonnes te velde.
- \* Optrede aan een van die flanke van kolonnes om te verhinder dat die vyand daarlangs ontsnap.
- \* Beskerming van stasies wat deur die Boere bedreig is.
- \* Begeleiding van ander treine.
- \* Verkenning.
- \* Patrollering van verkeersroetes.
- \* Algemene beskerming van die roetes.<sup>64</sup>

Namate die oorlog gevorder het, het die Britse opperbevel besef dat die treine se pantsering nie voldoende was nie en verbeterings is aangebring. Die bemannings is meer selektief gekies, terwyl die offisier in beheer ook oor besondere goeie leierseienskappe moes beskik. Die bemanning het bestaan uit een infanterie-afdeling met lede uit dieselfde regiment, 'n afdeling Royal Artillery en 'n afdeling Royal Engineers. Laasgenoemde het uit 'n onderoffisier en sewe sappeurs bestaan wat opgelei is om ontspoorde treine en stukkende treinspore te herstel. In die beskikbare bronne word die aantal artilleriste en infanterie nie vermeld nie. Twee telegrafiste, 'n telegraafklerk, twee drywers en twee stokers was ook op die trein.<sup>65</sup>

Met die uitbreek van die oorlog was daar dus geen sprake van grootskaalse aanwending van gepantserde treine nie, en dit was eers tydens die guerrillafase, nadat die oorlog geëskaleer het, dat gepantserde treine deel van die taktiek geword het. Die gepantserde treine het 'n hindernis vir die Boere geskep aangesien die spoed waaroor die treine beskik het, dit vir die Britte moontlik gemaak het om vinnig by die punt te kom waar die Boere oor die spoorlyne gebreek of probeer breek het. Aangesien die treine oor

---

63. Girouard, pp.64-65.

64. *Official history* 4, p.647.

65. *Ibid.*, p.648.

grofgeskut en gewere beskik het, het die burgers spesiale voorbereiding getref om hulle te laat ontspoor. In die chaos wat op so 'n ontsporing gevolg het, het dit dan aan hulle die kans gebied om deur die blokhuislinies te breek. Die potensiële gevaar van so 'n trein is ook geneutraliseer. Volgens J.A. Smith het 'n paar lede van hulle kommando die treinspoor gesaboteer. Terwyl die sabotasiepoging aan die gang was, het die res van die kommando sonder die bykomende hindernis van die gepantserde trein, oor die spoor beweeg.<sup>66</sup> Soortgelyke sabotasiepogings kon natuurlik nie oral uitgevoer word nie aangesien die blokhuse op sekere linies nader aanmekaar was as op ander plekke. Gepantserde treine het egter daarin geslaag om 'n bykomende hindernis te word. Uit die geraadpleegde amptelike bronne is bevind dat die Boere ten minste vyf gepantserde treine gedurende die verloop van die oorlog laat ontspoor het.<sup>67</sup>

Gepantserde treine was op hulle eie nuttelooos aangesien hulle nie maklik maneuvreerbaar was nie. Hulle kon vanselfsprekend ook nie weg van spoorlyne gebruik word nie. Hulle het egter in samewerking met die blokhuse en dryfjagte 'n groot rol gespeel. Die belangrikste aspek van die pantserreine was dat hulle die laaste platform was waarvandaan die Britse magte nog hulle kanonne effektief kon gebruik. Die mobiliteit van die burgers het die rondtrek van kanonne tydens agtervolgingsoperasies bykans onmoontlik gemaak. Aan Boerekant was die feit dat hulle nie meer kanonne tot hulle beskikking gehad het nie, 'n nadeel aangesien hulle daarmee die pantserreine sou kon aanval.<sup>68</sup> Gegewe die feit dat die gepantserde treine goeie beskutting aan troepe gebied het en op en langs die linies aangewend is, herinner hulle nogal aan mobiele blokhuse, al het hul taak uiteindelik veel méér behels as dié van mobiele en ander blokhuse.

## 7. Slotperspektief

Die eerste dryfjagte het reeds vóór die voltooiing van die blokhuislinies begin. Die dryfjag in Oos-Transvaal vanaf Januarie tot April 1901 onder bevel van lt.-genl. J.D.P.

---

66. J.A. Smith, *Ek rebelleer*, pp.123-124.

67. Girouard, pp.129-141.

68. J.Stone en E.A. Schmidl, *The Boer War and military reforms*, p.70.

French, is 'n sprekende voorbeeld daarvan. In die Wes-Vrystaat het genl.-maj. E. Elliot gedurende Junie en Julie 1901 ook 'n dryfjag op die Boerekommando's uitgevoer. Verder is die dryfjagte op De Wet tussen Julie 1900 en Maart 1901, ook gedurende die tydperk toe blokhuislinies nog nie voltooi was nie, geloods.

Hierdie dryfjagte het egter sekere tekortkomings in die stelsel aan die lig gebring. Dit het tot die hervormings binne die stelsel gelei wat uiteindelik tot die "New Model Drives" aanleiding gegee het. Intussen het die oprigting van blokhuislinies in Januarie 1902 so 'n gevorderde stadium bereik, dat dit wel betekenisvol tydens 'n dryfjag aangewend is. Lord Kitchener se "New Model Drives" was dan ook meer effektief. Hy het die Boerekommando's se beweeglikheid al hoe meer aan bande begin gelê. Die gevolg was dat hulle nou teen tienduisende Britse troepe wat hulle tussen die blokhuislinies probeer vaskeer het, te staan gekom het. Gedurende die laaste maande van die oorlog het verskeie sulke dryfjagte plaasgevind. Van die bekendstes was die dryfjagte teen De Wet in die Noord-Vrystaat wat vanaf Januarie tot Maart 1902 geduur het.

Alhoewel die Boerekommando's steeds by meer as een geleentheid deur die blokhuislinies gebars het, het hulle dit al hoe meer as lastige hindernisse beskou. Volgens burger H.F. Wichmann, byvoorbeeld, was die blokhuislinies soms 'n hindernis wat met moeite oorkom kon word. Die feit dat verkenners eers uitgestuur moes word en linies slegs in die nag aangedurf kon word, het die burgers se gang vertraag.<sup>69</sup> Hulle het dus gepoog om swak punte ook in die dryfjagstelsel uit te buit. So het hulle deur gapings binne die dryfjagnet geglip voordat hulle deur blokhuislinies kon beweeg. Geen wonder dat sommige burgers die dryfjagte as 'n mislukking beskou het nie. Burger F.G. Botha het geskryf: "Hulle het om ons 'n kraal gemaak om ons te vang, maar dit was tevergeefs."<sup>70</sup> Vir die meerderheid was die dryfjagte egter iets om mee rekening te hou. Hulle was as militêre strategie teen die Boerekommando's gemik, maar het in sekere opsigte ook ander funksies vervul. Die Britse kolonnes wat tydens hierdie dryfjagte

---

69. Oorlogsmuseum van die Boerepublieke, A 5557/1: H.F. Wichmann, Herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog (getikte manuskrip), pp.18-20. Kyk egter ook onderafdeling 1 van hoofstuk 7 waar Wichmann aandui dat die linies inderdaad nie 'n onoorkomelike hindernis was nie.

70. Oorlogsmuseum van die Boerepublieke, A 5796/1: Eie ondervinding van Frederick Gerhardus Botha gedurende Boere Oorlog, Okt. 1899-Junie 1902, p.167.

opgetree het, is ook gebruik om lord Kitchener se verskroeiende aarde-beleid toe te pas en die vrouens en kinders van vegtende burgers na konsentrasiekampe weg te voer. Terwyl blokhuislinies daarin geslaag het om beter beskerming aan die Britse verbindingslinies te bied, het dit ook 'n noodsaaklike rol gespeel in die suksesvolle ontplooiing en uitvoering van dryfjagte, en ook om te verseker dat die nodige voorrade byvoorbeeld vanaf die kus na die garnisoene in die binneland vervoer kon word.

Op strategiese vlak het die blokhuis dit dus ten doel gehad om eerstens die spoorlyne te beskerm en wel op 'n defensiewe en offensiewe basis. Die beskerming van die spoorlyn was defensief van aard. Op die offensiewe front het dit weer meer troepe beskikbaar gestel wat voltyds aan die oorlog kon deelneem. Vroeër is vermeld dat ongeveer 100 000 blanke troepe teen die einde van 1900 nodig was om die kommunikasielinië te beskerm; met die oprigting van blokhuis is daarin geslaag om dié aantal merkbaar te verminder tot ongeveer 60 000 blanke soldate - hoewel ten minste 25 000 "nie-blanke" soldate ook ingespan is. Dit was toe moontlik om minder soldate in meer verspreide beskermingsposisies te plaas aangesien hulle met die wapens tot hulle beskikking net so effektief was as toe daar meer soldate maar oor 'n groter afstand verspreid was. Ten slotte kan dit gestel word dat sonder die "cross-country"-blokhuislinies die dryfjagte min, indien enige, sukses sou behaal.<sup>71</sup>

Ten einde vas te stel in welke mate die Britse blokhuisstelsel tydens die Anglo-Boereoorlog suksesvol aangewend is, word dié stelsel vervolgens in die slothoofstuk oorhoofs geëvalueer, en wel hoofsaaklik aan die hand van die krygsnorme wat destyds gegeld het.

---

71. *Official history* 4, p.575.

## HOOFSTUK 7

### EVALUERING

#### 1. Inleiding

Daar bestaan soms verwarring oor die begrippe evaluering en waardering. In die militêre omgewing geskied waardering voor 'n operasie en evaluering daarna. Ten opsigte van evaluering word die beginsels van oorlogvoering gebruik. Soos reeds aangedui in hoofstuk 1 was die gebruik van blokhuislinies in die Anglo-Boereoorlog nie 'n militêre nuutjie nie. Dit het egter in dié oorlog 'n bepaalde rol gespeel en word in hierdie hoofstuk aan evaluering onderwerp. Die evaluering van die blokhuislinies word gedoen aan die hand van die krygsnorme of beginsels van oorlogvoering soos hieronder uiteengesit. Alvorens die krygsnorme egter bespreek en op die blokhuisstelsel se aanwending van toepassing gemaak word, sal ten eerste gelet word op die siening van sekere militêre bevelvoerders aan Boere- en Britse kant in verband met die sukses al dan nie wat deur die Britse blokhuisstelsel behaal is.

Vir genl. Christiaan de Wet was die blokhuislinies nie 'n onoorkomelike hindernis nie. Hy het dan ook verskeie kere daarin geslaag om deur die linies te breek. Sy mening aangaande die linies was "t was mij een van de onverklaarbaarste dingen dat het machtige Engeland blockhuislijne bouwen om de Boeren te vangen. Dit konde zij doen zonder blockhuizen".<sup>1</sup> De Wet was verder van mening dat die Britte hom groter probleme sou besorg het indien hulle méér soldate in berede kolonnes georganiseer en met groter dryfkrag teen hom aangewend het. Syns insiens het die blokhuislinies die oorlog met ten minste drie maande verleng.<sup>2</sup> Pakenham noem in sy boek dat De Wet na die blokhuisstelsel as die "blockhead system" verwys het,<sup>3</sup> terwyl De Wet ook na die blokhuislinies as wit olifante verwys het.<sup>4</sup> Die vraag kan egter met reg gevra word of die

---

1. C.R. de Wet, *De strijd tusschen Boer en Brit*, p. 326.

2. *Ibid.*, p. 329.

3. T. Pakenham, *The Boer War*, p.541.

4. De Wet, p.366.

blokhuislinies De Wet tog nie wel in 'n mate gehinder het nie. Al het hy telkemale daarin geslaag om deur die linies te breek, moes hy telkens sy deurtog beplan en kon sake in die praktyk wel skeefgeloop het.

In teenstelling met De Wet was genl. Louis Botha die mening toegedaan dat blokhuisse 'n negatiewe invloed op die moreel van die burgers gehad het en ook hul bewegings ingeperk het. Van die blokhuislinies het hy gesê: "We can pass the blockhouses by night, indeed, but never by day. They were likely to prove the ruin of our commandos."<sup>5</sup> Hiermee sinspeel hy dan ook op die feit dat dit die burgers gefrustreer het om gedurig deur die blokhuislinies te moes beweeg. Tydens die vredesonderhandelinge meld hy dat die blokhuislinies die Hoëveld in kampe verdeel het en dat die burgers gedurig heen en weer oor die blokhuislinies moes beweeg om nie vasgekeer te word nie.<sup>6</sup> Die blokhuislinies het veroorsaak dat die Boere op 'n meer beperkte skaal met hul bedrywighede kon voortgaan, aangesien die linies die oorlogsteater in moeilik deurkruisbare kompartemente verdeel het.

Genl. Ben Viljoen het die nag van 7 op 8 Januarie 1901 'n merkwaardige aanval op die blokhuisse in die omgewing van Belfast geloods. Die burgers het manmoedig geveg maar moes onverrichter sake terugkeer nadat die aanval misluk het. Die feit dat Viljoen die goed versterkte Britse blokhuisse aangeval het, en moes tou opgooi, het 'n invloed op sy denke oor die blokhuisse uitgeoefen. Na die Belfast-geveg het hy aanvalle op blokhuisse met meer ontsag beplan. Hy merk tereg op: "To attack the fortified entrenchments in these parts, where we had only been just taking the offensive, causing the enemy to be on his guard, would not have been advisable."<sup>7</sup> Dit het hom egter nie gestuit nie, want die nag van 27 op 28 Junie het hy weer deur die blokhuislinies tussen Balmoral en Brugspruit gebreek.<sup>8</sup>

---

5. W.B. Worsfold, *Lord Milner's work in South Africa, from its commencement in 1877 to the peace of Vereeniging 1902*, p.50.

6. J.D. Kestell en D.E van Velden, *Die vredesonderhandelinge tussen die regerings van die twee Suid-Afrikaanse republieke en die verteenwoordigers van die Britse regering wat uitgeloop het op die vrede wat op 31 Mei 1902 op Vereeniging gesluit is*, p.59.

7. B.Viljoen, *My reminiscences of the Anglo-Boer War*, p.323.

8. *Ibid.*, pp.382-387.

Soos verwag kon word, het die Britte oor die algemeen 'n positiewe siening omtrent hul blokhuisstelsel gehuldig. Volgens lord Kitchener, die vader van die stelsel, was die vernaamste voordeel die feit dat "the lines of blockhouses had obtained for our traffic a comparative security which it had not previously enjoyed".<sup>9</sup> Verder het hy ook die volgende aangaande die blokhuisse gesê: "These little forts are not, even now, impervious to attack. A Boer force 150 strong can cross the lines at night, and sometimes do so, but not without being seen. This lets us know where they are - a great point. The blockhouses keep the railway lines pretty safe. In case they are attacked at night, signal rockets are sent up, and the armoured trains which wait in the stations in the danger zones soon come to the rescue with their electric searchlights and machine guns."<sup>10</sup> Lord Alfred Milner was op sy beurt ook besonder beïndruk met die wyse waarop die blokhuisstelsel verseker het dat voorrade, pos en dies meer teen die einde van die oorlog baie veilig langs die spoorlyntreke vervoer kon word.<sup>11</sup>

In die meeste bronne aangaande die Anglo-Boereoorlog word verwysings na die blokhuisse aangetref. Hierdie bronne raak egter slegs die basiese aspekte van die blokhuisse aan, met ander woorde hoe hulle gelyk het, hulle doel en die kostes daaraan verbonde.<sup>12</sup> Die outeurs skenk dus nie veel aandag aan die ontstaan, ontwikkeling en aanwending van die blokhuisstelsel nie en geen grondige krygshistoriese evaluering van die stelsel word gemaak nie.

Ten einde tot 'n wetenskaplik-gefundeerde gevolgtrekking te kom aangaande die doeltreffendheid al dan nie van die blokhuisse, moet die stelsel krygshistories ontleed word, en wel aan die hand van die krygsnorme wat destyds gegeld het. Alvorens die

---

9. Worsfold, p.455.

10. E. Protheroe, *Lord Kitchener*, pp.258-259.

11. *Ibid.*

12. Kyk bv. J. Barbary, *The Boer War*, p.119; P. Warwick, *Black people and the South African War, 1899-1902*, p.4; R. Kruger, *Good-bye Dolly Gray: the story of the Boer War*, pp.428-429, 458-459; E. Lee, *To the bitter end: a photographic history of the Boer War 1899-1902*, pp.155-160; D. Judd, *The Boer War*, pp.156-157; P. Magnus, *Kitchener: portrait of an imperialist*, p.177; T. Pakenham, *The Boer War*, pp.536-537; C. Headlam (red.), *The Milner papers: South Africa 1899-1905* 2, pp.192,293; E. Protheroe, *Lord Kitchener*, pp.258-259; F. Pretorius, *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*, pp.4,55,81,120,287,365; F. Pretorius, *1899-1902 Die Anglo-Boereoorlog*, pp.31,34-35,56,78,79,82; G.D.Scholtz, *Die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902*, pp.108-109; V. Carruthers, *The Magaliesberg*, pp.326-331; M.A. Gronum, *Die ontplooiing van die Engelse oorlog 1899-1902*, p.185; P.Warwick, *The South African War: the Anglo-Boer War, 1899-1902*, p.98.

krygsnorme prakties toegepas gaan word, word hulle vervolgens eers kortliks teoreties bespreek. Ten tye van die Anglo-Boereoorlog was die beginsels hieronder, wat trouens deel van die Britse Leër se doktrine was wat vir die opleiding van stafoffisiere gebruik is, geldig. Dus, om sukses met 'n krygsoperasie te behaal, moes aan die volgende vereistes voldoen word:<sup>13</sup>

Doelwit. Die primêre teiken of doel van 'n bepaalde aksie moet duidelik wees en voortdurend gehandhaaf word. Afwyking hiervan lei dikwels tot improvisasie met die gepaardgaande afname in sukses.

Offensiewe optrede. Defensiewe optrede mag die vyandelike handeling fnuik, maar dra selde by tot oorwinning. Daar is egter sekere militêre optredes wat slegs 'n defensiewe doel het en gevolglik is hierdie krygsnorm nie van deurslaggewende betekenis by evaluering nie. 'n Belangrike komponent van defensiewe optrede is dat dit hulpbronne (mense en uitrusting) versprei en die inisiatief grootliks aan die vyand oorlaat. Daarenteen is offensiewe optrede nodig om 'n beslissing af te dwing.

Sekerheid (sekuriteit). Dit impliseer die beskerming van eie verbindings en planne asook 'n poging om die vyand se verbindings en planne te kompromitteer.

Verrassing. 'n Fisiese of sielkundige verrassing dra oneindig by tot die morele aftakeling van die vyand.

Konsentrasie van magte. Die vermoë om die grootste oormag te konsentreer op die punt waar dit deurslaggewend kan wees.

Ekonomie van poging. Die vermoë (kuns) om met die minimum magte 'n doelwit te bereik.

---

13. H. Strachan, *European armies and the conduct of war*, pp.1-2.

Buigsaamheid en beweeglikheid. Vir waarlik doeltreffende optrede moet 'n militêre mag oor die vermoë beskik om vinnig by veranderende omstandighede aan te pas en daarby ook oor die nodige beweeglikheid beskik om sodanige planwysigings vinnig te implementeer. Hierdie beweeglikheid beteken nie noodwendig fisiese mobiliteit nie, maar eerder die vermoë om aanpassings te implementeer.

Eenvoud van plan. 'n Te ingewikkelde plan skep groot inherente risiko's wat tot verwarring kan lei. Hoe eenvoudiger die plan is, alle tersaaklike faktore in ag genome, hoe beter is die kans op sukses.

Eenheid van bevel. Die bevelskanale moet duidelik wees en 'n bepaalde taakmag moet nie aan meer as een hoofkwartier verantwoordelik wees nie. 'n Tipiese voorbeeld van 'n gebrek aan eenheid van bevel is waar die taakmag aan sy hoër hoofkwartier verantwoordelik is vir militêre aksies, aan sy kwartiermeester-generaal vir voorrade en aan 'n onverwante vervoerdepot vir vervoer.

Moreel. Die gevegdrif van die deelnemende troepe is van deurslaggewende belang. Hierdie belangrike suksesvereiste word gevoed deur geloof in die saak, opleiding, vertroue in die wapentuig en krygsplan, en bevredigende logistieke ondersteuning.

Ruimte. Die aspek van ruimte is ook hier van belang. Ruimte verwys na die mate waarin die topografie van die land, die demografiese kenmerke van die inwoners sowel as die oppervlakte van die oorlogsgebied in die strategiese beplanning in aanmerking geneem is.

Vervolgens gaan die blokhuse en die rol wat hulle tydens die Anglo-Boereoorlog gespeel het, aan die hand van bogenoemde kriteria geëvalueer word. Blokhuse is tydens die Anglo-Boereoorlog aangewend as 'n taktiese maatreël om die vrye beweging van die guerrilla-vegters te beperk en verbindings (veral spoorverbindings) te beskerm.

Blokhuse het nie net beskerming aan die belangrikste spoorverbindings gebied nie, dit het ook in samewerking met die dryfjagte 'n groot rol gespeel om die bewegings van die Boerekrygers te beperk. Soos reeds in hoofstuk 1 aangedui, was die gebruik van blokhuse nie nuut in die militêre geskiedenis nie. Die belangrikste rede vir en hoofmerk van die oprigting van blokhuse tydens die Anglo-Boereoorlog was om die treinspore te beskerm. Dit was die primêre doel. Die verlies van 'n enkele trein het in die omgewing van £20 000 beloop. Die gepaardgaande vertraging van treinverkeer en die herstel van die spoorlyn het ook bygedra tot die hoë koste voortspruitend uit hierdie guerrilla-aksies.<sup>14</sup> 'n Sekondêre doel het met die verloop van die oorlog ontstaan en dit was om die blokhuislyne te gebruik om burgers vas te keer tydens die dryfjagte. Hoewel die blokhuse hoofsaaklik takties aangewend is, het dit uiteindelik tog deel uitgemaak van die oorhoofse strategie, naamlik om die oorlog so gou as moontlik in die Britte se guns te beklank.

Die "cross-country"-blokhuislinies het 'n drieledige beskermingsrol gespeel. Ten eerste het hulle daarin geslaag om beter beskerming aan Britse konvooe wat weg van die spoorlyn moes opereer, te bied. Tweedens het hulle die Boere verhoed om belangrike natuurlike geografiese kenmerke te benut. 'n Voorbeeld hiervan is die koppies wat deur die Boere as seinstasies of uitkykposte gebruik is. Verder is baie van die waterpunte wat vir die burgers noodsaaklik was, ook beset. Dit het die burgers se taak om hul watervoorrade aan te vul bemoeilik. Derdens het dit die bemanning van linies in staat gestel om enige konsentrasie van Boere in 'n spesifieke omgewing waar te neem. Indien hierdie konsentrasies vroegtydig waargeneem kon word, sou die burgers nie daarin kon slaag om 'n verrassingsaanval op beplande punte te loods nie. Dit het dus ook as inligtingsbron aan Britse kant gedien. Die Boere kon sodoende van die verrassingselement ontnem word. Die feit dat die Boere tydens die guerrillafase oor feitlik geen artilleriestukke en -ammunisie meer beskik het waarmee hierdie strukture vernietig kon word nie, het bygedra tot die sukses van die blokhuse.

Alhoewel blokhuislinies groot dele van Suid-Afrika deurkruis het, kon hulle nooit

---

14. E.H. Bethell, "The blockhouse system in the South African War" in A.T. Moore (red.), *Professional papers of the Corps of Royal Engineers* 30, 1904, p.289.

effektief daarin slaag om verbete deurbrake te verhoed nie. Ter staving hiervan getuig H.F. Wichmann in sy dagboek hoe hulle een aand net eenvoudig deur die linies gery het sonder dat hulle opgemerk is.<sup>15</sup> Chris Liebenberg meld ook dat hulle een nag ongemerk deur die linie tussen Ventersdorp en Tafelkop beweeg het.<sup>16</sup>

Ten einde die doeltreffendheid van die linies vas te stel, word dit aan die hand van die krygshistoriese norme hieronder geëvalueer.

## 2. Doelwit

Volgens Strachan verwys die term doel na "the need to select the primary target and not to be deflected from that aim".<sup>17</sup> In terme van die blokhuse is die vraag dus wat die doel van die blokhuisstelsel was en of dit daarin geslaag het of nie.

Met die uitbreek van die oorlog was die oprigting van blokhuse nie deel van die Britse krygstrategie nie. Dit was eers nadat die guerrillafase 'n aanvang geneem het, dat die behoefte aan *stewige* beskermingstrukture vir die spoorlyne ontstaan het. Hierdie strukture was aanvanklik grondforte en loopgrawe maar is later deur stewiger blokhuse vervang.

Die primêre doel was om beskerming aan die belangrikste spoorbrûe en spoorverbindings te verleen. Met verloop van tyd en die gepaardgaande eskalering van die oorlog, het die blokhuse ook 'n rol as deel van die dryfjagte begin speel. Blokhuse het dus 'n tweeledige doel gehad, naamlik beskerming aan kardinale fokuspunte soos brûe en treinspore en die instrumentele optrede in die gevangening van burgers tydens die Britse dryfjagte. Daar is nie bloot gepoog om die burgers tydens dryfjagte te vang nie, maar ook om die gebiede waarin die linies opgerig is, in kampe te verdeel wat dit vir die

---

15. Oorlogsmuseum van die Boererepubliek, A 5557/1: H.F. Wichmann, Herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog, p.19.

16. Oorlogsmuseum van die Boererepubliek, herinnering 5348/19: Private notebook of Chris Liebenberg, Adjudant to General Liebenberg, operating in the district of Potchefstroom, Transvaal [inskrywing vir 3.2.1902].

17. Strachan, p.1.

vegtendes moeilik sou maak om van een deel na 'n ander te beweeg.

Namate die oorlog in 'n guerrillastryd oorgegaan het, moes maniere gevind word om die vrye beweging van die Boere te beperk, sowel as om strategiese Britse posisies teen sabotasie te vrywaar. Derhalwe is die besluit geneem dat blokhuis opgerig moes word. Die oprigting van "cross-country"-blokhuislinies het gevolg op die sukses van die blokhuis langs treinspore. Hierdie blokhuislinies het ten doel gehad om belangrike roetes weg van die spoorlyne te beskerm, sowel as om die land in taktiese streke te verdeel om die vrye beweging van die burgers te kortwiek.

Die vraag of blokhuis in hul doel geslaag het, word aan die einde van die hoofstuk finaal beantwoord, maar dit kan nou reeds gestel word dat hoewel die blokhuisstelsel beslis die Britse spoorlyne en ander kommunikasielinies beter beveilig het en ook tydens sommige dryfjagte 'n mate van sukses verseker het, baie van die Boere dit nie altyd as 'n onoorkomelike hindernis ervaar het nie. In die geheel gesien het die blokhuis egter wel 'n bydrae gelewer tot die uiteindelijke relatiewe militêre oorwinning en tot die oorhoofse Britse strategie, naamlik die verowering van die twee Boererepublieke.

### 3. Offensief

Met die term "offensief" word bedoel in watter mate die onderwerp in 'n offensiewe hoedanigheid aangewend is. Wat blokhuis (dit wil sê statiese strukture) betref, kan hulle aanwending in 'n offensiewe sin wel bespreek word. Dit hang baie nou saam met die vorige hoofstuk waar die blokhuis se rol in samewerking met die dryfjagte bespreek is. Uiteraard was blokhuis staties en kon hulle nie na meer strategiese posisies verskuif word nie.<sup>18</sup> Dit was egter moontlik om linies in spesifieke gebiede waar die Boere gekonsentreerd was, op te rig. Hierdie oprigting het gewoonlik plaasgevind wanneer die burgers van een gebied na 'n ander wat minder deur blokhuis omring was, beweeg het en 'n geruime tyd in die omgewing gebly het.

---

18. Daar moet net in gedagte gehou word dat mobiele blokhuis nie hier ter sprake is nie. Laasgenoemde kon wel verskuif word indien dit nodig geag was, maar hulle is nie op groot skaal gebruik nie.

Die dryfjagte het die Boere teen die linies vasgekeer, waar daar dan gepoog is om hulle gevange te neem. Sonder blokhuse sou hierdie metode nie geslaag het nie, en die bemannings van die blokhuse is spesiaal op hulle hoede geplaas wanneer so 'n dryfjag aan die gang was. Vir verdere versterking van die linies is ekstra blokhuiswagte by strategiese punte aangestel. Hierdie aanwending van blokhuse was ondersteunend tot offensiewe optrede. In hoofsaak egter, was die oprigting van blokhuse defensief van aard. Die beskerming van die spoorlyne en brûe was die belangrikste oorweging en die primêre doel daarmee was glad nie om dit offensief aan te wend nie.

#### 4. Sekerheid

Strachan definieer sekerheid as "the importance of keeping up a guard while delivering the blow, of protecting one's own communications while falling on those of the enemy".<sup>19</sup> In die Anglo-Boereoorlog was die blokhuse en die rol wat hulle vir die Britse magte gespeel het, van groot waarde, veral ten opsigte van aspekte soos die beskerming van spoorlyne. Met die wete dat die spoorlyne beskerming geniet het, kon die War Office meer aandag skenk aan die verloop van die oorlog op daaglikse vlak. Verder het die beskerming wat die linies aan belangrike konvooiroetes verleen het, bygedra tot die suksesvolle voorsiening van voorrade aan Britse buiteposte.<sup>20</sup> Die blokhuse het dus ook kommunikasie tussen Britse troepe verbeter, terwyl dit terselfdertyd die kommunikasie tussen die Boerekommando's aan bande gelê het.

Blokhuse het egter weinig aanspraak op die bewaring van die krygsplan van die Britte ('n ander element van sekerheid) aangesien dit sekerlik vanaf die datum van oprigting duidelik was wat daarmee beoog is.

#### 5. Verrassing

Hierdie krygsnorm hang nou saam met die norm van offensief en dui op die fisiese of psigologiese element van verrassing wat bereik moet word om morele superioriteit oor

---

19. Strachan, p.2.

20. E. Belfield, *The Boer War*, p.133.

die vyand te verkry.<sup>21</sup> In die geval van blokhuse en blokhuislinies het die verrassingselement nie 'n groot rol gespeel nie. Die oprigting en gebruik daarvan, in samewerking met dryfjagte al dan nie, kon nie as verrassing vir die Boere gehou word nie. Die rede daarvoor is voor die handliggend aangesien die strukture te groot was om gekamoefleer te word; trouens, dit was juis hulle doel om so opsigtelik as moontlik te wees. Blokhuislinies moes pertinent as afskrikmiddel dien om beskerming aan spoorlyne te verleen. Waar verrassing wel by blokhuse ter sprake kom, is die gevalle waar Boere wat vreemd in die omgewing was in sulke linies vasgeloop het. Dit het egter nie gereeld voorgekom nie aangesien die blokhuse maklik sigbaar was en verrassing dus geen vooropgestelde doelwit met die oprigting van blokhuse was nie.

Op 'n ander vlak het verrassing wel soms ter sprake gekom, naamlik waar die Boere se pogings om ongesiens deur die linies te breek, deur die blokhuisbemannings gewaar is. Dit was die doel van die burgers om ongesiens deur die linies te beweeg en wanneer hulle dan gewaar is, was 'n element van verrassing teenwoordig.

## 6. Konsentrasie van magte

Die krygsnorm van konsentrasie van magte is 'n norm wat van groot belang is tydens 'n konvensionele veldslag. Die belangrikheid daarvan om die grootste deel van hul magte op die beslissende punt te konsentreer, is terdeë deur bevelvoerders van die vorige eeu besef.<sup>22</sup> Derhalwe is met die oprigting van blokhuse ook gepoog om langs die spoorlyne van hierdie krygsnorm gebruik te maak. Die enigste verskil is dat die konsentrasie van troepe nie op een spesifieke punt geleë was nie, maar verspreid voorgekom het. Dit het probleme veroorsaak omdat die afstand wat gedek moes word te groot was, met die gevolg dat die troepe verantwoordelik vir die beskerming van die linies yl verspreid voorgekom het.

Blokhuse het ten opsigte van hierdie beginsel 'n heel negatiewe uitwerking gehad deurdat die bemannings van blokhuse oor 'n baie wye front verspreid was en redelike

---

21. Strachan, p.2.

22. *Ibid.*

eise aan die Britse magspeile gestel het.

Die beginsel van konsentrasie van magte is goed deur die Boere in die stryd gebruik deurdat hulle, wanneer hulle deur die linies beweeg het, juis die swakste punt gekies het waarop hulle dan al hulle aandag toespits het. Dit het gewoonlik tot gevolg gehad dat hulle daarin geslaag het om 'n deurbraak te bewerkstelling.

Slegs ten opsigte van 'n enkele tipe operasie is hierdie beginsel wel deeglik toegepas, naamlik tydens die dryfjagte waar spesifieke blokhuislinies spesiaal versterk is. Hierdie versterkte linies het as 'n obstruksie gedien waarteen die Boere tydens dryfjagte vasgekeer is. Hier is hulle dan krygsgevangene geneem en weggestuur.

#### 7. Ekonomie van poging

Hierdie krygsnorm dui op die ekonomiese aanwending van magte ten einde 'n doelwit te bereik. Die basiese vereistes is dat nie meer as die aantal troepe wat nodig is om die doelwit te bereik, aangewend moet word nie.<sup>23</sup> Die ongeveer 8 000 blokhuisse wat in gebruik was regdeur Suid-Afrika het nagenoeg 60 000 blanke Britse soldate (uit 'n totaal van ongeveer 450 000 wat in die loop van die oorlog ontplooi is) vereis om dit te beman en die totale lengte van die blokhuislinies was in die omgewing van 5 920 km. Verder is ook nog ongeveer 25 000 swart en bruin mense as wagte gebruik. Die kostes verbonde aan die oprigting was ongeveer £1 000 000.<sup>24</sup> Dit verteenwoordig slegs ongeveer 0,5 % van die totale koste verbonde van die Britse oorlogspoging, wat ongeveer £200 miljoen beloop het.<sup>25</sup>

Dit is 'n vraag of die blokhuislinies en die groot getal soldate wat dit moes beman, wel noodsaaklik was en indien wel, in welke mate. Die beginsel van ekonomie van poging is juis daarop ingestel dat net die minimum getal troepe vir 'n spesifieke taak aangewend moet word.

---

23. *Ibid.*

24. Bethell, p.289.

25. T. Pakenham, *The Boer War*, p.572.

Die eintlike sukses van die blokhuse is daarin geleë dat hulle geslaag het om die Boere se bewegingsvryheid in te perk. Die opdeel van die Vrystaat en Transvaal in bepaalde streke wat met blokhuislinies omring is, het 'n besliste invloed op die burgers se mobiliteit gehad. Dit het egter nie daarin geslaag om die Boere se deurgang deur die linies te verhoed nie. Daarvoor was die bemannings van die blokhuse te min, alhoewel die blokhuse in sommige gevalle, soos byvoorbeeld op die Ermelo-Standerton-linie, slegs 700 m van mekaar geleë was.<sup>26</sup> Indien die bemannings groter was, sou die daaglikse roetine van die blokhuisbemannings minder stresvol gewees het en kon meer aandag aan die bewaking van hul posisie bestee word, en hoe meer troepe aangewend is, hoe moeiliker sou dit wees om deur die linies te breek. Dus sou 'n vermeerdering van troepe die blokhuse se effektiwiteit verhoog het. Hoe meer soldate daarenteen relatief gesproke passief by die blokhuisstelsel betrokke was, hoe minder soldate sou beskikbaar gewees het vir dryfjagte.

Die blokhuse is dus redelik ekonomies aangewend, maar deur meer troepe by die linies te ontplooi, kon dit nog meer ekonomies (dit wil sê met groter sukses) aangewend gewees het, op voorwaarde dat daar uit ander oorde meer soldate vir dryfjagte beskikbaar was. In die lig van die relatief beperkte getal soldate wat vir die stryd beskikbaar was en die eskalerende onkoste verbonde aan die voortsetting van die stryd, was dít egter nie moontlik nie.

#### 8. Beweeglikheid en buigsaamheid

Hierdie krygsnorm dui op die beweeglikheid wat noodsaaklik is om 'n verrassingsaanval met die minste moontlike inspanning te loods.<sup>27</sup> In die geval van blokhuse en blokhuislinies kon mobiliteit uiteraard nie 'n rol speel nie aangesien dit statiese strukture was. Mobiele blokhuse was die enigste blokhuse wat hier 'n rol kon speel. Soos reeds in 'n vorige hoofstuk vermeld, is mobiele blokhuse gebruik om beskerming aan konvoie te verleen.<sup>28</sup> Hulle aanwending het egter nie op 'n groot skaal geskied nie en min

---

26. Bethell, p.286.

27. Strachan, p.2.

28. Bethell, p.281. Kyk ook hoofstuk 3 se onderafdeling 6.

verwysings daarvoor bestaan. Die rede daarvoor was dat dié blokhuisse groot, swaar en lomp was en mobiliteit beslis nie een van hulle positiewe kenmerke was nie. Inteendeel, die gebrek aan mobiliteit was hoofsaaklik verantwoordelik daarvoor dat dit nie méér gedurende die oorlog gebruik is nie. Verder het die Britse mag teen 'n vyand te staan gekom wat mobiliteit as die hoeksteen van hulle krygsvernuf gebruik het. Die gevolg was dat hulle verplig was om ook meer mobiel te word ten einde sukses te behaal. Die rol wat blokhuisse hierin gespeel het, was dat die minder beweeglike infanterie die blokhuisse moes beman. Dit sou die geleentheid vir die kavallerie en berede infanterie skep om die burgers op hulle eie terrein en te perd aan te durf. Die blokhuislinies het dus die insluitings- of indammingslinie gevorm. Aangesien die infanterie se mobiliteit beperk was, kon hulle dus goed in die blokhuisse aangewend word.

Dat die Britte blokhuislinies gebou en ontwikkel het, toon dat daar ten opsigte van die Britse strategie 'n mate van buigsaamheid bestaan het. Soos vroeër aangedui, was die oorspronklike doel van die blokhuisse slegs om belangrike brûe en spoorlyne te beskerm. Hierdie doel is later uitgebrei deurdat die blokhuisse saam met dryfjagte gebruik is om die burgers vas te keer. Dit is 'n tekenende voorbeeld van buigsaamheid tydens die oorlog en dui tereg daarop dat die Britse bevelvoerders daarin geslaag het om dié beginsel tot uitvoer te bring. Die burgers het egter nie daarin geslaag om heeltemal by die blokhuisse aan te pas nie, en dit het vir hulle 'n relatiewe hindernis gebly. Blokhuislinies is ook verskuif of afgebreek soos deur die omstandighede vereis.

### 9. Eenvoud van plan

Eenvoud van plan beteken dat 'n eenvoudige, maklik uitvoerbare plan van stapel gestuur word om 'n doel te bereik. 'n Ingewikkelde plan kan tot misverstande in die uitvoering daarvan lei.<sup>29</sup> Hierdie krygsnorm het by blokhuislinies goed tot sy reg kon kom. Die plan was eenvoudig, duidelik gestruktureerd en geen mistastings kon daaromtrent bestaan nie. Alle blokhuisbemannings het geweet dat hulle daarvoor verantwoordelik was om te verhoed dat die Boere die spoorlyne beskadig en deur die linies breek tydens

---

29. Strachan, p.2.

dryfjagte of andersins.

#### 10. Eenheid van bevel

Eenheid van bevel speel 'n uiters belangrike rol in enige militêre operasie. Te veel leiers wat bevel wil voer kan logistieke sowel as taktiese probleme veroorsaak. Daar moet 'n eenheid van bevel wees wat die basiese plan of riglyn neerlê waarvolgens opgetree moet word. Dit sal ook koördinering tussen verskillende eenhede vergemaklik en orkestreer.<sup>30</sup>

Met die instelling van die blokhuislinies was daar gesentraliseerde beheer. Met Kitchener se oornam het hy alles onder sy beheer geneem en hy was ook die persoon wat opdrag gegee het waar blokhuislinies opgerig moes word en dryfjagte van stapel gestuur moes word. Dit het probleme veroorsaak aangesien hy nie altyd self op die terrein kon wees wanneer probleme opduik nie. Verder het dit veroorsaak dat daar sommige opdragte ontvang is wat moeilik uitvoerbaar was. Elke blokhuis het 'n bevelvoerder gehad (byvoorbeeld 'n korporaal in die geval van 'n ronde Rice-blokhuis), met 'n kaptein wat oor byvoorbeeld tien tot twaalf blokhuisse die bevel gevoer het. Die kaptein het sy opdragte van Pretoria ontvang. Op sy beurt moes hy dit weer aan sy ondergeskiktes oordra. Hierdie opdragte moes uitgevoer word al was dit nie altyd uitvoerbaar nie. Daar was dus oor die algemeen goeie eenheid van bevel.

#### 11. Moreel

Moreel dui op die geestelike ingesteldheid wat onder persone heers. Sonder hoë moreel sal geen troepe selfs die beste planne kan of wil uitvoer nie.<sup>31</sup> Wat die blokhuisse betref het die moreel van die blokhuisbemannings van streek tot streek en van linie tot linie gewissel, derhalwe is dit nie maklik om 'n eenvormige gevoel vas te pen nie.

Wat egter wel uit die studie blyk is dat die oorgrote meerderheid van die blokhuisbemannings se moreel op 'n hoë vlak was. Dit sal egter naïef wees om te dink

---

30. *Ibid.*

31. *Ibid.*

dat daar geen meningsverskille was nie, maar uit die navorsing het dit geblyk dat dit nie in grootskaalse ongelukkigheid ontaard het nie. Die rede daarvoor was die goeie dissipline waaraan die troepe onderwerp was. Tydens die guerrillafase het die infanterie nie meer so 'n groot rol gespeel nie. Die mobiliteit van die Boere het veroorsaak dat die gebruik van berede kolonnes die enigste manier was waarop sukses aan Britse kant behaal kon word. Dryfjagte was van die min geleenthede waar infanteriesoldate op groot skaal nog ingespan is deurdat hulle die blokhuislinies waarteen die Boere vasgedryf is, versterk het. Die suksesse wat behaal is, het die moreel van die troepe laat styg.

## 12. Ruimte

Die Anglo-Boereoorlog is al, vanuit Britse oogpunt, 'n oorlog teen ruimtes genoem.<sup>32</sup> Ruimte as 'n krygsnorm verwys na die mate waarin die demografiese en topografiese kenmerke van die oorlogsgebied in aanmerking geneem is tydens strategiese beplanning. Daarin speel bereikbaarheid, sigbaarheid, kommunikasie, beskikbaarheid en kwesbaarheid 'n groot rol. In die algemeen beskou was ruimte 'n vyand van die Britte in Suid-Afrika. Die groot, uitgestrekte oorlogsterrein het 'n las op die Britse oorlogsmasjien geplaas en die blokhuislinies was die enigste metode waardeur die ruimtelike aspek tot 'n mate hokgeslaan kon word.<sup>33</sup>

Deur middel van die blokhuislinies is die land in kleiner streke verdeel wat dit makliker gemaak het om beheer daarvoor uit te oefen. Die blokhuislinies het gedeeltelik as die oë en ore van die militêre owerheid gedien in gebiede waar hy andersins mank sou gaan aan inligting weens die tekort aan genoegsame mannekrag en kennis van die land. Die plasing van die blokhuse binne sigafstand van mekaar het die aspek van bereikbaarheid direk aangespreek. Hulle was egter nie net binne maklike bereik van mekaar nie, maar ook binne bereik van Kitchener in Pretoria wat deur middel van die telefoonstelsel wat in die linies geïnstalleer was, met hulle kon kommunikeer. Sigbaarheid se rol was belangrik in dié sin dat die blokhuse as afskrikmiddel gedien het vir die Boere. Die burgers het besef dat die blokhuisbemannings hulle bewegings aan die Britse kolonnes

---

32. Kruger, p.409.

33. A. Wessels, *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Buller-fase*, pp.59-62.

kon rapporteer en het dus buite sigafstand van die linies probeer bly. As afskrikmiddel was blokhuis dus geslaagd. Kommunikasie tussen blokhuis was belangrik en dit het geskied deur middel van telefone. Sodoende kon Boerebewegings maklik aangemeld en opdragte maklik ontvang word. Verder was daar geen probleem rakende blokhuis se beskikbaarheid nie. 'n Blokhuis was altyd beskikbaar vir optrede indien daarvoor gevra; die enigste probleem was dat 'n enkele blokhuis slegs 'n klein invloed sfeer gehad het.

Op sy eie kon 'n blokhuis dus nie veel vermag nie, maar saam met ander in die blokhuislinies was dit 'n krag om mee rekening te hou. Die nadeel was dat dit kwesbaar was wat betref artillerievuur, maar aangesien die burgers geen artilleriestukke tot hulle beskikking gehad het nie, was dit nie 'n faktor om mee rekening te hou nie. Solank die bemannings binne gebly het was hulle redelik veilig, en alhoewel daar 'n paar gevalle was waar 'n blokhuis ingeneem is, was dit nie 'n algemene verskynsel nie.

Die blokhuislinies het die Boere al hoe meer ingeperk, invalle in byvoorbeeld die Kaapkolonie is in 'n mindere of meerdere mate aan bande gelê (wat voorkom het dat die stryd te veel geografies eskaleer) en kommunikasie tussen kommando's is belemmer. Eers toe 'n groot getal Boerebevelvoerders te Vereeniging byeengekom het om oor die moontlike beëindiging van vyandelikhede te besin, het sommige van hulle verneem hoe sleg dit by van die ander kommando's daaraan toegegaan het.<sup>34</sup>

### 13. Slotsom

Dit wil voorkom of die Britse blokhuisstelsel tydens die Anglo-Boereoorlog tot in daardie stadium die omvangrykste van sy soort was wat in enige oorlog gebruik is. Uit hoofstuk 1 se onderafdeling 4 blyk dit duidelik dat die Britte reeds in die laaste deel van die agtiende eeu die idee om deur middel van militêre poste beheer oor 'n oorlogsgebied te probeer bekom, in die St. Vincent-eilande geïmplementeer het, en dat meer as 'n 100 jaar later Weyler blokhuis in Kuba ook redelik suksesvol aangewend het. In Kuba was

---

34. Amery 5, pp.587-588.

die blokhuse egter tot 'n groot mate 'n doel op sigself.

Kitchener daarenteen, het die blokhuse beskou as 'n metode om die Britse leër van hulp te wees en nie om die leër te vervang nie. Alhoewel dit heelwat mannekrag geveer het om die blokhuse op te rig en te beman en dit baie duur was, het dit 'n groot invloed op die oorlog uitgeoefen. Die blokhuse het nie net die land in meer hanteerbare streke verdeel nie, maar het ook gedien as addisionele Britse inligtingsdepots. Vanuit die inligting wat vanaf die blokhuse verkry is, kon die verloop van onder meer 'n dryfjag bepaal word. Verder het elke voltooide blokhuislinie as lewensaar gedien in areas wat voorheen moeilik deur Britse eenhede gedek kon word. Daar was egter verwagtinge aan Britse kant dat die blokhuislinies die burgers se deurgang van een streek na 'n ander sou kon keer, iets wat nie gerealiseer het nie, aangesien hulle nie rekening gehou het met die burgers se vasberadenheid om deur die linies te breek nie. Waarin die blokhuse wel geslaag het, was om die kommunikasie tussen die Boerekommando's te bemoeilik en die konsentrasie van groot hoeveelhede burgers te verhoed.<sup>35</sup>

Die Britse blokhuisstelsel het 'n belangrike invloed op die verloop van die Anglo-Boereoorlog uitgeoefen. Die suksesvolle beskerming van die spoorlyne het dit vir die Britse magte moontlik gemaak om voorrade te bekom waarmee die oorlog voortgesit kon word. Verder was die blokhuislinies hindernisse vir die gewone burgers. Die blokhuislinies het egter ook as 'n filter gedien omdat die beste burgers met die meeste krygsvernuif en waagmoed gewoonlik daarin geslaag het om deur die linies te breek, terwyl dié wat minder waagmoed aan die dag gelê het, soms agtergebly en gevang is. Slegs die burgers wat uitstekende vegters was, het meestal aanhou veg om deel uit te maak van die bittereinders. Dit was veral die geval teen die einde van die oorlog toe die afstande tussen sekere blokhuse tot ongeveer 400 m gekrimp het. Om daardeur te breek het goeie beplanning, verkenning en moed gevra. Die beste burgers het dus voortgegaan om verder te veg.

Volgens kritici van die blokhuisstelsel is die doel van strategie in oorlog om onder meer

---

35. *Ibid.*, pp.402-403.

so 'n groot mag as moontlik op 'n kritieke posisie teen die vyand in te span. Die blokhuisstelsel het egter meegebring dat te veel soldate oor 'n wye gebied versprei is. Die gevolg was dat hulle nie maklik op een punt gekonsentreer kon word nie. Bethell wys daarop dat die kritici van die stelsel sekere faktore uit die oog verloor, naamlik dat die blokhuislinies effektiewe obstruksies was en dat die infanterie nie doelmatig in Suid-Afrika aangewend kon word nie.<sup>36</sup>

Soos vroeër gestel was die hoofdoelmerk van die blokhuis om beskerming aan spoorlyne te verleen sowel as om later die vrye beweging van die Boere te beperk. Die blokhuisstelsel het daarin geslaag om die sabotasie van die spoorlyne te beperk, deurtogte oor die spoorlyne vir die burgers te bemoeilik, belangrike vervoerroeptes te beskerm en om, takties gesproke, die oorlogsgebied in beter beheerbare streke te verdeel. Vir die burgers was dit egter nog steeds nie 'n onoorkomelike hindernis nie; al wat dit van hulle geverg het was beter verkenning om die swak punt in 'n blokhuislinie te bespeur en om dan dáár deur te breek.<sup>37</sup> Indien daar na die diagram ter illustrasie van die getal kere wat spoorlyne vanaf Junie 1900 tot Mei 1902 gesaboteer is, gekyk word (bylae 1), word duidelik gesien hoedat daar 'n afname in spoorverbrekings voorgekom het. Dit is duidelik waarneembaar dat tussen Oktober 1901 en Januarie 1902 feitlik geen spoorverbrekings plaasgevind het nie - 'n duidelike bewys van die doeltreffendheid van die blokhuisstelsel. Daar moet egter in gedagte gehou word dat blokhuis nie volkome daarin geslaag het om deurbrake snags te verhoed nie. Dit moet ook in gedagte gehou word dat deurbrake ook 'n verlies aan menselewens aan beide Boere- en Britse kant tot gevolg gehad het.<sup>38</sup>

Die oprigting van die blokhuislinies het tog geblyk koste-effektief te wees. As die koste van verliese in ag geneem word wanneer 'n enkele trein met voorraad ontspoor het, sowel as die feit dat die moontlikheid bestaan het dat geen gevegte sonder die nodige voorraad sou kon plaasvind nie, was die blokhuis koste-effektief. Die Britse

---

36. Bethell, p.290.

37. Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, A 5557/1: H.F. Wichmann, Herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog [inskrywings vir 20.10.1901 en 31.12.1901].

38. Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, A 6239/1: J.C. Naude, Die Engelse Boereoorlog 11 Oktober 1899-1902. Bethlehem se kommando [geen bladsynommers nie].

blokhuisstelsel was dus sonder twyfel 'n duur dog gedwonge noodmaatreël wat die Britse Leërleiding getref het om die geografies-eskalerende guerrillastryd in hul guns te probeer beklink. Die blokhuisstelsel was egter nie die hoofrede waarom die meerderheid Boerebevelvoerders uiteindelik besluit het om hulle ten gunste van die beëindiging van vyandelikhede, oorgawe en die verlies van onafhanklikheid uit te spreek nie. In dié verband het faktore soos die verwoesting van die plase en die konsentrasiekampbeleid 'n meer deurslaggewende rol gespeel.<sup>39</sup>

Sou die Boere tydens die vredesamesprekings ten gunste van die voortsetting van die stryd besluit het, die Britte deur middel van hul "New Model Drives" telkens 'n aantal Boere gevange geneem het, die Boere se getalle dus al minder geword het en die Britte voortgegaan het om nog meer blokhuislinies op te rig, sou die blokhuisstelsel waarskynlik in 'n toenemende mate 'n beslissende rol gespeel het. In die praktyk het dit, in samehang met talle ander faktore soos dryfjagte en dies meer, 'n rol gespeel in die vroeë beëindiging van die oorlog, maar blokhuisse op sigself sou dit nie kon vermag nie. Die boodskap was dus duidelik: alleen kon blokhuisse nie 'n oorlog wen nie, maar in samehang met ander oorlogsmetodes, kon dit 'n beduidende rol speel ten opsigte van die uitkoms van 'n stryd. 'n Blokhuisstelsel was egter altyd relatief gesproke duur in terme van oprigtingskoste en die bemanning daarvan.

Die Britse blokhuislinies is onder meer suksesvol aangewend omdat die burgers gedurende die guerrillafase van die oorlog nie meer artillerie tot hulle beskikking gehad het waarmee die kwesbare blokhuisse aangeval kon word nie. Blokhuisse soos die Rice-tipe is nie weer na die Anglo-Boereoorlog tydens ander konflikte opgerig nie, juis omdat hulle so maklik deur kanonvuur vernietig kon word. Die beginsel van 'n linie fortifikasies wat opgerig is om 'n sekere gebied te beskerm, is egter 'n les wat in latere jare ter harte geneem is, al is dit nie altyd behoorlik toegepas nie. Die invloed wat die blokhuisstelsel van die Anglo-Boereoorlog op Britse militêre denke uitgeoefen het, mag nie onderskat word nie. Vir Britse offisiere soos John French, Douglas Haig en Ian


---

39. Kestell en Van Velden, p.170.

Hamilton was die Anglo-Boereoorlog immers 'n belangrike leerskool, en saam met Kitchener en andere het hulle 'n beduidende rol tydens die Eerste Wêreldoorlog gespeel, 'n oorlog wat onder meer deur die gebruik van loopgrawe, *pillboxes* en ander verdedigingslinies gekenmerk is. Die konteks waarbinne hierdie verdedigingswerke aangewend is, was egter uiteraard anders as tydens die Anglo-Boereoorlog.

Vandag is daar slegs ongeveer 45 van die sowat 8 000 blokhuse oor wat vanaf die begin van 1901 tot einde Mei 1902 deur die Britte tydens die Anglo-Boereoorlog opgerig is; stille getuies van een van die merkwaardigste fortifikasiebou-aksies ooit in die wêreld se militêre geskiedenis.

# AANTAL SPOORVERBREKINGS JUNIE 1900 TOT MEI 1902




E.P.C. Girouard, *History of the railways during the war in South Africa, 1899-1902*, p.143.

Lys van grootliks ongeskonde blokhuse wat in 1996 nog in Suid-Afrika te sien is.

Vir die doeleindes van hierdie bylae word slegs blokhuse wat nog grootliks ongeskonde is, aangetoon, en word murasies, ens. dus buite rekening gelaat. Die nrs. 1,2,3, ens. op hierdie lys korrespondeer met die nommers op die bygaande kaart.

Plek	Tipe	Kommentaar
1. Wellington	Meerverdieping	Nasionale Gedenkwaardigheid.
2. Wolsley	Meerverdieping	Nasionale Gedenkwaardigheid.
3. Laingsburg	Meerverdieping	Nasionale Gedenkwaardigheid.
4. Ketting	Meerverdieping	
5. Dwyka	Meerverdieping	
6. Leeu-Gamka	Meerverdieping	
7. Beaufort-Wes	Meerverdieping	
8. Kromrivier	Meerverdieping	
9. Brakpoort	Meerverdieping	
10. Merriman	Meerverdieping	
11. Oranjerivierstasie	Meerverdieping	
12. Modderrivier	Meerverdieping	
13. Warrenton	Meerverdieping	
14. Heerenlogement	Rice-tipe	Verskuif vanaf oorspronklike posisie.
15. Okiep	Klipblokhuis	
16. Noupoot	Meerverdieping	'n Ronde meerverdiepingblokhuis.
17. Aliwal-Noord	Meerverdieping	Nasionale Gedenkwaardigheid.
18. Bethulie	Meerverdieping	
19. Stormberg	Meerverdieping	
20. Burgersdorp	Meerverdieping	Twee blokhuse. Een is 'n Nasionale Gedenkwaardigheid.
21. Kafferrivier	Meerverdieping	
22. Bloemfontein	Rice-tipe	Oorlogsmuseumterrein (heropgerig).
23. Onze Rust	Rice-tipe	Verskuif vanaf Oranjerivier.
24. Kroonstad	Klipblokhuis	
25. Jacobsdal	Klipblokhuis	Nasionale Gedenkwaardigheid.
26. Harrismith	Meerverdieping	Drie blokhuse. Een is 'n Nasionale Gedenkwaardigheid.
27. Lindley	Klipblokhuis	
28. Witkop	Meerverdieping	Nasionale Gedenkwaardigheid.
29. Krugersdorp	Klipblokhuis	Nasionale Gedenkwaardigheid.
30. Pretoria	Klipblokhuis	Bekend as Johnston Redoubt. Op terrein van staatspresidentswoning.
31. Pretoria	Rice-tipe	Agtkantig. Staan as Vestingblokhuis bekend. Geleë in Voortrekkerhoogte. Nasionale Gedenkwaardigheid.
32. Pretoria	Klipblokhuis	Staan as Wesfortblokhuis bekend.
33. Warmbad	Meerverdieping	Nasionale Gedenkwaardigheid.
34. Barberton	Sinkblokhuis	Voorbeeld van die eerste tipe sinkblokhuse wat opgerig was.
35. Kommandonek	Klipblokhuis	
36. Heckpoort	Klipblokhuis	Staan bekend as Barton's Folly en is deur die S.A.C. gebruik. Nasionale Gedenkwaardigheid.
37. Waterval-Boven	Rice-tipe	Verskuif vanaf oorspronklike posisie.
38. Bergville	Sinkblokhuis	Word deur MOTH-tak gebruik.
39. Mooirivier	Rice-tipe	Verskuif vanaf oorspronklike posisie en dien nou as pakkamer.
40. Ceres/Citrusdal	Klipblokhuis	Geleë halfpad tussen Ceres en Citrusdal.
41. Prieska	Klipblokhuis	Gebou van tieroogklip.

BYLAE 2  
BRITSE BLOKHUISLINES



## BRONNELYS

## I. PRIMêRE BRONNE

A. Argivale bronne1. Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (KAB)Aanwinste

- A 76 : Papers of Harvey - Anglo-Boer War telegrams.
- A 228 : Letters, telegrams, newspapers etc. relating to the Anglo-Boer War.
- A 388 : 'n Vrystater op kommando (synde die oorlogservaringe van mnr. J.C. Pretorius van "Gerven").
- A 459 : Brabant collection.
- A 587 : Ter gedachtenis aan den Driejarigen Oorlog by [sic!] Gen C.F. Beyers.
- A 599 : Military report on the Transvaal compiled in the Intelligence Branch, Quarter Master General's Department, by Captain C.H. Clay.
- A 838 : Defence orders for Okiep.
- A 1417 : Newspaper cuttings re ABW.
- A 1701 : Copies of letters written to his mother by Alfred Cheesman. Imperial Yeomanry.
- A 1783 : Siege of Ookiep. Defence orders.
- A 2046 : Scrapbook containing pictures from newspapers of the Anglo-Boer War.
- A 2276 : South African War 1899-1902.
- A 2292 : Notebook belonging to C.R. Louw.
- A 2339 : Rough notebook on blockhouses, Cape Town.
- A 2346 : Newspaper cuttings Anglo-Boer War.

Argief van die Public Works Department (PWD)

PWD 1/2/19 : Erection of blockhouses for military.

PWD 1/2/22 : Disposal of blockhouses.

PWD 2/5/443: Tulbagh, Nieuwekloof, Bushmans Rock, Porterville Road blockhouse obstruction.

PWD 2/10/90 : Blockhouse sites in Cape Colony.

PWD 2/11/16 : Erection of blockhouses and other work carried out for military.

Argief van die Cape Government Railways (CGR)

CGR 2/1/150 : Blockhouses.

2. National Army Museum, London

RC 8012-77 : Bound ms diary of Sgt. J. Brammar, 2nd Bn. King's Own Yorkshire Light Infantry, South Africa, 25 September to 4 March 1902.

3. Oorlogsmuseum van die Boererepublieke, BloemfonteinAlgemene Aanwinste

Fotoversameling.

A 4984/29: Instructions regarding the erection of blockhouses.

A 5762/1 : Blokhuis materiaal gekoop deur P.C. de Jager van die OVS Repatriasiefonds.

Dagboeke

A 3938/1 : Dagboek van H. Harding.

A 4092/2 : Dagboek van A.H. Dobbs.

A 4208/21 : Dagboek van P.J. Roos.

- A 4128/653 : Diary of a reserve man called up on the 17th day of October 1899 till the 5th day of September 1902.
- A 4128/916 : Seven months on commando.
- A 4284/1 : Dagboek van H. Kluever.
- A 4299/4 : Dagboek van J.M. Ackerman.
- A 4486/154 : Dagboek van P. Maeder.
- A 4984/16 : Diary of work done by the 7th Field Company.
- A 5348/19 : Private notebook of Chris Liebenberg, Adjudant to General Liebenberg, operating in the district of Potchefstroom, Transvaal.
- A 5447/4 : Dagboek van F.C.P. de Wit.
- A 5558/1 : Dagboek van A.R. Roos.
- A 5561/27 : Dagboek van H. Richter.
- A 5703/2 : Dagboek van J.H. Visse.
- A 5786/1 : Dagboek van L. Gormley.
- A 5797/1 : Dagboek van H.S. van der Walt.
- A 5907/1 : Dagboek van F.W. Holloway.
- A 5947/1 : Dagboek van F. Shires.
- A 6032/1 : Dagboek van E. Levisieur.
- A 6032/2 : Dagboek van C. Levisieur.
- A 6032/3 : Dagboek van S. Levisieur.
- A 6143/3 : Dagboek van T. Leslie.
- A 6205/1 : Diary kept from Jan. 1 1900 embarking on the S.S. Cymaric, Liverpool for South Africa with the Sixth Division, by Pte. Rogers, D Company Gloster Regiment.
- A 6305/1 : Dagboek van J.C. Buijs.
- A 6557/1 : Dagboek van J. de Villiers.
- A 6494/9 : Dagboek van J.B. Jansen van Rijssen.
- A 6494/10 : Dagboek van J.B. Jansen van Rijssen.
- A 6957/1 : Dagboek van J.P. Theron.

Herinneringe

- A 2005/1 : Herinneringe van P.J. Horak.
- A 3730/138 : Herinneringe van dr. V.W.J. van Werdmuller.
- A 4128/43 : Herinnering van W.J. van Straten.
- A 4128/614 : Uittreksels uit 'n outobiografiese lewenskets van ds. H.G.S. Theron.
- A 4128/302 : Herinnering van my vader G. F. Steyn gehou tydens die Boere-Engelse Oorlog 1900-1902.
- A 4128/653 : Samuel Brayfield. Diary of a reserve man called up on the 17th day of October 1899 till the 5th day of September 1902.
- A 4411/4 : Herinneringe van M.J. Uys.
- A 5075/2 : Enige vertellings uit die Anglo-Boereoorlog uit die omstreke van Touwsrivier, soos vertel deur ooggetuies en opgeteken deur Kmdt. P.J. Hugo van Bergplaas, Touwsriver.
- A 5110/1 : Herinneringe van H.J. du Plessis.
- A 5127/1 : Herinneringe van M.W. Marais.
- A 5141/12 : Reflections on Ficksburg in the years before the Anglo-Boer War.
- A 5409/1 : Herinneringe van J.W.W. Lange.
- A 5557/1 : H.F. Wichmann, Herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog.
- A 5679/1 : Herinneringe van L.J. Groenewald.
- A 5697/2 : Herinneringe van T. Corbett.
- A 5785/18 : Herinneringe van M.S. Heymans.
- A 5796/1 : Eie ondervinding van Frederick Gerhardus Botha gedurende die Boere Oorlog, Okt. 1899 - Junie 1902.
- A 5975/24 : Herinneringe van J.J. Pretorius.
- A 5975/13 : Herinneringe van G.J. Brandt.
- A 5975/16 : Herinneringe van G.S. van den Merwe.
- A 5975/24 : Herinneringe van J.J. Pretorius.
- A 5975/31 : Herinneringe van L.J.L. Visser.
- A 5975/34 : Herinneringe van Z.C. Prinsloo.
- A 6057/1 : Herinneringe van S.S. Lombard en J.P. Naser.

- A 62391/1 : J.C. Naude, Die Engelse Boereoorlog 11 Oktober 1899-1902. Bethlehem se kommando.
- A 62841/1 : Herinneringe van mev. H.E. Snyman ten opsigte van die Tweede Vryheidsoorlog.

#### Korrespondensiestukke

- A 4691/6 : Lord Kitchener - pres. S.W. Burger, 22.9.1901.
- A 4691/8 : Z.A.R. regering - lord Kitchener, 5.9.1901.
- A 4691/10 : Aan O.V.S. en Z.A.R. regerings van Boere vredesverteenwoordigers, Mei 1902.
- A 4691/12 : Vredesvoorstelle tussen Boere- en Britse afgevaardigdes, Mei 1902.
- A 4691/13 : Korrespondensie tussen Boere- en Britse afgevaardigdes, Mei 1902.

#### Telegramme te velde: Britte

- A 5291/271 - A 5292/281 : Verskeie telegramme.

#### Telegramme te velde: Boere

- A 5350/3 - A 5350/13 : Verskeie telegramme.

#### Plakboeke

- A 5461/81 : Plakboek van kapt. Meyer.
- A 5584/2 : Plakboek van N. Hauptfleisch.
- A 5836/1 : Plakboek van Tossie van Heerden.

#### 4. Public Record Office, London (PRO)

##### Argief van die War Office (WO)

- WO 78/5453 : Distribution of British and Boer forces in 1901-1902.  
 WO 78/7450 : "E" line of communications - plan of railway showing position of blockhouses.

##### PRO - stukke

PRO 30/57/16, S 19: Rawlinson - Kitchener, 1901.

#### 5. Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede, Kaapstad

- Leêr 4/A : Military - general.  
 Leêr 4/A/1 : Blockhouses and forts - general.  
 Leêr 4/A/2: Battlefields - general.  
 Leêr 4/A/6: Anglo-Boer War.  
 Leêr 4/A/8: Battlefields - Northern Cape.  
 Leêr 4/A/RSA/1/A : Preservation of blockhouses.

#### 6. Royal Engineer Corps Library, Chatham

##### Aanwinsn. 10905, lêer B.W. 2 :

Precis of R.E. work Northern Natal Dec. 1 1900 to Dec. 31 1901.

##### Aanwinsn. 10905, lêer B.W. 3 :

List of blockhouses erected in the Kimberley district from 1.12.1900 to 31.5.1902.

##### Aanwinsn. 10905, lêer B.W. 11:

Report on work done by the Seventh Field Company, R.E. , from Dec. 1st to Dec 31st 1901.

Diary of work done by the 20th Company R.E. 1/12/00 to 31/12/01.

Detail of work carried out by R.E. Heilbron district. Quarter ending 30.6.1902.

Diary of work done by 7th Coy R.E. during quarter ending 30.6.1902.

Diary of work done by 20th Company R.E. 1.12.1900 to 31.12.1901.

20th Company R.E. Diary of work carried out for quarter ending 31.3.1902.

Report on work done by 38th Company R.E. 1.12.1900 to 31.12.1902.

Report on work done by 38th Company R.E. 1.1.1900 to 31.3.1902.

Diary of work done by 38th Company R.E. for quarter ending 30.6.1902.

Aanwinsn. 10905, lêer B.W. 16 :

Mafeking period Dec. 1900 to March 1902.

Ander aanwinste

S. Walker, A history of Royal Engineer operations in South Africa 1899-1902  
(ongepubliseerde manuskrip).

R. Harvey, Table showing no. of blockhouses and posts to date.

7. Suid-Afrikaanse Nasionale Museum vir Krygsgeskiedenis, Johannesburg

Manuskrip C248 : Blockhouses.

Manuskrip : J.D.P. French, Boer War diary, 9th November 1899-17th March 1900  
(gefotokopieerde afskrif).

8. Suid-Afrikaanse Weermagargief, Pretoria

DC-groep (Sekretaris van Verdediging) : houer 1979 DC 399/477 ch.1.

AMI-MIB-groep : groep 1, houer 26, HSI/MIB/521/2/1/12.

MMFK-groep (Militêre Museum Fort Klapperkop) : houer 2, lêer HWA(12) 11/4.

9. Transvaalse Argiefbewaarpark, Pretoria (TAB)Aanwinste

A. 1613 : Lord Roberts Papers, 12.7.1900 - 16.7.1900.

Mikrofilm-versameling (die bewoording van die beskrywing van elke mikrofilm is soos dit op die mikrofilm verskyn).

- M 646 :       Staff Diaries, Jan. 1900.  
                   Staff Diary, Natal, Jan. 1900.  
                   Lines of Communication in C. Colony - notes on working of Midland  
                   Section.
- M 647:       Natal, Staff Diaries for Jan. 1900.  
                   Staff Diaries : Natal May 1900.
- M 650 :       Staff Diaries for Dec. 1900.
- M 652 :       Staff Diary : 13-19 Dec. Precis.  
                   Staff Diaries, January.  
                   Enslin. Attack on Lord Methuen's communications.  
                   Notes on working of midland section. Lines of communication, C. Colony.  
                   Staff Diaries for Dec. 1900.
- M 653 :       Staff Diaries, S.A. Field Force (Printed) : Feb. 1901.  
                   S.A. Constabulary, policy governing use of.  
                   South African Constabulary.
- M 655 :       Staff Diaries for July, 1901.
- M 656 :       Staff Diaries for July 1901 (continued).
- M 658 :       Staff Diaries. August 1901.
- M 659 :       Staff Diaries : January, 1900.
- M 660 :       Staff Diaries. Sept. 1901.
- M 661 :       Staff Diaries. Continued.
- M 663 :       Staff Diaries. Nov. 1901.

- M 664 : Staff Diaries : Nov. 1901 (continued).
- M 665 : Staff Diaries. December 1901.  
Staff Diaries : Dec 1901 and Jan. 1902.
- M 666 : Staff Diaries, December 1901 and Jan. (continued).
- M 667 : Staff Diaries. February 1902.
- M 668 : Staff Diaries. February 1902 (continued).  
Staff Diaries. February and March 1902.
- M 669 : Staff Diaries. February and March 1902. (continued).
- M 670 : Staff Diaries. April, 1902.
- M 671 : Staff Diaries. April, 1902 (continued).
- M 672 : Staff Diaries. May 1902.  
Staff Diaries : June 1902.
- M 673 : Ladysmith Staff Diary, 11 Oct. 1899 - 28 February, 1900.  
Military Police. 10 000 men necessary (S.A. Constabulary).  
Police force for Transvaal and Orange River Colony.  
New S. Constabulary.  
S. Constabulary. Streight.  
Probable cost of 10 000 S. African Constabulary.  
S. African Constabulary. Pay, conditions of service, etc.  
Cost of S.A. Constabulary. Constabulary. Report and recommendations.  
Ditto. Correspondence Sept. 1900 - April. 1901.
- M 675 : Staff Diaries for June, 1901.
- M 676 : Staff Diaries for June, 1901.
- M 697 : Blockhouse progress reports. Dated : 23.12.01 - 14.3.02.
- M 707 : 4th Battalion Royal Irish Rifles.

Argief van die Law Department (LD)

- LD 90 : Destruction of blockhouses by natives.
- LD 144 : Secretary to the Law Department. Guarding of blockhouses and Komatiepoort bridge - Barberton.

10. Vrystaatse Argiefbewaarplek, Bloemfontein (VAB)

Argief van die Military Governor (MG)

- MG 1 : Korrespondensie en notule, 24.3.1900 - 3.8. 1900.
- MG 2 : Korrespondensie en notule, 2.9.1900 - 13.2.1901.
- MG 3 : Korrespondensie en notule, 28.3.1900 - 19.11.1901.
- MG 4 : Korrespondensie en notule, 9.5.1900 - 13.2.1901.
- MG 5 : Korrespondensie en notule, 23.4.1900 - 15.2.1901.
- MG 6 : Korrespondensie en notule, 8.6.1900 - 25.2.1901.
- MG 7 : Korrespondensie en notule, Northern Districts.
- MG 9 : Indeks tot korrespondensie, Aug. 1900 - Des. 1901.
- MG 10 : Telegramme ontvang, 6.5.1900 - 14.2.1901.
- MG 11 : Telegramme ontvang, 12.4.1900 - 8.2.1901.
- MG 12 : Telegramme ontvang, 22.4.1900 - 9.2.1901.
- MG 13 : Telegramme versend, 1.4.1900 - 11.2.1901.
- MG 14 : Telegramme versend, 25.3.1900 - 10.12.1900.

Argief van die Lieutenant-Governor of the ORC (LTG)

- LTG 1 : Minutes of meetings, 1902 Jan.-1902 Jul.
- LTG 2 : Register on documents received, 1900 Aug.-1902 Jan.
- LTG 3 : Register on documents received, 1902 Feb.-1904 Jan.
- LTG 4 : Telegrams, 1901 Jan.-1902 Apr.
- LTG 5 : Register on telegrams received, 1900 Aug.-1902 Mar.
- LTG 6 : Correspondence registers, 1902 Mar.-1903 Apr.

Argief van die Assistent Provost Marshall, under control of Capt. B.F. Burnett-Hitchcock, appointed by military governor 20 March 1900 (APM)

- APM 1 : Letters received, 1900 Mar.-Apr.
- APM 2 : Correspondence, 1901 Mar.-Jul.

- APM 3 : Correspondence, 1901 Jul.-Nov.  
 APM 4 : Correspondence, 1901 Nov.- 1902 Jan.  
 APM 5 : Correspondence, 1902 Jan.-May.  
 APM 6 : Correspondence, 1902 May-Aug.

Argief van die Koloniale Sekretaris (CO)

- CO 88 : Blockhouses in Bethulie district.  
 CO 117 : Proposed sale of masonry blockhouses.

11. Department of Manuscripts, Yale University Library, New Haven, VSA

Foto-albums i.v.m. die Anglo-Boereoorlog, getiteld *South Africa 1900-1901* en  
*South Africa 1901-1902*.

12. Privaatversamelings

12.1. J.L. Hattingh-versameling

Blokhuisversameling

Blockhouses : guardians of the rail (manuskrip - skrywer onbekend).

Korrespondensiestukke:

- Ackermann, P.B. Uniondale, 16.10.95.  
 Bodill, T.S. Port Elizabeth, 15.2.1993; 6.4.1993.  
 Esterhuize, H. Williston, 31.1.1996.  
 Greeff, J.A. Blackheath, 24.10.1995; 19.11.1995.  
 Kleynhans, E. Kroonstad, 5.12.1994.  
 Tomlinson, R. Port Elizabeth, 24.8.1993.  
 Zietsman, J. Mosselbaai, 21.11.1995.

## 12.2. D.C. Panagos-versameling

Planne van ingange na Rice-tipe blokhuse.

### B. Besoekke aan terreine

Aliwal-Noordblokhuis, 12.7.1994.

Bergvilleblokhuis, 23.9.1994.

Burgersdorpblokhuis, 12.7.1994.

Harrismithblokhuis, 3.11.1994.

Jacobsdalblokhuis, 20.5.1991.

Kafferrivierblokhuis, 20.5.1991; 15.8.1991.

Kingsblokhuis, 23.12.1994.

Laingsburgblokhuis, 19.12.1993.

Modderrivierblokhuis, 20.5.1991.

Oranjerivierblokhuis, 14.6.1994.

Queensblokhuis, 23.12.1994.

Stormbergblokhuis, 12.7.1994.

Voortrekkerhoogteblokhuis, 15.5.1993.

Waverleywegblokhuis op terrein van die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke,  
Bloemfontein (talle besoeke).

### C. Staatspublikasies

#### 1. Britse Blouboeke

*Detailed history of the railways in the South African War 1899-1902* 1-2. Chatham, 1904.

Girouard, E.P.C. *History of the railways during the war in South Africa, 1899-1902.*  
London, 1903.

Cd.43 : *South Africa. Further correspondence relating to affairs in South Africa.* London,  
1900.

Cd. 369 : *Further correspondence relating to affairs in South Africa.* London, 1901.

- Cd. 457 : *South Africa despatches 1*. London, 1901.
- Cd. 463 : *South Africa despatches. Supplementary*. London, 1901.
- Cd. 522 : *South Africa despatches (despatch from Lord Kitchener, 8.3.1901)*. London, 1901.
- Cd. 546 : *Further correspondence relating to affairs in South Africa*. London, 1901.
- Cd. 695 : *South Africa despatches. Despatch by General Lord Kitchener, dated 8th July 1901, relative to military operations in South Africa*. London, 1901.
- Cd. 823 : *South Africa despatches. Despatch by General Lord Kitchener, dated 8th November, 1901, relative to military operations in South Africa*. London, 1902.
- Cd. 824 : *South Africa despatches. Despatches by General Lord Kitchener, dated 8th December, 1901, relative to military operations in South Africa*. London, 1902.
- Cd. 890 : *South Africa despatches (despatch from Lord Kitchener, 8.1.1902)*. London, 1902.
- Cd. 903 : *Further correspondence relating to affairs in South Africa*. London, 1902.
- Cd. 930 : *Further correspondence relating to affairs in South Africa*. London, 1902.
- Cd. 965 : *South Africa despatches. Despatch by Lord Kitchener, dated 8th February 1902, relative to military operations in South Africa*. London, 1902.
- Cd. 967 : *Report from Lieut-General Lord Methuen on the action that took place near Tweebosch on 7th March 1902*. London, 1902.
- Cd. 970 : *South Africa despatches. Despatch by General Lord Kitchener, dated 8th March 1902, relative to military operations in South Africa*. London, 1902.
- Cd. 984 : *South Africa despatches. Despatch by General Lord Kitchener, dated 8th April 1902, relative to military operations in South Africa*. London, 1902.
- Cd. 986 : *South Africa despatches. Despatch by General Lord Kitchener, dated 1st June 1902, relative to military operations in South Africa*. London, 1902.
- Cd. 988 : *South Africa despatches. Despatch by General Lord Kitchener, dated 23rd June, 1902, relative to military operations in South Africa*. London, 1902.
- Cd. 1789 : *Report on His Majesty's commissioners appointed to inquire into the military preparations and other matters connected with the war in South Africa*. London, 1903.
- Cd. 1790 : *Royal commission on the war in South Africa : minutes of evidence taken before the royal commission on the war in South Africa, 1*. London, 1903.
- Cd. 1791 : *Royal commission on the war in South Africa : minutes of evidence taken before the royal commission on the war in South Africa, 2*. London, 1903.

Cd. 1792 : *Royal commission on the war in South Africa : appendices to the minutes of evidence taken before the royal commission on the war in South Africa*. London, 1903.

## 2. Ander staatspublikasies

Bethell, E.H. "The blockhouse system in the South African War" in A.T. Moore (red.), *professional papers of the Corps of Royal Engineers* (Chatham, 1905), pp.275-294 (Royal Engineers Institute occasional papers, vol. 30).

*Journal of the principal events connected with the war in South Africa* 1-16. London, 1900-1902.

"Siege of Kimberley. Report of Royal Engineers" in R.F. Edwards (red.), *Professional papers of the Corps of Royal Engineers* (Chatham, 1900), pp.69-92 (Royal Engineers Institute occasional papers, vol. 26).

## II. SEKONDÊRE BRONNE

### A. Boeke

Abbot, J.H.M. *Tommy Cornstalk ; being some account of the less notable features of the South African War from the point of view of the Australian ranks*. London, 1902.

Ackermann, W.H. (red.). *Opsaal: herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog*. Johannesburg, 1969.

Amery, L.S. (red.). *The Times history of the war in South Africa, 1899-1902* 1-7. London, 1900-1909.

Arthur, G. *Life of Lord Kitchener* 1-2. London, 1919-1920.

Backhouse, J.B. *With the Buffs in South Africa*. Newport, 1989.

Badenhorst, C.C.J. *Uit den Boerenoorlog, 1899-1902. Ervaringen en aantekeningen*. Amsterdam, 1903.

Bakkes, C.M. *Die Britse deurbraak aan die Benede-Tugela op Majubadag 1900*. Pretoria, 1973.

Barbary, J. *The Boer War*. London, 1971.

Barnard, C.J. *Generaal Louis Botha op die Natalse front , 1899-1900*. Kaapstad, 1970.

- Barthorp, M. *The Anglo-Boer wars 1815-1902*. Poole, 1987.
- Bateman, P. *Generals of the Boer War*. Kaapstad, 1977.
- Belfield, E. *The Boer War*. London, 1975.
- Bergh, J.S. en J.C. Visagie. *The Eastern Cape frontier zone 1860-1980*. Durban, 1985.
- Bidder, H.F. (red.). *Two years on trek, being some account of the Royal Sussex Regiment in South Africa*. London, 1907.
- Blake, J.Y.F. *A West Pointer with the Boers : personal narrative of Colonel J.Y.F. Blake, commander of the Irish Brigade*. Boston, 1903.
- Blake, R.L.V.F. *The 17th/21st Lancers*. London, 1968.
- Bond, B. (red.). *Victorian military campaigns*. London, 1967.
- Breytenbach, J.H. *Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in Suid-Afrika, 1899-1902* 1-5. Pretoria, 1969-1983.
- Brice, M.H. *Stronghold: a history of military architecture*. London, 1984.
- Brown, H. *War with the Boers* 1-5. London, s.a.
- Burke, P. *The siege of O'Okiep (guerrilla campaign in the Anglo-Boer War)*. Bloemfontein, 1995.
- Callwell, C.E. *Small wars: their principles and practice*. London, 1906.
- Carruthers, V. *The Magaliesberg*. Johannesburg, 1990.
- Cassell's history of the Boer War 1899-1902* 2. London, 1903.
- Childers, E. *In the ranks of the C.I.V.* London, 1900.
- Churchill, W.S. *London to Ladysmith via Pretoria*. London, 1900.
- Colville, H.E. *The work of the Ninth Division*. London, 1901.
- Comaroff, J.L. (red.). *The Boer War diary of Sol T. Plaatje, an African at Mafeking*. Johannesburg, 1973.
- Cook, J.H.(red.). *5 000 miles with the Cheshire Yeomanry*. London, 1903.
- Corner, W. *The story of the 34th Company(Middlesex) Imperial Yeomanry from the point of view of Private no. 6243*. London, 1902.
- Creswicke, L. *South Africa and the Transvaal War* 1-6. Edinburgh, 1900-1902.
- Danes, R. *Cassell's history of the Boer War 1899-1901*. London, 1901.
- Davey, A. (red.). *The defence of Ladysmith and Mafeking: accounts of two sieges, 1899 to 1900, being the South African War experiences of William Thwaites Steuaert Binny, Alfred Down and Samuel Cawood*. Johannesburg, 1983.

- Davitt, M. *The Boer fight for freedom, from the beginning of hostilities to the peace of Pretoria* (3de uitgawe). New York, 1902.
- De la Croix, H. *Military considerations in city planning: fortifications*. New York, 1985.
- De Wet, C.R. *De strijd tusschen Boer en Brit: de herinnering van den Boeren-generaal C.R. de Wet*. Amsterdam, 1902.
- Dooner, M.G. *The "Last Post" : being a roll of all officers (naval, military or colonial) who gave their lives for their queen, king and country, in the South African War 1899-1902*. London, s.a.
- Doyle, A.C. *The great Boer War*. London, 1976.
- Du Moulin, [L.E.]. *Two years on trek, being some account of the Royal Sussex Regiment in South Africa* (geredigeer deur H.F. Bidder). S.l., 1907.
- Duxbury, G.R. *Die slag van Magersfontein 11 Desember 1899*. Johannesburg, 1975.
- Engelenburg, F.V. en G.C. Preller. *Onze krijs-officiere: album van portretten met levensschetsen der Transvaalse generaals en kommandanten, e.a.* Pretoria, 1904.
- Eksteen, L. *Afrikaanse sinoniemwoordeboek met antonieme*. Pretoria, 1984.
- Farwell, B. *The great Boer War*. London, 1977.
- Farwell, B. *Queen Victoria's little wars*. London, 1973.
- Forrest, G. *The life of Lord Roberts, K.G., V.C.* London, 1914.
- Fuller, J.F.C. *The last of the gentlemen's wars : a subaltern's journal of the war in South Africa, 1899-1902*. London, 1937.
- Gardner, B. *Mafeking: a Victorian legend*. London, 1966.
- Gaskell, H.S. *With Lord Methuen in South Africa, February 1900 to June 1901*. London, 1906.
- The German official account of the war in South Africa* 1. London, 1904.
- Gibson, G.F. *The story of the Imperial Light Horse in the South African War, 1899-1902*. S.l., 1937.
- Goldmann, C.S. *With General French and the cavalry in South Africa*. London, 1902.
- Griffith, K. *Thank God we kept the flag flying: the siege and relief of Ladysmith, 1899-1900*. London, 1974.
- Grinnell-Milne, D. *Baden-Powell at Mafeking*. London, 1957.
- Gronum, M.A. *Die bittereinders Junie 1901-Mei 1902*. Kaapstad, 1974.
- Gronum, M.A. *Die Engelse Oorlog 1899-1902*. Kaapstad, 1972.

- Gronum, M.A. *Die ontplooiing van die Engelse Oorlog 1899-1902*. Kaapstad, 1977.
- Grundlingh, A.M. *Die "hendsoppers" en "joiners" : die rasionaal en verskynsel van verraad*. Pretoria, 1979.
- Hancock, W.K. *Smuts 1 : the sanguine years, 1870-1919*. Cambridge, 1962.
- Headlam, C. (red.). *The Milner papers: South Africa 1899-1905 2*. London, 1933.
- Henderson, G.F.R. *The science of war*. London, 1919.
- Hofmeyr, N. *Zes maanden bij de commando's*. Den Haag, 1903.
- Hogg, I.V. *Fortress: a history of military defence*. London, 1975.
- Holt, E. *The Boer War*. London, 1958.
- Hughes, Q. *Military architecture*. London, 1974.
- Iakovidis, S.E. *Late Helladic citadels on mainland Greece*. Leiden, 1983.
- Judd, D. *The Boer War*. St. Albans, 1977.
- Keegan, J. en A. Wheatcroft. *Who's who in military history from 1453 to the present*. London, 1987.
- Kemp, J.C.G. *Vir vryheid en vir reg*. Kaapstad, 1942.
- Kestell, J.D. *Through shot and flame*. London, 1903.
- Kestell, J.D. en D.E. van Velden. *Die vredesonderhandelinge tussen die regerings van die twee Suid-Afrikaanse republieke en die verteenwoordigers van die Britse regering wat uitloop het op die vrede wat op 31 Mei 1902 op Vereeniging gesluit is*. Kaapstad, 1982.
- Knox, E.B. *Buller's campaign with the Natal Field Force of 1900*. London, 1902.
- Kruger, R. *Good-bye Dolly Gray: a history of the Boer War*. London, 1964.
- Laband, J.P.C. en P.S. Thompson. *Field guide to the war in Zululand and the defence of Natal 1879* (2de uitgawe). Pietermaritzburg, s.a.
- Lategan, F.V. en L. Potgieter. *Die Boer se roer tot vandag: die ontwikkeling van die vuurwapen in Suider-Afrika*. Kaapstad, 1982.
- Lee, E. *To the bitter end: a photographic history of the Boer War 1899-1902*. Harmondsworth, 1985.
- Le May, G.H.L. *British supremacy in South Africa, 1899-1907*. Oxford, 1965.
- Le Riche, P.J. (skrywer) en O.J.O. Ferreira (red.). *Memoirs of Ben Bouver*. Pretoria, 1980.
- Libal, D. *Castles and fortifications of Britain and Europe*. Praag, 1992.

- Lowry, E.P. *With the Guard's Brigade from Bloemfontein to Komaati Poort and back.* London, 1902.
- Luttman-Johnson, F. *Record of services of the 3rd Battn. the Prince of Wales's Leinster Regiment (Royal Canadians) in the South African War, 1900, 1901, 1902.* London, 1913.
- Macdonald, J. *Great battlefields of the world.* London, 1984.
- Mackinnon, W.H. *Journal of the C.I.V. in South Africa.* London, 1901.
- Magnus, P. *Kitchener: portrait of an imperialist.* London, 1969.
- Mahan, A.T. *The story of the war in South Africa 1899-1902.* London, 1900.
- Malan, J. *Die Boere-offisiere van die Tweede Vryheidsoorlog, 1899-1902.* Pretoria, 1990.
- March Philips, L. *With Rimington.* London, 1902.
- Maritz, S.G. *My lewe en strewes.* Pretoria, 1939.
- Martin, C. *The Boer War.* London, 1969.
- Martin, D. *Duelling with Long Toms: an account of the 16th Battery Southern Division R.G.A. during the Anglo-Boer War 1899-1902.* Ilford, 1988.
- Maurice, J.F. (samesteller) en M.H. Grant. *History of the war in South Africa, 1899-1902* 1-4. London, 1906-1910. Ook bekend as die *Official History*.
- Maydon, J.G. *French's cavalry campaign.* London, 1902.
- Meintjes, J. *De la Rey, Lion of the West: a biography.* Johannesburg, 1966.
- Meintjes, J. *General Louis Botha: a biography.* London, 1970.
- Meintjes, J. *Stormberg: a lost opportunity. The Anglo-Boer War in the North-Eastern Cape Colony 1899-1902.* Kaapstad, 1969.
- Meyer, J.H. *Kommandojare: 'n oudstryder se persoonlike relaas van die Tweede Vryheidsoorlog.* Kaapstad, 1971.
- Montross, L. *War through the ages.* New York, 1946.
- Montgomery, [B.L.]. *A history of warfare.* Singapore, 1982.
- Moore, A.T.(red.). *Professional papers of the Corps of Royal Engineers* 30. Chatham, 1905.
- Moore, D.M. *General Louis Botha's second expedition to Natal during the Anglo-Boer War September-October 1901.* Kaapstad, 1979.
- Morris, D.R. *The washing of the spears: a history of the rise of the Zulu nation under Shaka and its fall in the Zulu War of 1879.* London, 1968.

- Mostert, D. *Slegtkamp van Spioenkop: oorlogsherinneringe van kapt. Slegtkamp*. Kaapstad, 1935.
- Nathan, M. *South Africa from within*. London, 1926.
- Naudé, J.F. *Vechten en vluchten van Beyers en Kemp "bôkant" De Wet*. Rotterdam, s.a.
- Oberholster, J.J. *Die historiese monumente van Suid-Afrika*. Kaapstad, 1972.
- Olivier, B. *Krygsman Christiaan de Wet: 'n lewenskets van genl. C.R. de Wet*. Kaapstad, 1971.
- Ormerod, R.N. *Nuclear shelters: a guide to design*. London, 1985.
- Otto, J.C. *Die konsentrasiekampe*. Kaapstad, 1954.
- Pakenham, T. *The Boer War*. London, 1979.
- Pearce, H.H.S. *The history of Lumsden's Horse: a complete record of the corps from its formation to its disbandment*. London, 1903.
- Peel, S. *Trooper 8008 I.Y.* London, 1901.
- Pemberton, W.B. *Battles of the Boer War*. London, 1964.
- Pieterse, H.C.J. *Oorlogsavonture van genl. Wynand Malan*. Kaapstad, 1946.
- Pilcher, T.D. *Some lessons from the Boer War 1899-1902*. London, 1903.
- Ploeger, J. *Die lotgevalle van die burgerlike bevolking gedurende die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 1-2*. Pretoria, 1990.
- Ploeger, J. en H.J. Botha. *Die fortifikasie van Pretoria. Fort Klapperkop: gister en vandag*. Pretoria, 1968.
- Plokhooy, C. *Met den Mauser: persoonlike ervarings in den Zuid-Afrikaansche Oorlog*. Gorinchem, 1901.
- Preller, G.S. *Kaptein Hindon: oorlogsavonture van 'n baasverkenner*. Kaapstad, 1942.
- Preller, G.S. *Ons parool: dae uit die dagboek van 'n krygsgevangene*. Kaapstad, 1943.
- Preller, G.S. *Scheepers se dagboek en die stryd in Kaapland (1 Okt. 1901 - 18 Jan. 1902)*. Kaapstad, 1938.
- Pretorius, F. *1899-1902 Die Anglo-Boereoorlog*. Kaapstad, 1985.
- Pretorius, F. "Die eerste dryfjag op hoofkmdt. C.R. de Wet", *Christiaan de Wet-annale* 4. Bloemfontein, 1976.
- Pretorius, F. *Kommandolewe tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Kaapstad, 1991.
- Protheroe, E. *Lord Kitchener*. London, 1916.

- Rabie, J.E. *Generaal C.R. de Wet se krygsleiding by Sannaspos en Groenkop*. Pretoria, 1980.
- Ras, A. C. *Die Kasteel en ander vroeë Kaapse vestingwerke 1652-1713*. Kaapstad, 1959.
- Reader's Digest atlas of Southern Africa*. Edinburgh, 1984.
- Reckitt, B.N. *The Lindley affair: a diary of the Boer War*. Hull, 1972.
- Reitz, D. *Commando: a Boer journal of the Boer War* (2de uitgawe). London, 1968.
- Robertson, I. (red.). *Cavalry doctor : letters written from the field 1900-1901 during the Anglo-Boer War by A.F Russel*. Kaapstad, 1979.
- Romer, F. en A.E. Mainwaring. *The Second Battalion Royal Dublin Fusiliers in the South African War*. London, 1908.
- Rosenthal, E. *The Castle: Cape Town 300th anniversary*. Kaapstad, 1968.
- Rosenthal, E. *General De Wet : a biography*. Kaapstad, 1968.
- Roux, P.E. *Die verdedigingstelsel aan die Kaap onder die Hollands Oos-Indiese Kompanjie 1652-1759*. Stellenbosch, 1925.
- Schikkerling, R.W. *Hoe ry die Boere ('n kommando-dagboek)*. Johannesburg, 1964.
- Scholtz, G.D. *Die oorsake van die Tweede Vryheidsoorlog 1899-1902 1-2*. Johannesburg, 1948.
- Scholtz, G.D. *Die Tweede Vryheidsoorlog*. Johannesburg, 1960.
- Selby, J. *The Boer War: a study in cowardice and courage*. London, 1969.
- Sleigh, D. *Die buiteposte: V.O.C. buiteposte onder Kaapse bestuur 1652-1795*. Pretoria, 1993.
- Smith, J.A. *Ek rebelleer*. Kaapstad, 1941.
- Smit, A.P. en L. Maré (reds.). *Die beleg van Mafeking: dagboek van Abraham Stafleu*. Pretoria, 1985.
- Sneep, J. (red.). *Vesting: vier eeuwen vestingbouw in Nederland*. Zutphen, 1982.
- Spies, S.B. *Methods of barbarism? Roberts and Kitchener and civilians in the Boer republics, January 1900-May 1902*. Kaapstad, 1977.
- Standard Encyclopaedia of Southern Africa* 1-12. Kaapstad, 1970-1976.
- Stirling, J. *The colonials in South Africa 1899-1902, being the services of the various irregular corps raised in South Africa and the contingents from Australia, Canada, New Zealand, India and Ceylon together with details of those mentioned in despatches with related honours and awards*. Polstead, 1990.

- Stirling, J. *Our regiments in South Africa, 1899-1902*. Edinburgh, 1903.
- Stone, J. en E.A. Schmidl. *The Boer War and military reforms*. Lanham, 1988.
- Strachan, H. *European armies and the conduct of war*. London, 1983.
- Strydom, C.J.S. *Kaapland en die Tweede Vryheidsoorlog*. Kaapstad, 1943.
- Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek 1-5*. Kaapstad, Durban en Pretoria, 1968-1987.
- Todd, T. en D. Fordham (reds.). *Private Tucker's Boer War diary: the Transvaal War of 1899, 1900, 1901 and 1902 with the Natal Field Force*. London, 1980.
- Toy, S. *A history of fortification from 3 000 B.C. to A.D. 1700*. Melbourne, 1955.
- Treves, F. *The tale of a field hospital*. London, 1912.
- Tylden, G. *The armed forces of South Africa with an appendix on the commandos*. Johannesburg, 1954.
- Unger, F.W. *With "Bobs" and Kruger*. Kaapstad, 1977.
- Viljoen, B.J. *My reminiscences of the Anglo-Boer War*. London, 1902.
- Van Tonder, I.W. *Van Riebeeck se stad*. Kaapstad, 1964.
- Van Zyl, P.H.S. *Die helde-album: verhaal en foto's van aanvoerders en helde uit ons vryheidstryd*. Johannesburg, 1944.
- Von Clausewitz, C. *On war*. London, 1968.
- Warwick, P. *Black people and the South African War, 1899-1902*. Cambridge, 1983.
- Warwick, P. (red.). *The South African War: the Anglo-Boer War, 1899-1902*. Harlow, 1980.
- Wessels, A. *Die Anglo-Boereoorlog 1899-1902 : 'n oorsig van die militêre verloop van die stryd*. Bloemfontein, 1991.
- Wessels, A. et al. (reds.). *Egodokumente: persoonlike ervarings uit die Anglo-Boereoorlog 1899-1902*. Bloemfontein, 1993.
- Wheeler, F.B. *The story of Lord Kitchener*. London, 1916.
- Willan, B.P. (red.). *Diary of the siege of Mafeking October 1899 to May 1900*. Kaapstad, 1980.
- Wills, H. *Pillboxes: a study of UK defences 1940*. Trowbridge, 1985.
- Wilson, H.W. *With the flag to Pretoria 1-4*. London, 1900-1902.
- Wilson, R. *Roman forts: an illustrated introduction to the garrison posts of Roman Britain*. London, 1980.
- Winter, F.E. *Greek fortifications*. London, 1971.

Worsfold, W.B. *Lord Milner's work in South Africa, from its commencement in 1897 to the peace of Vereeniging in 1902*. London, 1906.

Yardley, J.W. *With the Inniskilling Dragoons: the record of a cavalry regiment during the Boer War, 1899-1902*. London, 1904.

#### B. Verhandelinge en proefskrifte

Basson, J.L. *Die slag van Paardeberg*. M.A., U.P., 1972.

Bekker, A.E. *Geskiedenis van Valsbaai tot 1795 met spesiale verwysing na Simonsbaai*. M.A., Universiteit van Stellenbosch, 1980.

Botha, J.P. *Die beleg van Mafeking tydens die Anglo-Boereoorlog*. D. Litt. et Phil., U.N.I.S.A., 1967.

Breytenbach, A.I. *Die slag by Donkerhoek, 11-12 Junie 1900*. M.A., U.N.I.S.A., 1980.

Delport, P.J. *Die rol van genl. Marthinus Prinsloo gedurende die Tweede Vryheidsoorlog*. M.A., U.O.V.S., 1972.

Du Preez, S.J. *Vredespogings gedurende die Anglo-Boereoorlog tot Maart 1901*. M.A., U.P., 1977.

Fourie, L.M. *Die militêre loopbaan van Manie Maritz tot aan die einde van die Anglo-Boereoorlog*. M.A., P.U. vir C.H.O., 1976.

Kruger, C.J.H. *Militêre bewind in die Oranje-Vrystaat, Maart 1900 - Januarie 1901*. M.A., U.P., 1958.

Mocke, H.A. *Die slag van Colenso, 15 Desember 1899*. M.A., U.P., 1967.

Pienaar, A.J. *Christiaan Roedolf de Wet in die Anglo-Boereoorlog*. M.A., P.U. vir C.H.O., 1974.

Pyper, P.A. *Generaal J.C. Smuts en die Tweede Vryheidsoorlog (1899-1902)*. M.A., P.U. vir C.H.O., 1960.

Scholtz, W.L. von R. *Generaal Christiaan de Wet as veldheer*. D. Litt., Universiteit van Leiden, 1978.

Schultz, B.G. *Die slag van Bergendal (Dalmanutha)*. M.A., U.P., 1974.

Shearing, H.A. *The second invasion of the Cape Colony, 1901-1902, during the Second Anglo-Boer War*. M.A., Universiteit van Natal, 1989.

Steenkamp, J.A. *Die verdedigingstelsel van die Vrystaatse Republiek 1854-1899*. M.A., U.O.V.S., 1976.

Terblanche, H.J. *Die beleg van Kimberley*. M.A., P.U. vir C.H.O., 1974.

Van Vollenhoven, A.C. 'n *Histories-argeologiese ondersoek na die militêre fortifikasies van Pretoria (1880-1902)*. M.A., U.P., 1992.

Wessels, A. *Die Britse militêre strategie tydens die Anglo-Boereoorlog tot en met die Bullerfase*. D.Phil., U.O.V.S., 1986.

### C. Tydskrifartikels

"Anglo-Boer echo", *South African Digest*, 31.3.1972, p.12.

Basson, K. en P. Moore. "Barberton blockhouse", *Overvaal Museanuus* 10(4), 1983, pp.10-11.

Beukes, M. "The guns of Hout Bay", *Kommando*, Mei. 1962, pp.26-30.

"Blockhouse now used as kitchen", *Overvaal Museanuus* 6(4), 1975, p.6.

Buys, H.H. "Duplisering van Britse argivale bronne vir navorsing", *Historia* 16(1), Maart, pp.47-49.

Coetzer, J.A. "Die geheim van 'Fort Mistake'", *Historia* 5(1), 1960, pp.51-52.

Davey, A.M. "The reconcentrados of Cuba", *Historia* 5(3), 1960, pp.193-195.

Duminy, G. "Spoiling his paint: a chronicle of Anglo-Boer naval clashes, 1901-1902", *Historia* 37(1), 1992, pp.55-75.

Fischer, R.C. en J. Booyesen. "Fortified frontier farmhouses: English precedent for the Eastern Cape", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Kultuurgeskiedenis* 8(1), 1994, pp.1-12.

"Fort Merensky", *Overvaal Museanuus*, 5(2-3), 1978, pp.18-19.

Gibbs, K.R. "Martellos!! and their armaments", *Journal of the Historical Firearms Society of South Africa* 8(1), 1978, pp.3-11.

Hepworth, D. "Here I am in a blockhouse!", *The Anglo-Boer War Philatelist* 29(3), 1986, pp.90-91.

Holden, R.M. "The blockhouse system in South Africa", *The Journal of the Royal United Service Institution* 46, Jan.-Jun. 1902, pp.479-489.

Jordaan, S.P. "Die fort op die plaas Klipdam", *Historia*, 3(4), 1958, p.230.

Johnson, J. en M. Bridgman. "An unusual Anglo-Boer War blockhouse in the remote Koue Bokkeveld district", *Krygshistoriese Tydskrif* 9(1), 1992, pp.27-29.

- Kotzé, W.J. "Die beleg van Potchefstroom 16 Desember - 21 Maart 1881", *Krygshistoriese Tydskrif* 1(1), 1967, pp.10-13.
- Kruger, P.R. "M'Pisana's fort", *Historia* 18(3), 1973, pp.200-201.
- Le Roux, C.J.P. "Blokhuise van Harrismith", *Restorica* 14, 1983, pp.24-26.
- Malan, B.D. "Monuments proclaimed and commemorative plaques erected by the Historical Monuments Commission", *Historia* 3(4), 1958, pp.231-250.
- Malan S.F. "Die Britse besetting van Bloemfontein, 13 Maart 1900", *Historia* 20(1), 1975, pp.34-43.
- Maré, L. "Onvergeetlike blokhuis", *Die Brandwag*, 14.9.1951, pp.47-49.
- Mason, R.J. "Archaeology of the 1880-1881 fort, Potchefstroom", *Krygshistoriese Tydskrif* 3(4), 1975, pp.132-137.
- Meyer, A. en A.C. van Vollenhoven. "'n Oorsig van die militêre fortifikasies van Pretoria", *Krygshistoriese Tydskrif* 9(3), 1993, pp.77-86.
- Moens, R.M. "The construction and restoration of the Martello Tower", *Simon's Town Historical Society Bulletin* 7(2), 1972, pp.53-68.
- Muller, C.F.J. "Die bronne van die Suid-Afrikaanse geskiedenis in die buiteland", *Historia* 5(3), 1960, pp.147-152.
- N.M.L. "65 jaar gelede", *Kommando*, Apr. 1967, p.35.
- Palmer, M.G. "The besieged towns of the First Boer War, 1880-1881", *Krygshistoriese Tydskrif* 5(2), 1980, pp.96-98.
- Panagos, D.C. en L. Faber. "Aerial location of fortifications of the Anglo-Boer War 1899-1902 using a microlight aircraft", *Krygshistoriese Tydskrif* 7(6), 1988, pp. 208-212.
- Ploeger, J. "Fort Namutoni : from military stronghold to tourist camp", *Militaria* 19(2), 1989, pp.19-25.
- Ploeger, J. "Die krygsplan van staatsprokureur J.C. Smuts", *Militaria* 6(1), 1969, pp. 27-30.
- Ploeger, J. "Suid-Afrikaanse verdedigingskemas (1887-1914)", *Militaria* 1(5), 1969, pp. 1-96.
- The Royal Engineers Journal* 31-34, 1899-1904. Verskeie kort artikels en berigte.
- Spies, F.J. du T. "Forte en verskansings om Pretoria", *Pretoriana* 16&17, 1955, pp.73-79.

- Spies, F.J. du T. "Die Tweede Vryheidsoorlog : belangrike veldslae", *Die Taalgenoot*, Apr. 1950, pp.16-17.
- Steenkamp, J.A. "Die ou forte van Bloemfontein", *Historia* 16(4), 1971, pp.218-227.
- Steytler, F.A. "Bronnenavorsing in Groot-Brittanje, 1951-1954", *S.A. Argiefblad* 8, 1966, pp.23-43.
- Thomson, B. "The forts of Pretoria: our vanishing history", *Lantern* 38(2), 1989, pp.76-79.
- Tomlinson, R. "Anglo-Boer War Town Guard forts in the Eastern Cape 1901-1902", *Krygshistoriese Tydskrif* 10(2), 1995, pp.68-72.
- Tomlinson, R. "Fort Tullichewan, Pretoria : an exercise in site excavation and historical research", *Krygshistoriese Tydskrif* 6(5), 1985, pp.156-163.
- Van Schalkwyk, J.A. *et al.* "The siege of Leboho: South African Republic fortifications in the Blouberg, Northern Transvaal", *Krygshistoriese Tydskrif* 8(5), 1991, pp.175-181.
- Van Zyl, M.E.E. "Of blockhouses, barbed wire and alarm guns", *Journal of the Historical Firearms Society of South Africa* 10(2), 1984, pp.28-32.
- Wallie, [skuilnaam]. "Die slag van Helvetia", *Kommando*, Jan. 1950, pp.21-23.
- Watt, S.A. "Harrismith: a military town during the Anglo-Boer War, and after", *Krygshistoriese Tydskrif* 8(1), 1989, pp.1-13 en 8(2), 1989, pp.68-80.
- Winder, W.H. "An old fort", *Krygshistoriese Tydskrif* 1(1), 1967, p.29.

#### D. Koerantartikels

- "Beskerming van die driewe deur die Oranje", *Aliwal Weekblad*, 18.3.1994, p.3.
- Black and White Budget*, Okt. 1900 - Mrt. 1901. Verskeie artikels.
- "Blokhuise : Aliwal se drie (of vier) forte", *Aliwal Weekblad*, 4.3.1994, p.3.
- "Blokhuise : die dagboek van Frikkie van Zyl van Ackermanskraal", *Aliwal Weekblad*, 15.4.1994, p.9.
- "Die blokhuise op die Oranjerivier se wal", *Aliwal Weekblad*, 25.3.1994, p.3.
- "Blokhuise te koop vir £5", *Aliwal Weekblad*, 29.4.1994, p.7.
- "Engelse fort ontdek wat verbeelding aangryp", *Kroon-nuus*, 22.11.1994, p.7.
- "Handel, vriendskap en 'sports' met blokhuise", *Aliwal Weekblad*, 22.4.1994, p.4.
- Moret, J. "Geschiedkundige koppie in Langenhovenpark", *Die Volksblad*, 16.4.1984, p.5.

"A tank in the Boer War that cracked blockhouses", *The Star*, 14.12.1929.

"Uit blokke tieroog gemaak", *Langs die Oranje. Bylae tot Die Volksblad*, 25.2.1993, pp.4-5.

Van Bart, M. "Britse kits-blokhuis van sink op Paarlse wynplaas", *Woongids (Die Burger)*, 13.8.1988. p.3.

"Die vierde fort en Tommiegrafte", *Aliwal Weekblad*, 11.3.1994, p.7.

Wood, R. "Historical forts round city", *Pretoria News*, 2.10.1960, p.3.

#### E. Brosjures

Cantwell, A. en P. Sprack. *The Needles defences 1525-1956. S.l.*, 1986.

Mitchell, G. *et al. Spit Bank and the Spithead forts*. West Wickham, 1988.

Scholtz, P.L. *Heerenlogement en Bergfontein*. Kaapstad, s.a.

Vivier, F.S. *Kommandant Carel Petrus van Heerden*. Beaufort-Wes, s.a.

Willis, H.C. *Die Martellotoring, Simonstad*. Simonstad, 1985.

#### F. Onderhoude

Burger, A. Ventersburg, 5.8.1991.

#### G. Referate

Pollard, W.C. "Kansas forts during the Civil War". Paper presented at the fourteenth annual Mid-American conference on history at the University of Kansas, Sept. 1992.

## OPSOMMING

Tot dusver is nog geen grondige studie van die presiese aard, omvang, rol en betekenis van die Britse blokhuisstelsel tydens die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) gemaak nie. Hierdie studie poog om dié leemte te vul. Ten einde die aanwending van blokhuisse in Suid-Afrika in breë historiese perspektief te kan evalueer, word ter inleiding 'n historiese oorsig van soortgelyke en kontrasterende stelsels vóór en ná die Anglo-Boereoorlog gegee. Wat betref die redes vir die oprigting van die blokhuisse in Suid-Afrika, was die primêre rede die noodsaaklikheid om die belangrikste spoorbrûe en -verbindinge te beskerm. Met verloop van tyd en vanweë die gepaardgaande eskalering van die oorlog, het die blokhuisse ook 'n rol as deel van die dryfjagte begin speel. Vanaf November 1901 tot Januarie 1902 is aansienlike vordering met die bou van blokhuislinies gemaak en teen Januarie 1902 was die meeste van die blokhuislinies voltooi.

Veral twee hooftepes blokhuisse is in Suid-Afrika opgerig. Die meerverdiepingblokhuisse is van klip en sement gebou. Die ander hooftepe is van sink gebou. Die eerste sinkblokhuisse het 'n reghoekige vorm gehad, waarna 'n verbetering op dié blokhuisse gevolg het in die vorm van 'n agtkantige blokhuis wat makliker was om op te rig. Namate die aanvraag na blokhuisse toegeneem het, het maj. S.R. Rice (Royal Engineers) besef dat daar 'n behoefte ontstaan het vir 'n baie eenvoudige dog veilige blokhuis. So het die ronde Rice-tepe blokhuisse hul beslag gekry. Verder is mobiele blokhuisse op beperkte skaal gebruik.

Tot November 1901 het blokhuislinies nie veel invloed op die gang van die oorlog gehad nie. Die Boerekommando's kon nog redelik maklik van een gebied na 'n ander beweeg. Blokhuisse alleen het dus nie as genoegsame afskrikmiddel gedien om die Boere se pogings om deur te breek, te verhoed nie. Derhalwe is verskeie beskermingsmaatreëls aangebring, insluitende doringdraadversperrings, alarmgewere en chemiese alarms.

Die lewe in die blokhuisse was een van eentonige reëlmaat wat slegs verbreek is wanneer daar pogings aangewend is om deur die linies te breek. Wagstaan, voedselvoorbereiding

en die versterking van die fortifikasie, was alles pligte waarmee die blokhuiswagte daagliks te doen gekry het.

Teen die einde van die oorlog het nagenoeg 8 000 blokhuisse die oorlogsgebied oor 'n afstand van ongeveer 6 000 km in kleiner gevegsblokke verdeel. Ongeveer 60 000 blanke soldate het die blokhuisse beman terwyl ongeveer 25 000 swart en bruin persone ook as wagte gebruik is. Die koste verbonde aan die oprigting van die blokhuisse het ongeveer £1 000 000 beloop.

Die Britse blokhuisstelsel was 'n duur dog gedwonge noodmaatreël wat die Britse Leërleiding getref het om die geografies-eskalerende guerrillastryd in hul guns te probeer beklink. Die stelsel het uiteindelik 'n beduidende strategiese en taktiese rol gespeel en hoewel dit nooit die Boere geheel en al hokgeslaan het nie, het dit nogtans die kommando's se bewegingsvryheid in 'n mindere of meerdere mate aan bande gelê. In hierdie verband was die "cross-country"-blokhuislinies in samewerking met die "New Model Drives" van besondere betekenis.

Die blokhuisstelsel was egter nie die hoofrede waarom die meerderheid Boerebevelvoerders uiteindelik besluit het om hul ten gunste van die beëindiging van vyandelikhede, oorgawe en die verlies van onafhanklikheid uitgespreek het nie. In dié verband het faktore soos die verwoesting van die plase en die konsentrasiekampbeleid ook 'n rol gespeel. In die praktyk het die blokhuisse egter in samehang met talle ander faktore, byvoorbeeld die dryfjagte, wel 'n rol gespeel in die vroeë beëindiging van die oorlog, maar blokhuisse op sigself sou nooit die oorlog vroeër laat beëindig het nie. Die boodskap was duidelik : alleen kon blokhuisse nie 'n oorlog wen nie, maar in samehang met ander oorlogsmetodes, kon dit 'n beduidende rol speel ten opsigte van die uitkoms van 'n stryd.

## SUMMARY

To the present, no thorough studies of the exact nature, scope, role and significance of the British blockhouse system in the Anglo-Boer War (1899-1902) have been forthcoming. This study is an attempt at overcoming this gap in our knowledge. In order to evaluate the use of blockhouses in South Africa within the wider historical context, an introductory, historical overview of similar and contrasting systems used before and after the Anglo-Boer War is given. As far as the reasons for erecting blockhouses in South Africa are concerned, the primary reason was the necessity to protect the most important railway bridges and links. As time passed, and the war escalated, blockhouses also assumed a role as part of British hot-pursuit operations. From November 1901 to January 1902, much progress had been made with the building of blockhouse lines, and by January 1902, most of these blockhouse lines had been completed.

Two main types of blockhouses were erected in South Africa. The multiple-level blockhouses were built of stone and cement. The other main type was built of corrugated iron. The first corrugated iron blockhouses had a rectangular shape, whence an improvement was introduced in the shape of an octagonal blockhouse which was easier to build. As the demand for blockhouses increased, Maj. S.R. Rice (Royal Engineers) realized that there was a need for a very simple, yet safe blockhouse. This was the impetus for the round-shaped Rice-type blockhouses. Furthermore, mobile blockhouses were used on a limited scale.

Until November 1901, the blockhouse lines did not have much impact on the course of the war. The Boer commandos were able to travel from one area to another with reasonable ease. Blockhouses alone were not going to be an adequate deterrent to prevent the Boers from breaking through the British lines. For this reason, various protection measures were put in place, including barbedwire barricades, alarm guns and chemical alarms.

By the end of the war, approximately 8 000 blockhouses divided the war zone, across a distance of 6 000 km, into smaller battle zones. Approximately 60 000 white soldiers manned these blockhouses, while approximately 25 000 black and coloured persons were also employed as guards. The cost involved in erecting these blockhouses amounted to some £1 000 000.

The British blockhouse system was an expensive, yet essential emergency measure adopted by the British Army Command in order to sway the geographically escalating guerrilla war in their favour. Eventually, the system played a significant strategic and tactical role, and although the system did not restrict the Boers entirely, it did nonetheless restrict their freedom of movement to a greater or lesser extent. In this respect, the "cross-country" blockhouse lines, in conjunction with the "New Model Drives", were of particular significance.

However, the blockhouse system was not the main reason that the majority of Boer commanders ultimately decided to end hostilities, surrender and accept the loss of independence. In this regard, factors such as the destruction of farms and the concentration camp policy also played an important role. In practice, however, the blockhouses played a significant role, but this role should be seen in conjunction with several other factors, such as the hot-pursuit operations, as having a role in the ending of hostilities. Nonetheless, blockhouses on their own would never have contributed to an early end to the war. The message was clear: on their own the blockhouses could not win the war, but in conjunction with other methods of war, they could make a significant contribution towards the outcome of the conflict.

